

**DIE GEMEENREGTELIKE DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID VAN  
OUDITEURE TEENOR DERDE PARTYE VIR NALATIGE  
WANVOORSTELLING IN FINANSIËLE STATE.  
'N REGSVERGELYKENDE STUDIE.**

**DEUR HERMANUS JOHANNES MOOLMAN**

VOORGELê TER VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD  
MAGISTER LEGUM IN DIE FAKULTEIT REGSGELEERDHEID,  
DEPARTEMENT HANDELSREG AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE  
VRYSTAAT

DATUM VAN INLEWERING 12 DESEMBER 2003

**STUDIELEIER: PROF E SNYMAN-VAN DEVENTER**

## DANKBETUIGINGS

Graag bedank ek my studieleier, prof Elizabeth Snyman-Van Deventer vir haar leiding en bystand gedurende my studies. Haar raad, leiding en entoesiasme word waardeer.

'n Besondere word van dank ook aan my vrou, Leoni Moolman, vir haar liefde, konstante aanmoediging en morele ondersteuning sodat geen probleme te groot gelyk het om op te los nie.

# DIE GEMEENREGTELIKE DELIKTUELE AANSPREEKLIKHEID VAN OUDITEURE TEENOR DERDE PARTYE VIR NALATIGE WANVOORSTELLING IN FINANSIËLE STATE. 'N REGSVERGELYKENDE STUDIE.

## INHOUDSOPGAWE

Bladsy

### HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING

1.	Die onderwerp van die studie	1
2.	Situasie-analise en problematiek	1
3.	Doel van die studie	5
4.	Uiteensetting en afbakening van die studie	6
5.	Tegniese aangeleenthede	7

### HOOFSTUK 2: ENGELAND

1.	Inleiding	9
2.	'n Kontraktuele of vertrouensverhouding as standaard	11
3.	Daadwerklike kennis as standaard	13
4.	'n Besondere verhouding ("special relationship") as standaard	14
5.	Die redelike voorsienbaarheidstandaard	17
6.	Nabyheid ("proximity") of 'n direkte verhouding en redelike voorsienbaarheid as standaard	23
7.	Gevolgtrekking	41

### HOOFSTUK 3: DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA)

1.	Inleiding	43
2.	Die "privity" standaard	45
3.	Die "near privity" standaard	47
4.	Die "restatement" standaard	55
5.	Die redelike voorsienbaarheidstandaard	68
6.	Gevolgtrekking	72

## HOOFSTUK 4: KANADA

1.	Inleiding	74
2.	Daadwerklike kennis van 'n beperkte groep gebruikers as standaard	74
3.	'n Besondere verhouding as standaard	78
4.	Nabyheid ("proximity") of 'n direkte verhouding en redelike voorsienbaarheid as standaard	80
5.	Die redelike voorsienbaarheidstandaard	82
6.	Gevolgtrekking	87

## HOOFSTUK 5: AUSTRALIË

1.	Inleiding	89
2.	Professionele aanspreeklikheid voor 1990	90
2.1	'n Besondere verhouding as standaard	90
2.2	Nabyheid ("proximity") of 'n direkte verhouding en redelike voorsienbaarheid as standaard	95
3.	Ouditeursaanspreeklikheid sedert 1990	101
3.1	Aanspreeklikheid in die verskillende state	101
3.1.1	Victoria	104
3.1.2	Nieu Suid-Wallis	105
3.1.3	Suid-Australië	104
3.1.4	Wes-Australië	107
3.2	Aanspreeklikheid op federale vlak	109
4.	Gevolgtrekking	112

## HOOFSTUK 6: NIEU-SEELAND

1.	Inleiding	114
2.	’n Besondere verhouding as standaard	114
3.	Die redelike voorsienbaarheidstandaard	116
4.	Werklike vertroue op die finansiële state as standaard	123
5.	Gevolgtrekking	126

## HOOFSTUK 7: SUID-AFRIKA

1.	Inleiding	128
2.	Nalatige wanvoorstelling	129
2.1	Inleiding	129
2.2	Die erkenning van nalatige wanvoorstelling as aksiegrond	131
2.3	Die begrensing van nalatige wanvoorstelling	135
2.3.1	Handeling	135
2.3.2	Onregmatigheid	135
2.3.3	Skuld	139
2.3.4	Kousaliteit	142
2.3.4.1	Feitlike kousaliteit	142
2.3.4.2	Juridiese kousaliteit	144
2.3.5	Skade	145
2.3.6	Samevatting	146
3.	Aanspreeklikheid van ouditeure	146
3.1.	Inleiding	146
3.2	Die statutêre aanspreeklikheid van ouditeure	147
3.3	Die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure	149
3.3.1	Voor die inwerkingtreding van die statutêre reëling	150
3.3.2	Na die inwerkingtreding van die statutêre reëling	157
3.3.3	Samevatting	164
4.	Gevolgtrekking	164

## HOOFSTUK 8: GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

1.	Gevolgtrekking	166
2.	Aanbevelings	170

## AANHANGSELS

1.	Opsomming	173
2.	Summary	174
3.	Sleutelwoorde	176
4.	Keywords	177
5.	Bibliografie	178
5.1	Boeke en versamelwerke	178
5.2	Skripsies, verhandelinge en proefskrifte	184
5.3	Tydskrifte en koerantberigte	185
5.4	Voorleggings en verslae	202
5.5	Wetgewing	202
5.6	Regspraak	203
5.7	Internetbron	215

# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE INLEIDING

### 1. Die onderwerp van die studie

Die onderwerp van hierdie studie is die bestudering van die gemeenregtelike deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir nalatige wanvoorstellings in finansiële state deur 'n regsvergelende studie.

### 2. Situasië-analise en problematiek

Die omvang van suksesvolle eise teen ouditeure wat versuim om wanvoorstellings in finansiële state op te spoor, het die afgelope tyd in so 'n mate in Engeland,<sup>1</sup> die Verenigde State van Amerika (VSA),<sup>2</sup> Australië,<sup>3</sup> Nieu-Seeland<sup>4</sup> en Kanada<sup>5</sup> toegeneem, dat die aanspreeklikheid van ouditeure tans internasionale aandag geniet.<sup>6</sup> Alhoewel die toename van

---

<sup>1</sup> Daar was 627 eise ten bedrae van £20 biljoen vlg. Beckett 1994:28 teen die middel van 1994 teen die ses grootste ouditeursfirmas in Engeland uitstaande. Peel 1999:26 rapporteer dat PriceWaterhouseCoopers in 1999 'n skikkingsbedrag van £68 miljoen betaal het ten opsigte van ouditeurswerk wat hulle vir Robert Maxwell verrig het. Baker en Quick 1996:36-37 is van mening dat ouditeure in die VSA 'n groter risiko het om deur derde partye gedagvaar te word as ouditeure in enige ander kapitalistiese land, terwyl Peel 1999:26 van mening is dat ouditeure in Engeland hulself binnekort in dieselfde posisie as hul eweknieë in die VSA sal bevind.

<sup>2</sup> Volgens Dalton ea 1994:53 het die ses grootste ouditeursfirmas in die VSA in 1993 regskoste en skikkingsbedrae van \$1.1 biljoen betaal. PriceWaterhouseCoopers en Ernst & Young het 'n skikkingsbedrag van \$125 miljoen in 1999 betaal nadat die Bank of Credit and Commerce International ineengestort het (Trapp 1999:16) en Ernst & Young het \$335 miljoen in dieselfde jaar aan die aandeelhouers van CUC International betaal weens hul nalatigheid om wanvoorstellings in die finansiële state van hul kliënt op te spoor (Peel 1999:26).

<sup>3</sup> Pheasant 1993:14 beraam dat die eise wat teen ouditeure in Australië op grond van nalatige wanvoorstelling ingestel is, omtrent \$8 biljoen beloop.

<sup>4</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:394.

<sup>5</sup> Die uitstaande eise teen Kanadese ouditeure het volgens Jeffrey 1994:12 in 1994 reeds \$1.3 biljoen beloop. Sien ook Haggett 1993:17.

<sup>6</sup> Hansen ea 1995:20 verwys na die aanspreeklikheid van ouditeure as "a liability crisis of significant proportions for the accounting profession". Lees 1997:62

eise teen ouditeure hoofsaaklik in die ontwikkelde westerse lande ondervind word,<sup>7</sup> meen Dijkman<sup>8</sup> dat die omvang van eise teen ouditeure in Engeland, die VSA, Australië en Nieu-Seeland die norm in Suid-Afrika sal word.

Die aanspreeklikheid van ouditeure geniet nie alleen die meeste aandag van al die professies in die regspraak nie,<sup>9</sup> maar dit word ook as die grootste bedreiging vir die ouditeursprofessie beskou.<sup>10</sup> As gevolg van die toenemende getal eise wat teen ouditeure ingestel word, is ouditeursfirmas meer geneig om te weier om ouditeursdienste te lewer aan hoë risiko ondernemings.<sup>11</sup> Die toenemende getal eise teen ouditeure het verder daartoe gelei dat ouditeure se professionele skadeloosstellingsversekering uiters duur en minder beskikbaar geword het.<sup>12</sup> Daar word ook 'n toename ervaar in die getal ervare ouditeure wat die ouditeursprofessie verlaat.<sup>13</sup> 'n Onlangse studie deur die Internasionale Federasie van Rekenmeesters het verder getoon dat die verhoogde blootstelling van ouditeure aan eise nie daartoe aanleiding gee dat

---

beskou die aanspreeklikheid van ouditeure as "the international liability crisis"; Pacini en Sinason 1998:15 beskryf dit as 'n "litigation crisis" en Ward 1999:5 noem dit die "risk of Armageddon".

<sup>7</sup> Willekens ea 1996:249 en 254.

<sup>8</sup> 1994:19; 1995:9 en 1996:26. Vgl ook Naudé 1979:121; Suid-Afrikaanse Regskommissie 1992:91 en Trustwell en Norval 1989b:31.

<sup>9</sup> Stanton 1991:85. Volgens Dijkman 1994:23 en 1996:26 is die ouditeursprofessie meer blootgestel aan onbeperkte aanspreeklikheid as enige ander professie.

<sup>10</sup> Fourie 1994a:2; Lowe ea 2002:185 en Tomasic 1992:198.

<sup>11</sup> Green 1999:340; Jack 1994:18; MacDonald 1997:2 en Thompson ea 1995:579.

Navorsing wat deur Colley ea 1997:350 onderneem is toon aan dat die toenemende blootstelling van ouditeure aan eise hulle meer versigtig maak om ouditeursdienste te lewer aan hoë risiko ondernemings.

<sup>12</sup> Collins 1985:57 en Wild 1999:3. Dijkman 1994:18 wys verder daarop dat ouditeure ook nie altyd voldoende verseker is teen eise nie. Hy meld dat daar in Australië 'n eis van \$145 miljoen teen 'n ouditeursfirma met twintig vennote toegestaan is, terwyl hulle slegs vir \$20 miljoen verseker was.

<sup>13</sup> Dalton ea 1994:53 en Pheasant 1993:14. Green 1999:340 wys verder daarop dat dat daar nie alleen 'n tekort aan ouditeure is nie, maar dat die ouditeursprofessie ook as gevolg van die toename in eise teen ouditeure probleme kan ondervind om studente vir die professie te werf.

ouditeure minder nalatig optree nie, maar dat hulle eerder minder bedagsaam is op wanvoorstellings in finansiële state.<sup>14</sup>

As gevolg van die toenemende blootstelling van ouditeure aan eise en die gekompliseerde sake-omgewing waarbinne ouditeure funksioneer, het dit toenemend noodsaaklik geword dat ouditeure bewus moet wees van die verskillende vorme van aanspreeklikheid wat hulle kan opdoen in die uitvoering van hul pligte.<sup>15</sup> Afgesien van die siviele<sup>16</sup> en strafregtelike<sup>17</sup> aanspreeklikheid wat ouditeure kan opdoen, word hulle ook onderwerp aan die dissiplinêre maatreëls van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad.<sup>18</sup>

Ouditeure se blootstelling aan siviele eise is nie net beperk tot die deliktuele<sup>19</sup> en kontraktuele<sup>20</sup> eise van hul kliënte nie, maar sluit ook die deliktuele eise van derde partye,<sup>21</sup> soos die individuele aandeelhouders,

---

<sup>14</sup> Vgl Anoniem 1998:31.

<sup>15</sup> Cilliers ea 2000:408.

<sup>16</sup> Ouditeure kan ingevolge die gemenereg en die statutêre reg siviele aanspreeklikheid teenoor hul kliënt-maatskappy en teenoor derde partye opdoen. Die siviele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye en hul kliënte ingevolge die statutêre reg word in artikel 20(9) van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs* 80 van 1991 vervat. Sien ook Cilliers ea 2000:409-429.

<sup>17</sup> Ouditeure kan bv ingevolge artikels 249; 250; 251; 275; 276(2) en (5) en 276(3) en (5) van die *Maatskappywet 61 van 1973* strafregtelik aanspreeklik gehou word.

<sup>18</sup> Ouditeure is onderworpe aan die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad se jurisdiksie as gevolg van hul verpligte registrasie ingevolge artikel 15 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs* 80 van 1991.

<sup>19</sup> Vgl *Tonkwane Sawmill Co v Filmalter* 1975 2 SA 453 W; Naudé 1979:122 en Volpe 1981:151-152 vir 'n algemene verduideliking van die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor hul kliënt-maatskappy.

<sup>20</sup> Sien die volgende vir 'n algemene verduideliking van die kontraktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor hul kliënt-maatskappy: *Pacific Acceptance Corporation Ltd v Forsyth* 1970 92 WN (NSW) 29; *Thoroughbred Breeders Association of South Africa v Price Waterhouse* 1999 4 SA 968 W; Cookson en McQuiod-Mason 1975:164; Godsell 1990:17-18; Kerr 2000:211-216; Mannix en Mannix 1982:4 en Masel 1981:159.

<sup>21</sup> Dijkman 1994:17; Garrison en Hansen 1999:60.

skuldeisers, potensiële skuldeisers, kliënte van die maatskappy en voornemende aandeelhouers in.<sup>22</sup>

Ouditeure wêreldwyd meen dat hulle die onregverdige slagoffers is van die eise van derde partye in die geval van nalatige wanvoorstellings in finansiële state.<sup>23</sup> Hulle is van mening dat hul potensiële deliktuele aanspreeklikheid teenoor derde partye te groot is in verhouding tot die skuld wat hulle dra;<sup>24</sup> dat die gebruikers van die finansiële state van 'n maatskappy die finansiële mislukking van 'n maatskappy as 'n mislukking van die ouditeursfunksie sien;<sup>25</sup> dat die regstelsel hoër standaarde

---

<sup>22</sup> Baker en Quick 1996:43 en Cillers ea 2000:420. Vgl verder die omskrywings van "derde party" en "kliënt" ingevolge artikel 20(12) van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs* 80 van 1991.

<sup>23</sup> Cousins ea 1999:283.

<sup>24</sup> Die direkteure se plig om finansiële jaarstate op te stel word soos volg in artikel 286(1) van die *Maatskappywet 61 van 1973* vervat: "Die direkteure van 'n maatskappy moet ten opsigte van elke boekjaar van die maatskappy finansiële jaarstate in een van die amptelike tale van die Republiek laat opstel en moet dit dan aan die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat ingevolge artikel 179 ten opsigte van daardie boekjaar gehou moet word, voorlê." Vgl Boltar 1997:298 en Dijkman 1996:26 en 1995:9 oefen direkteure direkte beheer oor die finansiële state uit en bepaal hulle self tot wie se beskikking hulle die finansiële state wil stel. Dit is dus onredelik om ouditeure aanspreeklik te hou vir die skade wat deur direkteure se foute veroorsaak is indien maatskappye misluk.

<sup>25</sup> Cooke 1990:23; Connor 1985:11; Harding 1988:54 en Moir 1989:38. Derde partye sien die mislukking van 'n maatskappy as die mislukking van die auditfunksie as gevolg van die verwagtingskloof. Die verskil tussen dit wat die gebruikers van finansiële state glo die verantwoordelikheid van ouditeure is en dit wat ouditeure as hul verantwoordelikheid aanvaar, gee volgens Lubbe 1987:4; Koh en Woo 1998:147 en Frank ea 2001:145 tot die verwagtingskloof aanleiding. Derde partye verstaan nie altyd die primêre taak van ouditeure nie. Vgl Connor 1985:11 en Moir 1989:38 is hulle in die algemeen oortuig dat dit die ouditeur se verantwoordelikheid is om verslag te lewer oor die finansiële toestand van die maatskappy wat geaudit word en om bedrog en foute in die finansiële state op te spoor. Indien 'n maatskappy gelikwideer word, dagvaar die gebruikers van finansiële state gewoonlik die maatskappy se ouditeur, aangesien hulle verkeerdelik onder die indruk verkeer het dat dit die ouditeur se funksie was om bedrog en foute in die finansiële state op te spoor en om 'n waarborg te lewer dat die maatskappy in die afsienbare toekoms as 'n lopende saak sal voortbestaan. Alhoewel die ouditeursprofessie sy beslag in die opsporing van bedrog en foute gevind het, is dit volgens Singleton-Greene 1990a:12 nie meer die primêre oogmerk van die ouditeursfunksie nie. Lubbe 1987:4 is van mening dat die grootte en getal ondernemings, die tekort aan voldoende personeel, die koste verbonde aan die ouditering van al die transaksies van 'n maatskappy en die erkenning van die rol wat interne beheer behoort te speel in die bekamping van bedrog, daartoe gelei het dat daar 'n klemverskuiwing plaasgevind het ten opsigte van die primêre rol van die ouditeur. Die primêre doel van ouditeure se funksie is volgens Dijkman

aanwend om ouditeure se werk te beoordeel as wat hulle bereid is om te aanvaar;<sup>26</sup> en dat benadeelde partye eerder die versekerde ouditeursfirma van 'n maatskappy sal dagvaar vir die skade wat hulle gely het, as om die onversekerde vorige direkteurs van die maatskappy, wat hulself aan nalatigheid of bedrog skuldig gemaak het, te dagvaar.<sup>27</sup>

Die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir nalatige wanvoorstellings in finansiële state word nie alleen as die grootste bedreiging vir die ouditeursprofessie beskou nie,<sup>28</sup> maar skrywers<sup>29</sup> meen ook dat dit 'n uiters komplekse regsprobleem is om op te los.

### 3. Doel van studie

Dit is die doel van hierdie regsvergelykende studie om vas te stel wat die internasionale neiging is ten opsigte van die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye vir nalatige wanvoorstellings in finansiële state, ten einde beter insig en begrip oor die Suid-Afrikaanse reëling te verkry en om oplossings of riglyne te vind ter aanvulling van leemtes of gebreke in die Suid-Afrikaanse gemenereg rakende die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes.<sup>30</sup>

---

1994:21 en Du Toit 1992:26 om 'n mening uit te spreek oor die mate waartoe die finansiële state 'n redelike weergawe van die finansiële stand en resultate van 'n maatskappy is. Hierdie meningsverskil oor die primêre taak van ouditeure gee tot die verwagtingskloof aanleiding. Frank ea 2001:145 is van mening dat hierdie verwagtingskloof aanleiding gee tot die skerp toename in die getal regsgedinge wat deur derde partye teen ouditeure aanhangig gemaak word.

<sup>26</sup> Frank ea 2001:145. Die skrywers meld dat ouditeure steeds aan nalatige wanvoorstelling skuldig bevind kan word, selfs al het hulle die ouditeursfunksie volgens algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk uitgevoer.

<sup>27</sup> Bethlehem 1997:2; Gower 1997:559 en Haggett 1993:17.

<sup>28</sup> Dijkman 1994:17; Fourie 1994a:2; Lowe ea 2002:185 en Tomasic 1992:198.

<sup>29</sup> Dijkman 1994:17 en O'Leary 1998:521.

<sup>30</sup> Vlg. Van Zyl 1981:17ev kan 'n regsvergelykende studie met verskillende oogmerke aangepak word. Hy meld dat dit een van die vernaamste oogmerke van 'n regsvergelykende ondersoek is om beter begrip en insig oor die eie, huishoudelike reg te verkry en om te bepaal of die vreemde regstelsels oplossings of riglyne bied

Die bestudering van die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir wanvoorstellings in finansiële state het verder ten doel om te bepaal welke maatstawwe deur die gemenereg aangewend word om ouditeure se aanspreeklikheid te begrens, ten einde vas te stel of die ouditeursprofessie werklik blootgestel is aan onbeperkte aanspreeklikheid teenoor derde partye.

Dit is verder die oogmerk van hierdie studie om vas te stel welke invloed die statutêre reëling<sup>31</sup> op die gemeenregtelike aanspreeklikheid van Suid-Afrikaanse ouditeure teenoor derdes uitoefen en om vas te stel in welke mate die statutêre reëling in ooreenstemming met die gemeenregtelike posisie is.

#### **4. Uiteensetting en afbakening van die studie**

Aangesien die meeste eise teen ouditeure in Engeland, die VSA, Kanada, Australië en Nieu-Seeland ingestel word en hierdie lande se regspraak die problematiek betreffende ouditeursaanspreeklikheid reeds herhaaldelik moes aanspreek, word die omvang van die regsvergelykende ondersoek in hierdie studie beperk tot die regstelsels van hierdie lande.<sup>32</sup>

---

ter aanvulling van leemtes of gebreke in die huishoudelike reg. Sien ook Venter 1990:219.

<sup>31</sup> Die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye vir nalatige wanvoorstelling en die veroorsaking van suiwer vermoënsverlies word sedert 1982 deur wetgewing gereël. Die *Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 42 van 1982* het artikel 26 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 51 van 1951* in 1982 gewysig, sodat ouditeure voortaan ook aanspreeklikheid ingevolge die statutêre reg teenoor derde partye kon opdoen. Hierdie posisie word tans deur artikel 20(9) van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* gereël.

<sup>32</sup> Die omvang van ouditeursaanspreeklikheid in hierdie lande is in paragraaf 2 van hierdie hoofstuk uiteengesit. Hierdie lande se regstelsels vorm deel van die Anglo-Amerikaanse regsfamilie. Vgl Van Zyl 1981:196.

Die studie neem 'n aanvang met die uiteensetting van die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir wanvoorstellings in finansiële state ingevolge die Engelse gemenerereg ("common law") en word gevolg deur 'n ondersoek na ouditeure se aanspreeklikheid ingevolge die Amerikaanse reg. Daarna word die Kanadese, Australiese, Nieu-Seelandse en Suid-Afrikaanse reg bestudeer. Daar word by al hierdie ses stelsels 'n historiese oorsig<sup>33</sup> verskaf oor die ontwikkeling van die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye. Die verskillende standarde wat ontwikkel is om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te beperk, word aan die hand van relevante regspraak ondersoek. Die studie word afgesluit met 'n vergelyking tussen die verskillende stelsels en daar word sekere gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.<sup>34</sup>

## 5. Tegniiese aangeleenthede

Die *Tydskrif vir Regswetenskap* se voetnootsisteen word in hierdie studie aangewend. In die lig daarvan dat die sukses van hierdie sisteem in 'n groot mate van die volledigheid van die bibliografie afhanklik is, is daar sorg gedra om die bibliografie volledig uiteen te sit. Die hofbeslissings waarna daar in hierdie studie verwys word, word by die bibliografie ingesluit.

Verwysings na hofbeslissings in die voetnotas word meestal in kronologiese orde aangetoon, terwyl die verwysings na ander bronne in alfabetiese volgorde aangetoon word. Verwysings na bladsynommers word aangetoon na 'n dubbelpunt in die voetnotas. In die geval van

---

<sup>33</sup> Volgens Venter ea 1990:221 is dit van groot belang om 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van 'n bepaalde onderwerp tydens die uitvoering van 'n regsvergelykende studie te verkry. Sien ook Scott 1985:24-25.

<sup>34</sup> Moontlike oplossings om die aanspreeklikheid van ouditeure te beperk, val buite die omvang van hierdie studie wat poog om vas te stel onder welke omstandighede ouditeure ingevolge die gemenerereg teenoor derde partye aanspreeklik sal wees vir wanvoorstellings in finansiële state.

Kanadese hofbeslissings word daar egter in die voetnotas na paragraafnommers in plaas van bladsynommers verwys na 'n dubbelpunt.

'n Kort strepie tussen die teks en die voetnotas dui daarop dat al die voetnotas van 'n spesifieke bladsy onderaan daardie bladsy gedruk word. Indien die voetnotas van 'n bladsy egter op die volgende bladsy verskyn, druk die woordverwerkingsprogram<sup>35</sup> 'n lang streep tussen die teks en die voetnotas op die volgende bladsy.

---

<sup>35</sup> Microsoft Word 2000.

## HOOFSTUK 2

### ENGELAND

#### 1. Inleiding

Volgens McCluskey<sup>1</sup> is die aanspreeklikheid van professionele persone teenoor derde partye ingevolge die "law of torts"<sup>2</sup> die indeling in die Engelse gemenerereg ("common law") wat die interessantste ontwikkeling die afgelope paar jaar ondergaan het.

Die Engelse "law of torts" vertrou nie op algemene beginsels van aanspreeklikheid nie, maar volg eerder 'n kasuïstiese benadering deur elke geval aan die hand van die vereistes van 'n bepaalde delik<sup>3</sup> ("tort") te beoordeel.<sup>4</sup> Daar bestaan gevolglik verskillende tipes delikte in die Engelse reg, wat elkeen onafhanklik ontstaan het en elk sy eie vereistes het.<sup>5</sup>

---

<sup>1</sup> 1993:258.

<sup>2</sup> Die indeling van die Engelse reg wat soortgelyk is aan die Suid-Afrikaanse deliktereg, staan as die "law of torts" bekend. Vgl Van der Merwe en Olivier 1985:18 en Van Zyl 1981:182.

<sup>3</sup> Vir doelmatigheid sal daar voortaan na 'n "delik" verwys word vir die Engelse term "tort".

<sup>4</sup> Baker 1981:4; Boberg 1984:64; Engelbrecht 1993:25; Neethling ea 1996:4-5; Van der Merwe en Olivier 1985:19 en Van der Walt 1979a:2. In *Furniss v Fitchett* [1958] NZLR 496:500 maak hoofregter Barrowclough die volgende opmerking: "The well-known torts do not have their origin in any all embracing general principle of tortious liability." In *Perlman v Zoutendyk* 1934 CPD 151:154 maak regter Watermeyer 'n soortgelyke opmerking: "Some writers in the English law of torts hold the view that there is no general principle of liability for damage caused to other, but there exists what I may call a catalogue of acts or omissions which are actionable." Sien ook *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A:494 en *Maisel v Van Naeren* 1960 4 SA 836 K:847. Volgens Fridman 1990:12 was daar pogings aangewend om algemene beginsels neer te lê vir aanspreeklikheid ingevolge die Engelse "law of torts," maar sonder sukses. Hy meld die volgende: "Attempts have been made in modern times to identify a general theory of tortious liability. These attempts have centered around such concepts as causation, fairness and reciprocity, justice and conflicting interests, as well as economic efficiency or wealth maximization."

<sup>5</sup> Van Zyl 1981:183.

Fridman<sup>6</sup> verdeel die verskillende delikte wat in die Engelse reg aangetref word in drie kategorieë, naamlik delikte wat opsetlik gepleeg is,<sup>7</sup> delikte wat nalatig gepleeg is<sup>8</sup> en delikte wat aan skuldlose aanspreeklikheid erkenning verleen.<sup>9</sup> In teenstelling met die delik wat opsetlik gepleeg is en die delik wat aan skuldlose aanspreeklikheid erkenning verleen, word die delik wat nalatig gepleeg is, nie duidelik deur die Engelse reg omskryf nie<sup>10</sup> en lewer die begrensing van die nalatige wanvoorsteller se aanspreeklikheid meer probleme op.<sup>11</sup>

Ten einde die aanspreeklikheid van die wanvoorsteller te beperk, plaas die Engelse reg sterk klem op die vereiste dat die wanvoorsteller 'n sorgsaamheidsverpligting aan die derde party verskuldig moet wees alvorens hy of sy teenoor die derde party aanspreeklikheid kan opdoen. Die verbreking van hierdie sorgsaamheidsverpligting staan sentraal in die erkenning van 'n delik wat op 'n nalatige wyse gepleeg is<sup>12</sup> en dui op die aanwesigheid van beide onregmatigheid en skuld.<sup>13</sup>

In hierdie hoofstuk sal daar ondersoek ingestel word na die erkenning van die delik wat op 'n nalatige wyse gepleeg is en wat suiwer ekonomiese

---

<sup>6</sup> 1990:12.

<sup>7</sup> Volgens Fleming 1985:56 het die Engelse reg vir die eerste keer erkenning gegee aan aanspreeklikheid vir skade wat op 'n opsetlike wyse veroorsaak is in 1789 in *Pasley v Freeman* 3 TR 51 (1789).

<sup>8</sup> Die erkenning van hierdie kategorie van delikte word in hierdie hoofstuk ondersoek, aangesien die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir nalatige wanvoorstellings in finansiële state onder hierdie kategorie van delikte resorteer.

<sup>9</sup> Volgens Fridman 1990:12 is hierdie delik afhanklik van "the existence of a strict duty that has been broken without either an intention to do so or any negligence on the part of the tortfeasor."

<sup>10</sup> Scott 1976:351.

<sup>11</sup> Fleming 1971:133 verwoord die probleem soos volg: "One of the basic differences between negligence and nominate errors of the traditional pattern... lies in the fact that the scope of protection afforded by the action for negligence is, on its fact, unlimited: it is not defined by reference either to a particular type of harm or a particular interest which has been invaded."

<sup>12</sup> Schoeman 1986:288; Scott 1976:351 en Van Zyl 1981:183.

<sup>13</sup> Scott 1976:351.

skade tot gevolg gehad het.<sup>14</sup> Daar sal verder 'n historiese ondersoek<sup>15</sup> ingestel word na die hoeksteen van die delik wat deur nalatigheid veroorsaak is, naamlik die verbreking van 'n sorgsaamheidsverpligting,<sup>16</sup> deur ondersoek in te stel na die verskillende toetse wat in die regspraak ontwikkel is om te bepaal of 'n ouditeur 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor derde partye verskuldig is.<sup>17</sup>

## 2. 'n Kontraktuele of vertrouensverhouding as standaard

In die Engelse gemenerereg was persone aanvanklik slegs 'n sorgsaamheidsverpligting verskuldig aan persone met wie hulle in 'n kontraktuele of vertrouensverhouding gestaan het.<sup>18</sup> Persone kon slegs aanspreeklikheid teenoor derde partye opgedoen het indien hulle hulself skuldig gemaak het aan opsetlike wanvoorstelling en nie aan nalatige wanvoorstelling nie.<sup>19</sup>

Hierdie stand van sake was die gevolg van die House of Lords se beslissing in 1889 in *Derry v Peek*.<sup>20</sup> In hierdie saak het die eiser gepoog om die skade wat hy as gevolg van wanvoorstellings in die prospektus gely het van die maatskappy se direkteure te verhaal. Die hof beslis dat 'n party slegs skadevergoeding van 'n ander party kan verhaal indien daar 'n kontraktuele verhouding tussen sodanige partye bestaan het. Indien sodanige verhouding ontbreek, kan 'n persoon slegs skadevergoeding eis indien die ander party skuldig is aan bedrog en nie bloot aan nalatige

<sup>14</sup> Die erkenning van hierdie kategorie van delikte word in hierdie hoofstuk ondersoek, aangesien die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir nalatige wanvoorstellings in finansiële state onder hierdie kategorie van delikte ressorteer.

<sup>15</sup> Die Engelse reg is volgens Van Zyl 1981:186 presedent gebonde en daarom is 'n historiese ondersoek nodig.

<sup>16</sup> Schoeman 1986:288 en Van Zyl 1981:183.

<sup>17</sup> Die verskillende standaarde wat ontwikkel is om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens sal aangewend word om ondersoek in te stel na die erkenning van hierdie delik in die Engelse gemenerereg.

<sup>18</sup> Godsell 1990:21 en Hutchison 2000:187.

<sup>19</sup> Chapman 1992:189 en Fridman 1990:290.

wanvoorstelling nie.<sup>21</sup> Die House of Lords bevind dat bedrog en 'n kontraktuele verhouding tussen die betrokke partye ontbreek het en wys die eis van die hand.<sup>22</sup>

In *Le Lievre v Gould*<sup>23</sup> het lord Esher die beslissing in die *Derry-saak*<sup>24</sup> nagevolg deur weereens te beslis dat die verweerder slegs skuldig kan wees vir die skade wat die eiser gely het indien daar 'n kontraktuele verhouding tussen hulle bestaan het of indien die verweerder homself skuldig gemaak het aan bedrog. In hierdie saak het 'n seiljagopmeter op 'n nalatige wyse sertifikate van seewaardigheid uitgereik. Lord Esher beslis dat die nalatigheid van die seiljagopmeter nie tot aanspreeklikheid aanleiding kan gee nie, aangesien daar nie 'n kontraktuele verhouding tussen die eiser en verweerder bestaan het nie en hy homself ook nie aan bedrog skuldig gemaak het nie.<sup>25</sup> Die Engelse reg het dus steeds geweier om erkenning te gee aan aanspreeklikheid in geval van nalatige wanvoorstelling. 'n Persoon kon steeds slegs aanspreeklikheid opdoen indien daar 'n kontraktuele verhouding of opsetlike wanvoorstelling teenwoordig was.

Die eerste saak in die Engelse reg wat rekenmeesters betrek het, was *Candler v Crane, Christmas & Co.*<sup>26</sup> In hierdie saak het die verweerder rekenmeestersfirma finansiële state vir hul kliënte voorberei wel wetende

---

<sup>20</sup> 14 App Cas 337 (1889).

<sup>21</sup> In *Derry v Peek* 14 App Cas 337 (1889):374 beslis lord Bramwell dat opsetlike wanvoorstelling bewys word deur aan te toon dat die wanvoorstelling gemaak is: "(1) knowingly, or (2) without belief in the truth or (3) recklessly, careless whether it be true or false." Sien ook Scott 1976:352.

<sup>22</sup> Fleming 1985:57 vat die House of Lords se beslissing soos volg saam: "...the House of Lords insisted that there could be no damages for fraud unless the defendant was guilty of deceit – having either told a deliberate lie, or what amounts to the same thing, lacked belief in the truth of what he said."  
<sup>23</sup> (1893) 1 QB 491.

<sup>24</sup> *Derry v Peek* 14 App Cas 337 (1889).

<sup>25</sup> *Le Lievre v Gould* (1893) 1 QB 491:489 per lord Esher: "All that he had done was to give untrue certificates negligently. Such negligence, in the absence of a contract with the plaintiffs, can give no right of action at law or in equity."

<sup>26</sup> [1951] All ER 426.

dat mnr Candler, 'n belegger, op hierdie state sou vertrou het. Die rekenmeesters was egter nalatig deur te versuim om hulself te vergewis van die bestaan en waardasie van sekere bates. Die finansiële state het gevolglik 'n valse aanbieding van die kliënt se finansiële posisie en resultate weergegee en Candler ly 'n verlies nadat die maatskappy gelikwieder word.

Volgens die meerderheidsuitspraak van regters Asquith<sup>27</sup> en Cohen<sup>28</sup> in die hof van appèl ("Court of Appeal") kon die eiser nie die rekenmeestersfirma aanspreeklik hou vir die skade wat gely is nie, aangesien daar geen kontraktuele of vertrouensverhouding tussen die eiser en die verweerder bestaan het nie. Hierdie uitspraak het tot gevolg gehad dat dit vanaf 1951 tot 1964 bykans onmoontlik vir derde partye was om ouditeure aanspreeklik te hou vir wanvoorstellings in geouditeerde finansiële state.<sup>29</sup>

### 3. Daadwerklike kennis as standaard

Die sorgsaamheidsverpligting van ouditeure behoort volgens die minderheidsuitspraak van regter Denning in die *Candler*-saak<sup>30</sup> nie beperk te word tot kontrakspartye soos werkgewers en kliënte nie, maar behoort ook uitgebrei te word tot transaksies waarvan die ouditeur werklik kennis dra.

Volgens regter Denning rus daar 'n sorgsaamheidsverpligting op rekenmeesters wanneer hulle die boeke en rekeninge van hul kliënte

---

<sup>27</sup> *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426:442-450. Sien ook Boyle en Birds 1987:534 en Lipton en Herzberg 1988:383.

<sup>28</sup> *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426:436-442. Sien ook Boyle en Birds 1987:534 en Lipton en Herzberg 1988:383.

<sup>29</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:396.

<sup>30</sup> *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426:428-436.

ondersoek en verslae lewer waarop hul kliënt en derde partye in die normale loop van hul besigheid sal vertrou.<sup>31</sup>

Rekenmeesters is hierdie sorgsaamheidsverpligting aan hul werkgewers, kliënte en sommige derde partye verskuldig. Die derde partye aan wie rekenmeesters 'n sorgsaamheidsverpligting verskuldig is, sluit derde partye in aan wie die ouditeure self die rekeninge getoon het en derde partye aan wie hul kliënt van plan is om die rekeninge te toon. Hierdie sorgsaamheidsverpligting word egter net beperk tot transaksies waarvan die rekenmeesters kennis gedra het.<sup>32</sup>

#### 4. 'n Besondere verhouding (“special relationship”) as standaard

Daar is in 1963 in *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd*<sup>33</sup> vir die eerste keer van die algemeen aanvaarde siening afgewyk dat daar nie 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor derde partye in die afwesigheid van bedrog bestaan nie.<sup>34</sup> Die House of Lords het in hierdie saak eenparig beslis dat persone wel deliktuele aanspreeklikheid teenoor derdes kan

<sup>31</sup> *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426:433 per regter Denning: “First, what persons are under such duty? My answer is those persons such as accountants... whose profession and occupation is to examine books, accounts and other things, and to make reports on which other people - other than their clients - rely in the ordinary course of business.”

<sup>32</sup> *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426:434-436 per regter Denning: “Secondly, to whom do these professional people owe this duty?... They owe the duty, of course, to their employer or client; and also, I think, to any third person to whom they themselves show the accounts, or to whom they know their employer is going to show the accounts so as to induce him to invest money or take some other action on them... The test of proximity in these cases is: Did the accountant know that the accounts were required for submission to the plaintiff and use by him? ...Thirdly, to what transactions does the duty of care extend? It extends, I think, only to those transactions for which the accountants knew the accounts were required... One final word. I think the law would fail to serve the best interests of the community if it should hold that accountants and auditors owe a duty to no one but their clients... In my opinion, accountants owe a duty of care not only to their own clients, but also to those whom they know will rely on their accounts in the transaction for which those accounts are prepared.” Vgl ook Ffrench 1990:225; Cookson 1977:18; Ford 1978:400 en Morse 1995:623.

<sup>33</sup> [1963] All ER 574.

<sup>34</sup> Chapman 1992:180 en Fridman 1990:290.

opdoen op grond van nalatige wanvoorstelling<sup>35</sup> indien daar 'n besondere verhouding tussen die betrokke partye bestaan het.<sup>36</sup>

Heller & Partners Ltd (hierna Heller genoem) was bankiers en het 'n verslag oor die kredietwaardigheid van een van hul kliënte aan 'n tweede bank verskaf, wel wetende dat een van die tweede bank se kliënte, naamlik Hedley Byrne & Co Ltd op hierdie verslag sou vertrou. Die verslag wat op 'n nalatige wyse voorberei was, het die kredietwaardigheid van die respondent se kliënt bevestig, maar het 'n klousule bevat waarin afstand van aanspreeklikheid gedoen is. Heller se kliënt word insolvent verklaar en die eiser ly £17 000 se skade.

Alhoewel al die lords in hierdie saak 'n besondere verhouding tussen die eiser en die verweerder as vereiste vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting daarstel, versuim die House of Lords om spesifieke kriteria neer te lê vir die totstandkoming van sodanige verhouding.<sup>37</sup> Volgens lord Pearce<sup>38</sup> en lord Reid<sup>39</sup> verwys hierdie verhouding nie net na 'n vertrouensverhouding nie. Lord Pearce<sup>40</sup> beskryf 'n besondere verhouding as 'n verhouding waarin sorgsaamheid en eerlikheid 'n rol speel, terwyl lord Hodson<sup>41</sup> en lord Devlin<sup>42</sup> hierdie verhouding as 'n verhouding van nabyheid ("proximity") beskryf.

<sup>35</sup> Die wanvoorstelling kan die gevolg van nalatige woorde of optrede wees. Vgl Fridman 1990:290. Gedeeltes van lord Reid en lord Pearce se beslissings in *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574:482 en 535 wek die indruk dat woorde 'n groter benadelingspotensiaal as nalatige optrede het. Die Engelse reg maak van die objektiewe redelike man-toets gebruik om nalatigheid vas te stel. Vgl Fleming 1985:22-23.

<sup>36</sup> Brown 1977:476; Davis 1982:13; Gormley 1974:1208; Jackson en -Powell 1992:632; Morris 1991:40; Palmer 2001:9127 en Schoeman 1986:289.

<sup>37</sup> Cookson 1977:1-2; Morris 1991:40 en Oliver 1982:218.

<sup>38</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574:617.

<sup>39</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574:583.

<sup>40</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574:617.

<sup>41</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574:559.

<sup>42</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574:601.

Alhoewel regter Taylor ook meen dat die aard van 'n besondere verhouding nie duidelik deur die House of Lords omskryf is nie, meen hy in *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt*<sup>43</sup> dat die meeste lords saamstem dat die volgende elemente teenwoordig moet wees ten einde 'n besondere verhouding tussen die eiser en verweerder daar te stel:

- Die eiser moes die verweerder geraadpleeg het as gevolg van die besondere vaardigheid en vermoë waaroor die verweerder beskik het.
- Die verweerder moes daarvan bewus gewees het dat die eiser hom of haar geraadpleeg het as gevolg van sy of haar vaardigheid en vermoë.
- Die navraag moes op 'n formele wyse aan die verweerder gerig gewees het.
- Die verweerder moes daarvan bewus gewees het dat die eiser waarskynlik op sy of haar vaardigheid of oordeel sou vertrou het.

In *Henderson v Merrett Syndicates*<sup>44</sup> het lord Goff beslis dat die besondere verhouding wat in die *Hedley Byrne*-saak<sup>45</sup> as die standaard vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting neergelê is, eerder op die vrywillige aanvaarding van verantwoordelikheid aan die kant van die verweerders berus as op die totstandkoming van 'n besondere verhouding, terwyl regter Dickson na hierdie standaard in *Haig v Bamford, Hagan,*

---

<sup>43</sup> (1968) 122 CLR 556:596 per regter Taylor: "A majority of their Lordships, however, seems to have held that whenever a 'special relationship' exists... such a relationship arises whenever it is apparent that the request is made because of the special skill and ability of the person to whom the request is addressed in the field with which the inquiry is concerned, that this is known to the person to whom the request is made, that the inquiry is not made informally and that the latter knows that it is likely that his skill and judgment will be relied upon." Sien bls 90-93 van hoofstuk vyf vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

<sup>44</sup> [1995] 2 AC 145:180.

<sup>45</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574.

*Wicken and Gibson*<sup>46</sup> verwys as die “beperkte groep van gebruikers” standaard.

Die House of Lords beslis dat dit moontlik is dat die omstandighede van die saak tot 'n sorgsaamheidsverpligting aanleiding kon gee en dat suiwer vermoënskade wel verhaalbaar is,<sup>47</sup> maar wys die appèl van die hand as gevolg van die klousule van afstanddoening van aanspreeklikheid in die respondent se verslag aan die eisers.<sup>48</sup>

## 5. Die redelike voorsienbaarheidstandaard

As gevolg van die *Hedley Byrne*-saak<sup>49</sup> het daar 'n neiging in die Engelse reg ontstaan om die omvang van die sorgsaamheidsverpligting van ouditeure uit te brei na transaksies waarvan ouditeure redelikerwys kennis van behoort te gedra het.<sup>50</sup>

In *Anns v London Borough of Merton*<sup>51</sup> wat ook nie rekenmeesters of ouditeure betrek het nie, word voorsienbaarheid as maatstaf aangewend om die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor derdes vas te stel.<sup>52</sup>

Lord Wilberforce poog in hierdie saak om 'n eenvoudige, maar universele toets daar te stel vir die vraagstuk rakende die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsplig teenoor derde partye.<sup>53</sup>

<sup>46</sup> (1977) 72 DLR (3d) 68; paragrawe 17 en 34. Sien bls 75-78 van hoofstuk vier vir 'n volledige bespreking van hierdie beslissing.

<sup>47</sup> Fridman 1990:295.

<sup>48</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574 per lord Reid:595; per lord Hodson:599; per lord Devlin:613 en per lord Pearce:618. Vgl ook Cooper en Barkoczy 1994:33.

<sup>49</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574.

<sup>50</sup> Ivankovich 1991:510-512 en Pacini, Hillison en Sinason 2000:395.

<sup>51</sup> [1977] 2 All ER 492.

<sup>52</sup> Fleming 1990:349; Pacini, Martin en Hamilton 2000:180 en Quinlan en Gardiner 1988:355.

<sup>53</sup> Anoniem 1990b:77 en Stanton 1991:87. Regter Brennan spreek hom in *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 60 ALR 1:43-44 teen lord Wilberforce se universele voorsienbaarheidstoets in *Anns v London Borough of Merton* [1977]

Na aanleiding van sy bestudering van *Donoghue v Stevenson*,<sup>54</sup> die *Hedley Byrne*-saak<sup>55</sup> en *Home Office v Dorset Yacht Co Ltd*<sup>56</sup> stel lord Wilberforce 'n tweeledige toets daar vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting. Ingevolge hierdie toets<sup>57</sup> moet daar in die eerste plek vasgestel word of die verhouding van nabyheid tussen die delikpleger en die persoon wat die skade gely het van sodanige aard is dat die delikpleger redelikerwys kon voorsien het dat die ander party skade sou ly as gevolg van sy of haar nalatigheid. Indien die antwoord positief is, kom daar 'n *prima facie* sorgsaamheidsverpligting tot stand en moet daar in die tweede plek vasgestel word of daar enige beleidsoorwegings aanwesig is wat die omvang van die sorgsaamheidsplig, die persone aan wie die sorgsaamheidsplig verskuldig is, of die skadevergoeding waartoe die verbreking van sodanige sorgsaamheidsverpligting aanleiding kan gee, kan beperk.

---

2 All ER 492 uit. Hy is van mening dat die hof eerder nuwe kategorieë van nalatigheid moet skep na aanleiding van die bestaande kategorieë van nalatigheid as om 'n breë *prima facie* sorgsaamheidsplig daar te stel wat deur ongedefinieerde riglyne beperk behoort te word: "It is preferable, in my view, that the law should develop novel categories of negligence incrementally and by analogy with established categories, rather than by massive extension of a *prima facie* duty of care restrained only by indefinable considerations which ought to negative, or to reduce or limit the scope of the duty or the class of person to whom it is owed."

54

[1932] AC 562 en [1932] SCX (HL) 31.

55

*Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574.

56

[1970] 2 All ER 294 (HL).

57

*Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498 f-h per lord Wilberforce: "[I]n order to establish that a duty of care arises in a particular situation, it is not necessary to bring the facts of that situation within those of previous situations in which a duty of care has been held to exist. Rather the question has to be approached in two stages. First one has to ask whether, as between the alleged wrongdoer and the person who has suffered damage there is a sufficient relationship of proximity or neighbourhood such that, in the reasonable contemplation of the former, carelessness on his part may be likely to cause damage to the latter, in which case a *prima facie* duty of care arises. Secondly, if the first question is answered affirmatively, it is necessary to consider whether there are any considerations which ought to negative, or to reduce or limit the scope of the duty or the class of person to whom it is owed or the damages to which a breach of it may give rise..."

Die eerste gedeelte van lord Wilberforce se tweeledige toets is aanvanklik geïnterpreteer om na voorsienbaarheid te verwys.<sup>58</sup>

Volgens lord Keith in *Yuen Kun-yeu v A-G of Hong Kong*<sup>59</sup> is hierdie interpretasie van die eerste gedeelte van die toets egter foutief. Hy ondersteun hoofregter Gibbs se standpunt in *Sutherland Shire Council v Heyman*<sup>60</sup> dat die toets vir twee sienings vatbaar is. Hy meld dat lord Wilberforce ingevolge die eerste siening kon bedoel het dat die toets van nabyheid bloot beteken dat daar 'n redelike voorsienbaarheid van skade moes gewees het. Ingevolge die tweede siening kon lord Wilberforce bedoel het dat daar 'n verhouding van nabyheid tussen die betrokke partye moes bestaan het alvorens 'n sorgsaamheidsverpligting tot stand kon kom.

<sup>58</sup> Fleming 1990:349; Pacini, Martin en Hamilton 2000:180 en Quinlan en Gardiner 1988:355.

<sup>59</sup> [1987] 2 All ER 705:710 per lord Keith: "...the first view, favoured in a number of cases mentioned by Gibbs CJ, is that he meant to test the sufficiency of proximity simply by the reasonable contemplation of likely harm. The second view, favoured by Gibbs CJ, himself, is that Lord Wilberforce meant the expression 'proximity or neighbourhood' to be a composite one, importing the whole concept of necessary relationship between plaintiff and defendant... In their Lordship's opinion the second view is the correct one. As Lord Wilberforce himself observed in *McLoughlin v O'Brien* (1982) 2 All ER 298 at 303, (1983) 1 AC at 420, it is clear that foreseeability does not of itself, and automatically lead to a duty of care." Regter La Forest meld ook in *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:27 dat hierdie toets die aanspreeklikheid van ouditeure uitbrei. Hy meld dat hofsake wat *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492 voorafgegaan het, naamlik *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426; *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574 en *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1974) 6 WWR (3d) 236, 'n strengere benadering gevolg het deur nie redelike voorsienbaarheid nie, maar twee vereistes daar te stel vir die totstandkoming van 'n *prima facie* sorgsaamheidsverpligting. Die verweerder moes eerstens kennis dra van die identiteit van die eiser of klas eisers en tweedens moes die skade wat die eiser ly die gevolg wees van die nalatige wanvoorstelling van die verweerder. Regter La Forest meld die volgende: "As should be evident from its very terms, the reasonable foreseeability/reasonable reliance test for determining a *prima facie* duty of care is somewhat broader than the tests used both in the cases decided before *Anns*, *supra*, and in those that have rejected the *Anns* approach. Rather than stipulating simply that a duty of care will be found in any case where reasonable foreseeability and reasonable reliance inhere, those cases typically require (a) that the defendant know the identity of either the plaintiff or the class of plaintiffs who will rely on the statement, and (b) that the reliance losses claimed by the plaintiff stem from the particular transaction in respect of which the statement at issue was made." Sien ook James 1990:71.

<sup>60</sup> (1985) 60 ALR 1:13. Hierdie regter se beslissing word volledig op bls 96-97 van hoofstuk vyf bespreek.

Lord Keith<sup>61</sup> en hoofregter Gibbs<sup>62</sup> ondersteun die tweede siening, aangesien lord Wilberforce in 1982 bevestig het dat voorsienbaarheid opsigself nie tot 'n sorgsaamheidsverpligting aanleiding kan gee nie.

Die tweede gedeelte van lord Wilberforce se toets verwys na beleidsoorwegings wat in ag geneem behoort te word om die omvang van die sorgsaamheidsverpligting te beperk. Die *Anns*-beslissing<sup>63</sup> brei gevolglik die aanspreeklikheid van ouditeure vir wanvoorstellings in finansiële state uit deur die klem te verskuif vanaf die bestaan van beleidsoorwegings wat op aanspreeklikheid dui, na aanspreeklikheid tensy daar beleidsoorwegings teenwoordig is wat aanspreeklikheid beperk.<sup>64</sup>

Lord Wilberforce se toets<sup>65</sup> is vir etlike jare streng deur die Engelse howe toegepas, maar sedert die tagtigerjare word hierdie toets deur die House of Lords<sup>66</sup> gekritiseer en met voorbehoud in die House of Lords toegepas.<sup>67</sup>

---

<sup>61</sup> *Yuen Kun-yea v A-G of Hong Kong* [1987] 2 All ER 705:710.

<sup>62</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 60 ALR 1:13. Sien bls 95-98 van hoofstuk vyf vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

<sup>63</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492.

<sup>64</sup> Morris 1991:38. Regter Brennan spreek hom soos volg in *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 60 ALR 1:43-44 teen die tweede gedeelte van lord Wilberforce se toets uit: "Of course, if foreseeability of injury to another were the exhaustive criterion of a *prima facie* duty to act to prevent the occurrence of that injury, it would be essential to introduce some kind of restricted qualification – perhaps a qualification of the kind stated in the second stage of the general proposition in *Anns*. I am unable to accept that approach... The proper role of the 'second stage', as I attempted to explain in *Jaensch v Coffey* (1984) 54 417 on 437 embraced no more than those further elements (in addition to the neighbour principle) which are appropriate to a particular category of negligence and which confine the duty of care within narrower limits than those which would be defined by an unqualified application of the neighbour principle."

<sup>65</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498.

<sup>66</sup> Lord Keith in *Peabody Donation Fund v Sir Lindsay Parkinson and Co Ltd* [1984] 3 All ER 529:534; lord Brandon in *Leigh and Sullivan Ltd v Ailakom Shipping Co Ltd* [1986] 2 All ER 145:153 en lord Bridge of Harwick in *Curran v Northern Ireland Co-ownership Housing Association Ltd* [1987] 2 All ER 13:17.

<sup>67</sup> *Smith v Littlewoods Organisations Ltd* [1987] 1 All ER 710; *Curran v Northern Ireland Co-ownership Housing Association Ltd* [1987] 2 All ER 13 en *Murphy v Brentwood District Council* [1990] 2 All ER 908.

Vier jaar na die *Anns*-beslissing<sup>68</sup> vertrou regter Woolf in *JEB Fasteners Ltd v Marks, Bloom & Co*<sup>69</sup> op lord Wilberforce se tweeledige toets in die *Anns*-saak<sup>70</sup> om 'n maatstaf vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting daar te stel.

Hy beslis dat daar 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure rus indien hulle daarvan bewus was of indien hulle redelikerwys kon voorsien het dat 'n persoon op die geouditeerde finansiële state sou vertrou het. Hierdie persoon moes in die eerste plek op die finansiële state vertrou het en in die tweede plek moes die omstandighede van sodanige aard gewees het dat die ouditeure daarvan bewus was of daarvan bewus moes gewees het dat die party op die finansiële state sou vertrou het.<sup>71</sup>

In hierdie saak het die verweerder ouditeure Marks, Bloom & Co geouditeerde finansiële state vir hul kliënt, 'n maatskappy in die vervaardigingsbedryf, voorberei. Die waarde van die voorraad voorhande op hierdie state was egter oorwaardeer en nie aangeteken teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde nie. Die finansiële state word aan die eisers geopenbaar en die eisers besluit om, ten spyte van hul agterdog oor die waardasie van voorraad, die vervaardigingsmaatskappy oor te neem. Die oornome van die maatskappy blyk nie suksesvol vir JEB Fasteners te wees nie en hulle dagvaar die ouditeure vir skadevergoeding op grond van die nalatige wanvoorstellings in die finansiële state.

---

<sup>68</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492.

<sup>69</sup> [1981] 3 All ER 289.

<sup>70</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492.

<sup>71</sup> In *JEB Fasteners Ltd v Marks, Bloom and Co* [1981] 3 All ER 289:296 beslis regter Woolf die volgende: "... the appropriate test for establishing whether a duty of care exists appears in this case to be whether the defendants knew or reasonably should have foreseen at the time the accounts were audited that a person might rely on those accounts... First of all, they must have relied on the accounts and, second, they must have done so in circumstances where the auditors either knew that they would or ought to have known that they might."

Die hof bevind dat die ouditeure ten tye van die voorbereiding van die maatskappy se rekeninge daarvan bewus was dat die maatskappy finansiële ondersteuning nodig gehad het. Die ouditeure kon redelikerwys voorsien het dat die maatskappy deur middel van 'n oornome kapitaal kon verkry en moes voorsien het dat die persone wat die maatskappy sou oorneem, op die rekeninge sou vertrou het. Die hof bevind dat die ouditeure wel nalatig was en dat hulle wel 'n sorgsaamheidsplig teenoor JEB Fasteners gehad het.<sup>72</sup> As gevolg van die afwesigheid van die kousaliteitsvereiste reik die hof egter nie 'n skadevergoedingsbevel teen die verweerders uit nie.<sup>73</sup> Regter Woolf maak 'n *obiter*-opmerking rakende die berekening van skadevergoeding indien die eisers daarin sou geslaag het om 'n kousale verband tussen die wanvoorstelling en die skade te bewys het. Hy stel voor dat skadevergoeding daarop gerig moet wees om die eisers in dieselfde posisie te plaas as waarin hulle sou wees indien hulle nie aandele in die maatskappy gekoop het nie.<sup>74</sup> Die hof haal geen gesag aan vir hierdie *obiter*-opmerking nie en dit is ook nie uit die beslissing duidelik waarom regter Woolf die eiser se vermoënsposisie voor en na kontraksluiting met mekaar vergelyk nie.

Die aanwending van voorsienbaarheid as die enigste toetsmaatreeël om vas te stel of daar 'n sorgsaamheidsverpligting op die verweerder tot stand gekom het, is sterk deur die ouditeursprofessie<sup>75</sup> en latere hofsake<sup>76</sup>

---

<sup>72</sup> *JEB Fasteners Ltd v Marks, Bloom and Co* [1981] 3 All ER 289:301-302.

<sup>73</sup> *JEB Fasteners Ltd v Marks, Bloom and Co* [1981] 3 All ER 289:305 per regter Woolf: "...the negligence of the defendants was not causative of any loss which the plaintiffs may have suffered as a result of taking over the company." Sien ook Lipton en Herzberg 1988:384 en Thomas 1988:302.

<sup>74</sup> *JEB Fasteners Ltd v Marks, Bloom and Co* [1981] 3 All ER 289:306 per regter Woolf: "In my view, it is not right to look at the position on the basis that this company had been taken over but its financial position should have been as disclosed by the accounts. The correct initial approach is to calculate the loss on the basis that if the accounts had been correct the plaintiffs would not have acquired the company."

<sup>75</sup> Surtees 1992:137.

<sup>76</sup> *Peabody Donation Fund v Sir Lindsay Parkinson and Co Ltd* [1984] 3 All ER 529:533-534; [1985] AC 210:239-241; *Yuen Kun-yeu v A-G of Hong Kong* [1987] 2 All ER 705:709-712 en [1988] AC 175:190-194.

gekritiseer, aangesien dit tot onbeperkte aanspreeklikheid aanleiding kan gee.<sup>77</sup>

## 6. Nabyheid (“proximity”) of ’n direkte verhouding en redelike voorsienbaarheid as standaard

Die totstandkoming van ’n sorgsaamheidsplig gebaseer op toepassing van die voorsienbaarheidstoets alleen is opsigself nie meer deurslaggewend in die Engelse gemenereg nie.<sup>78</sup> Dit is deesdae eerder die neiging om nabyheid of ’n direkte verhouding as ’n bykomende vereiste tot voorsienbaarheid daar te stel vir die totstandkoming van ’n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeur.<sup>79</sup> Godsell<sup>80</sup> definieer hierdie maatstaf soos volg:

“The test of proximity concerns the question of ‘closeness’ or ‘relatedness’ of the parties, in terms of whether the potential harm to the plaintiff could and should reasonably have been foreseen by the defendant and would therefore give rise to a duty on the part of the defendant to act in such a way as to avoid harm to the plaintiff.”

---

<sup>77</sup> Volgens lord Griffiths in *Smith v Eric S Bush* [1989] 2 All ER 514:536 sal voorsienbaarheid as die enigste toetsmaatreeël om die totstandkoming van ’n sorgsaamheidsverpligting teenoor derdes vas te stel, persone wat advies in ’n professionele of kommersiële hoedanigheid lewer, se aanspreeklikheid te veel uitbrei. Hierdie persone sal nie net aanspreeklik wees teenoor die persone aan wie hulle advies lewer nie, maar sal ook aanspreeklik wees teenoor enige persoon wat op sodanige advies vertrou. Lord Oliver kritiseer ook regter Woolf se toets in *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:597, aangesien dit slegs op voorsienbaarheid berus. Regter Oliver meld die volgende: “...it is clear that Woolf J, like Woodhouse and Cooke JJ, was interpreting Lord Wilberforce’s two-stage approach in the *Anns* case as establishing a test of proximity which depended on the foreseeability of harm alone and that he regarded the limits of liability as being set not by the need for any relationship other than such as might be inferred from such foreseeability...”

<sup>78</sup> *Governors Hill v Chief Constable of West Yorkshire* [1989] 2 All ER 238:241; *Smith v Eric S Bush* [1989] 2 All ER 514:536 en *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360:365.

<sup>79</sup> Godsell 1990:40.

<sup>80</sup> 1990:19.

Die bykomende vereiste van nabyheid tot die vereiste van voorsienbaarheid is in *Al Saudi Banque v Clark Pixley*<sup>81</sup> toegepas. In hierdie saak het tien banke vertrou op die geouditeerde finansiële jaarstate van Gallic Credit International Ltd geplaas. Sewe van die tien banke was op die datum van die ouditeursverslag bestaande krediteure van Gallic Credit International Ltd, terwyl drie banke nuwe krediteure was. Die finansiële state van Gallic Credit International Ltd het egter wanvoorstellings bevat en die maatskappy was inderwaarheid insolvent. Die banke eis skadevergoeding van die ouditeure vir die verliese wat hulle gely het, aangesien die ouditeure volgens hulle nalatig was in die ouditering van die finansiële state.

Volgens regter Millett is beide die eiser en verweerder eensgesind dat die volgende vereistes geld vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure:<sup>82</sup>

- Die verweerder moes redelikerwys kon voorsien het dat die eiser op sy of haar verklaring vertrou sou geplaas het.
- Die nodige graad van nabyheid moet tussen die verweerder en die eiser aanwesig gewees het.
- Dit moet in die lig van die omstandighede redelik en regverdig wees om 'n sorgsaamheidsverpligting op die verweerder ten gunste van die eiser te plaas.

Regter Millett beslis dat die ouditeure redelikerwys kon voorsien het dat die banke op die finansiële state wat deur hulle geouditeer is, sou vertrou.<sup>83</sup>

---

<sup>81</sup> [1989] 3 All ER 360:367.

<sup>82</sup> *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360:365 per regter Millett: "(i) it must be reasonably foreseeable by the defendant that the statement will be relied on by the plaintiff, (ii) there must exist the relevant degree of proximity between the parties, and (iii) it must be just and reasonable in all the circumstances to impose a duty of care on the part of the defendant to the plaintiff."

<sup>83</sup> *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360:370 per regter Millett: "The most that can be said is that it was foreseeable that, if any of the plaintiff banks

Daar word dus in 'n mate aan die eerste vereiste van die drieledige toets voldoen.

Aangesien daar nie 'n direkte verhouding of 'n verhouding van nabyheid tussen die ouditeure en die drie banke wat nie bestaande krediteure van Gallic Credit International Ltd was nie, beslis regter Millett dat daar nie aan die tweede gedeelte van die toets, naamlik die vereiste van nabyheid, voldoen word nie.<sup>84</sup>

Regter Millett volg 'n konserwatiewe benadering en beslis dat die ouditeure ook nie 'n sorgsaamheidsplig teenoor die sewe banke wat aan hul bekend was, verskuldig is nie.<sup>85</sup> Regter Millett is van mening dat die banke wel 'n beperkte en geïdentifiseerde groep derde partye was en dat die ouditeure wel bekend was met die bedrae van hul lenings aan Gallic Credit International Ltd toe hulle die ouditeursverslag geteken het, maar dat die banke geen rol gespeel het in die aanstelling van die ouditeure nie. Die ouditeure het nie 'n statutêre plig gehad om verslag aan die banke te lewer nie. Die ouditeure het nie kopieë van hul verslag aan die banke verskaf nie en het ook nie die verslae aan hul kliënt verskaf met die bedoeling of wete dat die verslag aan die eisers oorhandig sou word nie.<sup>86</sup>

---

wished to consider the continuance or renewal of existing facilities or the grant of additional facilities, it might well call for copies of the company's latest audited accounts and rely on them and the accompanying auditors' report."

<sup>84</sup> *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360:370 per regter Millett: "they had no close or direct relationship with the auditors and the element of proximity was lacking."

<sup>85</sup> Davies 1991:181 en Stephenson 1990:819.

<sup>86</sup> *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360:371: "They were a limited class, and their identity and the amount of their exposure was known to the defendants when they signed their report. But their position is not at all comparable with that as shareholders. They played no part in appointing the defendants as auditors. The defendants were under no statutory obligation to report to them and they did not do so. They did not supply copies of their report to them, nor did they send them to the company with the intention or in the knowledge that they would be supplied to them. Clearly, to hold that a duty of care was owed to them would be going further than can be supported by any English authority."

Alhoewel regter Millett dit onnodig vind om in die afwesigheid van die vereiste van nabyheid te bepaal of daar aan die derde vereiste voldoen is, meld hy dat dit nie redelik en regverdig sal wees om in die huidige omstandighede 'n sorgsaamheidsplig op die ouditeure te plaas nie, aangesien die ouditeure:<sup>87</sup>

“...will be exposed to liability for an indeterminate amount. ....It would bear no necessary relationship to, and could be many times greater than, the value of the company as shown by its published accounts.”

Die bogenoemde drie vereistes vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverhouding is die volgende jaar in die House of Lords se beslissing in *Caparo plc v Dickman and others*<sup>88</sup> bevestig.

In hierdie saak was die interim finansiële state van die genoteerde maatskappy Fidelity vir die jaar geëindig 31 Maart 1984 deur Ross Touche geouditeer. Die state het 'n netto wins van £1.3 miljoen voor belasting getoon. Caparo het op grond van hierdie finansiële state 'n suksesvolle oorname van Fidelity gemaak, terwyl hierdie maatskappy inderwaarheid 'n verlies van £400 000 vir die 1984 finansiële jaar getoon het. Caparo het beweer dat Touche nalatig was in die ouditering van die finansiële state en stel 'n eis teen die ouditeure in vir die skade gely.

In die hoë hof (“High Court”) word Caparo se eis om skadevergoeding afgewys. Die hof beslis dat die ouditeure nie 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor Caparo as potensiële of bestaande aandeelhouer van Fidelity gehad nie.<sup>89</sup>

<sup>87</sup> *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360:372 per regter Millett.

<sup>88</sup> In *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:578 beskryf lord Bridge of Harwick regter Millett se uitspraak in *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360 as empaties en oortuigend. Lord Oliver:592 keur regter Millett se uitspraak goed en lord Jauncy:608 verklaar dat hy geen twyfel het dat die *Al Saudi Banque*-saak korrek beslis is nie.

<sup>89</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 2 WLR 316. Vgl ook Godsell 1990:47; Jackson en Powell 1992:636 en Surtees 1992:138.

In *Caparo* se appèl teen die hoë hof se beslissing, beslis die hof van appèl ("Court of Appeal") eenparig dat daar as gevolg van die afwesigheid van nabyheid tussen die ouditeur en die potensiele beleggers nie 'n sorgsaamheidsverpligting tussen die genoemde partye bestaan nie.<sup>90</sup> Volgens die meerderheidsuitspraak van regters Bingham<sup>91</sup> en Taylor<sup>92</sup> bestaan daar genoegsame nabyheid tussen die ouditeure en die bestaande aandeelhouers om wel 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure te plaas. Hierdie verpligting kom tot stand as gevolg van die statutêre verpligting van die ouditeur om aan die aandeelhouers verslag te doen en die statutêre reg van die aandeelhouers om 'n verslag van die ouditeur te ontvang.<sup>93</sup> Die minderheidsuitspraak van regter O'Connor<sup>94</sup> ontken selfs die totstandkoming van sodanige sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure.

In die *Al Saudi Banque*-saak<sup>95</sup> verskaf regter Millett die volgende logiese interpretasie van die hof van appèl se beslissing in die *Caparo*-saak:<sup>96</sup>

<sup>90</sup> In *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798:820 merk lord Taylor byvoorbeeld die volgende oor die ouditeure op: "All they can foresee is that some unidentified investor or investors may inspect their report and act upon it. By the same token other unascertained persons do so, e.g. bank contemplating the grant to a company of a loan, or its suppliers or creditors. In none of these instances is there any close or direct relationship with the auditors. Foreseeability of reliance is conceded but the element of proximity is in my judgement lacking."

<sup>91</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798:815. Vgl ook Anoniem 1988:1.

<sup>92</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798:820: "I would hold that a voluntary assumption of responsibility arises by implication. For these reasons, I conclude that there was the requisite proximity between Caparo as shareholders and the auditors."

<sup>93</sup> Godsell 1990:47.

<sup>94</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798:830. Vgl ook Anoniem 1990b:1.

<sup>95</sup> *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360:367 per regter Millett: "(i) In cases of negligent misstatement, foreseeability that the plaintiff or someone in a similar position will rely on the statement is a necessary but not a sufficient condition for liability. (ii) In addition, it is necessary to establish a nexus or relationship between the parties sufficient to create a duty of care. The relationship can only be determined by close analysis in each case. The label applied to such relationship is 'proximity', but there is no single definite test. In some cases, it may be useful to consider whether there has been a voluntary assumption of responsibility; in other words, whether the relationship is equivalent to contract. (iii)

- Die verweerder, of iemand in sy of haar posisie, moes in die eerste plek kon voorsien het dat die verweerder of 'n ander persoon op die finansiële state sou vertrou het.
- Hierdie voorsienbaarheidsvereiste is egter nie voldoende om 'n sorgsaamheidsverpligting daar te stel nie. Daar moet verder bewys word dat daar 'n sorgsaamheidsverpligting tot stand gekom het as gevolg van die besondere verhouding tussen partye. Alhoewel die regter na hierdie verhouding as 'n verhouding van nabyheid verwys, meen hy dat die verhouding eers deeglik ontleed moet word alvorens dit tot 'n sorgsaamheidsverpligting aanleiding kan gee. Daar is verskeie toetse wat aangewend kan word om vas te stel of daar 'n verhouding van nabyheid tot stand gekom het, byvoorbeeld vrywillige aanvaarding van verantwoordelikheid, ook genoem 'n verhouding soortgelyk aan 'n kontrak.
- Die nodige verhouding tussen 'n maatskappy se ouditeure en sy lede kom tot stand as gevolg van die statutêre verpligting van die ouditeur om aan die aandeelhouders verslag te doen en die

---

The necessary relationship exists between a company's auditors and its members because the auditors are under a statutory duty to report to the members and know that it is intended to send copies of their report to them. (iv) The relationship may also exist if the circumstances are such that the auditors can be taken impliedly to have represented the accuracy of the accounts to the plaintiff, and perhaps whenever they provide the accounts to the company with the intention, or in the knowledge that it is the company's intention, that they are to be supplied to the plaintiff or to the persons in a class of which the plaintiff is one. (v) It is not necessary that the auditors should have any particular transaction in contemplation, or should intend the receipt of their report to act on it in any such transaction. If the necessary relationship exists, it is enough if it is foreseeable that the recipient of the report may rely on it in some future transaction, whether contemplated by the auditors or not, and whether with reference to his existing shareholding or not. (vi) The necessary relationship does not exist between a company's auditors and potential investors who are not existing shareholders in the company. The fact that it is foreseeable that their report may come into their hands and be relied on by them is not sufficient without more to create the relationship." Sien ook James 1990:69-70.

ouditeure se kennis dat die maatskappy afskrifte van die verslae aan die aandeelhouers sal oorhandig.

- Hierdie verhouding kan ook tot stand kom indien die omstandighede van die saak van sodanige aard is dat die ouditeure stilswyend die akkuraatheid van die finansiële state aan die eisers bevestig het, of indien die ouditeure die finansiële state aan die maatskappy oorhandig het terwyl hulle daarvan bewus was dat die maatskappy van plan was om die state aan die eisers te oorhandig.
- Dit is nie noodsaaklik dat die ouditeure kennis van 'n spesifieke transaksie moes hê nie. Indien die nodige verhouding tussen die partye bestaan het, is dit genoegsaam indien die ouditeure kon voorsien het dat die ontvanger van die ouditeursverslag op die verslag sou vertrou het.
- Die nodige verhouding bestaan nie tussen die maatskappy se ouditeure en potensiële beleggers wat nie bestaande beleggers van die maatskappy is nie. Die feit dat dit voorsienbaar was dat hulle die ouditeursverslag kon bekom het en dat hulle vertrou daarop kon geplaas het, is nie voldoende om die nodige verhouding daar te stel nie.

Die ouditeure was nie met die hof van appèl se uitspraak tevrede nie en het teen die beslissing rakende die bestaan van 'n sorgsaamheidsverhouding tussen hulself en die bestaande aandeelhouers geappelleer. Die respondente het op hul beurt teen die hof van appèl se bevinding dat die ouditeure nie 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor die potensiële aandeelhouers het nie, gekruisappelleer.

Die House of Lords lê die volgende drie vereistes neer vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting, naamlik:<sup>97</sup>

- Die skade moes voorsien kon word;
- Daar moes 'n verhouding van nabyheid tussen die partye gewees het; en
- Die oplegging van die sorgsaamheidsplig moet redelik en billik wees.

Lord Bridge of Harwick<sup>98</sup> volg die tradisionele Engelse benadering om te bepaal of die skade voorsien kon word. Hierdie benadering behels dat die hof die feite van die saak wat hulle oorweeg binne 'n bepaalde sorgsaamheidskategorie moet kan klassifiseer alvorens die skade voorsien kon gewees het.<sup>99</sup>

Hy beskryf die begrippe “nabyheid” en “redelikheid” soos volg:<sup>100</sup>

“...the concepts of proximity and fairness embodied in these additional ingredients are not susceptible of any such precise definition as would be necessary to give them utility as practical tests, but amount in effect to little more than convenient labels to attach to the features of different specific situations which, on a detailed examination of all the circumstances, the law recognises pragmatically as giving rise to a duty of care of a given scope.”

<sup>97</sup> Lord Bridge of Harwick beskryf hierdie drie vereistes soos volg in *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:574: “...What emerges is that, in addition to the foreseeability of damage, necessary ingredients in any situation giving rise to a duty of care that there exist between the party owing the duty and the party to whom it is owed a relationship characterised by the law as one of ‘proximity’ or ‘neighbourhood’ and that the situation must be one in which the court considers it fair, first and reasonable that the law should impose a duty of a given scope on the one party for the benefit of the other.” Vgl ook Abbott 1993:257; Mills 1991:16; Pacini, Hillison en Sinason 2000:397 en Stanton 1991:89.

<sup>98</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:574: “...the law has now moved in the direction of attaching greater significance to the more traditional categorisation of distinct and recognisable situations as guides to the existence, the scope and the limits of the varied duties of care which the law imposes.”

<sup>99</sup> Chua 1995:15 en James 1990:70.

Die House of Lords<sup>101</sup> plaas meer klem op die vereiste dat daar 'n verhouding van nabyheid moet wees as op die vereiste van voorsienbaarheid en volg die meer tradisionele *Hedley Byrne*-benadering.<sup>102</sup> Ten einde aan die vereiste van 'n verhouding van nabyheid te voldoen, moet daar aan die volgende drie voorwaardes voldoen word:<sup>103</sup>

- Die ouditeur moes geweet het dat sy of haar werk bekend gemaak sou word aan 'n bekende derde party of klas persone waaraan die derde party behoort. Die ouditeur moes ook daarvan bewus gewees het dat hierdie persoon of klas persone op sy of haar werk sou vertrou.
- Die derde party ly verliese as gevolg van die vertrou wat hy of sy op hierdie werk plaas.
- Die ouditeur se werk word gebruik vir die doel waarvoor dit bestem is.

Die saak het sterk op Engelse presedentereg staat gemaak.<sup>104</sup> Volgens Paskell-Mede<sup>105</sup> het die House of Lords se uitspraak die tradisionele Engelse benadering gevolg. Ingevolge hierdie benadering moet die eiser nie alleen bewys dat die verweerder se nalagtigheid skade vir hom of haar veroorsaak het nie, maar ook dat die eiser en die verweerder sodanige verhouding gehad het dat die verweerder regtens verplig was om die nodige sorg aan die dag te lê ten einde die eiser se belange te beskerm.<sup>106</sup>

<sup>100</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574.

<sup>101</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:574. Vgl ook Morris 1991:38.

<sup>102</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:589. Vgl ook Cooper en Barkoczy 1994:33 en Watson 1999:295.

<sup>103</sup> James 1990:70 en Mills 1991:6.

<sup>104</sup> Die hof steun swaar op *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426; *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574 en *JEB Fasteners Ltd v Marks, Bloom and Co* [1981] 3 All ER 289. Vgl ook Baker en Quick 1996:37.

<sup>105</sup> 1993:34.

<sup>106</sup> Paskell-Mede 1993:34 lewer die volgende kommentaar op die House of Lords se uitspraak "... (it) followed the time-honoured common law tradition by which the

Volgens die House of Lords het die ouditeur nie 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor 'n lid van die publiek wat op grond van die geouditeerde finansiële jaarstate aandeel in 'n maatskappy koop nie, aangesien die vereiste van nabyheid afwesig is en sodanige plig tot onbeperkte aanspreeklikheid vir die ouditeur aanleiding kan gee. Die House of Lords bevind verder dat die ouditeur ook nie 'n sorgsaamheidsplig teenoor bestaande aandeelhouers as individue van 'n publieke maatskappy het nie, maar dat die ouditeur wel 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor bestaande aandeelhouers van die maatskappy as 'n kollektiewe groep moet uitoefen.<sup>107</sup>

Volgens lord Bridge of Harwick skep die Verenigde Koninkryk se *Companies Act, 1985* 'n statutêre sorgsaamheidsplig op ouditeure wat hulle aan die aandeelhouers as 'n kollektiewe groep verskuldig is.<sup>108</sup> Volgens hierdie lord wentel die kritieke vraag egter rondom die omvang van die aandeelhouers se belange wat die ouditeure moet beskerm. Die aandeelhouers van 'n maatskappy het 'n kollektiewe belang daarin dat die maatskappy behoorlike bestuur word. Indien die ouditeursverslag

---

plaintiff in a negligence action must demonstrate not only that the defendant's negligence caused the plaintiff to suffer a loss, but also that the defendant had a relationship with the plaintiff that legally obligated him or her to take the necessary care to protect the latter".

<sup>107</sup> Cousins ea 1999:288 en Gay 1991:60.

<sup>108</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:580: "No doubt these provisions establish a relationship between the auditors and the shareholders of a company on which the shareholder is entitled to rely for the protection of his interest. But the crucial question concerns the extent of the shareholder's interest which the auditor has a duty to protect. The shareholders of a company have a collective interest in the company's proper management and in so far as a negligent failure of the auditor to report accurately on the state of the company's finances deprives the shareholders of the opportunity to exercise their powers in general meeting to call the directors to book and to ensure that errors in management are corrected, the shareholders ought to be entitled to a remedy. But in practice no problem arises in this regard since the interest of the shareholders in the proper management of the company's affairs is indistinguishable from the interest of the company itself and any loss suffered by the shareholders, e.g. by the negligent failure of the auditor to discover and expose a misappropriation of funds by a director of the company, will be recouped by a claim against the auditor in the name of the company, not by individual shareholders."

wanvoorstellings bevat as gevolg van nalatigheid aan die kant van die ouditeure, word die aandeelhouers van hul reg ontnem om hul bevoeghede behoorlik tydens algemene vergaderings uit te oefen. Die aandeelhouers behoort gevolglik op 'n remedie geregtig te wees. In die praktyk word daar egter nie 'n soortgelyke probleem ondervind nie. Indien die aandeelhouers skade ly as gevolg van die ouditeure se nalatige versuim om byvoorbeeld die wanaanwending van fondse deur direkteure op te spoor, kan die maatskappy die ouditeure dagvaar vir skade wat gelyk is, in plaas daarvan dat die individuele aandeelhouers die ouditeure dagvaar.

Lord Oliver<sup>109</sup> ondersteun appèlregter O'Connor<sup>110</sup> se afwykende uitspraak in die hof van appèl dat die ouditeur 'n statutêre plig teenoor die aandeelhouers as 'n kollektiewe liggaam het en nie teen die individuele aandeelhouers nie.

Die House of Lords spreek nie die berekening van skadevergoeding of die kousaliteitsvereiste in die *Caparo*-beslissing<sup>111</sup> aan nie.<sup>112</sup> Die appèl van die ouditeure slaag en die House of Lords beslis dat die ouditeure nie 'n sorgsaamheidsplig teenoor die respondente as individuele aandeelhouers of potensiële aandeelhouers het nie.<sup>113</sup>

---

<sup>109</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:601: "... the purpose for which the auditors' certificate is made and published is that of providing those entitled to receive the report with information to enable them to exercise in conjunction those powers which their respective proprietary interest confer on them and not for the purposes of individual speculation with a view to profit. The same considerations as limit the existence of a duty of care also, in my judgement, limit the scope of the duty and I agree with O'Connor LJ that the duty of care is owed to the shareholders as a body and not to individual shareholders." Vgl ook Anoniem 1990a:73.

<sup>110</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798:830: "The statutory duty owed by auditors is, I think, owed to them as a body... The statute imposes a duty to shareholders as a class and the duty should not extend to an individual save as a member of the class in respect of some class activity."

<sup>111</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>112</sup> Gower 1997:558.

Die uitspraak van die House of Lords het die posisie rondom die sorgsaamheidsplig van ouditeure in 'n groot mate uitgeklaar en die argument dat ouditeure geen sorgsaamheidsverpligting aan derdes verskuldig is nie, is in 'n groot mate versterk.<sup>114</sup> Die toepassing van die voorsienbaarheidstoets as enigste maatstaf is tot 'n einde gebring<sup>115</sup> en die skynbaar onbeperkte aanspreeklikheid van ouditeure is gestuit.<sup>116</sup>

Alhoewel die uitspraak veral deur die ouditeursprofessie gunstig ontvang is,<sup>117</sup> het dit ook daartoe gelei dat die ouditeursprofessie aansien begin verloor het.<sup>118</sup> Die publiek het die uitspraak as 'n mandaat aan ouditeure beskou om minder sorgsaam te wees<sup>119</sup> en selfs die Engelse parlement het kritiek teen die ouditeursprofessie uitgespreek.<sup>120</sup>

Die ouditeursprofessie het in die slagat van oorbeskerming verval.<sup>121</sup> Die *Caparo*-beslissing<sup>122</sup> het nie regsekerheid bewerkstellig nie<sup>123</sup> en dit was onafwendbaar dat die regsbeginsels wat in hierdie saak daargestel is, verfyn sou moes word deur nuwe omstandighede wat voor die hof gebring sou word.<sup>124</sup>

---

<sup>113</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:569. Vgl ook Arora 1991:275.

<sup>114</sup> O'Leary 1998:522.

<sup>115</sup> Gower 1997:552.

<sup>116</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:397 en Surtees 1996:16.

<sup>117</sup> Pugh 1990:101-102 en Singleton-Green 1990b:97.

<sup>118</sup> Engelbrecht 1993:27. Freedman en Power 1991:778-779 kritiseer die uitspraak van die House of Lords, aangesien die behoeftes van die mark nie aangespreek is nie. Hulle is van mening dat die uitspraak ouditeure se dienste inderwaarheid waardeloos gemaak het.

<sup>119</sup> Mills 1991:20-21 en Pugh 1990:101-102.

<sup>120</sup> Anoniem 1991:9.

<sup>121</sup> Engelbrecht 1993:214 en Morse 1995:481.

<sup>122</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>123</sup> Stanton 1991:89. Morris 1991:48 is ook van mening dat *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568 eerder tot meer onsekerheid as sekerheid oor die Engelse gemenereg aanleiding gegee het.

<sup>124</sup> Surtees 1996:16.

Na die *Caparo*-beslissing<sup>125</sup> het die Engelse howe voortgegaan om die plig van ouditeure teenoor derdes te beperk.<sup>126</sup> In *James McNaughton Papers Group Ltd v Hicks Anderson and Co*<sup>127</sup> het die eisers met die maatskappy MK onderhandel oor 'n moontlike oornome. Die voorsitter van MK het die verweerder rekenmeestersfirma gevra om voorlopige rekeninge vir die maatskappy voor te berei vir hierdie onderhandelinge. Hierdie rekeninge het aangetoon dat MK gelykbreek of selfs 'n moontlike verlies toon. Hierdie rekeninge is deur MK tot die eisers se beskikking gestel. By 'n vergadering het die verweerder rekenmeestersfirma ook hierdie stand van sake aan die eisers bevestig. Na die oornome het die eisers gevind dat die rekeninge wanvoorstellings bevat het en dat die maatskappy in 'n slegter finansiële toestand is as wat die rekeninge aangetoon het. Die eisers dagvaar die rekenmeestersfirma vir skade wat hulle gelyk het as gevolg van die nalatige wanvoorstellings in die *pro forma* rekeninge en die wanvoorstellings wat geopper is tydens die vergaderings met die rekenmeesters.

Regter Neill<sup>128</sup> analiseer die volgende ses aangeleenthede wat in oorweging geneem kan word om te bepaal of daar 'n sorgsaamheidsverpligting op 'n persoon wat advies lewer, rus:

- Die doel waarvoor die staat opgestel is;
- Die doel waarvoor die staat gekommunikeer is;
- Die verhouding tussen die adviseur,<sup>129</sup> die persoon aan wie die advies gerig is en enige relevante derde party;
- Die omvang van die klas waaraan die persoon aan wie die advies gerig is, behoort;

<sup>125</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>126</sup> Chua: 1995 15 en Pacini, Martin en Hamilton 2000:181.

<sup>127</sup> [1991] 1 All ER 134.

<sup>128</sup> *James McNaughton Papers Group Ltd v Hicks Anderson and Co* [1991] 1 All ER 134:144-145. Vgl ook Nicholson 1991:562 en Palmer 2001:9132.

<sup>129</sup> Die verweerder rekenmeestersfirma MK was in hierdie saak die adviseurs van MK.

- Die vlak van kennis van die persoon wat die advies ontvang; en
- Die vertroue wat die persoon aan wie die advies gerig is, op die staat plaas.

Na aanleiding van die bogenoemde faktore neem hy vier aangeleenthede in ag in sy beslissing dat daar nie 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeursfirma gerus het nie. Hy bevind in die eerste plek dat die state vir MK en nie vir die eisers voorberei is nie. Tweedens, was die state bloot voorlopige state en nie finale state nie. Derdens was die eisers daarvan bewus dat MK in 'n swak finansiële toestand was en vierdens kon daar verwag word dat die eisers eerder op hul eie adviseurs behoort te vertrou het en 'n mindere mate van vertroue op die werk van MK se rekenmeesters te geplaas het.<sup>130</sup>

Een van die mees insiggewende post-*Caparo* beslissings is *Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd*.<sup>131</sup> Die beslissing van die House of Lords in die *Caparo*-saak<sup>132</sup> suggereer dat ouditeure wel aanspreeklik gehou kan word vir hul nalatige wanvoorstellings indien die finansiële state gebruik word vir die doel waarvoor dit opgestel is. Na die *Caparo*-saak was dit dus vir regters moontlik om 'n uitgebreide sorgsaamheidsverpligting op ouditeure te plaas deur die doel waarvoor die finansiële state opgestel is, wyd te interpreteer.<sup>133</sup>

Die *Morgan Crucible*-saak<sup>134</sup> is 'n voorbeeld van 'n saak waar die howe sodanige interpretasie aan die doel of oogmerk van die ouditeur se werk geheg het.<sup>135</sup> Op 6 Desember 1985 het die eisers hul voorneme om First Castle Electronics oor te neem aan die maatskappy bekend gemaak.

<sup>130</sup> *James McNaughton Papers Group Ltd v Hicks Anderson and Co* [1991] 1 All ER 134:145-146. Vgl ook Abbott 1993:158.

<sup>131</sup> [1990] 3 All ER 330.

<sup>132</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>133</sup> Cheffins 1991:131.

<sup>134</sup> *Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1990] 3 All ER 330.

Ingevolge die Londonse Effektebeurs se reëls het die direkteure van First Castle Electronics op 19 Desember 1985 omsendskrywes aan die aandeelhouers gerig waarin die aandeelhouers ingelig is dat die aanbod te laag was en dit aanbeveel is dat die eisers se aanbod van die hand gewys moes word. Die direkteure het hul aanbeveling gegrond op die finansiële state wat deur First Castle Electronics se ouditeure, Judkins & Co geouditeer, is. In 'n omsendskrywe gedateer 24 Januarie 1986 voorspel die direkteure dat die geprojekteerde wins voor belasting vir die komende jaar met 38% sou styg. Hierdie omsendskrywe is vergesel van 'n brief van die maatskappy se ouditeure en Hill Samuel Bank wat die vooruitskatting ondersteun. Morgan Crucible het daarna hul aanbod verhoog en First Castle Electronics oorgeneem. Na die oorname vind die eisers dat die state wanvoorstellings bevat en dat die winste van First Castle Electronics opgeblaas is. Die maatskappy was inderwaarheid waardeloos ten tye van die aanbod vir die oorname van First Castle Electronics en die eisers voer aan dat hulle nooit die aanbod vir die oorname van First Castle Electronics sou gemaak het nie indien hulle bewus was van die ware toedrag van sake.

Regter Hoffmann<sup>136</sup> bevind dat geen onderskeid tussen hierdie saak en die *Caparo*-beslissing<sup>137</sup> getref behoort te word nie. Die redes vir die nietotstandkoming van 'n sorgsaamheidsplig is volgens hom in hierdie saak selfs meer oortuigend as in die *Caparo*-saak.<sup>138</sup> Regter Hoffmann beslis dat daar geen sorgsaamheidsplig op die ouditeure gerus het nie, aangesien daar nie aan die vereiste van voldoende nabyheid voldoen is tussen die direkteure en ouditeure van First Castle Electronics en Morgan Crucible nie.<sup>139</sup>

---

<sup>135</sup> Cheffins 1991:131.

<sup>136</sup> *Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1990] 3 All ER 330:337.

<sup>137</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>138</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>139</sup> *Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1990] 3 All ER 330:331. Sien ook Cheffins 1991:131 en Chua 1995:18.

Regter Hoffman se beslissing word egter in die appèlhof<sup>140</sup> ter syde gestel. Appèlregter Slade beslis dat daar 'n onderskeid tussen hierdie saak en die *Caparo*-saak<sup>141</sup> getref behoort te word, aangesien die feite van die sake wesenlik van mekaar verskil.<sup>142</sup> In teenstelling met die *Caparo*-saak<sup>143</sup> was die ouditeursfirma in hierdie saak daarvan bewus dat die eisers op hul werk sou vertrou en het hulle ook bedoel dat die eisers op die werk sou vertrou. In teenstelling met die *Caparo*-saak<sup>144</sup> het die ouditeursfirma ook die eisers voortdurend verseker dat hulle op die inligting kon vertrou.

In die lig van die bogenoemde bevind die hof dat daar wel 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeursfirma gerus het en die saak word geskik.<sup>145</sup>

Uit die bogenoemde is dit duidelik dat die *Caparo*-beslissing<sup>146</sup> nie konkrete bewys lewer dat ouditeure nie aanspreeklik gehou kan word vir die beleggers of enige derde party met wie hulle nie in 'n kontraktuele of statutêre verhouding is nie.<sup>147</sup>

<sup>140</sup> *Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1991] 1 All ER 148.

<sup>141</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>142</sup> *Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1991] 1 All ER 148:159. Sien ook Chua 1995:18 en Jackson en Powell 1992:640-641. Die onderskeid tussen hierdie saak en *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568 word soos volg deur regter Walker in *Galoo Ltd v Bright Grahame Murray* [1994] 1 WLR 1360:1382 saamgevat: "mere foreseeability that a potential bidder may rely on the audited accounts does not impose on the auditor a duty of care to the bidder, but if the auditor is expressly made aware that a particular identified bidder will rely on the audited accounts or other statements approved by the auditor, and intends that the bidder should so rely, the auditor will be under a duty of care to the bidder for the breach of which he may be liable."

<sup>143</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>144</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>145</sup> *Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1991] 1 All ER 148:163-164 per regter Slade.

<sup>146</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>147</sup> Cooper en Barkoczy 1994:35.

In *Galoo Ltd v Bright Grahame Murray*<sup>148</sup> het Hillsdown Holdings (derde eisers) in 1987 beheer oor Gamine (tweede eisers) verkry deur 51% van die maatskappy se aandele aan te koop. Die aankoopprys van die aandele was bereken as 5.2 keer die netto wins wat deur die verweerder ouditeure vir hierdie doel bereken is. Hillsdown het vier jaar later 'n verdere 41% van die maatskappy se aandele gekoop en vanaf 1987 tot Januarie 1993 meer as £30 miljoen se lenings aan Gamine en Galoo Ltd verleen. Op 6 Oktober 1992 het die eisers 'n eis teen teen Bright Grahame Murray ingestel waarin hulle beweer dat die geouditeerde finansiële state van beide Galoo en Gamine vir die jare 1985 tot 1989 en die voorlopige state vir 1990 wesenlike wanvoorstellings bevat het. Die hof *a quo* wys Hillsdown se eis om skadevergoeding vir die verliese gely met die aankoop van aandele in Gamine in 1991 en die toestaan van lenings aan Gamine en Galoo van die hand. Die eisers appelleer teen hierdie beslissing en die verweerders kruisappelleer teen regter Walker se beslissing in die hof *a quo*.

In die hof van appel<sup>149</sup> stem appèlregter Glidewell saam met regter Walker se beslissing in die hof *a quo* dat die huidige saak nie volgens die beginsels van die *Caparo*-saak<sup>150</sup> oorweeg moet word nie. Volgens regter Walker was dit duidelik dat die geouditeerde rekeninge van 1986 nie net vir ouditeringsdoeleindes voorberei was nie, maar ook vir die vasstelling van die verkoopprijs van die aandele. Die ouditeure was van hierdie reëling bewus en gevolglik bevind regter Walker dat die feite van die

---

<sup>148</sup> [1994] 1 WLR 1360.

<sup>149</sup> [1995] 1 All ER 15:38. Regter Glidewell stem saam met die volgende beslissing van regter Walker in die hof *a quo*: "It is therefor plain that the 1986 audited accounts were to be prepared not only for the purposes of the audit but also for the purpose of fixing the purchase consideration under this agreement. It is common ground that the defendants knew of the terms of this agreement and that the accounts which they were to submit to the purchasers were to be used for the purposes of these provisions. In those circumstances, the case is immediately, on its face, taken outside the *Caparo* principles by reason of those matters."

<sup>150</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

huidige saak buite die beginsels wat in die *Caparo*-saak<sup>151</sup> neergelê is, val.

Appèlregter Glidewell<sup>152</sup> grond die vereistes vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsplig van ouditeure op grond van die *Morgan Crucible*-saak<sup>153</sup> wanneer hy die volgende verklaring maak:

"Mere foreseeability that a potential bidder may rely on the audited accounts does not impose on the auditor a duty of care to the bidder, but if the auditor is expressly made aware that a particular identified bidder will rely on the audited accounts or other statements approved by the auditor, and intends that the bidder should so rely, the auditor will be under a duty of care to the bidder breach of which he may be liable."

In die lig daarvan dat die ouditeure daarvan bewus was dat Hillsdown op die finansiële state sou vertrou vir die berekening van die koopprys van die aandele in 1987 en die feit dat die state spesiaal vir hierdie doel voorberei was, beslis appèlregter Glidewell dat die ouditeure wel 'n sorgsaamheidsplig teenoor Hillsdown moes uitoefen tydens die oorname van Gamine in 1987.

Regter Evans ondersteun appèlregter Glidewell se beslissing, maar meen dat die sorgsaamheidsverpligting dan inderwaarheid tot stand kom as gevolg van die vrywillige aanvaarding van verantwoordelikheid.<sup>154</sup>

---

<sup>151</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>152</sup> *Galoo Ltd v Bright Grahame Murray* [1995] 1 All ER 15:37. Sien ook Gower 1997:553.

<sup>153</sup> *Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1991] 1 All ER 148.

<sup>154</sup> *Galoo Ltd v Bright Grahame Murray* [1995] 1 All ER 15:43. "If it is right to confine the duty of care, meaning to restrict the class of persons who can recover damages if the adviser/representer is negligent, to cases where the defendant is shown not merely to have known that the individual plaintiff would or might rely on the representation but to have intended that it should be relied upon, by him and for the particular purpose and without intermediate examination, then the resulting analysis comes close to the 'voluntary assumption of responsibility' which has been

In 'n poging om hul aanspreeklikheid te beperk, het krediteure en beleggers in Engeland begin om "privity letters" van maatskappye se ouditeure te verkry alvorens transaksies met daardie maatskappye aangegaan word. In hierdie briewe het ouditeure bevestig dat hulle bewus is daarvan dat spesifieke krediteure of beleggers vir 'n spesifieke doel op die geouditeerde finansiële state sal vertrou ten einde 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeur te plaas.<sup>155</sup>

## 7. Gevolgtrekking

Uit die bespreking is dit duidelik dat die verbreking van 'n sorgsaamheidsverpligting sentraal staan in die ondersoek na die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir wanvoorstellings in finansiële state. Daar is gevolglik verskillende standarde ontwikkel om te bepaal onder welke omstandighede 'n ouditeur 'n sorgsaamheidsverpligting aan 'n derde verskuldig sal wees.

Die aanvanklike immuniteit wat ouditeure teen eise van derde partye as gevolg van die maatstaf van 'n kontraktuele of vertrouensverhouding geniet het, is deur die voorsienbaarheidstoets wat in die *Hedley Byrne*-saak toegepas is, gestuit en is deur lord Wilberforce se tweeledige toets in die *Anns*-saak<sup>156</sup> tot 'n einde gebring.

Sedert die *Caparo*-beslissing<sup>157</sup> in die negentigerjare toon die Engelse reg egter 'n neiging om weg te beweeg van die onbeperkte aanspreeklikheid wat sedert die *Anns*-saak<sup>158</sup> op ouditeure gerus het. Die vereiste vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsplig is uitgebrei om nie bloot

---

referred to in many of the authorities but which was discounted as a test of liability in *Smith v Eric Bush* (a firm) ..."

155

Ebke en Struckmeier 1994:19.

156

*Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492.

157

*Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

158

*Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492.

voorsienbaarheid in te sluit nie, maar om ook 'n verhouding van nabyheid as tweede vereiste in te sluit. Die grondslag van ouditeure se aanspreeklikheid is dus geleë in hul kennis en aanvaarding van die oogmerk waarvoor hul werk gebruik gaan word. 'n Ouditeur kan slegs op grond van wanvoorstellings in die finansiële state aanspreeklik gehou word indien die finansiële state vir 'n spesifieke ontvanger voorberei is of indien die ouditeur daarvan bewus was of redelikerwys daarvan bewus behoort te gewees het dat die auditverslag aan 'n spesifieke persoon oorhandig gaan word of vir 'n bepaalde oogmerk aangewend gaan word, of indien die ouditeur direk aan die ontvanger meegedeel het dat die inligting vervat in die auditverslag juis is.

Die beslissings na die *Caparo*-saak<sup>159</sup> dui egter daarop dat die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor die beleggers en krediteure van die maatskappy steeds nie volkome duidelik is nie.

Die benadering wat in die *Caparo*-saak gevolg is, kan daartoe aanleiding gee dat beleggers en krediteure van 'n maatskappy voortaan kan poog om 'n hegte verhouding met ouditeure te sluit. Hierdie persone kan verder poog om ouditeure aanspreeklik te hou vir wanvoorstellings in geouditeerde finansiële state deur dit onder die ouditeure se aandag te bring dat hulle van voornemens is om op die finansiële state te steun vir 'n bepaalde doel. Alhoewel sodanige strategie onsuksesvol was in 'n latere saak,<sup>160</sup> was dit wel suksesvol in twee ander sake.<sup>161</sup>

---

<sup>159</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>160</sup> *James McNaughton Papers Group Ltd v Hicks Anderson and Co* [1991] 1 All ER 134.

<sup>161</sup> *Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1991] 1 All ER 148 en *Galoo Ltd v Bright Grahame Murray* [1995] 1 All ER 15.

## HOOFSTUK 3

### DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA)

#### 1. Inleiding

Ouditeure<sup>1</sup> in die VSA loop 'n groter risiko om deur derde partye gedagvaar te word as ouditeure in enige ander kapitalistiese land.<sup>2</sup>

In die VSA het elk van die vyftig state se hooggeregshowe jurisdiksie om te bepaal welke regsreëls die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye in die onderskeie state behoort te begrens. Die reg wat dus in die VSA toegepas word om die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye te bepaal, kan dus van staat tot staat verskil.<sup>3</sup>

Die VSA het die Engelse "common law" aangeneem en volg ook 'n kasuïstiese benadering deur elke geval aan die hand van die vereistes van 'n bepaalde delik<sup>4</sup> ("tort") te beoordeel.<sup>5</sup> Die delik gebaseer op nalatige wanvoorstelling het in die VSA uit die delik weens opsetlike

---

<sup>1</sup> Gekwalifiseerde ouditeure staan in die VSA as "Certified Public Accountants" bekend. Sien Boynton en Kell 1996:6-7 en Ricchiute 1998:19-20.

<sup>2</sup> Baker en Quick 1996:36-37. Die skrywers meen dat dit makliker is om 'n eis teen ouditeure in die VSA in te stel as teen ouditeure in Engeland. Moontlike redes wat hulle vir hierdie stand van sake identifiseer, is die Engelse regsreël dat die onsuksesvolle party in 'n hofsak die ander party se regskoste moet dra, dat dit moeiliker in Engeland is om 'n aksie teen 'n groep persone in te stel, dat persone tot 'n mindere mate gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik gehou kan word ingevolge die Engelse gemenereg en dat die Engelse howe geneig is om 'n meer konserwatiewe benadering te volg jeens ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye. Owles en Cockerell 1991:113 is verder van mening dat Amerikaanse prokureurs se gewilligheid om sake op 'n gebeurlikheidsgrondslag te aanvaar ook tot hierdie stand van sake bydra. Vlg hierdie benadering ontvang prokureurs slegs 'n fooi van hul kliënte indien die eis van derde partye teen die ouditeure slaag.

<sup>3</sup> Brecht 1989:175. Daar bestaan nie 'n "federal general common law" waf vir die VSA in geheel geld nie. Vgl Van Zyl 1981:197 en 203.

<sup>4</sup> Vir doelmatigheid sal daar voortaan na 'n "delik" verwys word vir die term "tort".

<sup>5</sup> Spiller 1989:341; Van der Merwe en Olivier 1985:20 en Van Zyl 1981:196. Daar bestaan ook 'n nou verwantskap tussen die Engelse en die Amerikaanse maatskappyereg, aangesien die Engelse reg in die Noord-Amerikaanse kolonies

wanvoorstelling ontwikkel.<sup>6</sup> Alhoewel 'n derde party die verskillende elemente van hierdie delik moet bewys ten einde te slaag met 'n eis teen 'n ouditeur,<sup>7</sup> plaas die VSA se gemenerereg ("common law") klem op die vereiste dat die valse verklaring gerig moes gewees het aan 'n persoon aan wie die ouditeur 'n sorgsaamheidsverpligting verskuldig is.<sup>8</sup>

Vier regstandaarde is deur die Amerikaanse howe ontwikkel om te bepaal in welke gevalle ouditeure aanspreeklikheid teenoor derde partye kan opdoen, naamlik die "privity", "near privity", "restatement" en redelike voorsienbaarheidstandaarde.<sup>9</sup>

Die aanwending van die verskillende standaarde op dieselfde feite kan telkens tot 'n ander beslissing aanleiding gee, aangesien die maatstawwe op 'n kontinuum vanaf hoogs konserwatief (die "privity" standaard) tot hoogs liberaal (die redelike voorsienbaarheidstandaard) lê.<sup>10</sup>

---

gegeld het gedurende die tydperk van die Britse heerskappy. Vgl Henn 1974:17ev. Sien bls 9 en 10 van hoofstuk twee vir 'n bespreking van die Engelse "law of torts".

<sup>6</sup> *Bily v Arthur Young & Co* 11 Cal Rptr 2d 51 (Cal 1992):768.

<sup>7</sup> In *Martens Chevrolet Inc v Seney* 439 A 2d 534 (Md Ct App 1982):539 het die hof die volgende elemente geïdentifiseer waaraan voldoen moet word ten einde te slaag met 'n eis om nalatige wanvoorstelling: (1) Die verweerder moet 'n valse verklaring op 'n nalatige wyse maak aan 'n persoon aan wie 'n sorgsaamheidsverpligting verskuldig is; (2) die verweerder moet die verklaring maak met die bedoeling dat die eiser daarop sal reageer; (3) die verweerder moet daarvan kennis dra dat die eiser skade kan ly indien sy of haar verklaring onjuis is; (4) die eiser moet op die verweerder se wanvoorstelling vertrou; (5) die eiser moet skade ly; en (6) die skade moet die gevolg wees van die verweerder se wanvoorstelling.

<sup>8</sup> Pacini en Sinason 1998:20.

<sup>9</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:401 en Pacini en Sinason 1998:21. Vgl ook die volgende regspraak: *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):614-618; *Thayer v Hicks* 793 P 2d 784 (Mont 1990):798-791; *Bethlehem Steel Corp v Ernst & Whinney* 822 SW 2d 592 (Tenn 1991):593-594 en *ML-Lee Acquisition Fund LP v Deloitte & Touche* 463 SE 2d 618 (SC App 1995):625-628. As gevolg van die konsekwente benaming van hierdie standaarde in die Amerikaanse gemenerereg en die besondere betekenis wat aan hierdie standaarde in die Amerikaanse gemenerereg geheg word, sal daar voortaan slegs na die Amerikaanse terminologie verwys word.

<sup>10</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:401.

In hierdie hoofstuk sal die deurslaggewende element vir die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye, naamlik die vereiste dat die valse verklaring gerig moes gewees het aan 'n persoon aan wie die ouditeur 'n sorgsaamheidsverpligting<sup>11</sup> verskuldig is, ondersoek word. Die vier standarde wat ontwikkel is om te bepaal of 'n ouditeur 'n aanspreeklikheid teenoor 'n derde party kan opdoen, sal aan die hand van relevante regspraak ondersoek word.

## 2. Die “privity” standaard

Die Amerikaanse gemenerereg was aanvanklik huiwerig om derde partye toe te laat om skadevergoeding van ouditeure te verhaal en het gevolglik 'n maatstaf toegepas wat ouditeure se aanspreeklikheid so ver as moontlik beperk het.<sup>12</sup> Die howe het gevolglik die mees beperkende standaard, naamlik die “privity” standaard aangewend.<sup>13</sup> Hierdie standaard vereis dat daar 'n kontraktuele verhouding tussen die ouditeur en die derde party moes bestaan het alvorens die ouditeur op grond van nalatigheid aanspreeklikheid teenoor die derde party kan opdoen.<sup>14</sup>

Die eerste hofsaak waarin hierdie maatstaf toegepas is, was in 1919 in *Landell v Lybrand*.<sup>15</sup> In hierdie saak het die verweerder ouditeure Employers' Indemnity Company se finansiële verslae geouditeer. Die eiser Landell het na aanleiding van die inligting in hierdie verslae aandeel

---

<sup>11</sup> In die regspraak is dit meestal die enigste element wat deur die VSA se howe ondersoek word om te bepaal of 'n ouditeur aanspreeklik is teenoor derdes vir wanvoorstelling in finansiële state. Die Amerikaanse reg word verder daardeur gekenmerk dat daar nie 'n eenvormige metode aangewend word om skadevergoeding te bereken nie. In die lig van die bogenoemde word die bespreking van die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir wanvoorstelling in finansiële state beperk tot die totstandkoming en verbreking van 'n sorgsaamheidsverpligting.

<sup>12</sup> Owles en Cockerell 1991:115.

<sup>13</sup> *ML-Lee Acquisition Fund LP v Deloitte & Touche* 463 SE 2d 618 (SC App 1995):625.

<sup>14</sup> Davies 1991:172; Pacini, Hillison en Sinason 2000:402 en Pacini, Martin en Hamilton 2000:173.

<sup>15</sup> 107 A 783 (Pa 1919).

in die maatskappy gekoop, maar het later gevind dat daar wanvoorstellings in die finansiële state voorgekom het en dat die aandele waardeloos was. Landell het hierna 'n eis teen die ouditeure ingestel op grond van die ernstige wanvoorstellings wat in die finansiële verslae vervat was. Die hooggeregshof van Pennsylvania bevind dat daar geen kontraktuele verhouding tussen die eiser en die verweerders bestaan het nie. Die hof bevind verder dat die verweerder ouditeure nie die eiser Landell opsetlik bedrieg ("deceive") het nie en dat Landell nie aan die ouditeure bekend was nie. Die ouditeure kan gevolglik nie aanspreeklik gehou word vir die skade wat Landell gely het as gevolg van die nalatigheid van die ouditeure nie.<sup>16</sup>

Die bestaan van 'n kontraktuele verhouding as maatstaf word sedert die *Landell-saak*<sup>17</sup> in Pennsylvania toegepas.<sup>18</sup> In 1994 bevestig regter Benson in die distrikshof van Pennsylvania in *PNC Bank Kentucky Inc v Housing Mortgage Corp*<sup>19</sup> weer eens dat professionele persone nie vir nalatigheid aanspreeklikheid gehou kan word indien daar nie 'n kontrak met hulle gesluit is nie. Na aanleiding van die uitspraak in *Eisenberg v Gagnon*<sup>20</sup> wys regter Benson egter daarop dat professionele persone wel aanspreeklikheid kan opdoen indien hulle aktief by die bemerking van hul kliënt se produkte betrokke is.<sup>21</sup>

---

<sup>16</sup> *Landell v Lybrand* 107 A 783 (Pa 1919):783: "There was no contractual relationship between the plaintiff and defendants, and, if there is any liability from them to him, it must arise out of some breach of duty, for there is no averment that they made the report with intent to deceive them. The averment in the statement of claim is that the defendants were careless and negligent in making their report; but the plaintiff was a stranger to them and to it, and, as no duty rested upon them to him, they cannot be guilty of any negligence of which he can complain."

<sup>17</sup> *Landell v Lybrand* 107 A 783 (Pa 1919).

<sup>18</sup> *Guy v Liederbach* 501 Pa 47d 744 (1983); *Hartford Accident & Indemnity Co v Parente, Randolph, Orlando, Carey and Associates* 642 F Supp 38 (MD Pa 1985); *Safeco Ins Co of America v Stockton Bates & Co* 1985 WL 6250 (ED Pa 1985); *Wilder v Williams* 1989 WL 67821 (WD Pa 1989) en *Pell v Weinstein* 759 F Supp 1107 (MD Pa 1991).

<sup>19</sup> 899 F Supp 1399 (WD Pa 1994):1406.

<sup>20</sup> 766 F 2d 770 (3d Cir 1985):779.

<sup>21</sup> In *PNC Bank Kentucky Inc v Housing Mortgage Corp* 899 F Supp 1399 (WD Pa 1994):1407 maak regter Benson die volgende verklaring: "...Pennsylvania would

In 1995 lewer hoofregter Ziegler in die distrikshof van Pennsylvania 'n soortgelyke uitspraak in *In re Phar-Mor Inc Securities Litigation*<sup>22</sup> as regter Benson in die *PNC Bank Kentucky*-saak<sup>23</sup> deur te beslis dat die ouditeure geen aanspreeklikheid teenoor die eisers kan opdoen in die afwesigheid van die “privity” vereiste nie.

Benewens Pennsylvania, word die “privity” standaard tans ook in Virginia toegepas.<sup>24</sup> In *Ward v Ernst & Young*<sup>25</sup> het die hooggeregshof van Virginia beslis dat daar 'n kontraktuele verhouding tussen 'n ouditeur en derdes moet bestaan alvorens 'n ouditeur teenoor derdes aanspreeklikheid kan opdoen. Die hof neem daarvan kennis dat 18 ander state die “restatement” benadering volg,<sup>26</sup> maar besluit om nie hierdie standaard toe pas nie. Die hof vertrou eerder op vier vorige hofbeslissings waarin derde partye eise teen argitekte,<sup>27</sup> 'n ontwikkelaar<sup>28</sup> en 'n prokureur<sup>29</sup> ingestel het, en waarin 'n kontraktuele verhouding telkens as voorvereiste vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting daargestel is.

### 3. Die “near privity” standaard

Hierdie standaard kom daarop neer dat die derde party 'n “bedoelde derde party bevoordeelde” moet wees alvorens die ouditeur regtens aanspreeklik kan wees vir wanvoorstellings in finansiële state. Ingevolge hierdie standaard word 'n derde party as 'n “bedoelde derde party

---

recognize an exception to the privity requirement where the professional becomes directly involved in an effort to market a product.”

<sup>22</sup> 892 F Supp 676 (WD Pa 1995):690.

<sup>23</sup> *PNC Bank Kentucky Inc v Housing Mortgage Corp* 899 F Supp 1399 (WD Pa 1994).

<sup>24</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:402.

<sup>25</sup> 435 SE 2d 628 (Va 1993).

<sup>26</sup> Thompson ea 1995:593.

<sup>27</sup> *Blake Construction Co v Alley* 353 SE 2d 724 (Va 1987) en *Sensenbrenner v Rust, Orling & Neale* 374 SE 2d 55 (Va 1988).

<sup>28</sup> *Rotonda Cond Owners v Rotonda Associates* 380 SE 2d 876 (Va 1986).

<sup>29</sup> *Copenhaver v Rogers* 384 SE 2d 593 (Va 1989).

bevoordeelde” beskou indien die finansiële state primêr vir hierdie derde party se gebruik opgestel en geouditeer is.<sup>30</sup> Daar moet gevolglik 'n verhouding tussen die ouditeur en derde party tot stand kom wat tot 'n groot mate met 'n kontraktuele verhouding ooreenstem.<sup>31</sup>

Die bestaan van 'n verhouding soortgelyk aan 'n kontrak is die eerste keer as standaard in *Ultramares v Touche*<sup>32</sup> toegepas. In hierdie saak het die rekenmeesters 'n gesertifiseerde balansstaat vir hul kliënt, Fred Stern & Co (hierna Fred Stern genoem), voorberei. Die ouditeure was daarvan bewus hul kliënt beplan het om van die balansstaat gebruik te maak om aandele te verkoop en om lenings te bekom, maar was onbewus van die identiteit van hierdie gebruikers. Fred Stern het een van die 32 gesertifiseerde afskrifte van die balansstaat wat Touche aan hulle oorhandig het, aan die eiser verskaf. Op grond van die finansiële resultate in die balansstaat het die eiser substansiële lenings aan Fred Stern toegestaan. Die balansstaat het egter wanvoorstellings bevat. Hierdie wanvoorstellings was die gevolg van bedrog en vervalsings in die boekinskrywings en Fred Stern word binne 'n paar maande nadat die lenings toegestaan is, insolvent verklaar. Die eiser stel daarna 'n eis teen die rekenmeesters in vir die skade wat hulle gelyk het as gevolg van die nalatige wanvoorstellings wat in die gesertifiseerde balansstaat vervat was.

Die hof bevind dat daar nie aan die “privity” standaard voldoen is nie.<sup>33</sup> Nadat die hof drie vorige hofsake<sup>34</sup> bestudeer het, beslis hoofregter

---

<sup>30</sup> Arens en Loebbecke 1999:119; Pacini, Martin en Hamilton 2000:173 en Stark 1984:942 en 945.

<sup>31</sup> Thompson ea 1995:592.

<sup>32</sup> 174 NE 441 (NY 1931).

<sup>33</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931):446.

<sup>34</sup> *International Products Co v Erie RR Co* 155 NE 662 (NY 1914); *Doyle v Chatman & Phenix Nat Bank* 171 NE 574 (NY 1916) en *Glanzer v Shepard* 135 NE 275 (NY 1922).

Cardozo<sup>35</sup> dat Touche wel teenoor die eiser aanspreeklik kan wees in die afwesigheid van 'n kontraktuele verhouding tussen die eiser en verweerder. Dit sal die geval wees indien die finansiële state vir die derde se voordeel bedoel was<sup>36</sup> of indien die eiser kan bewys dat die ouditeure opsetlik bedrieglik opgetree het.<sup>37</sup> Hoofregter Cardozo wys daarop dat die finansiële state in die huidige geval primêr vir Stern se gebruik bedoel was en bloot toevallig deur die eiser gebruik is.<sup>38</sup> Daar word dus nie aan die primêre bevoordeelde vereiste ("primary beneficiary rule") voldoen nie en die ouditeure het bloot op 'n nalatige wyse en nie op 'n opsetlike wyse nie die balansstaat, wat wanvoorstellings bevat het, gesertifiseer.<sup>39</sup> New York se hof van appèl wys gevolglik Ultramares se eis om skadevergoeding van die hand.

Volgens Pretorius<sup>40</sup> is die eintlike rede waarom hoofregter Cardozo gemeen het die eiser se eis moes faal, geleë in die volgende uitspraak waarin hy poog om ouditeure teen onbeperkte aanspreeklikheid te beskerm:<sup>41</sup>

"If liability for negligence exists, a thoughtless slip or blunder, the failure to detect a theft or forgery beneath the cover of deceptive entries, may expose

---

<sup>35</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931):445: "...words, written or oral, if negligently published with the expectation that the reader or listener will transmit them to another, will lay a basis for liability though privity be lacking."

<sup>36</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931):445. Vgl ook Boynton en Kell 1995:112; Gormley 1974:1205 en Knepper 1973:395.

<sup>37</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931):447. Vgl ook Naudé 1979:127.

<sup>38</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931):446 per hoofregter Cardozo: "In the case at hand, the service was primarily for the benefit of the Stern Company, a convenient instrumentality for use in the development of the business, and only incidentally or collaterally for the use of those to whom Stern and his associates might exhibit it hereafter." Hierdie argument het hewige kritiek uitgelok. Vir 'n kritiese bespreking van die "primary beneficiary" argument van hoofregter Cardozo sien Pretorius 1996:312-313; Stark 1984:945 en Surtees 1992:136.

<sup>39</sup> Ebke 1984:131. Indien die derde dus nie kan bewys dat die finansiële state tot sy of haar primêre voordeel voorberei was nie, kon die derde slegs slaag indien daar bewys kon word dat die ouditeur opsetlik opgetree het.

<sup>40</sup> 1996:313. Sien ook Corbett 1994:822; Jaffe 1993:1061; O'Leary 1998:521 en Stark 1984:942.

<sup>41</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931):444.

accountants to a liability in an indeterminate amount for an indeterminate time to an indeterminate class.”

New York se hof van appèl het 58 jaar na die *Ultramares*-beslissing<sup>42</sup> die “primary beneficiary rule” bekragtig en verfy in *Credit Alliance Corp v Arthur Anderson & Co.*<sup>43</sup> In hierdie saak het Credit Alliance by twee geleenthede op geouditeerde finansiële state aangedring alvorens hulle verdere krediet aan LB Smith Inc of Virginia (hierna Smith genoem) sou verleen. Smith het telkens hierdie state, asook die ongekwalifiseerde ouditeursverslae wat deur Arthur Anderson & Co opgestel is, aan Credit Alliance oorhandig. Op grond van hierdie geouditeerde state het Credit Alliance addisionele krediet aan Smith toegestaan. Smith doen in 1980 aansoek om gelikwideer te word en Credit Alliance ly etlike miljoene dollars skade. In 1981 stel Credit Alliance 'n eis teen die ouditeure in op grond van nalatigheid en bedrog tydens die ouditering van die finansiële state van Smith.

Nadat die hof die beslissings van hoofregter Cardozo in die *Ultramares*-<sup>44</sup> en die *Glanzer*-saak<sup>45</sup> ontleed het, stel regter Jasen die volgende 'drie voorvereistes daar waaraan voldoen moet word alvorens ouditeure regtens aanspreeklik gehou kan word teenoor derdes vir wanvoorstellings in finansiële state:<sup>46</sup>

<sup>42</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931).

<sup>43</sup> 65 NY 2d 536 (NY 1985). Die beredenering van regter Cardozo in *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931) is ook in *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] ALL ER 426 in die hof van appèl in Engeland aangewend (Kahn 1973:175). Die *Candler*-saak word volledig op bls 12-14 van hoofstuk twee bespreek.

<sup>44</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931).

<sup>45</sup> *Glanzer v Shepard* 135 NE 275 (NY 1922).

<sup>46</sup> *Credit Alliance Corp v Arthur Anderson & Co* 65 NY 2d 536 (NY 1985):551; “Before accountants may be held liable in negligence to non-contractual parties who rely to their detriment on inaccurate financial reports, certain prerequisites must be satisfied: (1) the accountants must have been aware that the financial reports were to be used for a particular purpose or purposes; (2) in the furtherance of which a known party or parties was intended to rely; and (3) there must have been some conduct on the part of the accountants linking them to that party or parties, which evinces the accountants' understanding of that party or parties' reliance.” Vgl ook Arens en Loebbecke 1999:120; Bagby en Ruhnka 1987:163;

- Die ouditeure moes daarvan bewus gewees het dat die finansiële state vir 'n bepaalde oogmerk aangewend sou word;
- Die ouditeure moes daarvan bewus gewees het dat 'n bekende party(e) beoog het om op die finansiële state te steun; en
- Die ouditeure moes deur middel van 'n bepaalde handeling hulself met die party(e) wat aan hulle bekend was, verbind het. Dit moet uit hierdie handeling duidelik wees dat die ouditeure daarvan bewus was dat hierdie party(e) beoog het om op die finansiële state te steun.

Die hof beskou die bogenoemde drie vereistes nie as 'n vervanging van die leerstuk van "privity" nie, maar eerder as 'n verfyning daarvan.<sup>47</sup> Aangesien daar nie aan die bogenoemde vereistes voldoen is nie, wys die hof die appèl van die hand.<sup>48</sup>

Die derde vereiste van die drieledige toets in die *Credit Alliance*-saak,<sup>49</sup> naamlik die handeling aan die kant van die ouditeure wat hulself met die derde party(e) moet verbind, is nie duidelik deur New York se hof van appèl omskryf nie.<sup>50</sup> Volgens die meerderheidsbeslissing in *European*

---

Baker en Quick 1996:39; Brecht 1989:175; Pacini, Hillison en Sinason 2000:402 en Pacini en Sinason 1998:24.

<sup>47</sup> *Credit Alliance Corp v Arthur Anderson & Co* 65 NY 2d 536 (NY 1985):551 per regter Jasen: "While these criteria permit some flexibility in the application of the doctrine of privity to accountants' liability, they do not represent a departure from the principles articulated in *Ultramares, Glanzer and White*, but, rather, they are intended to preserve the wisdom and policy set forth therein."

<sup>48</sup> In *Credit Alliance Corp v Arthur Anderson & Co* 65 NY 2d 536 (NY 1985):553-554 per regter Jasen: "...there is no adequate allegation of either a particular purpose for the reports' preparation or the prerequisite conduct on the part of the accountants. While the allegations state that Smith sought to induce plaintiffs to extend credit, no claim is made that Andersen was being employed to prepare the reports with that particular purpose in mind. Moreover, there is no allegation that Andersen had any direct dealings with plaintiffs, had specifically agreed with Smith to prepare the report for plaintiffs' use or according to plaintiffs' requirements, or had specifically agreed with Smith to provide plaintiffs with a copy or actually did so. Indeed, there is simply no allegation of any word or action on the part of Andersen directed to plaintiffs, or anything contained in Andersen's retainer agreement with Smith which provided the necessary link between them."

<sup>49</sup> *Credit Alliance Corp v Arthur Anderson & Co* 65 NY 2d 536 (NY 1985):554.

<sup>50</sup> Pacinini en Sinason 1998:24.

*American Bank and Trust Co v Strauhs & Kaye*<sup>51</sup> dui direkte mondelinge en skriftelike verklarings deur die ouditeure aan die derde party, 'n reeks ontmoetings tussen die ouditeure en die derde party en 'n uitdruklike verklaring van die ouditeure aan die derde party oor hul kliënt se bates daarop dat die ouditeure hulself met die derde party verbind het.<sup>52</sup>

In 1989 het Idaho, Nebraska en Alabama geweier om die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye uit te brei deur van die streng vereistes van die "near privity" standaard afstand te doen.

In *Idaho Bank & Trust Co v First Bancorp of Idaho*<sup>53</sup> het die hooggeregshof van Idaho botweg geweier om die redelike voorsienbaarheidstoets<sup>54</sup> aan te wend. Die hof ondersteun die uitbreiding van aanspreeklikheid, soos in die "near privity" standaard in die *Ultramares*-beslissing<sup>55</sup> vervat en verwys die saak terug na die distrikshof met die opdrag om die *Ultramares*-beslissing<sup>56</sup> se toets toe te pas.<sup>57</sup>

Nebraska se hooggeregshof het in 1989 vir die eerste keer die vraagstuk oor die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes aangespreek in *Citizen's Nat'l Bank of Wisner v Kennedy and Coe*.<sup>58</sup> Die hof volg 'n benadering soortgelyk aan die standaard wat in die *Ultramares*-

---

<sup>51</sup> 477 NYS 2d 146 (NYAD 1984).

<sup>52</sup> 477 NYS 2d 146 (NYAD 1984):148 per regters Murphy, Milonas, Kassal en Alexander se meerderheidsbeslissing: "...in making the direct oral and written representations to the plaintiff as to the value of the inventory of Majestic Electro and its subsidiaries, knew that the inventory would be used as the basis upon which loans would be made by the plaintiff to Majestic Electro and that plaintiff would rely on those representations in determining the level of loan to be granted." Vgl ook Jaffe 1993:1062.

<sup>53</sup> 772 P 2d 720 (Idaho 1989).

<sup>54</sup> Sien bls 68-72 van hierdie hoofstuk vir 'n volledige bespreking van die redelike voorsienbaarheidstandaard.

<sup>55</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931).

<sup>56</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931).

<sup>57</sup> *Idaho Bank & Trust Co v First Bancorp of Idaho* 772 P 2d 720 (Idaho 1989):722.

<sup>58</sup> 441 NW 2d 180 (Neb 1989).

beslissing<sup>59</sup> neergelê is, maar verwys nooit na hierdie hofspraak nie.<sup>60</sup> Regter Fahrnbruch bestudeer regspraak oor die aanspreeklikheid van prokureurs teenoor derdes<sup>61</sup> en brei die aanspreeklikheid van prokureurs uit na ouditeure.<sup>62</sup> Die hof beslis dat ouditeure slegs 'n sorgsaamheidsverpligting aan hul kliënte en nie aan derdes verskuldig is nie. Ouditeure sal slegs 'n sorgsaamheidsverpligting aan derdes verskuldig wees indien hulle hulself skuldig maak aan bedrog of indien die feite van die saak sodanige sorgsaamheidsverpligting bevestig.<sup>63</sup>

Die hooggeregshof van Nebraska bevestig hul beslissing in die *Kennedy*-saak<sup>64</sup> in 1993 in *St Paul Fire & Marine Ins v Touche Ross*.<sup>65</sup> Die hof bevind dat die verweerder ouditeure wel in die afwesigheid van 'n kontraktuele verhouding 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor die eisers as derde party opgedoen het as gevolg van hul handelinge.<sup>66</sup> Die "near privity" standaard is dus in hierdie beslissing<sup>67</sup> gevolg.

Die hooggeregshof van Alabama het ook in 1989 in *Colonial Bank of Alabama v Ridley & Schweigert*<sup>68</sup> die drieledige toets wat deur die *Credit*

---

<sup>59</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931).

<sup>60</sup> Pacini, Martin en Hamilton 2000:176.

<sup>61</sup> *Ames Bank v Hahn* 287 NW 2d 687 (Neb 1980); *Lilyhorn v Dier* 335 NW 2d 554 (Neb 1983) en *Landrigan v Nelson* 420 NW 2d 313 (Neb 1988).

<sup>62</sup> *Citizen's Nat'l Bank of Wisner v Kennedy and Coe* 441 NW 2d 180 (Neb 1989):182 per regter Fahrnbruch: "... this court's ruling regarding an attorney's duty of care to third parties is extended to accountants."

<sup>63</sup> *Citizen's Nat'l Bank of Wisner v Kennedy and Coe* 441 NW 2d 180 (Neb 1989):182 per regter Fahrnbruch: "We now hold that an accountant's duty of reasonable care is to his client and generally does not extend to third parties absent fraud or other facts establishing a duty to them."

<sup>64</sup> *Citizen's Nat'l Bank of Wisner v Kennedy and Coe* 441 NW 2d 180 (Neb 1989).

<sup>65</sup> 507 NW 275 (Neb 1993).

<sup>66</sup> In *St Paul Fire & Marine Ins v Touche Ross* 507 NW 275 (Neb 1993):280 verwys regter Caporale soos volg na die handelinge van die ouditeur wat tot 'n sorgsaamheidsverpligting aanleiding gegee het: "Touche did not perform in accordance with generally accepted accounting standards, that Touche met and communicated directly with St. Paul and made Touche's products available to the former for its use in dealing with Commonwealth, and that Touche intended that St. Paul rely on the documents Touche prepared for Commonwealth."

<sup>67</sup> *St Paul Fire & Marine Ins v Touche Ross* 507 NW 275 (Neb 1993).

<sup>68</sup> 551 So 2d 390 (Ala 1989):395.

*Alliance*-beslissing<sup>69</sup> daargestel is, toegepas, maar verruil in 1993 hierdie standaard vir die "restatement" standaard<sup>70</sup> in *Boykin v Arthur Andersen & Co.*<sup>71</sup>

In Montana het regter Hunt in 1990 in *Thayer v Hicks*<sup>72</sup> deeglike oorweging geskenk aan die verskillende standarde wat in die Amerikaanse state toegepas is om die sorgsaamheidsplig van ouditeure teenoor derdes te begrens. Die hof pas die eerste twee vereistes van die drieledige "primary beneficiary rule" van die *Credit Alliance*-beslissing<sup>73</sup> toe, maar pas nie die derde vereiste, naamlik die handeling van die ouditeure wat hulself met die derde party(e) verbind, toe nie.<sup>74</sup> Die rede hiervoor blyk die jurie te wees wat slegs die eerste twee vereistes van die drieledige toets behandel het.

In 1991 besluit Connecticut se hooggeregshof ook om die drieledige toets van regter Jasen in die *Credit Alliance*-beslissing<sup>75</sup> te volg in *Twin Mfg Co v Blum, Shapiro & Co.*<sup>76</sup>

Twaalf state volg deesdae die "near privity" standaard. Connecticut, Idaho, Montana, Nebraska en New York volg die gemeenregtelike benadering van hierdie standaard, terwyl Arkansas, Illinois, Kansas,

<sup>69</sup> *Credit Alliance Corp v Arthur Anderson & Co* 65 NY 2d 536 (NY 1985).

<sup>70</sup> Sien bls 55-68 van hierdie hoofstuk vir 'n volledige bespreking van die "restatement" standaard.

<sup>71</sup> 639 So 2d 504 (Ala 1994). Vgl ook Thompson ea 1995:593.

<sup>72</sup> 793 P 2d 784 (Mont 1990):788. Regter Hunt verwys soos volg na hierdie standarde: "The first approach limits the duty of care to those third parties who are actually known to the accountant, the second limits the duty to those who are actually foreseen and the third expands the duty to all those who are reasonably foreseeable."

<sup>73</sup> *Credit Alliance Corp v Arthur Anderson & Co* 65 NY 2d 536 (NY 1985):551.

<sup>74</sup> *Thayer v Hicks* 793 P 2d 784 (Mont 1990):791 per regter Hunt: "In sum, an accountant may owe a duty of care to third parties with whom he is not in privity of contract. However, this duty exists only if the accountant actually knows that a specific third party intends to rely upon his work product and only if the reliance is in connection with a particular transaction or transactions of which the accountant is aware when he prepares the work product."

<sup>75</sup> *Credit Alliance Corp v Arthur Anderson & Co* 65 NY 2d 536 (NY 1985):551.

Michigan, New Jersey, Utah en Wyoming statutêre weergawes van hierdie leerstuk volg.<sup>77</sup>

#### 4. Die “restatement” standaard

Die “restatement” standaard het groter ouditeursaanspreeklikheid as die “near privity” standaard tot gevolg.<sup>78</sup> In teenstelling met die redelike voorsienbaarheidstandaard brei die “restatement” standaard nie ouditeurse aanspreeklikheid uit tot alle derde partye wat ouditeure kon voorsien in aanraking met hul verslae sou kom nie. Ouditeurse aanspreeklikheid word ingevolge hierdie standaard slegs uitgebrei tot ’n beperkte groep of klas persone wat die ouditeur werklik kon voorsien op die finansiële state sou vertrou.<sup>79</sup>

Die federale distriks Hof van Rhode Island het in 1968 die voortou geneem om ouditeurse aanspreeklikheid teenoor derde partye uit te brei deur die “restatement” standaard toe te pas in *Rusch Factors Inc v Levin*.<sup>80</sup>

Die Hof plaas vertroue op artikel 552 van die *Restatement (Second) of the law of torts* wat deur die Amerikaanse Regsinstituut saamgestel is.<sup>81</sup> Ingevolge hierdie stel reëls van die gemenerereg is ouditeurse aanspreeklik vir die vermoenskade wat persone ly indien die ouditeure in die uitvoering van hul professie nie redelike sorg en vaardigheid aan die dag gelê het nie en valse inligting verskaf het waarop sodanige persone hul vertroue

---

<sup>76</sup> 602 A 2d 1079 (Conn Sup 1991).

<sup>77</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:404.

<sup>78</sup> Bagby en Ruhnka 1987:163; Brecht 1989:176; Gormley 1974:1208 en Shore 2000:408.

<sup>79</sup> Ebke en Struckmeier 1994:15.

<sup>80</sup> 284 F Supp 85 (DCRI 1968). Vgl ook Brecht 1989:176 en Pacini en Sinason 1998:24.

<sup>81</sup> Vgl Pacini en Sinason 1998:28 en die inleiding tot die *Restatements (Second) of the law of torts* 1977:5-8 is die *Restatements* ’n produk van regsgeleerdes wat onder die beskerming van die Amerikaanse Regsinstituut werk. Dit is nie bindende gesag nie, maar verteenwoordig ’n samestelling van die gemenerereg van Amerika. Vgl ook Knechel 2001:622.

geplaas het. Die aanspreeklikheid van ouditeure is beperk tot die verliese wat sodanige party of 'n beperkte groep van persone gely het. Die ouditeur moes bedoel het om die state vir hierdie persone se voordeel en leiding op te gestel het of moes daarvan bewus gewees het dat die ontvanger van die geouditeerde state van plan was om die inligting aan die derde party te verskaf. Die ouditeur moes verder bedoel het dat die bogenoemde persone tydens die sluiting van die besigheidstransaksie hul vertrou op die inligting sou plaas wat in die finansiële state vervat is.<sup>82</sup>

In die *Rusch Factors*-saak<sup>83</sup> het die eisers 'n maatskappy in Rhode Island versoek om die maatskappy se finansiële state deur 'n ouditeur te laat sertifiseer alvorens hul meer as \$337 000 aan die maatskappy sou leen. Die verweerder het die finansiële state vir die maatskappy voorberei en gesertifiseer dat die maatskappy volkome solvent was, terwyl die maatskappy inderwaarheid insolvent was. *Rusch Factors* kon slegs 'n gedeelte van die lening verhaal en spreek die verweerder vir die uitstaande balans op die leningsrekening aan.

---

<sup>82</sup> Artikel 552 van die *Restatement (Second) of the law of torts* bepaal die volgende: "(1) One who, in the course of his business, profession or employment, or in any other transaction in which he has a pecuniary interest, supplies false information for the guidance of others in their business transactions, is subject to liability for pecuniary loss caused to them by their justifiable reliance upon the information, if he fails to exercise reasonable care or competence in obtaining or communicating the information. (2) Except as stated in Subsection (3), the liability stated in Subsection (1) is limited to loss suffered (a) by the person or one of a limited group of persons for whose benefit and guidance he intends to supply the information or knows that the recipient intends to supply it; and (b) through reliance upon it in a transaction that he intends the information to influence or knows that the recipient so intends or in a substantially similar transaction." Vgl ook Jaffe 1993:1064; Pacini, Martin en Hamilton 2000:173; Pacini en Sinason 1998:27; Shore 2000:408 en Thompson ea 1995:592. Die *Restatements (Second) of the law of torts* 1977:paragraaf 552B som die oogmerk van skadevergoeding soos volg op: "(1) The damages recoverable for a negligent misrepresentation are those necessary to compensate the plaintiff for the pecuniary loss to him of which the misrepresentation was the legal cause, including: (a) the difference between the value of what he has received in the transaction and its purchase price or other value given for it; and (b) pecuniary loss suffered otherwise as a consequence of the plaintiff's reliance upon the misrepresentation."

<sup>83</sup> *Rusch Factors Inc v Levin* 284 F Supp 85 (DCRI 1968).

Die hof tref 'n onderskeid tussen die feite van hierdie saak<sup>84</sup> en die *Ultramares*-saak<sup>85</sup> deur aan te dui dat die verweerders in die laasgenoemde saak 'n lid van 'n ongedefinieerde, onbepaalde en verwyderde groep uitleners en potensiële aandeelhouers was. Die verweerders was nie werklik voorsien nie, maar slegs voorsienbaar.<sup>86</sup> In die huidige saak was die eisers 'n enkele party wie die verweerder kon voorsien op die finansiële state sou vertrou.<sup>87</sup>

Regter Pettine beslis dat ouditeure na aanleiding van artikel 552 van die *Restatement (Second) of the law of torts* slegs aanspreeklik gehou kan word vir wanvoorstellings in finansiële state teenoor 'n beperkte groep of klas persone wat die ouditeur werklik kon voorsien op die finansiële state sou vertrou.<sup>88</sup> Aangesien die Rhode Island maatskappy aan hierdie vereiste voldoen het, beslis die hof dat die ouditeure wel aanspreeklik is vir die verliese wat die maatskappy gely het.<sup>89</sup>

Noord-Carolina se hof van appèl het in 1988 die "restatement" standaard toegepas om die omvang van ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens in *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland*.<sup>90</sup> In hierdie saak was Raritan River Steel (hierna Raritan genoem) en Sidbec-Dosco Inc (hierna Sidbec genoem) krediteure van Intercontinental Metal Corporation (hierna IMC genoem). Na aanleiding

---

<sup>84</sup> *Rusch Factors Inc v Levin* 284 F Supp 85 (DCRI 1968).

<sup>85</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931).

<sup>86</sup> Volgens regter Pettine in *Rusch Factors Inc v Levin* 284 F Supp 85 (DCRI 1968):91 is die verweerders 'n "member of an undefined, unlimited class of remote lenders and potential equity holders not actually foreseen but only foreseeable."

<sup>87</sup> *Rusch Factors Inc v Levin* 284 F Supp 85 (DCRI 1968):91.

<sup>88</sup> *Rusch Factors Inc v Levin* 284 F Supp 85 (DCRI 1968):93 per regter Pettine: "...this Court holds that an accountant should be liable in negligence for careless financial misrepresentations relied upon by actually foreseen and limited classes of persons." Vlg Davies 1991:184 het "actually foreseen" in hierdie beslissing dieselfde betekenis as "identified". 'n Ouditeur sal dus teenoor derde partye aanspreeklik wees indien "he or she knew that an identified third party, or an identified and limited class of third parties, would rely on the statements, whether or not he or she intended to induce the third party to rely on them."

<sup>89</sup> *Rusch Factors Inc v Levin* 284 F Supp 85 (DCRI 1968):93.

van IMC se finansiële state wat deur Cherry, Baekert en Holland (hierna Cherry genoem) geouditeer is, het Raritan sy lenings aan IMC met meer as \$2.2 miljoen vermeerder. IMC se finansiële state het egter wanvoorstellings bevat en beide Raritan en Sidbec het eise teen die ouditeure ingestel vir die skade wat hulle as gevolg van die nalatige wanvoorstellings gely het.<sup>91</sup>

Die hof ondersoek die vier toetse wat aangewend kan word om te bepaal of ouditeure teenoor derde partye aanspreeklik is.<sup>92</sup> Die *Ultramares*-benadering<sup>93</sup> word verwerp, aangesien dit nie voldoende voorsiening maak vir die onafhanklike rol wat ouditeure in die sakewêreld vervul nie.<sup>94</sup> Die hof pas ook nie die redelike voorsienbaarheidstandaard toe nie, aangesien dit tot gevolg kan hê dat ouditeure meer aanspreeklikheid sal moet dra as wat redelikerwys van hulle verwag kan word.<sup>95</sup> Die hof meen dat ouditeure se aanspreeklikheid hoofsaaklik as gevolg van die volgende twee faktore beperk behoort te word:<sup>96</sup>

- Ouditeure oefen nie kontrole oor die verspreiding van die finansiële state uit nie; en
- Ouditeure is van die maatskappye afhanklik vir die inhoud van die finansiële state wat geouditeer moet word.

---

<sup>90</sup> 367 SE 2d 609 (NC 1988).

<sup>91</sup> *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):610.

<sup>92</sup> Pacini en Sinason 1998:38.

<sup>93</sup> *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931).

<sup>94</sup> In *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):615 spreek hoofregter Exum homself soos volg teen *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931) uit: "We reject the *Ultramares* 'privity or near-privity' approach, as elucidated in *Credit Alliance*, because it provides inadequately for the central role independent accountants play in the financial world. Accountants' audit opinions are increasingly relied upon by the investing and lending public in making financial decisions." Sien ook Shore 2000:410.

<sup>95</sup> *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):616 per hoofregter Exum: "...we also decline to adopt the 'reasonably foreseeable' test because it would result in liability more expansive than an accountant should be expected to bear."

Die hof besluit om die "restatement" standaard toe te pas, aangesien dit derde partye wat voorsienbare gebruikers van finansiële state is, akkommodeer en ook ouditeure akkommodeer wat 'n behoefte aan die beperking van aanspreeklikheid het.<sup>97</sup> Ingevolge hierdie standaard is ouditeure slegs aanspreeklik teenoor derde partye indien hulle vooraf daarvan kennis gedra het dat 'n bepaalde derde op hul werk sal vertrou. Die ouditeure moes verder daarvan bewus gewees het, of hulle behoort daarvan bewus te gewees het dat hul kliënt sodanige vertroue deur die derde party beoog het.<sup>98</sup> Ouditeure kan gevolglik deur middel van die uitneem van bykomende versekering, die bepaling van ouditeursfooie en ander voorkomende maatreëls hulself dienooreenkomstig vir die risiko van aanspreeklikheid voorberei.<sup>99</sup> Die hof bevind dat Sidbec se eis teen die ouditeure behoort te slaag. Die ouditeure was nie alleen daarvan bewus dat Sidbec van die geouditeerde finansiële state gebruik sou maak om die kredietverlening aan IMC uit te brei nie, maar het selfs Sidbec se vertroue op IMC se finansiële state ondersteun.<sup>100</sup> Raritan se eis word egter van die hand gewys, aangesien hierdie eiser op Dun & Bradstreet se verslag

---

<sup>96</sup> *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):616.

<sup>97</sup> In *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):617 vat hoofregter Exum die hof se siening oor die "restatement" standaard soos volg saam: "It constitutes a middle ground between the restrictive *Ultramares* approach advocated by defendants and the expansive 'reasonably foreseeable' approach advanced by plaintiffs. It recognizes that liability should extend not only to those with whom the accountant is in privity or near privity, but also to those persons, or classes of persons, whom he knows and intends will rely on his opinion, or whom he knows his client intends will so rely. On the other hand, as the commentary makes clear, it prevents extension of liability in situations where the accountant "merely knows of the ever-present possibility of repetition to anyone, and the possibility of action in reliance upon [the audited financial statements], on the part of anyone to whom it may be repeated."

<sup>98</sup> In *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):618 verwys hoofregter Exum soos volg na die voorvereistes vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeur teenoor derdes: "If he knows at the time he prepares his report that specific persons, or a limited group of persons, will rely on his work, and intends or knows that his client intends such reliance, his duty of care should extend to them."

<sup>99</sup> *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):616.

<sup>100</sup> *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):618.

vertrou het en nie vertrou op die verweerder se ouditeursverslag geplaas het nie.<sup>101</sup>

'n Soortgelyke benadering is weer in Noord-Carolina se hof van appèl in 1993 in *Marcus Bros Textiles Inc v Price Waterhouse*<sup>102</sup> gevolg. In hierdie hofsaak identifiseer die hof drie aangeleenthede wat getuienis lewer dat daar aan die "restatement" vereistes voldoen is. 'n Interne memorandum van die ouditeure dui in die eerste plek daarop dat die ouditeure daarvan bewus was dat bepaalde derde partye gereeld afskrifte van hul kliënt se geouditeerde finansiële verslae ontvang. Die kontrolemaatreëls wat die ouditeure uitgeoefen het, dui tweedens aan dat hulle wel van die bestaan van die derde party bewus was. Die feit dat die ouditeure vir die afgelope ses jaar hul kliënt se boeke geouditeer het, dui laastens ook daarop dat die ouditeure wel kennis van die derde party gehad het.<sup>103</sup>

Wes-Virginia se hof van appèl het in *First Nat Bank of Bluefield v Crawford*<sup>104</sup> ook 'n mate van ondersteuning aan die *Raritan*-beslissing<sup>105</sup> gebied. In hierdie saak het die First National Bank of Bluefield 'n eis teen die ouditeure ingestel vir die verliese wat hulle gely het deur op die finansiële state van Erps Construction Co, wat deur Crawford geouditeer is, te vertrou. Die eisers meen die state het wanvoorstellings bevat en dat die ouditeure hulself aan professionele nalatigheid skuldig gemaak het tydens die uitvoering van die oudit.

---

<sup>101</sup> *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):613.

<sup>102</sup> LLP 498 SE 2d 196 (NC App 1998).

<sup>103</sup> *Marcus Bros Textiles Inc v Price Waterhouse* LLP 498 SE 2d 196 (NC App 1998):216 per regter Eagles: "The majority concludes that three items of evidence offered by Marcus were sufficient evidence of knowledge: First, the Price Waterhouse internal memorandum, dated 25 September 1989 and initialed by a partner who worked on the Piece Goods audit, that stated '[Price Waterhouse] has historically reported on the financial statements of [Piece Goods] and... vendors and factors are accustomed to receiving [Piece Goods] financial statements... Second, Marcus's inclusion on a list of fifty held checks in the 1992 audit as the sixth largest check; Third, Price Waterhouse's employment as Piece Goods's accountant and financial advisor for six years."

<sup>104</sup> *First Nat Bank of Bluefield v Crawford* 386 SE 2d 310 (W Va 1989):312.

<sup>105</sup> *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988).

Die hof het die "near privity", die "restatement" en die redelike voorsienbaarheidstandaard oorweeg, maar besluit om die "restatement" standaard te volg.<sup>106</sup> Die hof se besluit is daarop gegrond dat ouditeure volgens hierdie standaard slegs aanspreeklik gehou kan word teenoor derdes wat op die ouditeur se werk staat gemaak het en waarvan die ouditeure kennis gedra het. Die hof beskou die "restatement" standaard verder as 'n redelike standaard om ouditeure se aanspreeklikheid te begrens en meen dat dit ooreenstem met die standarde wat aangewend word om die aanspreeklikheid van ander professionele persone teenoor derdes te begrens.<sup>107</sup> In 1996 ondersteun Wes-Virginia se hof van appèl weer die toepassing van die "restatement" standaard in *Cordial v Ernst & Young*<sup>108</sup> deur vertrouwe op die *Crawford*-beslissing<sup>109</sup> te plaas.

Die "restatement" standaard is ook in die hooggeregshof van Florida in *First Florida Bank NA v Max Mitchell & Co*<sup>110</sup> in 1990 toegepas. Die hof steun op sy vorige beslissing in *First American Title Ins Co Inc v First Title Service Co*,<sup>111</sup> maar steun in 'n mindere mate op die beslissing in die *Raritan*-saak.<sup>112</sup>

In dieselfde jaar as die *Max Mitchell*-saak<sup>113</sup> het Colorado ook die "restatement" standaard aangeneem in *Marquest Med Prod Inc v Daniel, Mckee & Co*.<sup>114</sup>

---

<sup>106</sup> *First Nat Bank of Bluefield v Crawford* 386 SE 2d 310 (W Va 1989):311-312.

<sup>107</sup> In *First Nat Bank of Bluefield v Crawford* 386 SE 2d 310 (W Va 1989):313 som regter Miller die hof se houding jeens die "restatement" standaard soos volg op: "We believe that the Restatement rule is more appropriate because it imposes a standard of care only to known users who will actually be relying on the information provided by the accountant. This is not a commercially unreasonable rule, nor is it any different from that applied to other professionals who issue opinions or reports."

<sup>108</sup> 483 SE 2d 248 (W Va 1996):260.

<sup>109</sup> *First Nat Bank of Bluefield v Crawford* 386 SE 2d 310 (W Va 1989).

<sup>110</sup> 558 So 2d 9 (Fla 1990).

<sup>111</sup> 457 So 2d 467 (Fla 1984).

<sup>112</sup> *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988).

<sup>113</sup> *First Florida Bank NA v Max Mitchell & Co* 558 So 2d 9 (Fla 1990).

<sup>114</sup> 791 P 2d 14 (Colo App 1990).

Tennessee het in 1991 ook die “restatement” in *Bethlehem Steel Corp v Ernst & Whinney*<sup>115</sup> toegepas. In hierdie saak het die hof die vereistes van die “privity”, “near privity”, “restatement” en redelike voorsienbaarheidstandaarde ondersoek.<sup>116</sup> Die hof kritiseer die “privity” en die “near privity” standaarde. Daar bestaan vir die hof geen rede waarom ouditeure nie aanspreeklik gehou behoort te word teenoor derde partye nie indien hulfe daarvan bewus was dat derde partye op die finansiële state sou vertrou het.<sup>117</sup> Die redelike voorsienbaarheidstandaard word ook nie deur die hof aanvaar nie, aangesien dit tot onbeperkte aanspreeklikheid aanleiding kan gee.<sup>118</sup> Die hof besluit om die “restatement” standaard te volg, aangesien die meerheid van jurisdiksies in Amerika hierdie benadering volg. Regter Reid meld verder dat hierdie benadering ook gevolg word om die aanspreeklikheid van ander professionele persone teenoor derdes te begrens.<sup>119</sup> In 1995 het die hooggeregshof van Tennessee bevestig dat die “restatement” benadering in Tennessee gevolg moet word in *Ritter v Customs Chemicals Inc.*<sup>120</sup>

<sup>115</sup> 822 SW 2d 592 (Tenn 1991).

<sup>116</sup> *Bethlehem Steel Corp v Ernst & Whinney* 822 SW 2d 592 (Tenn 1991):593-594.

<sup>117</sup> In *Bethlehem Steel Corp v Ernst & Whinney* 822 SW 2d 592 (Tenn 1991):593 steun hoofregter Reid op die kritiek wat die hooggeregshof van Iowa in *Ryan v Kanne* 170 NW 2d 395 (Iowa 1969):401 teen hierdie standaard gelewer het: “When the accountant is aware that the balance sheet to be prepared is to be used by a certain party or parties who will rely thereon in extending credit or in assuming liability for obligations of the party audited, the lack of privity should be no valid defense to a claim for damages due to the accountant’s negligence. We know of no good reason why accountants should not accept the legal responsibility to known third parties who reasonably rely upon financial statements prepared and submitted by them.”

<sup>118</sup> In *Bethlehem Steel Corp v Ernst & Whinney* 822 SW 2d 592 (Tenn 1991):594 haal hoofregter Reid regter Exum se kritiek in *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):616 aan: “We believe that in fairness accountants should not be liable in circumstances where they are unaware of the use to which their opinions will be put. Instead, their liability should be commensurate with those persons or classes of persons whom they know will rely on their work.”

<sup>119</sup> *Bethlehem Steel Corp v Ernst & Whinney* 822 SW 2d 592 (Tenn 1991):595.

<sup>120</sup> 912 SW 2d 128 (Tenn 1995).

Die hooggeregshof van Kalifornië het na 'n deeglike analise van die verskillende standarde wat in Amerika aangewend word om die aanspreeklikheid van ouditeure te begrens, by die meeste ander Amerikaanse state aangesluit en die redelike voorsienbaarheidstoets in 1992 verwerp ten gunste van die "restatement" benadering in *Bily v Arthur Young & Co.*<sup>121</sup> Die hof se beslissing is op die volgende drie beginsels gegrond:<sup>122</sup>

- Die ouditeur se potensiële deliktuele aanspreeklikheid as gevolg van nalatigheid wat deur alle voorsienbare derde partye teen ouditeure ingestel kan word, kan te groot wees in verhouding tot die skuld wat hy dra. Dit kan hoofsaaklik te wyte wees aan ouditeure se rol as sekondêre waghonde, die ingewikkeldheid van hul professionele menings in die ouditeursverslae en die ingewikkelde en potensiële kousale verband tussen die ouditeursverslag en ekonomiese verliese wat gelyk kan word uit 'n belegging of deur kredietverlening.
- Die feit dat eisers wat deliktuele aksies teen ouditeure instel gewoonlik uit die meer gesofistikeerde klas derde partye voorkom, byvoorbeeld banke en beleggers, maak dit vir sulke partye moontlik om ouditeure

---

<sup>121</sup> 11 Cal Rptr 2d 51 (Cal 1992):752-759, 768-773. Sien ook Anoniem 1992:4 en Young 1996:2161.

<sup>122</sup> *Bily v Arthur Young & Co* 11 Cal Rptr 2d 51 (Cal 1992):761 per hoofregter Lucas: "Our holding is premised on three central concerns: (1) Given the secondary "watchdog" role of the auditor, the complexity of the professional opinions rendered in audit reports, and the difficult and potentially tenuous causal relationships between audit reports and economic losses from investment and credit decisions, the auditor exposed to negligence claims from all foreseeable third parties faces potential liability far out of proportion to its fault; (2) the generally more sophisticated class of plaintiffs in auditor liability cases (e.g., business lenders and investors) permits the effective use of contract rather than tort liability to control and adjust the relevant risks through 'private ordering'; and (3) the asserted advantages of more accurate auditing and more efficient loss spreading relied upon by those who advocate a pure foreseeability approach are unlikely to occur; indeed, dislocations of resources, including increased expense and decreased availability of auditing services in some sectors of the economy, are more probable consequences of expanded liability."

op grond van kontrakbreuk eerder as deliktuele aanspreeklikheid aanspreeklik te hou vir skade wat gely is.<sup>123</sup>

- Die veronderstelling dat die toepassing van die voorsienbaarheidsmaatstaf meer akkurate ouditering en doeltreffender verspreiding van skade teweeg sal bring, sal waarskynlik nie realiseer nie. Die wyer aanspreeklikheid wat hierdie maatstaf tot gevolg het, sal waarskynlik tot hoër ouditeursfooie en 'n afname in die beskikbaarheid van ouditeursdienste vir sekere sektore van die ekonomie lei. Ouditeure sal byvoorbeeld nie vir kliënte in hoë risiko sektore ouditdienste wil lewer nie.

Alhoewel Georgia se hof van appèl die toepassing van die “restatement” standaard in *First National Bank of Newton County v Sparkmon*<sup>124</sup> bevestig, vind die hof dat dit nie nodig is om hierdie standaard toe pas nie. Die hof bevind dat die afstanddoeningsklousule van aanspreeklikheid in die oorsigverslag van die ouditeure die ouditeure vrywaar teen eise van derde partye.<sup>125</sup>

New Hampshire se hooggeregshof het ook die toepassing van die “restatement” standaard in *Demetracopoulos v Wilson*<sup>126</sup> bevestig. Die hooggeregshof ondersteun twee vorige New Hampshire-beslissings<sup>127</sup> wat die “restatement” standaard toegepas het en beslis dat die verweerder se

---

<sup>123</sup> Siciliano 1988:1956-1957 beskryf “private ordering” as 'n risiko bestuursmeganisme wat eisers kan aanwend om hul risiko deur middel van 'n kontraktuele ooreenkoms met die ouditeure of die ouditeure se kliënte te beperk en te bestuur. Derde partye kan bv hul eie ouditeure aanstel om 'n ouditoorsig namens hulle uit te voer. Crumbaugh 1995:13 meld ook dat ouditeure aanspreeklikheid vir moontlike wanvoorstellings in geouditeerde finansiële state kan aanvaar deur briewe van vertroue (“reliance letters”) aan die gebruikers van hul kliënte se state uit te reik.

<sup>124</sup> 442 SE 2d 804 (Ga App 1994).

<sup>125</sup> *First National Bank of Newton County v Sparkmon* 442 SE 2d 804 (Ga App 1994):805.

<sup>126</sup> 640 A 2d 279 (NH 1994).

<sup>127</sup> *Spherex Inc v Alexander Grant & Co* 122 A 2d 1308 (NH 1982) en *Morvay v Hanover Ins Cos* 127 A 2d 333 335 (NH 1986).

eis teen die ouditeur nie kan slaag nie, aangesien daar nie aan die vereistes van hierdie standaard voldoen is nie.<sup>128</sup>

Die "restatement" standaard is ook in Suid-Carolina in *ML-Lee Acquisition Fund LP v Deloitte & Touche*<sup>129</sup> toegepas. Dit was die eerste geval van ouditeursaanspreeklikheid teenoor derde partye wat Suid-Carolina se hof van appèl aangehoor het en die hof vind dit nodig om die vereistes van die "privity", "near privity", "restatement" en redelike voorsienbaarheid standarde te oorweeg.<sup>130</sup>

Volgens die hof behoort die verskillende aangeleenthede wat 'n invloed op openbare belang uitoefen, in ag geneem en gebalanseer te word indien die omvang van ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye vasgestel moet word.<sup>131</sup> Hoofregter Howell meld dat die maatskappy, kommersiële uitleners en beleggers op die ouditeur se verslag vertrou. Gevolglik moet ouditeure tot 'n mate die funksie van 'n openbare waghond vervul deur betroubare en akkurate inligting te verskaf. Aan die ander kant kan ouditeure min kontrole oor die finansiële state wat hulle attesteer uitoefen en gevolglik moet hul aanspreeklikheid teenoor derde partye tot 'n mate beperk word. Die hof verwerp die redelike voorsienbaarheidsmaatstaf, aangesien die omvang van ouditeure se

---

<sup>128</sup> *Demetracopoulos v Wilson* 640 A 2d 279 (NH 1994):283 per regter Horton: "The defendant's report was prepared for SGC's board and was not intended for the plaintiff's benefit and guidance. ...In addition, the plaintiff did not rely or act upon the report."

<sup>129</sup> 463 SE 2d 618 (SC App 1995).

<sup>130</sup> *ML-Lee Acquisition Fund LP v Deloitte & Touche* 463 SE 2d 618 (SC App 1995):625-628.

<sup>131</sup> *ML-Lee Acquisition Fund LP v Deloitte & Touche* 463 SE 2d 618 (SC App 1995):626. Hoofregter Howell maak die volgende opmerking: "Determining the scope of a public accountant's duty to third parties requires a consideration and balancing of competing public policy concerns... An audit, therefore, may be relied upon by the company, commercial lenders, and members of the investing public. Thus, accountants to some extent perform a public watchdog function, and therefore should provide the public with accurate information... However, accountants typically have little control over the ultimate dissemination of their work. To hold them liable to any person who eventually relies on their work could

aanspreeklikheid volgens hierdie maatstaf te wyd is. Op grond van vorige sake van nalatige wanvoorstelling waarin Suid-Carolina se hof van appèl die "restatement" standaard toegepas het,<sup>132</sup> bevind die hof dat die "restatement" standaard ook die mees toepaslike standaard is om die omvang van ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens.<sup>133</sup> Die toepassing van die "restatement" standaard is op appèl bevestig.<sup>134</sup>

Arizona se hof van appèl het in 1996 die "restatement" standaard in *Standard Chartered PLC v Price Waterhouse*,<sup>135</sup> toegepas. Die hof vertrou op die beslissing van die hooggeregshof van Arizona in 1984 waarin uitdruklik beslis is dat "privity" nie 'n vereiste vir deliktuele aanspreeklikheid is nie.<sup>136</sup> Die hof weier om die aanspreeklikheid van professionele persone uit te brei<sup>137</sup> en gaan voort om die "restatement" standaard toe te pas.<sup>138</sup>

Die "restatement" standaard is ook deur die tussentydse hof van appèl van Hawaii in *Kohala Agriculture v Deloitte & Touche*<sup>139</sup> as maatstaf aanvaar om die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye te begrens. Nadat die hof die verskillende maatstawwe wat aangewend kan word om

---

expose accountants to a liability in an indeterminate amount for an indeterminate time to an indeterminate class."

<sup>132</sup> *Winburn v Insurance Co of North America* 287 SC 435 SE 2d 142 (Ct App 1985) en *First Federal Savings Bank v Knauss* 296 SC 136 SE 2d 906 (Ct App 1988).

<sup>133</sup> *ML-Lee Acquisition Fund LP v Deloitte & Touche* 463 SE 2d 618 (SC App 1995):627.

<sup>134</sup> 489 SE 2d 470 (SC 1997):472.

<sup>135</sup> *ML-Lee Acquisition Fund LP v Deloitte & Touche* 945 P 2d 317 (Ariz App Div 1 1996).

<sup>136</sup> *Donnelly Construction Co v Oberg, Hunt & Gilleland* 139 P 2d 1295 (Ariz 1984):1296.

<sup>137</sup> In *Standard Chartered PLC v Price Waterhouse* 945 P 2d 317 (Ariz App Div 1 1996):340 weier regters Fidel, Garbarino en Weisberg om die aanspreeklikheid van professionele persone uit te brei tot "foreseeable injuries to foreseeable victims which proximately result from their negligent performance of their professional services."

<sup>138</sup> *Standard Chartered PLC v Price Waterhouse* 945 P 2d 317 (Ariz App Div 1 1996):342.

<sup>139</sup> 949 P 2d 141 (Haw App 1997):162.

die aanspreeklikheid van ouditeure te begrens, ontleed het, kritiseer die hof die “privity” standaard en die redelike voorsienbaarheidstandaard.<sup>140</sup> Die hof voer aan dat die leerstuk van “privity” reeds in die twee vorige beslissings van die hooggeregshof van Hawaii verwerp is<sup>141</sup> en dat dieselfde hof ook die redelike voorsienbaarheidstandaard in ’n vorige beslissing verwerp het.<sup>142</sup>

Die hooggeregshof van Massachussetts het in 1998 in *Nycal Corp v KPMG Peat Marwick LLP*<sup>143</sup> beslis dat die “restatement” standaard ook die aangewese standaard vir Massachussetts is. Die hof verwerp die redelike voorsienbaarheidsmaatstaf as gevolg van die onderskeid wat getref behoort te word tussen die aanspreeklikheid van professionele persone teenoor derdes vir persoonlike beserings en die aanspreeklikheid van professionele persone teenoor derdes vir vermoënskade deur hulle gely. Die hof meld dat Massachussetts die gewone deliktuele beginsels soos voorsienbaarheid in die eerste geval toepas, maar nie in die tweede geval nie.<sup>144</sup> Die hof steun op die beslissing in die *Bily*-saak<sup>145</sup> dat die redelike voorsienbaarheidsmaatstaf nie geskik is vir gevalle waar ouditeure nie primêre kontrole oor die finansiële verslagdoening van die maatskappy uitoefen nie. Die hof verwerp ook die “near privity” standaard aangesien die eerste twee vereistes van hierdie standaard in Massachussetts se gemenegereg rakende die aanspreeklikheid van professionele persone teenoor derdes voorkom, maar nie die derde

---

<sup>140</sup> *Kohala Agriculture v Deloitte & Touche* 949 P 2d 141 (Haw App 1997):155-163.

<sup>141</sup> *Chun v Park* 51 P 2d 905 (Haw 1969) en *Shaffer v Earl Thacker Co* 6 P 2d 163 (Haw App 1986).

<sup>142</sup> *Lee v Corregedore* 83 154 P 2d 324 (Haw 1996):163.

<sup>143</sup> 688 NE 2d 1368 (Mass 1998).

<sup>144</sup> *Nycal Corp v KPMG Peat Marwick LLP* 688 NE 2d 1368 (Mass 1998):1371 per regter Greany: “Our cases draw a distinction between the duty owed by a professional to a third party for personal injuries and that owed to a third party for pecuniary loss due to a professional's negligence. While we apply traditional tort law principles in cases involving the former, we have not done so in cases concerning the latter.”

<sup>145</sup> *Bily v Arthur Young & Co* 11 Cal Rptr 2d 51 (Cal 1992).

vereiste van “linking conduct” nie.<sup>146</sup> Die hof pas die “restatement” “standaard toe, aangesien dit die meeste met die standaard ooreenstem wat Massachusetts se howe toepas in sake wat professionele aanspreeklikheid betrek.<sup>147</sup>

Alhoewel howe in die verlede probleme ondervind het met die toepassing van die “restatement” standaard,<sup>148</sup> volg twintig state deesdae die “restatement” benadering of variasies daarvan.<sup>149</sup>

## 5. Die redelike voorsienbaarheidstandaard

Nadat ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye in 1968 uitgebrei is, is hierdie aanspreeklikheid van ouditeure in die vroeë tagtigerjare verder uitgebrei deur die toepassing van die redelike voorsienbaarheidsmaatstaf in *H Rosenblum Inc v Adler*.<sup>150</sup>

In hierdie saak het die verweerders Giant Stores Corporation (hierna Giant genoem) se audit op 16 April 1971 afgehandel. Onderhandelinge vir die samesmelting van die eisers, Harry en Barry Rosenblum se onderneming en Giant het in September van dieselfde jaar 'n aanvang geneem. Die eisers beweer dat hulle op die geouditeerde finansiële state vertrou het toe Giant op 14 Desember 1971 'n aanbod van 36 000 aandele in Giant

---

<sup>146</sup> In *Nycal Corp v KPMG Peat Marwick LLP* 688 NE 2d 1368 (Mass 1998):1371 per regter Greany: “A review of the relevant cases demonstrates that the first two elements of the near-privity test—reliance by the third party and knowledge that the party intended to rely, have analogs in our case law, but the third element, conduct by the accountant providing a direct linkage to the third party, does not.”

<sup>147</sup> In *Nycal Corp v KPMG Peat Marwick LLP* 688 NE 2d 1368 (Mass 1998):1371.

<sup>148</sup> Panttaja 1994:941. Sien ook *Bethlehem Steel Corp v Ernst & Whinney* 822 SW 2d 592 (Tenn 1991:595) en *Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988):617.

<sup>149</sup> Die state wat die “restatement” standaard of variasies daarvan aangeneem het, is Alabama, Alaska, Arizona, Kalifornië, Colorado, Florida, Georgia, Hawaii, Massachusetts, Minnesota, Missouri, New Hampshire, Noord-Carolina, Ohio, Suid-Carolina, Tennessee, Washington en Wes-Virginia (Pacini, Martin en Hamilton 2000:201).

aan hulle gemaak het in ruil vir hul onderneming. Dit blyk later dat die bestuur van Giant in grootskaalse bedrog betrokke was en dat Giant se aandele waardeloos was. Die eisers stel daarna 'n eis teen die ouditeure in vir hul beweerde nalatigheid in die uitvoering van die audit om nie die bedrog in die finansiële state op te spoor nie.

Die hof ondersoek 'n reeks hofsake wat volgens die hooggeregshof van New Jersey bevestig 'dat persone wel aanspreeklikheid kan opdoen vir wanvoorstelling in die afwesigheid van 'n kontraktuele verhouding.<sup>151</sup> Alhoewel hierdie hofsake produkteaanspreeklikheid, wat fisieke beserings tot gevolg het, betrek, is die hof van mening dat vermoënskade ook as gevolg van wanvoorstelling verhaal kan word.<sup>152</sup>

Die hof beslis dat ouditeure 'n sorgsaamheidsplig teenoor derde partye het indien die ouditeure redelikerwys kon voorsien het dat die derde party die finansiële state vanaf die maatskappy sou ontvang het en indien hulle redelikerwys kon voorsien het dat die derde party vertroude daarop sou geplaas het.<sup>153</sup>

Die volgende twee beperkings is volgens regter Schreiber op die redelike voorsienbaarheidsmaatstaf van toepassing:<sup>154</sup>

---

<sup>150</sup> 461 A 2d 138 (NJ 1983). Vgl ook Garcia-Linares 2000:2 en Pacini en Sinason 1998:29.

<sup>151</sup> *Thomas v Winchester* 6 NY 397 (1852); *O'Donnell v Asplundh Tree Expert Co* 13 A 2d 577 (NJ 1953) en *Martin v Bengue Inc* 25 A 2d 626 (NJ 1957).

<sup>152</sup> *H Rosenblum Inc v Adler* 461 A 2d 138 (NJ 1983):146 per regter Schreiber: "These cases demonstrate that negligent misrepresentations referring to products may be the basis of liability irrespective of privity. Damages for products liability have not been limited to physical injury. Recovery for economic loss has also been permitted."

<sup>153</sup> *H Rosenblum Inc v Adler* 461 A 2d 138 (NJ 1983):153.

<sup>154</sup> *H Rosenblum Inc v Adler* 461 A 2d 138 (NJ 1983):153 per regter Schreiber: "When the independent auditor furnishes an opinion with no limitation in the certificate as to whom the company may disseminate the financial statements, he has a duty to all those whom that auditor should reasonably foresee as recipients from the company of the statements for its proper business purposes, provided that the recipients rely on the statements pursuant to those business purposes. The principle that we have adopted applies by its terms only to those foreseeable users

- Die derde party moes die finansiële state direk van die geouditeerde maatskappy ontvang het; en
- Die finansiële state moes vir 'n behoorlike besigheidsdoel aangewend word.

Ouditeure is dus nie hierdie sorgsaamheidsplig verskuldig aan persone wat geouditeerde finansiële state van die maatskappy by 'n biblioteek of in 'n regeringslêer bekom nie.<sup>155</sup>

In die lig daarvan dat die ouditeure kennis gedra het dat die Rosenblums die geouditeerde finansiële state by Giant verkry het, daarop vertrou het en dit vir 'n behoorlike besigheidsdoel aangewend het, bevind die hof dat die eisers se eis behoort te geslaag het.<sup>156</sup>

Drie weke na die Rosenblum-beslissing<sup>157</sup> het die hooggeregshof van Wisconsin in *Citizens State Bank v Timm, Schmidt & Co SC*<sup>158</sup> beslis dat ouditeure teenoor derde partye aanspreeklik kan wees vir die voorsienbare gevolge van hul nalatige daade. Ouditeure sal egter nie aanspreeklikheid opdoen nie indien die openbare belang dit sou vereis. Regter Day identifiseer die volgende gevalle waarin dit in die openbare belang sal wees om nie ouditeure aanspreeklik te hou teenoor derde partye nie:<sup>159</sup>

---

who receive the audited statements from the business entity for a proper business purpose to influence a business decision of the user, the audit having been made for that business entity.”

<sup>155</sup> *H Rosenblum Inc v Adler* 461 A 2d 138 (NJ 1983):152 per regter Schreiber: “The extent of financial exposure has certain built-in limits. The plaintiffs would have to establish that they received the audited statements from the company pursuant to a proper company purpose...” Vgl ook Silove 1994:5.

<sup>156</sup> *H Rosenblum Inc v Adler* 461 A 2d 138 (NJ 1983):154-155.

<sup>157</sup> *H Rosenblum Inc v Adler* 461 A 2d 138 (NJ 1983).

<sup>158</sup> 335 NW 2d 361 (Wis 1983):366.

<sup>159</sup> *Citizens State Bank v Timm, Schmidt & Co SC* 335 NW 2d 361 (Wis 1983):366 per regter Day: “(1) The injury is too remote from the negligence; or (2) the injury is too wholly out of proportion to the culpability of the negligent tort-feasor; or (3) in

- Die eiser se besering of skade is te ver van die ouditeur se nalatigheid verwyder.
- Die eiser se besering of skade is nie in verhouding tot die ouditeure se nalatigheid nie.
- Terugskouend blyk dit hoogs onwaarskynlik te wees dat die ouditeur se nalatigheid die skade veroorsaak het.
- Die uitreiking van 'n skadevergoedingsbevel sal 'n onredelike las op die nalatige ouditeur plaas.
- Die uitreiking van 'n skadevergoedingsbevel sal tot gevolg hê dat toekomstige bedroegse te maklik kan slaag.
- Die uitreiking van 'n skadevergoedingsbevel het geen "sensible or just stopping point" nie.

Mississippi se hooggeregshof het in 1987 ook die redelike voorsienbaarheidsmaatstaf in *Touche Ross & Co v Commercial Union Ins Co*<sup>160</sup> toegepas. Volgens regter Lucas in die *Bily*-saak<sup>161</sup> is die beslissing van die Mississippi se hooggeregshof van min waarde vir die Amerikaanse gemenegereg, aangesien die besluit om die redelike voorsienbaarheidstandaard toe te pas bloot *obiter dictum* was en die hof se beredenering op 'n unieke statuut van Mississippi gegrond was.

---

retrospect it appears too highly extraordinary that the negligence should have brought about the harm; or (4) because allowance of recovery would place too unreasonable a burden on the negligent tort-feasor; or (5) because allowance of recovery would be too likely to open the way for fraudulent claims; or (6) allowance of recovery would enter a field that has no sensible or just stopping point."

<sup>160</sup> 514 So 2d 315 (Miss 1987).

<sup>161</sup> *Bily v Arthur Young & Co* 11 Cal Rptr 2d 51 (Cal 1992):63 per regter Lucas: "Although the court adopted a foreseeability rule, the precedential value of its decision is limited by two circumstances: (1) the court's statement of the rule is dictum; it held there was no liability on the part of the auditor because the loss suffered by the third party resulted from criminal conduct occurring *after* the audit (*id.* at pp. 323-325); and (2) even within the context of the court's discussion of foreseeability, its reasoning was based in large part on a unique Mississippi statute precluding the application of privity as an element of *all* tort actions, including those claiming economic loss. (*id.* at p. 321.)"

Sedert 1987 het geen ander staat van Amerika die redelike voorsienbaarheidstandaard aanvaar nie.<sup>162</sup> New Jersey pas ook nie meer die redelike voorsienbaarheidsmaatstaf toe nie, aangesien die posisie tans deur wetgewing gereël word wat bepaal dat die streng “privity” reël aanwending moet vind.<sup>163</sup> Tans word die redelike voorsienbaarheidsmaatstaf slegs in Wisconsin en Mississippi toegepas.<sup>164</sup>

## 6. Gevolgtrekking

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die Amerikaanse gemenerereg sedert 1987 'n duidelike neiging toon om die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye te beperk. Veertien state het die redelike voorsienbaarheid-standaard vir die “restatement” standaard verruil, vier state het die “near privity” standaard bevestig of aangeneem, een staat het die toepassing van die mees konserwatiewe standaard, naamlik die “privity” standaard, bevestig, terwyl 'n ander staat hierdie standaard in 1993 aangeneem het. Slegs twee van die 50 state van die VSA volg steeds die mees liberale standaard, naamlik die redelike voorsienbaarheidstandaard.

Alabama is die enigste staat wat teenstrydig met die neiging om die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye te beperk, opgetree het. Hierdie staat het in 1994 ouditeure se regs-aanspreeklikheid teenoor derde partye uitgebrei deur die “near privity” standaard met die “restatement” standaard te vervang.

---

<sup>162</sup> *Kohala Agriculture v Deloitte & Touche* 949 P.2d 141 (Haw App 1997):158 per regter Acoba: “Apparently no other state has found it prudent to endorse the foreseeability rule governing an accountant's liability in negligence to third parties. Also, although the dissenting opinion in *Bily* praised the continued existence of this rule as 'eloquent testimony that [such a rule] does not destroy the accounting profession or otherwise have consequences demonstrably inimical to public welfare,' *Bily*, 11 Cal. Rptr. 2d at 89, 834 P. 2d at 783, the foreseeability rule adopted in *Rosenblum* has, as we have pointed out, succumbed to legislative abrogation.” Vgl ook Pacini en Sinason 1998:31.

<sup>163</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:402.

Dertien state in die VSA het tot op hede nog nie die kwessie rondom die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye aangespreek nie.

---

<sup>164</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:404.

## HOOFSTUK 4

### KANADA

#### 1. Inleiding

Die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir wanvoorstellings in geouditeerde finansiële state word in Kanada hoofsaaklik op die Engelse gemenereg gegrond.<sup>1</sup> In hierdie hoofstuk sal daar 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die Kanadese gemenereg ("common law") rakende die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye verskaf word. Die vertroue wat die Kanadese gemenereg op die Engelse gemenereg geplaas het, sal ondersoek word en die verskillende toetse wat ontwikkel is om te bepaal of 'n ouditeur 'n sorgsaamheidsplig teenoor derde partye het, sal aan die hand van relevante regspraak ondersoek word.

#### 2. Daadwerklike kennis van 'n beperkte groep gebruikers as standaard

Regter Denning se minderheidsuitspraak in die Engelse *Candler*-saak<sup>2</sup> het in 1951 die weg gebaan vir die toepassing van daadwerklike kennis as maatstaf vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure teenoor derdes.

---

<sup>1</sup> Fourie 1994b:779; Fleming 1998:62 en Van Zyl 1981:195. Daar is reeds op bls 9 en 10 van hoofstuk twee daarop gewys dat die Engelse "law of torts"-nie op algemene beginsels van aanspreeklikheid vertrou nie, maar eerder 'n kasuïstiese benadering volg deur elke geval aan die hand van die vereistes van 'n bepaalde "tort" te beoordeel. Die Kanadese "law of torts" wend gevolglik ook hierdie kasuïstiese benadering aan om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens.

<sup>2</sup> *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426:428-436. Sien bls 12-14 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

Hierdie maatstaf is in 1964 in die *Hedley Byrne*-saak<sup>3</sup> aangewend en in 1976 het die hooggeregshof van Kanada hierdie beslissing gevolg in *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson*.<sup>4</sup>

In hierdie saak het die verweerder ouditeure finansiële state vir Scholler Furniture & Fixtures Ltd (hierna Scholler genoem) voorberei. Hulle was daarvan bewus dat hul kliënt beoog het om hierdie state aan te wend om beleggers te lok. Die bestuurder van die Saskatchewan Economic Development Corporation was Scholler behulpsaam met die werwing van 'n belegger en het met die toestemming van Scholler 'n afskrif van die finansiële state aan Haig oorhandig. Nadat Haig sy bankbestuurder en ouditeur geraadpleeg het, besluit hy om \$20 075 se aandele in Scholler te koop. Scholler ervaar later kontantvloei probleme en 'n ondersoek na die oorspronklike finansiële state toon aan dat die finansiële state ernstige wanvoorstellings bevat het. Volgens die hersiene finansiële state het Scholler 'n verlies van \$1 994 gely en nie 'n wins van \$21 321 voor belasting getoon nie. Haig stel hierna 'n eis teen Scholler se ouditeure in vir die \$29 075 verlies wat hy gely het.

Regter Dickson<sup>5</sup> identifiseer die volgende drie toetse wat aangewend kan word om vas te stel of die ouditeure 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor derdes het:

---

<sup>3</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574. Sien bls 14-17 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie saak. (1977) 72 DLR (3d) 68. Vgl ook Linden en Klar 1994:459.

<sup>4</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68; paragraaf 13 per regter Dickson: "From the authorities, it appears that several possible tests could be applied to invoke a duty of care on the part of accountants *vis-a-vis* third parties: (i) foreseeability of the use of the financial statement and the auditor's report thereon by the plaintiff and reliance thereon; (ii) actual knowledge of the limited class that will use and rely on the statement; (iii) actual knowledge of the specific plaintiff who will use and rely on the statement." Vgl ook Cooper en Barkoczy 1994:32; Davies 1991:173; Johnston 1978:178 en Pacini, Hillison en Sinason 2000:398.

- Die ouditeur moes voorsien het dat 'n derde party die finansiële state en die ouditeursverslag sou gebruik het en vertrou daarop sou geplaas het.
- Die ouditeure moes werklike kennis gedra het van die beperkte klas gebruikers wat van die finansiële state gebruik sou maak en vertrou daarop sou plaas.
- Die ouditeure moes werklike kennis gedra het van die spesifieke persoon wat van die finansiële state gebruik sou maak en vertrou daarop sou plaas.

Regter Dickson<sup>6</sup> spreek hom nie uit teen die eerste toets (die voorsienbaarheidstoets) nie, maar meld wel dat die derde toets ouditeure se aanspreeklikheid te veel beperk. Volgens hom behoort die tweede toets, naamlik die beperkte groep van gebruikers ("limited class of users") aangewend te word.<sup>7</sup>

Nadat regter Dickson regter Denning se minderheidsuitspraak in die *Candler*-saak<sup>8</sup> en die House of Lords se uitspraak in die *Hedley Byrne*-saak<sup>9</sup> bestudeer het, kom hy tot die gevolgtrekking dat 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure rus indien hulle daarvan bewus was dat die finansiële state aan die verweerdere voorgelê sou word.<sup>10</sup>

<sup>6</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68:paragraaf 13. Johnston 1978:178 beweer verder dat hierdie toets nie tevore in 'n Kanadese hof aangewend is nie. Sien ook Jackson en Powell 1992:630.

<sup>7</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68:paragraaf 13 per regter Dickson: "The choice in the present case, it seems to me, is between test (ii) and test (iii) actual knowledge of the limited class or actual knowledge of the specific plaintiff. I have concluded on the authorities that test (iii) is too narrow and that test (ii), actual knowledge of the limited class, is the proper test to apply in this case."

<sup>8</sup> *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] ALL ER 426:428-436. Sien bls 13 en 14 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van regter Denning se beslissing.

<sup>9</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574.

<sup>10</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68:paragraaf 15 per regter Dickson: "The test of proximity in these cases is: Did the accountants

Regter Dickson<sup>11</sup> meld verder dat daar nie 'n onderskeid getref behoort te word tussen die geval waar 'n ouditeur inligting in opdrag van sy of haar kliënt aan 'n derde party verskaf en die geval waar die ouditeur se kliënt inligting aan 'n bekende klas van persone verskaf met die medewete van die ouditeur nie. Die name van die derde partye is volgens hom nie vir ouditeure belangrik nie, maar eerder die oogmerk waarvoor die finansiële state opgestel is. In hierdie geval was die oogmerk van die transaksie om beleggings te bekom vanaf 'n beperkte groep beleggers.<sup>12</sup>

Slegs regter Dickson het 'n uitspraak in hierdie saak gelewer en al agt die ander regters het eenparig met sy beslissing saamgestem dat die ouditeure wel 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor Haig verskuldig was.<sup>13</sup> Hy beslis dat die finansiële state in die huidige saak vir 'n spesifieke klas van persone voorberei is, naamlik beleggers, vir 'n spesifieke klas van transaksies, naamlik die belegging van \$20 000 se kapitaal in Scholler.<sup>14</sup> Daar word dus aan die vereistes van die tweede toets voldoen.

Brown<sup>15</sup> kritiseer die uitspraak in die *Haig*-saak,<sup>16</sup> op grond daarvan dat regter Dickson meer klem moes plaas op die aard van die verhouding wat

---

know that the accounts were required for submission to the plaintiff for use by him?"

<sup>11</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68:paragraaf 34 per regter Dickson: "I can see no good reason for distinguishing between the case in which a defendant accountant delivers information directly to the plaintiff at the request of his employer (*Candler's case* and *Glanzer's case*) and the case in which the information is handed to the employer who, to the knowledge of the accountant, passes it to members of a limited class (whose identity is unknown to the accountant) in furtherance of a transaction the nature of which is known to the accountant."

<sup>12</sup> Hierdie punt is vir regter Dickson so belangrik dat hy dit nie minder as vyf keer in sy beslissing meld nie. In *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68:paragraaf 19 meld regter Dickson byvoorbeeld die volgende: "What was important was the nature of the transaction or transactions for which the statements were intended, for that is what delineated the limits of potential liability." Vgl ook Deturbide 1998:263.

<sup>13</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68:paragraaf 34.

<sup>14</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68:paragraaf 17.

<sup>15</sup> 1977:476. Davis 1982:13; Gormley 1974:1208; Morris 1991:40 en Palmer 2001:9127 is ook van mening dat *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd*

tussen die eiser en verweerders tot stand moes kom ten einde 'n sorgsaamheidsverpligting daar te stel. Hy ondersteun regters Hall en McGuire se beslissings in Saskatchewan se hof van appel<sup>17</sup> waarin hulle nie net die ouditeure se kennis van die identiteit van die spesifieke groep gebruikers in ag geneem het om te bepaal of die ouditeure 'n sorgsaamheidsverpligting aan die verweerders verskuldig is nie, maar ook die verhouding wat tussen die partye bestaan het. In hierdie hof het regter Hall beslis dat daar nie die vereiste verhouding van nabyheid tussen die eiser en verweerders aanwesig was om 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure daar te stel nie. Brown<sup>18</sup> kritiseer regter Dickson se beslissing verder, aangesien dit 'n ingewikkelde taak kan wees om deur middel van hierdie toets 'n groep derde partye te identifiseer indien die feite van die saak meer ingewikkeld is.

### 3. 'n Besondere verhouding as standaard

Sedert die *Haig*-beslissing<sup>19</sup> het die Kanadese hooggeregshof in twee hofsake voortgegaan om 'n wye sorgsaamheidsverpligting op ouditeure te plaas.<sup>20</sup>

In *Surrey Credit Union v Willson*<sup>21</sup> het die eiser Surrey Credit Union gedurende Mei 1985 skuldbriewe ten bedrae van \$7 500 000 van Northland Bank aangekoop. Northland Bank is in Januarie 1986 gelikwedeer en die bates van die bank was nie voldoende om Surrey Credit Union vir sy belang in die bank te vergoed nie. Surrey Credit Union beweer hierna dat die finansiële state op 'n nalatige wyse voorberei is en

---

[1963] All ER 574 'n besondere verhouding as standaard daarstel vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure.

<sup>16</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68.

<sup>17</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1974) 6 WWR (3d) 236.

<sup>18</sup> 1977:483.

<sup>19</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68.

<sup>20</sup> Cheffins 1991:131 en Pacini, Hillison en Sinason 2000:398.

<sup>21</sup> (1990) 73 DLR (4<sup>th</sup>) 207.

hulle stel 'n eis in teen die ouditeure wie Northland Bank se finansiële state vir 1984 voorberei het.

Regter McColl<sup>22</sup> skenk oorweging aan die House of Lords se beslissing in die *Hedley Byrne*-saak<sup>23</sup> en regter Dickson se beslissing in die *Haig*-saak.<sup>24</sup> Hy kom hierna tot die gevolgtrekking dat die ouditeure wel 'n sorgsaamheidsverpligting aan die eisers verskuldig was as gevolg van die besondere verhouding wat daar tussen die partye bestaan het<sup>25</sup> en die redelike vertrouwe wat die eisers op die ouditeure se werk geplaas het.<sup>26</sup>

Volgens regter McColl<sup>27</sup> was die verhouding tussen die partye nie 'n verhouding tussen vreemdelinge nie. Die verweerder ouditeure was bekend met die oogmerk waarvoor Northern Bank die finansiële state wou aanwend, naamlik om kapitaal vir die bank te bekom. Northern Bank het verder toestemming by die ouditeure verkry om die geouditeerde finansiële state openbaar te maak vir beide 'n openbare en vertroulike aanbieding van skuldbriewe.<sup>28</sup>

<sup>22</sup> *Surrey Credit Union v Willson* (1990) 73 DLR (4<sup>th</sup>) 207:paragraaf 8.

<sup>23</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574.

<sup>24</sup> *Surrey Credit Union v Willson* (1990) 73 DLR (4<sup>th</sup>) 207:paragraaf 9.

<sup>25</sup> *Surrey Credit Union v Willson* (1990) 73 DLR (4<sup>th</sup>) 207:paragraaf 11 per regter McColl: "This conclusion is based upon the specific relationship proven to have existed between the parties in this case." Die hof het nie oorweging geskenk aan die deliktuele elemente van nalatigheid en kousaliteit nie en het beslis dat die aangeleenthede by 'n opvolgverhoor aangespreek moet word. Sien ook Cheffins 1991:132.

<sup>26</sup> *Surrey Credit Union v Willson* (1990) 73 DLR (4<sup>th</sup>) 207:paragraaf 11 en 98.

<sup>27</sup> *Surrey Credit Union v Willson* (1990) 73 DLR (4<sup>th</sup>) 207:paragraaf 12. Alhoewel regter McColl oorweging daaraan skenk dat die verhouding nie 'n verhouding tussen vreemdelinge is nie, ondersteun hy regter Dickson se uitspraak in *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68 dat die spesifieke identiteit van die derde partye nie belangrik is vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting nie. Regter McColl maak die volgende uittaling: "I need only refer to the decision of the Supreme Court of Canada in *Haig v Bamford*... which held that the maker of financial statements was liable in damages for negligence in the preparation of those statements when he knew that the statements were being prepared for the purpose of attracting investors even though he may not have known the identity of those prospective investors."

<sup>28</sup> *Surrey Credit Union v Willson* (1990) 73 DLR (4<sup>th</sup>) 207:paragraaf 13 per regter McColl: "In my view, once the defendants knew the purpose for which the consent to use the audited statements was being sought, they could no longer say that debenture purchasers were strangers. The debentures were being offered for the

Volgens Cheffins<sup>29</sup> is hierdie besondere verhouding wat tussen die eiser en verweerders bestaan het onder verdenking, aangesien die raad van direkteure en beamptes van Surrey Credit Union op geen stadium die finansiële state van die bank ondersoek het nie. Die belegging in Surrey Credit Union was bloot die gevolg van 'n direkteur van Surrey Credit Union wat 'n voorlegging aan die raad van direkteure gemaak het, nadat hy Northern Bank se finansiële state vir slegs 20 minute ondersoek het.

Cheffins<sup>30</sup> spreek na die *Surrey*-beslissing<sup>31</sup> sy kommer uit oor die Kanadese howe se neiging om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye uit te brei. Hy voer aan dat die Kanadese howe kennis behoort te neem van die House of Lords se beslissings in *Al Saudi Banque*<sup>32</sup> en *Caparo*<sup>33</sup> waarin ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye beperk is.

#### 4. Nabyheid (“proximity”) of 'n direkte verhouding en redelike voorsienbaarheid as standaard

Alhoewel regter Dickson in die *Haig*-beslissing<sup>34</sup> hom uitdruklik daarvan weerhou het om 'n mening oor die voorsienbaarheidstoets uit te spreek, is die toets direk in *Dixon v Deacon Morgan McEwen Easson*<sup>35</sup> aangespreek.

---

sole purpose of attracting capital to Northland. The defendants were auditors of international reputation. They knew the circumstances and purpose for which consent was sought.”

<sup>29</sup> 1991:133. Vgl ook Ivankovich 1991:525.

<sup>30</sup> 1991:132-133.

<sup>31</sup> *Surrey Credit Union v Willson* (1990) 73 DLR (4<sup>th</sup>) 207.

<sup>32</sup> *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360. Sien bls 24-26 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

<sup>33</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568. Sien pp 30-34 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

<sup>34</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68.

<sup>35</sup> (1989) 41 BCLR (2d) 82 en (1990) 2 WWR 500.

Regter Huddart van die hooggeregshof van British Columbia het in hierdie saak beslis dat die voorsienbaarheidstandaard nie opsigself voldoende is vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsplig nie.<sup>36</sup> Sy steun op die *Al Saudi Banque*-beslissing<sup>37</sup> en die *Caparo*-beslissing<sup>38</sup> en meld dat beide die eiser en verweerder ooreenstem dat daar aan die volgende drie vereistes voldoen moet word vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure.<sup>39</sup>

- Die verweerder moes redelikerwys kon voorsien het dat die eiser op die finansiële state sou vertrou het.
- Daar moes 'n voldoende graad van nabyheid tussen die partye bestaan het.
- Dit moet redelik en regverdig wees om in die omstandighede 'n sorgsaamheidsplig op die verweerder teenoor die eiser daar te stel.

In hierdie saak het die eiser \$1.2 miljoen se aandele in National Business Systems, Inc (hierna NBS genoem) gekoop. Die eiser se investeringsbesluit is gedeeltelik deur NBS se geouditeerde finansiële state beïnvloed. Ontario se sekuriteitskommissie het die uitreiking van NBS se aandele opgeskort nadat dit aan die lig gekom het dat NBS se state 'n substansiële verlies eerder as 'n wins moes toon. Nadat die beperking opgeskort is, het NBS se aandele sterk gedaal en die eiser het besluit om 'n eis teen die verweerder ouditeure in te stel vir die verliese wat hy gely het.

---

<sup>36</sup> *Dixon v Deacon Morgan McEwen Easson* (1990) 2 WWR 500:paragraaf 8 per regter Huddart: "...foreseeability, even if reliance is assumed, is not enough to found a cause of action for pure economic loss." Vgl ook Cheffins 1991:130.

<sup>37</sup> *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360.

<sup>38</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798 en [1990] 1 All ER 568.

<sup>39</sup> *Dixon v Deacon Morgan McEwen Easson* (1990) 2 WWR 500:paragraaf 8.

Regter Huddart<sup>40</sup> verwys na die *Caparo*-beslissing<sup>41</sup> waarin die hof van appèl eenparig beslis het dat daar as gevolg van die afwesigheid van nabyheid tussen die ouditeur en die potensiële beleggers nie 'n sorgsaamheidsverpligting tussen die genoemde partye tot stand gekom het nie. Volgens haar voldoen Dixon selfs nog minder as Caparo aan die vereiste van nabyheid. Dixon het erken dat hy bloot 'n uittreksel uit die finansiële state bestudeer het, dat die state nie ouditeure geïdentifiseer het nie en dat die state nie na die ouditeur se mening verwys het nie. Hy het verder ook erken dat hy nie op enige stadium met die ouditeure gekommunikeer het nie.<sup>42</sup>

Volgens regter Huddart is die onvermoë van Dixon om te bewys dat hy aan die tweede vereiste voldoen het, fataal en vind sy dit onnodig om te bepaal of dit redelik en regverdig sal wees om in die omstandighede 'n sorgsaamheidsplig op die ouditeure te plaas.<sup>43</sup>

## 5. Die redelike voorsienbaarheidstandaard

In teenstelling met die hooggeregshof van British Columbia<sup>44</sup> wat in 1990 die standarde van die beslissings in *Al Saudi Banque*<sup>45</sup> en *Caparo*<sup>46</sup> gevolg het, het die hooggeregshof van Kanada in 1997 die standaard wat in die *Anns*-beslissing<sup>47</sup> neergelê is in *Hercules Management Ltd v Ernst & Young*<sup>48</sup> toegepas.

<sup>40</sup> *Dixon v Deacon Morgan McEwen Easson* (1990) 2 WWR 500:paragraaf 13.

<sup>41</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798.

<sup>42</sup> *Dixon v Deacon Morgan McEwen Easson* (1990) 2 WWR 500:paragraaf 16.

<sup>43</sup> *Dixon v Deacon Morgan McEwen Easson* (1990) 2 WWR 500:paragraaf 22.

<sup>44</sup> *Dixon v Deacon Morgan McEwen Easson* (1990) 2 WWR 500.

<sup>45</sup> *Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360.

<sup>46</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798.

<sup>47</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492. Sien pp 17-20 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

<sup>48</sup> (1997) 2 SCR 165.

In hierdie saak het die appellante Guardian, Hercules en Max Freed aandele in Northguard Acceptance Ltd (hierna NGA genoem) gehad. Die verweerder ouditeure het jaarlikse NGA se boeke geouditeer en ouditeursverslae aan die aandeelhouers verskaf. In 1984 is NGA onder administrasie geplaas en die appellante het daarna 'n eis teen die ouditeure ingestel waarin hulle beweer het dat die ouditeursverslae vir 1980, 1981 en 1985 op 'n nalatige wyse opgestel is en dat hulle finansiële verliese gelyk het as gevolg van die vertrouwe wat hulle op hierdie verslae geplaas het.

In die Queens Bench van Manitoba het regter Dureault bevind dat die ouditeure nie 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor die eisers verskuldig is nie, aangesien die geouditeerde finansiële state nie spesifiek voorberei was om die eisers behulpsaam te wees met die neem van beleggingsbesluite nie.<sup>49</sup>

In die appellante se appèl na die appèlhof van Manitoba steun die ouditeure op die *Caparo*-beslissing<sup>50</sup> ingevolge waarvan die House of Lords beslis het dat ouditeure nie 'n sorgsaamheidsverpligting aan individuele bestaande aandeelhouers of potensiele beleggers verskuldig is nie.<sup>51</sup> Nadat regter Helper hierdie saak en die Kanadese gemene reg bestudeer het, ondersteun sy die Queens Bench van Manitoba se beslissing dat die verweerder ouditeure nie 'n sorgsaamheidsverpligting aan Hercules verskuldig was nie.<sup>52</sup>

---

<sup>49</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 7 per regter Dureault: "Adopting the defendants' submissions on this issue, Dureault J. found that no duty of care was owed the plaintiffs because the audited statements were not prepared specifically for the purpose of assisting them in making investment decisions."

<sup>50</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>51</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 11. Vgl ook Paskell-Mede 1996:46.

<sup>52</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 11.

In die hooggeregshof van Kanada bevind regter La Forest dat lord Wilberforce se tweeledige toets in die *Anns*-saak<sup>53</sup> aangewend moet word om vas te stel of ouditeure 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor derdes verskuldig is.<sup>54</sup> Hy grond sy bevinding op die hooggeregshof van Kanada se volgehoue toepassing en bevestiging van die tweeledige *Anns*-voorsienbaarheidstoets<sup>55</sup> in die verlede.<sup>56</sup>

Ingevolge hierdie tweeledige toets van lord Wilberforce moet daar in die eerste plek vasgestel word of daar 'n verhouding van nabyheid tussen die delikpleger en die persoon wat die skade gely het, bestaan.<sup>57</sup> Indien die antwoord op die eerste gedeelte van die tweeledige toets positief is, kom daar 'n *prima facie* sorgsaamheidsverpligting tot stand. Die tweede gedeelte van die toets moet dan aangewend word deur vas te stel of daar beleidsoorwegings teenwoordig is wat die omvang van aanspreeklikheid, die persone aan wie die sorgsaamheidsverpligting verskuldig is, en die skade wat die verbreking van sodanige sorgsaamheidsverpligting veroorsaak het, kan beperk.<sup>58</sup>

Regter La Forest beskryf die term “verhouding van nabyheid” wat in die eerste gedeelte van die tweeledige toets aangetref word, soos volg:<sup>59</sup>

---

<sup>53</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498.

<sup>54</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 19. Vgl ook Rafferty 1998:72.

<sup>55</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492.

<sup>56</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 19. Regter La Forest identifiseer die volgende hofsake om sy bevinding te staaf: *Nielsen v Kamloops (City)* (1984) 2 SCR 2; *Hofstrand Farms Ltd v British Columbia* (1986) 1 SCR 228; *Canadian National Railway v Norsk Pacific Steamship Co* (1992) 1 SCR 1021; *London Drugs Ltd v Kuehne & Nagel International Ltd* (1992) 3 SCR 299 en *Winnipeg Condominium Corp No 36 v Bird Construction Co* (1995) 1 SCR 85. sien ook Deturbide 1998:262.

<sup>57</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498.

<sup>58</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498.

<sup>59</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 23.

“...the term "proximity" itself is nothing more than a label expressing a result, judgment or conclusion; it does not, in and of itself, provide a principled basis on which to make a legal determination.”

Regter La Forest<sup>60</sup> lê die volgende kriteria neer vir die totstandkoming van 'n verhouding van nabyheid:

- Die verweerder moes redelikerwys kon voorsien het dat die eiser op sy of haar werk sou vertrou het.
- Die vertrou wat die eiser op die verweerder se werk geplaas het, moes in die lig van die omstandighede van die saak redelik gewees het.

Regter La Forest erken dat die eerste gedeelte van die tweeledige toets ouditeure se aanspreeklikheid uitbrei<sup>61</sup> en dat daar bykans in alle gevalle 'n *prima facie* sorgsaamheidsverpligting op ouditeure sal rus. Die hooggeregshof van Kanada bevind dan ook eenparig dat daar wel 'n

<sup>60</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 24 per regter La Forest: “To my mind, proximity can be seen to inhere between a defendant-representor and a plaintiff-representee when two criteria relating to reliance may be said to exist on the facts: (a) the defendant ought reasonably to foresee that the plaintiff will rely on his or her representation; and (b) reliance by the plaintiff would, in the particular circumstances of the case, be reasonable.”

<sup>61</sup> In *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 27 per regter La Forest: “As should be evident from its very terms, the reasonable foreseeability/reasonable reliance test for determining a *prima facie* duty of care is somewhat broader than the tests used both in the cases decided before *Anns*, *supra*, and in those that have rejected the *Anns* approach. Rather than stipulating simply that a duty of care will be found in any case where reasonable foreseeability and reasonable reliance inhere, those cases typically require (a) that the defendant know the identity of either the plaintiff or the class of plaintiffs who will rely on the statement, and (b) that the reliance losses claimed by the plaintiff stem from the particular transaction in respect of which the statement at issue was made.” Regter La Forest meld dat die hofsake wat *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492 voorafgegaan het, naamlik *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426, *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574 en *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68, 'n strenger benadering gevolg het deur nie redelike voorsienbaarheid nie, maar twee vereistes daar te stel vir die totstandkoming van 'n *prima facie* sorgsaamheidsverpligting. Die verweerder moes eerstens kennis dra van die identiteit van die eiser of klas eisers en tweedens moes die skade wat die eiser

sorgsaamheidsverpligting op die verweerder ouditeure teenoor die eiser in hierdie saak gerus het.<sup>62</sup>

Ten einde die onbeperkte aanspreeklikheid van ouditeure te beperk, voer die hof aan dat dit noodsaaklik is om sekere beleidsoorwegings in ag te neem om ouditeure se aanspreeklikheid te beperk.<sup>63</sup> Regter La Forest<sup>64</sup> neem hoofsaaklik die volgende twee beleidsoorwegings in ag om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derdes te beperk:

- Die ouditeure moes bekend gewees het met die identiteit van die eiser of klas van eisers.
- Die eisers moes die finansiële state vir dieselfde doel aangewend het as waarvoor die state aanvanklik opgestel is.

Die hooggeregshof van Kanada beslis eenparig dat die ouditeure wel bekend was met die identiteit van die eisers.<sup>65</sup> Die hof ondersteun die beredenering in die *Caparo*-saak<sup>66</sup> dat die finansiële state van die maatskappy primêr opgestel en geouditeer was ten einde die belange van die bestaande aandeelhouers as 'n kollektiewe groep te beskerm en om

---

gely het die gevolg gewees het van die nalatige wanvoorstelling van die verweerder.

<sup>62</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 64. Vgl ook Fleming 1998:63.

<sup>63</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 41 per regter La Forest: "Even though, in the context of auditors' liability cases, such a duty will often (even if not always) be found to exist, the problem of indeterminate liability will frequently result in the duty being negated by the kinds of policy considerations already discussed."

<sup>64</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 28 per regter La Forest: "Requiring, in addition to proximity, that the defendant know the identity of the plaintiff (or class of plaintiffs) and that the plaintiff use the statements in question for the specific purpose for which they were prepared amounts, in my opinion, to a tacit recognition that considerations of basic fairness may sometimes give way to other pressing concerns. In other words, these further requirements serve a policy-based limiting function with respect to the ambit of the duty of care in negligent misrepresentation actions." Vgl ook Deturbide 1998:262-263 en Pacini, Hillison en Sinason 2000:398.

<sup>65</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 45. Vgl ook Deturbide 1998:262-263.

<sup>66</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

aan die wetsvoorskrifte van Kanada te voldoen.<sup>67</sup> Die finansiële state was dus nie deur die eisers vir dieselfde doel aangewend as waarvoor die state aanvanklik opgestel was nie.<sup>68</sup> Alhoewel daar dus 'n *prima facie* sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure gerus het, bepaal die hooggeregshof van Kanada eenparig dat beleidsoorwegings die aanspreeklikheid van die ouditeure uitsluit en die appèl word van die hand gewys.<sup>69</sup>

## 6. Gevolgtrekking

Uit die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes in Kanada hoofsaaklik op die Engelse gemenereg gegegrond is.

Die aanvanklike neiging in die Kanadese gemenereg om ouditeure se aanspreeklikheid uit te brei, is in 1997 deur die *Hercules*-beslissing<sup>70</sup> vertraag. Alhoewel Kanada se hooggeregshof in hierdie saak die *Anns*-voorsienbaarheidstoets<sup>71</sup> aangewend het, het die hof ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye beperk deur die aanwending van spesifieke beleidsoorwegings. Hierdie beleidsoorwegings is soortgelyk aan die vereistes wat deur die Engelse *Caparo*-beslissing<sup>72</sup> daargestel is om aan die vereiste van nabyheid te voldoen. In beide die Kanadese en Engelse gemenereg word voorsienbaarheid dus as standaard aangewend om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens. Hierdie aanspreeklikheid van ouditeure word beperk deur die primêre

<sup>67</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 56. Sien ook Fleming 1998:63 en Rafferty 1998:74.

<sup>68</sup> Paskell-Mede 1996:47.

<sup>69</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165:paragraaf 64.

<sup>70</sup> *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165.

<sup>71</sup> Die voorsienbaarheidstandaard van *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492 word bykans sonder uitsondering as 'n uitbreiding van ouditeursaanspreeklikheid beskou.

<sup>72</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

oogmerk van die finansiële state en die kennis wat ouditeure dra van die derde partye wat op die finansiële state kan vertrou, in ag te neem.

## HOOFSTUK 5

### AUSTRALIË

#### 1. Inleiding

Die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye is vir die eerste keer in 1990 in die hooggeregshof van Victoria<sup>1</sup> en eers in 1997 op federale vlak in die hoëhof (“High Court”) van Australië aangespreek.<sup>2</sup>

Alhoewel die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye eers in 1990 in Australië aangespreek is, is daar reeds in 1968<sup>3</sup> ’n standaard neergelê om professionele persone se aanspreeklikheid op grond van nalatige wanvoorstelling te begrens.

In hierdie hoofstuk sal daar ’n historiese oorsig oor die ontwikkeling van professionele aanspreeklikheid ingevolge die Australiese gemenerereg (“common law”) voor 1990 verskaf word.<sup>4</sup> Die verskillende standarde wat deur die Australiese howe aangewend is om ouditeure se aanspreeklikheid in die verskillende state van Australië sedert 1990 en op federale vlak sedert 1997 te begrens, sal aan die hand van relevante regspraak ondersoek word. Die invloed van die Engelse gemenerereg op die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye sal ook aangespreek word.<sup>5</sup>

---

<sup>1</sup> *AGC (Advances) Ltd v R Lowe Lippman, Figdor and Franck* (1990) 4 ACSR 337. Vgl ook O’Leary 1998:522 en Pacini, Hillison en Sinason 2000:399.

<sup>2</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448.

<sup>3</sup> ’n Besondere verhouding is as standaard in *Mutual Life and Citizen’s Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556 neergelê.

<sup>4</sup> Ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye is vir die eerste keer in 1990 in Australië aangespreek en daar sal gevolglik vanaf hierdie jaar spesifiek op ouditeursaanspreeklikheid as ’n vorm van professionele aanspreeklikheid gefokus word.

<sup>5</sup> Aangesien die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye eers onlangs in Australië aangespreek is, was daar volgens Godsell 1996:54 ernstige debat in Australië gevoer oor die moontlike toepassing van die Engelse beslissing

## 2. Professionele aanspreeklikheid voor 1990

### 2.1 'n Besondere verhouding as standaard

In *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt*<sup>6</sup> is daar vir die eerste keer 'n standaard in Australië neergelê om professionele persone se aanspreeklikheid op grond van nalatige wanvoorstelling te begrens.<sup>7</sup>

In hierdie saak het Evatt advies by Mutual Life and Citizen's Assurance (hierna Mutual Life genoem) ingewin rakende die finansiële stabiliteit van 'n filiaal van Mutual Life. Evatt het op grond van Mutual Life se advies 'n belegging in die filiaal gemaak. Evatt is egter later skade, aangesien Mutual Life se inligting vals was en volgens Evatt op 'n nalatige wyse verskaf is.

Aangesien daar volgens hoofregter Barwich<sup>8</sup> geen bindende gesag in Australië is waarvolgens die huidige geval beslis kan word nie, ondersoek hy die Engelse gemenerereg as vertrekpunt. Hy<sup>9</sup> steun op die *Hedley Byrne*-saak<sup>10</sup> en kom tot die gevolgtrekking dat daar 'n besondere verhouding tussen die eiser en verweerder moes bestaan het ten einde 'n sorgsaamheidsverpligting op die verweerder te plaas.<sup>11</sup>

---

in *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568 in die Australiese gemenerereg. Vgl ook Gay 1991:64.

<sup>6</sup> (1968) 122 CLR 556.

<sup>7</sup> Pacini, Hillison en Sinason 2000:399 en Pacini, Martin en Hamilton 2000:206.

<sup>8</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556:563.

<sup>9</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556:565. Sien ook Cookson 1977:23.

<sup>10</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574. Hierdie beslissing word volledig op bls 14-17 van hoofstuk twee bespreek.

<sup>11</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556:569 per hoofregter Barwich: "After a great deal of consideration, I am clearly of opinion that a duty of care in utterance can arise out of some relationships, which for want of a more precisely designated genus can be called 'special'." Sien ook Hogg 1994:79.

Hoofregter Barwick<sup>12</sup> identifiseer die volgende drie elemente wat in 'n besondere verhouding teenwoordig moet wees ten einde 'n sorgsaamheidsverpligting aan die kant van die verweerder daar te stel:

- Die omstandighede moes van so 'n aard gewees het dat die spreker, of die redelike persoon in die spreker se posisie, daarvan bewus was, of daarvan bewus moes gewees het, dat die ontvanger van die boodskap die spreker vertrou het om inligting te verskaf waaroor hy of sy beskik het of toegang gehad het. Die aangeleentheid waaroor die spreker inligting verskaf het, moes van sodanige aard gewees het dat die ontvanger van die inligting oortuig sou gewees het dat die spreker oor die nodige bevoegdheid beskik het om 'n mening uit te spreek.
- Die spreker was daarvan bewus, of moes daarvan bewus gewees het, dat die ontvanger van die boodskap van plan was om op grond van die bogenoemde inligting op te tree.
- Die ontvanger van die inligting se navraag, aanvaarding en vertroue op die inligting moes redelik gewees het.

Ingevolge die meerderheidsbeslissing<sup>13</sup> van die hoëhof van Australië was Mutual Life 'n sorgsaamheidsverpligting aan Evatt verskuldig, aangesien daar 'n besondere verhouding tussen die partye tot stand gekom het.

---

<sup>12</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556:571 per hoofregter Barwick: "First of all, I think the circumstances must be such as to have caused the speaker or be calculated to cause a reasonable person in the position of the speaker to realize that he is being trusted by the recipient of the information or advice to give information which the recipient believes the speaker to possess or to which the recipient believes the speaker to have access or to give advice, about a matter upon or in respect of which the recipient believes the speaker to possess a capacity or opportunity for judgment, in either case the subject matter of the information or advice being of a serious or business nature... Then the speaker must realize or the circumstances be such that he ought to have realized that the recipient intends to act upon the information or advice in respect of his property or of himself in connection with some matter of business or serious consequence... Further, it seems to me that the circumstances must be such that it is reasonable in all the circumstances for the recipient to seek, or to accept, and to rely upon the utterance of the speaker." Vgl ook Cookson 1977:23 en Hogg 1994:79-80.

Mutual Life appelleer hierna na die Privy Council in Engeland.<sup>14</sup> Die meerderheidsbeslissing van lord Hodson, lord Guest en lord Diplock in die Privy Council<sup>15</sup> ondersteun die minderheidsbeslissing van regter Taylor en Owen in die hoë hof van Australië. Ingevolge hierdie meerderheidsbeslissing sal daar slegs 'n besondere verhouding tussen die partye tot stand kan kom indien daar aan die volgende twee vereistes voldoen is:<sup>16</sup>

- Die verweerder moes 'n besigheid bedryf het wat inligting verskaf of advies gelewer het.
- Die verweerder moes oor die nodige bevoegdheid, kwalifikasie of vaardigheid beskik het, of te kenne gegee het om oor sodanige bevoegdheid, kwalifikasie of vaardigheid te beskik, om inligting of advies te verskaf oor die onderwerp.

Die Privy Council bevind dat die verweerder nie 'n sorgsaamheidsverpligting aan Evatt verskuldig was nie, aangesien die verweerder nie 'n besigheid bedryf het wat inligting verskaf of advies gelewer het nie en ook nie voorgegee het om oor genoegsame kennis en vaardighede te beskik om advies te lewer nie.<sup>17</sup>

---

<sup>13</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556 per hoofregter Barwick:578-579 en regters Kitto:589 en Menzies:603-618.

<sup>14</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1970) 122 CLR 628. Daar bestaan in Australië die moontlikheid om met vergunning na die Privy Council in Engeland te appèleer. Vgl Van Zyl 1981:195.

<sup>15</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1970) 122 CLR 628:629.

<sup>16</sup> Baxt 1973:50; Brown 1977:479; Cookson 1977:20; Davis 1982:14 en Naudé 1979:125.

<sup>17</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1970) 122 CLR 628:642 per lord Hodson, lord Guest en lord Diplock: "...the declaration... contains no averment that the company to the knowledge of Mr. Evatt carried on the business of giving advice upon investments or in some other way had let it be known to him that they claimed to possess the necessary skill and competence to do so..." Vgl ook Brown 1977:479 en Cooper en Barkoczy 1994:32.

Ten spyte daarvan dat hoofregter Barwick<sup>18</sup> se beslissing in die hoë hof van Australië deur die Privy Council verwerp is, het verskeie meerderheidsbeslissings in die hoë hof van Australië sy standpunt ondersteun.<sup>19</sup>

In *Caltex Oil Pty Ltd v The Dredge Willemstad*,<sup>20</sup> was die eiser die eienaar van 'n olieraffinadery. Die eiser Caltex Oil Pty Ltd het 'n eis om skadevergoeding teen die verweerder The Dredge Willemstad ingestel, nadat die verweerder se nalatige optrede daartoe aanleiding gegee het dat 'n pyp wat olie aan die raffinadery verskaf, afgesluit is. Die eiser beweer dat hy as gevolg van hierdie afsluiting ernstige skade gely het.

Die meerderheid van regters<sup>21</sup> steun op hoofregter Barwick<sup>22</sup> se beslissing in die *Mutual Life*-saak.<sup>23</sup> Hierdie regters is dit eens dat die redelike voorsienbaarheidstandaard tot onbepaalde aanspreeklikheid aanleiding kan gee en voer aan dat daar 'n besondere verhouding tussen die eiser en verweerderteenwoordig moet wees alvorens die verweerder 'n sorgsaamheidsverpligting aan die eiser verskuldig kan wees.<sup>24</sup> Regter Gibbs<sup>25</sup> voer aan dat die hof nie net beleidsoorwegings in aanmerking behoort te neem om vas te stel of daar 'n besondere verhouding tussen die eiser en verweerder tot stand gekom het nie. Hy voer verder aan dat die kennis waaroor The Dredge Willemstad beskik het ook in aanmerking geneem behoort te word en beslis dat daar wel 'n besondere verhouding tussen die eiser en verweerder tot stand gekom het. Die verweerder het

---

<sup>18</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556:559-581.

<sup>19</sup> Davies 1991:187.

<sup>20</sup> (1976) 136 CLR 529.

<sup>21</sup> *Caltex Oil Pty Ltd v The Dredge Willemstad* (1976) 136 CLR 529 per regters Stephen:576; Mason:594 en Gibbs:555. Vgl ook Quinlan en Gardiner 1988:355.

<sup>22</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556:571.

<sup>23</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556.

<sup>24</sup> Ashton 1981:550.

<sup>25</sup> *Caltex Oil Pty Ltd v The Dredge Willemstad* (1976) 136 CLR 529:555 per regter Gibbs: "I would, with respect, completely agree that it is necessary to consider the particular relationship in hand, but cannot think that the law leaves it entirely to the

daarvan kennis gedra dat die eiser, in hierdie geval 'n spesifieke persoon en nie as 'n lid van 'n bepaalde groep nie, skade kon ly as gevolg van sy nalatige handeling.<sup>26</sup>

Afgesien van die standaard wat neergelê is om die aanspreeklikheid van die verweerder teenoor die eiser te begrens, is die *Caltex*-saak<sup>27</sup> veral belangrik vir ouditeure in Australië, aangesien die regters in hierdie saak eenparig beslis het dat 'n persoon 'n deliktuele eis teen 'n persoon kan instel as gevolg van die suiwer vermoënskade wat hy of sy gely het.<sup>28</sup>

Hoofregter Barwick se standaard<sup>29</sup> is ook deur die meerderheidsbeslissings in *Shaddock & Associates Pty Ltd v Parramatta City Council*<sup>30</sup> en *Jaensch v Coffey*<sup>31</sup> as korrek aanvaar.

Professionele persone se aanspreeklikheid teenoor derde partye is in *BT Australia Ltd v Raine and Home Proprietary Ltd*<sup>32</sup> uitgebrei. In hierdie saak het die verweerder op versoek van die trustee van 'n effektrust sekere bates van die trust waardeer. Die verweerder het die belangrikste bate van die trust oorwaardeer, wat tot gevolg gehad het dat die effekte van die trust oorwaardeer was. Die bestaande houers wat ná die

---

court to decide as a matter of policy whether the economic loss should be recoverable."

<sup>26</sup> *Caltex Oil Pty Ltd v The Dredge Willemstad* (1976) 136 CLR 529:555-556. Vgl ook Burchell 1980:9; Jackson en Powell 1992:41 en Schoeman 1986:293. Horten Rogers 1978:29 kritiseer egter hierdie beslissing, aangesien daar volgens hom druk uitgeoefen sal word om die toets tot 'n beperkte klas eisers uit te brei.

<sup>27</sup> *Caltex Oil Pty Ltd v The Dredge Willemstad* (1976) 136 CLR 529.

<sup>28</sup> Glass 1977:372; Horten Rogers 1978:29 en Jackson en Powell 1992:41. Mason 1992:133 is gevolglik van mening dat hierdie beslissing professionele persone se deliktuele aanspreeklikheid teenoor derde partye uitgebrei het.

<sup>29</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556:559-581.

<sup>30</sup> (1981) 150 CLR 225. Regters Mason:251-253 en Aichin:256 ondersteun hoofregter Barwick se standaard. Volgens Godsell 1990:27 het hierdie saak tot gevolg gehad dat 'n persoon 'n *prima facie* sorgsaamheidsverpligting aan enige persoon verskuldig was, ongeag daarvan of hy of sy voorgegee het om oor die kennis van 'n spesialis te beskik, of nie voorgegee het om oor die kennis van 'n spesialis te beskik nie. Vergelyk ook Corbett 1994:832; Davies 1991:187; Lipton en Herzberg 1988:383 en Nicholson 1991:567.

<sup>31</sup> (1984) 155 CLR 549.

<sup>32</sup> (1983) NSWLR 221.

waardasie hul effekte behou of verkoop het, was bevoordeel ten koste van nuwe houters. Regter Wootten oorweeg of hy die beginsels van die *Hedley Byrne*-saak<sup>33</sup> of die *Caltex*-saak<sup>34</sup> moet toepas. Hy beslis dat die feite van die saak nie heeltemal met die feite van een van die sake ooreenstem nie,<sup>35</sup> maar besluit om eerder die beginsels van die *Hedley Byrne*-saak<sup>36</sup> toe te pas.<sup>37</sup> Die hooggeregshof van Nieu Suid-Wallis beslis dat die verweerders daarvan bewus was dat die trustee van die effektrust op hul waardasie sou vertrou het.<sup>38</sup> Hulle kon dus voorsien het dat die eisers skade sou ly indien die trustee op misleidende inligting sou vertrou het en bevind dat die verweerders wel 'n sorgsaamheidsverpligting aan die eisers verskuldig was.<sup>39</sup> Hierdie saak het dus die sorgsaamheidsverpligting van professionele persone teenoor "aktiewe" derde partye uitgebrei tot "passiewe" derde partye.<sup>40</sup>

## 2.2 Nabyheid ("proximity") of 'n direkte verhouding en redelike voorsienbaarheid as standaard

In *Sutherland Shire Council v Heyman*<sup>41</sup> wend die hoë hof van Australië die teenwoordigheid van beide redelike voorsienbaarheid en nabyheid as vereistes aan om die verweerder se aanspreeklikheid teenoor die eiser te begrens.

In hierdie saak het die hoëhof van Australië bevind dat die fondasie van Heyman se huis op 'n nalatige wyse deur 'n boukontraakteur in 1969 gelê is

<sup>33</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574.

<sup>34</sup> *Caltex Oil Pty Ltd v The Dredge Willemstad* (1976) 136 CLR 529.

<sup>35</sup> Die eiser ly in hierdie saak as passiewe derde party skade (die trustee het op die verweerder se state vertrou), terwyl die eiser in *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574 as aktiewe derde party skade gely het. Sien ook Nicholson 1991:573 en Pacini, Hillison en Sinason 2000:399.

<sup>36</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574.

<sup>37</sup> Nicholson 1991:573.

<sup>38</sup> *BT Australia Ltd v Raine and Horne Proprietary Ltd* (1983) NSWLR 221:229-231.

<sup>39</sup> *BT Australia Ltd v Raine and Horne Proprietary Ltd* (1983) NSWLR 221:233.

<sup>40</sup> Davies 1991:185 en Nicholson 1991:573.

<sup>41</sup> (1985) 157 CLR 424: 441; 471 en 496. Vgl ook Godsell 1990:44.

en dat die plaaslike regering van Sutherland Shire die bouplanne op 'n nalatige wyse goedgekeur het. Al vyf die regters<sup>42</sup> het die tweeledige voorsienbaarheidstoets in die *Anns*-beslissing<sup>43</sup> verwerp en beslis dat die verweerder nie 'n sorgsaamheidsverpligting aan die eiser verskuldig is nie.<sup>44</sup>

Die meerderheid van regters<sup>45</sup> is dit eens dat die aanwesigheid van voorsienbaarheid nie outomaties tot 'n sorgsaamheidsverpligting aanleiding behoort te gee nie. Slegs regter Mason<sup>46</sup> is van mening dat voorsienbaarheid wel tot 'n sorgsaamheidsverpligting aanleiding kan gee deur te beslis dat daar wel 'n sorgsaamheidsverpligting op 'n verweerder rus indien die verweerder kon voorsien het dat die eiser redelikerwys op sy of haar werk sou vertrou het.

Hoofregter Gibbs<sup>47</sup> steun op die Engelse *Peabody*-saak<sup>48</sup> en beslis dat 'n verhouding van nabyheid 'n voorvereiste vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting behoort te wees. Die omstandighede van 'n spesifieke saak sal bepaal of daar 'n sorgsaamheidsverpligting tot stand

---

<sup>42</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424 per hoofregter Gibbs:440-441 en regters Mason:465; Wilson:471; Brennan:481 en Deane:441.

<sup>43</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498. Hierdie tweeledige voorsienbaarheidstoets word volledig op bls 17-20 van hoofstuk twee bespreek.

<sup>44</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424 per hoofregter Gibbs:449 en regters Mason:471; Wilson:471; Brennan:494 en Deane:513. Vgl ook McCluskey 1993:266 en Quinlam en Gardiner 1988:357.

<sup>45</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424 per hoofregter Gibbs:441 en regters Wilson:496; Brenner:481 en Deane:495.

<sup>46</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424:463-464 per regter Mason: "...the foreseeability of the plaintiff's reasonable reliance is a sufficient basis for finding a duty of care"

<sup>47</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424:441.

<sup>48</sup> In *Sutherland Shire Council v Heyman* (1984) 3 WLR 953:960 haal hoofregter Gibbs die volgende woorde van lord Keith of Kinkel in *Peabody Donation Fund v Sir Lindsay Parkinson Ltd* [1984] 3 All ER 529:534 aan: "The true question in each case is whether the particular defendant owed to the particular plaintiff a duty of care having the scope which is contended for, and whether he was in breach of that duty with consequent loss to the plaintiff. A relationship of proximity in Lord Atkin's sense must exist before any duty of care can arise, but the scope of the duty must depend on all the circumstances of the case."

gekom het en sal die omvang van die sorgsaamheidsverpligting bepaal.<sup>49</sup> Regter Wilson<sup>50</sup> ondersteun hoofregter Gibbs se beslissing. Regter Deane<sup>51</sup> is ook ten gunste van 'n maatstaf wat nie alleen redelike voorsienbaarheid as vereiste stel nie, maar ook 'n verhouding van nabyheid tussen die eiser en verweerder.

Regter Brenner<sup>52</sup> is nie ten gunste van 'n benadering wat slegs 'n besondere verhouding as voorvereiste vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting daarstel nie. Indien voorsienbaarheid as die enigste kriterium aangewend sou word om 'n *prima facie* sorgsaamheidsverpligting daar te stel, meld regter Brenner<sup>53</sup> dat die verweerder se aanspreeklikheid beperk behoort te word deur die toevoeging van 'n kwalifikasie soortgelyk aan die tweede gedeelte van die

---

<sup>49</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424:441 per hoofregter Gibbs: "In deciding whether the necessary relationship exists, and the scope of the duty which it creates, it is necessary for the court to examine closely all the circumstances that throw light on the nature of the relationship between the parties."

<sup>50</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424:471.

<sup>51</sup> In *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424:496 meld regter Deane dat die standaard wat hy voorstaan verskil van die redelike voorsienbaarheidstoets, aangesien "...it involved both an evaluation of the closeness of the relationship and a judgement of the legal consequences of that evaluation. While this distinction between the notions of 'proximity' and 'reasonable foreseeability' has been obscured in judgements in many subsequent cases, particularly in cases where the existence of a duty of care went without saying, it remains a fundamental one." Vgl ook Quinlan en Gardiner 1988:358. Regter Deane:497-498 onderskei verder tussen verskillende vorme van nabyheid, naamlik fisieke nabyheid, nabyheid as gevolg van spesifieke omstandighede en kousale nabyheid: "It involves the notion of nearness or closeness and embraces physical proximity (in the sense of space and time) between the person or property of the plaintiff and the person or property of the defendant, circumstantial proximity such as an overriding relationship of employer and employee or of a professional man and his client and what may (perhaps loosely) be referred to as causal proximity in the sense of the closeness or directness of the causal connexion or relationship between the particular act or course of conduct and the loss or injury sustained." Vgl ook Godsell 1990:43.

<sup>52</sup> In *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424:481. Vgl ook Quinlan and Gardiner 1988:357-358.

<sup>53</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424:481 per regter Brenner: "Of course, if foreseeability of injury to another were the exhaustive criterion of a *prima facie* duty to act to prevent the occurrence of that injury, it would be essential to introduce some kind of restrictive qualification - perhaps a qualification of the kind stated in the second stage of the general proposition in *Anns*."

tweeledige voorsienbaarheidstoets in die *Anns*-saak.<sup>54</sup> Hy meld egter duidelik dat hierdie benadering nie sy goedkeuring wegdra nie, aangesien hy eerder 'n benadering voorstaan wat nuwe kategorieë van nalatigheid skep na aanleiding van die bestaande kategorieë van nalatigheid.<sup>55</sup>

Die hoë hof van Australië het 'n jaar na die *Sutherland*-saak<sup>56</sup> weer eens duidelik te kenne gegee dat dat Australiese hof die *Anns*-toets verwerp in *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979*.<sup>57</sup>

In hierdie saak het Sydney se stadsraad dokumente gepubliseer wat oor die herontwikkeling van Woolloomooloo handel het. San Sebastian het op die dokumente vertrou en grond in Woolloomooloo gekoop. San Sebastian was nie op hierdie stadium aan die verweerders bekend nie. Die ontwikkelingskema is egter later gestaak. San Sebastian het daarna 'n eis teen die verweerder ingestel vir die verliese wat hy as gevolg van die wanvoorstellings in die dokumentasie gely het.

Die gesamentlike meerderheidsbeslissing van hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson steun op vorige beslissings van die hoë hof van Australië.<sup>58</sup> Die hof beslis dat nabyheid 'n inherente vereiste vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting uitmaak. Hierdie vereiste moet bykomend tot die vereiste van redelike voorsienbaarheid aangewend

---

<sup>54</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492. Sien bls 17-20 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie standaard.

<sup>55</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424:481 per regter Brenner: "It is preferable, in my view, that the law should develop novel categories of negligence incrementally and by analogy with established categories, rather than by massive extension of a *prima facie* duty of care restrained only by undefinable considerations which ought to negative, or to reduce or limit the scope of the duty of the class of persons to whom it is owed." Sien ook Pugh-Thomas 1990:1469 en McCluskey 1993:266.

<sup>56</sup> *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424.

<sup>57</sup> (1986) 162 CLR 340. Vgl ook Godsell 1990:44.

<sup>58</sup> Hierdie regters steun op die *Caltex Oil Pty Ltd v The Dredge Willemstad* (1976) 136 CLR 529; *Jaensch v Coffey* (1984) 155 CLR 549 en *Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 157 CLR 424. Vgl ook Gibson en Simnett 1994:56.

word. Ingevolge hierdie meerderheids-beslissing sal die omvang van aanspreeklikheid wat die redelike voorsienbaarheidstoets as eksklusiewe kriteria tot gevolg het, deur die aanwending van die bykomende vereiste van nabyheid beperk word.<sup>59</sup> Die element van vertroue sal 'n belangrike rol speel in die totstandkoming van 'n verhouding van nabyheid indien suiwer vermoënskade gely is.<sup>60</sup>

Volgens die meerderheidsbeslissing moet die eisers verder ten minste die volgende kan bewys ten einde te kan slaag met hul eis.<sup>61</sup>

- Dat die verweerder die beweerde voorstelling gemaak het; en
- Dat die voorstelling gemaak is met die bedoeling om die ontwikkelaars te oorreed om op grond daarvan op te tree.

Volgens hoofregter Gibbs is daar nie aan die eerste vereiste voldoen nie en is dit gevolglik onnodig om te bepaal of daar aan die tweede vereiste van die toets voldoen is.<sup>62</sup>

---

<sup>59</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340:355 per hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson: "The relationship of proximity is an integral constituent of the duty of care concept. We refer to that relationship in its broader sense, namely, as embracing a general limitation upon the test of reasonable foreseeability..." Sien ook Quinlam en Gardiner 1988:359.

<sup>60</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340:355 per hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson: "When the economic loss results from negligent misstatement, the element of reliance plays a prominent part in the ascertainment of a relationship of proximity between the plaintiff and the defendant, and therefore in the ascertainment of a duty of care." Vgl ook Gay 1991:61.

<sup>61</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340:358 per hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson: "It follows then that if the appellants' case is to succeed they must establish at least, amongst other things, (1) that the alleged representation was made, and (2) that the Authority and the Council made the representation with the intention of inducing members of the class of developers to act in reliance on the representation." Tabalujan 1993:235 en 237 kritiseer hierdie beslissing aangesien die regters volgens hom versuim het om na die oorsprong van die vereiste te verwys. Vgl ook Corbett 1994:828 en Davies 1991:183.

<sup>62</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340:358 per hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson: "The conclusion which we have reached is that the appellants

Die hoë hof van Australië wys San Sebastian se eis eenparig van die hand, aangesien die verweerder nie 'n sorgsaamheidsverpligting aan die eiser verskuldig was nie.<sup>63</sup>

Alhoewel die toets wat die meerderheid van regters in hierdie saak aangewend het grootliks met die Engelse *Caparo*-saak<sup>64</sup> ooreenstem, is Davies<sup>65</sup> van mening dat die *San Sebastian*-toets<sup>66</sup> selfs strenger as die House of Lords se beslissing in die *Caparo*-saak<sup>67</sup> is. In teenstelling met die *Caparo*-standaard<sup>68</sup> wat vereis dat die verweerder daarvan kennis moes dra dat 'n persoon of klas van persone op sy of haar werk sou vertrou, vereis die *San Sabastian*-saak<sup>69</sup> dat die verweerder moes bedoel het om die eiser te oorreed om op grond van sy of haar voorstelling op te tree.

Die professionele persone in Australië se aanvanklike aanvaarding dat Australië se howe hulle daarvan sal weerhou om ouditeure se aanspreeklikheid tot dieselfde mate te beperk as die Engelse howe,<sup>70</sup> is dus verkeerd bewys.

---

have failed to establish the first matter and therefore the second matter cannot arise.”

<sup>63</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340362 en 374. Sien ook Godsell 1990:44.

<sup>64</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568. Hierdie beslissing word volledig op bls 30-34 van hoofstuk twee bespreek.

<sup>65</sup> 1991:183-184.

<sup>66</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340:358.

<sup>67</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>68</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>69</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340.

<sup>70</sup> Godsell 1996:54; Livanos 1990:56-60 en O'Leary 1998:523.

### 3. Ouditeursaanspreeklikheid sedert 1990

#### 3.1 Aanspreeklikheid in die verskillende state

##### 3.1.1 Victoria

Die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir wanvoorstellings in finansiële state is vir die eerste keer in die hooggeregshof van Victoria in 1990 in *AGC (Advances) Ltd v R Lowe Lippmann, Figdor and Franck*<sup>71</sup> aangespreek.

In hierdie saak het die verweerder ouditeure die finansiële state van Lyvetta Weaving Mills Pty Ltd (hierna Lyvetta genoem) geouditeer. Die finansiële state is later aan die eiser bekend gemaak en AGC (Advances) Ltd (hierna AGC genoem) het op grond van hierdie finansiële state hul lening aan Lyvetta uitgebrei. Die voorraad op die finansiële state was egter oorwaardeer en Lyvetta is later onder administrasie geplaas. AGC stel hierna 'n eis teen Lyvetta se ouditeure in vir die verlies wat hulle gely het.

Regter Vincent bevind in die hooggeregshof van Victoria dat die ouditeure wel 'n sorgsaamheidsverpligting aan die eiser verskuldig is. Volgens regter Vincent dui die omstandighede van die saak daarop dat dit redelikerwys voorsienbaar was dat die eiser op die finansiële state sou vertrou het en dat die verweerder kennis gedra het van die eiser se voorneme om op die finansiële state te vertrou.<sup>72</sup> Davies<sup>73</sup> en Tabalujan<sup>74</sup>

<sup>71</sup> (1990) 4 ACSR 337. Vgl ook O'Leary 1998:552.

<sup>72</sup> *AGC (Advances) Ltd v R Lowe Lippmann, Figdor and Franck* (1990) 4 ACSR 337:342-344 per regter Vincent: "...there was a reasonable possibility that the plaintiff may have relied upon statements made by the defendant in respect of that audit of which the defendant must be regarded as having knowledge, a duty of care which was owed by the defendant to the plaintiff arose." Vgl ook Gibson en Simnett 1994:57 en Hogg 1994:83-84.

is gevolglik van mening dat die beredenering van die hooggeregshof van Victoria meer met die *Caparo*-beslissing<sup>75</sup> ooreenstem as met die *San Sebastian*-beslissing.<sup>76</sup>

Regter Vincent se beslissing in die hooggeregshof van Victoria is egter in 1992 deur die appèlafdeling van die hooggeregshof van Victoria<sup>77</sup> ter syde gestel.

Regter Brooking<sup>78</sup> vertrou op die gesamentlike meerderheidsbeslissing van hoofregter Gibbs en regters Mason, Wilson en Dawson in die *San Sebastian*-saak<sup>79</sup> wat beide nabyheid en redelike voorsienbaarheid as voorvereistes stel vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting. Na aanleiding van hierdie meerderheidsbeslissing<sup>80</sup> beslis regter Brooking<sup>81</sup> verder dat die ouditeure slegs 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor die eisers sal hê indien die eisers kan bewys dat die ouditeure die finansiële state opgestel het met die bedoeling om die eiser te oorreed om op die finansiële state te vertrou.

---

<sup>73</sup> Davies 1991:185-186.

<sup>74</sup> Tabalujan 1993:229.

<sup>75</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>76</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340.

<sup>77</sup> *R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671.

<sup>78</sup> *R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671:679-680.

<sup>79</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340:355 per hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson: "The relationship of proximity is an integral constituent of the duty of care concept. We refer to that relationship in its broader sense, namely, as embracing a general limitation upon the test of reasonable foreseeability..." Sien ook Quinlan en Gardiner 1988:359.

<sup>80</sup> Ingevolge die gesamentlike meerderheidsbeslissing van hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson in *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340:358-359 kom 'n sorgsaamheidsverpligting slegs tot stand indien: "...A intends that B or members of a class of persons act or refrain from acting in a particular way, but also that A makes the statement with the intention of inducing B or members of that class, in reliance on the statement to act or refrain from acting in the particular way, in circumstances where A should realize that economic loss may be suffered if the statement is not true."

<sup>81</sup> *R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671:679.

Regter Brooking<sup>82</sup> steun op die *San Sebastian*-beslissing<sup>83</sup> en bevind dat die ouditeure nie 'n sorgsaamheidsverpligting aan AGC verskuldig is nie, aangesien die ouditeure nie die finansiële state opgestel het met die bedoeling om die eiser te oorreed om op die finansiële state te vertrou nie. Die verweerders het die finansiële state opgestel ten einde uitvoering te gee aan hul statutêre verpligtinge en hul kontraktuele verpligtinge aan Lyvetta en nie met die bedoeling om die eiser te oorreed om op die finansiële state te vertrou nie.<sup>84</sup>

Alhoewel die hof se benadering om klem op die statutêre verpligtinge van ouditeure te plaas,<sup>85</sup> met die House of Lords se benadering in die *Caparo*-beslissing<sup>86</sup> ooreenstem, verskil die hof se benaderings tog van mekaar. Die appèlafdeling van die hooggeregshof van Victoria in die *AGC*-saak<sup>87</sup> vereis dat die ouditeure moes bedoel het om die derde party te oorreed om op 'n bepaalde wyse op te tree, terwyl die House of Lords in die

---

<sup>82</sup> *R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671:682 per regter Brooking: "I am prepared to accept that they knew or believed that AGC would probably rely on the report in deciding what to do as regards Lyvetta's facility, but this knowledge or belief cannot be equated with an intention to induce AGC to act in reliance on the report." Sien ook Anderson 1996a:81; Gibson en Simnett 1994:56-57; Godsell 1996:54; O'Leary 1998:522 en Pacini, Hillison en Sinason 2000:399.

<sup>83</sup> Regter Brooking steun op die volgende gesamentlike beslissing van hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson in *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340:358-359 ingevolge waarvan daar slegs 'n sorgsaamheidsverpligting tot stand kan kom indien: "...A intends that B or members of a class of persons act or refrain from acting in a particular way, but also that A makes the statement with the intention of inducing B or members of that class, in reliance on the statement to act or refrain from acting in the particular way, in circumstances where A should realize the economic loss may be suffered if the statement is not true."

<sup>84</sup> *R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671:682.

<sup>85</sup> *R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671:682 per regter Brooking: "The only intention on the auditors' part in making their report established in this case... is an intention to discharge their statutory and contractual duties as Lyvetta's auditors by making the report required by the Companies Act." Vgl ook Pacini, Martin en Hamilton 2000:186 en Baxt 1994:449.

<sup>86</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>87</sup> *AGC (Advances) Ltd v R Lowe Lippmann, Figdor and Franck* (1990) 4 ACSR 337.

*Caparo*-saak<sup>88</sup> vereis het dat die ouditeure kennis daarvan moes dra dat 'n derde party op hul verslag sou vertrou. Die *AGC*-saak<sup>89</sup> beperk dus ouditeure se aanspreeklikheid meer as die House of Lords se beslissing in die *Caparo*-saak.<sup>90</sup> Tabalujan<sup>91</sup> meld verder dat die vereistes van nabyheid en voorsienbaarheid as gevolg van hierdie beslissing ondergeskik gestel is aan die bedoeling om die derde party te oorreed om op 'n bepaalde wyse op te tree.

### 3.1.2 Nieu Suid-Wallis

Die Hooggeregshof van Nieu Suid-Wallis het in 1992 'n eis van 'n derde party teen 'n ouditeur op grond van nalatige wanvoorstelling in *Columbia Tea & Coffee Pty Ltd v Churchill*<sup>92</sup> aangehoor.

In hierdie saak het Donyoke (die derde party) beweer dat hy op die finansiële jaarstate van Columbia Tea & Coffee Pty Ltd (hierna Columbia Tea genoem) vertrou het toe hy aandele in Columbia Tea en 'n assosiaat maatskappy van Columbia Tea gekoop het. Columbia Tea se finansiële jaarstate is deur die verweerder ouditeure, wat as Nelson Parkhill handel dryf, geouditeer. Die state het egter wanvoorstellings bevat en Donyoke beweer dat hy skade gely het as gevolg van die vertrou wat hy op die geouditeerde finansiële state van Columbia Tea geplaas het.

Regter Rolfe<sup>93</sup> beslis dat Nelson Parkhill 'n sorgsaamheidsverpligting aan Donyoke verskuldig was, aangesien die ouditeure vrywillig

---

<sup>88</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568. Vgl ook Davies 1991:185-186. Sien bls 30-34 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

<sup>89</sup> *AGC (Advances) Ltd v R Lowe Lippmann, Figdor and Franck* (1990) 4 ACSR 337.

<sup>90</sup> Tabalujan 1993:237.

<sup>91</sup> 1993:237.

<sup>92</sup> (1992) 29 NSWLR 141.

<sup>93</sup> *Columbia Tea & Coffee Pty Ltd v Churchill* (1992) 29 NSWLR 141:172-173 per regter Rolfe: "In the present case I have come to the conclusion that there was an assumption of responsibility by the auditors flowing, in particular, from the

aanspreeklikheid teenoor Donyoke aanvaar het ingevolge die verweerder se oudithandleiding.<sup>94</sup> Donyoke se eis teen die ouditeure slaag egter nie, aangesien die eiser nie daarin geslaag het om 'n kousale verband te bewys tussen sy skade en die ouditeure se versuim om aan die sorgsaamheidsverpligting te voldoen nie.<sup>95</sup>

Regter Rolfe se beslissing het dus ouditeure se aanspreeklikheid verder uitgebrei as wat in die sake van *Caparo*<sup>96</sup> en *AGC*<sup>97</sup> die geval was.<sup>98</sup> Die regsgevolg van hierdie beslissing is dat ouditeure enige stelling wat op 'n vrywillige aanvaarding van aanspreeklikheid dui uit hul dokumentasie of handleidings moet verwyder ten einde hul aanspreeklikheid te beperk.<sup>99</sup>

### 3.1.3 Suid-Australië

Die hooggeregshof van Suid-Australië het in 1994 die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes in *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords*<sup>100</sup> oorweeg. In hierdie saak het Peat Marwick Hungerfords (hierna PMH genoem) die finansiële state van Excel Finance Corp Ltd (hierna Excel genoem) geouditeer. Esanda Finance Corp Ltd (hierna

---

statements in s 2.2 of the audit Manual... For these reasons I consider that there was an assumption of responsibility such as to bring Donyoke, as a potential purchaser of shares, within the ambit of a party to which a duty of care was owed." Sien ook Anderson 1996a:82; Baxt 1993:129; Cooper en Barkoczy 1994:35; Greinke 1997:16 en Surtees 1996:19-20.

<sup>94</sup> *Columbia Tea & Coffee Pty Ltd v Churchill* (1992) 29 NSWLR 141:167. Hierdie paragraaf van die verweerder se ouditeurshandleiding het die volgende bepaal: "It acknowledges that there will be interested parties who read and rely on our reports. And this extends beyond the persons who employ us in the first instance or those to whom the report is addressed initially."

<sup>95</sup> *Columbia Tea & Coffee Pty Ltd v Churchill* (1992) 29 NSWLR 141:175 per regter Rolfe: "...I am not satisfied that Donyoke, or the moving spirits behind it, were in any way induced by or relied upon the audited accounts in coming to the conclusion that the shares in Columbia should be purchased. Accordingly there was no causal connection between the breach and the damages alleged." Vgl ook Hogg 1994:84.

<sup>96</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>97</sup> *AGC (Advances) Ltd v R Lowe Lippmann, Figdor and Franck* (1990) 4 ACSR 337.

<sup>98</sup> O'Leary 1998:523.

<sup>99</sup> Gibson en Simnett 1994:58.

<sup>100</sup> (1994) 61 SASR 424.

Esanda genoem) was 'n finansieringsmaatskappy en het na bewering op die finansiële state van Excel vir 1989 vertrou toe hulle besluit het om 'n paar finansieringstransaksies met Excel aan te gaan. Dit het egter later geblyk dat die finansiële state van Excel wanvoorstellings bevat het en Excel is onder kuratorskap geplaas. Esanda het hierna 'n eis teen PMH ingestel vir die skade wat die maatskappy gely het.

Hoofregter King oorweeg die beslissings in *San Sabastian*<sup>101</sup> en *AGC*<sup>102</sup> en kom tot die gevolgtrekking dat die omstandighede van 'n saak daarop moet dui dat daar 'n verhouding van nabyheid tussen die verweerder en eiser tot stand gekom het alvorens daar 'n sorgsaamheidsverpligting op die verweerder kan rus. Die verweerder se poging om die eiser te oorreed om op grond van sy of haar werk op te tree, is gewoonlik 'n element van sodanige verhouding van nabyheid.<sup>103</sup>

---

<sup>101</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340.

<sup>102</sup> *AGC (Advances) Ltd v R Lowe Lippmann, Figdor and Franck* (1990) 4 ACSR 337.

<sup>103</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1994) 61 SASR 424:431 per hoofregter King: "Nevertheless circumstances, in order to give rise to a duty of care, must demonstrate a relevantly close relationship and will generally, although I think not always, include an intention that the statement be acted upon by the plaintiff." Sien ook Anderson 1996a:82 en Corbett 1994:859.

Hoofregter King meld verder dat redelike voorsienbaarheid en die verweerder se lidmaatskap van 'n professionele liggaam nie voldoende is om 'n sorgsaamheidsverpligting daar te stel nie.<sup>104</sup> Hy ondersteun nie regter Rolfe se argument in die *Columbia*-saak<sup>105</sup> nie. Volgens hom kom daar nie 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure tot stand bloot as gevolg van hul verbintenis om aan die neergelegde ouditeurstandaarde te voldoen nie.<sup>106</sup> Regters Olsson en Millhouse ondersteun hoofregter King se beslissing en wys Esanda se eis van die hand.<sup>107</sup>

### 3.1.4 Wes-Australië

Die hooggeregshof van Wes-Australië het in 1995 ondersoek ingestel na die sorgsaamheidsverpligting van ouditeure teenoor die beleggers van 'n makelaarsfirma in *Edwards Karwacki Smith & Co Pty Ltd v Jacka Nominees Pty Ltd*.<sup>108</sup> Alhoewel regter Nicholson huiwerig was om die aansoek om 'n summiere bevel van die hand te wys, wys hy die aansoek van die hand, aangesien hy nie oortuig is dat daar 'n definitiewe sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure gerus het nie.<sup>109</sup> Hy bevind dat daar slegs 'n moontlike sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure kon gerus het as gevolg van die ouditeure se statutêre verpligting om behoorlik

<sup>104</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1994) 61 SASR 424:431-432. Vgl ook Surtees 1993:21.

<sup>105</sup> *Columbia Tea & Coffee Pty Ltd v Churchill* (1992) 29 NSWLR 141.

<sup>106</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1994) 61 SASR 424:432 per hoofregter King: "I do not think that the mere inclusion in a manual or set of standards of an acknowledgement of a professional responsibility to have the interests of users other than the client in mind in determining what is to be included in the accounts or in carrying out the audit, can have the effect of enlarging the area of legal duty by creating a legal duty of care to persons to whom it would not otherwise be owed." Vgl ook O'Leary 1998:523.

<sup>107</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1994) 61 SASR 424:445-446. Vgl ook Anderson 1996a:83; Hogg 1994:84-85 en Surtees 1996:31.

<sup>108</sup> *Edwards Karwacki Smith & Co Pty Ltd v Jacka Nominees Pty Ltd* (1995) 13 ACLC 9.

<sup>109</sup> In *Edwards Karwacki Smith & Co Pty Ltd v Jacka Nominees Pty Ltd* (1995) 13 ACLC 9:29 was regter Nicholson versigtig "...not to risk stifling the development of the law by summarily rejecting a claim where there is a reasonable possibility that, as the law develops, it will be found that a cause of action will lie."

verslag te lewer, die beperkte groep gebruikers wat op die state gesteun het en die bedrag van die eis wat met redelike sekerheid vasgestel kon word. Regter Nicholson wys gevolglik die aansoek van die hand.<sup>110</sup>

Die hooggeregshof van Wes-Australië het in 1996 ondersoek ingestel na die moontlike sorgsaamheidsverpligting van Asha Capital Corp Ltd (hierna Asha Capital genoem) se ouditeur in *Strategic Minerals Corp NL v Henry Rae & Court*.<sup>111</sup> In hierdie saak het Strategic Minerals Corp NL (hierna Strategic genoem) dit oorweeg om 'n groot gedeelte van die aandele van een van Asha Capital se filiale oor te neem in ruil vir aandele in Strategic. Die besturende direkteur van Strategic het Asha Capital se ouditeur versoek om verslag te lewer oor die redelikheid van die transaksie. Die ouditeur se verslag het die redelikheid van die transaksie bevestig en die aandele van Asha Capital se filiaal is deur Strategic oorgeneem. Dit blyk later dat een van die myne wat deur Strategic oorgeneem is, waardeloos is en Strategic stel 'n eis teen die ouditeure in vir die verliese wat hulle gely het.

Regter Scott<sup>112</sup> steun op hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson se beslissing in *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979*<sup>113</sup> en beslis dat 'n

<sup>110</sup> *Edwards Karwacki Smith & Co Pty Ltd v Jacka Nominees Pty Ltd* (1995) 13 ACLC 9:29. Sien ook Anderson 1996a:84.

<sup>111</sup> (1996) 14 ACLC 485.

<sup>112</sup> *Strategic Minerals Corp NL v Henry Rae & Court* (1996) 14 ACLC 485:496 per regter Scott: "Thus, the duty of care arising from a negligent misstatement is circumscribed by the necessity of founding a sufficiently close proximate or 'special' relationship which depends upon the presence of factors of reasonable reliance by the representee and the assumption of responsibility by the representor... The plaintiff... bears the onus of proving reliance in law, that is, that the plaintiff in fact did rely on the report prepared by the defendant." Vgl ook Anderson 1996b:375.

<sup>113</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340:355 per hoofregter Gibbs en regters Wilson en Dawson: "When the economic loss results from negligent misstatement, the element of reliance plays a prominent part in the ascertainment of a relationship of proximity between the plaintiff and the defendant, and therefore in the ascertainment of a duty of care."

besondere verhouding of 'n verhouding van nabyheid noodsaaklik is vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting aan die kant van die ouditeure. Hierdie verhouding sal slegs aanwesig wees indien daar aan die volgende twee vereistes voldoen word:

- Die derde party moes 'n redelike mate van vertroue op die ouditeur se werk geplaas het.
- Die ouditeur moes aanspreeklikheid aanvaar het vir die waarheid van sy of haar voorstellings.

Regter Scott beslis dat die eiser nie daarin geslaag het om te bewys dat hulle 'n redelike mate van vertroue op die ouditeur se werk geplaas het nie. Strategic se aandeelhouders het nie die ouditeur se verslag ontvang nie en hulle het dit ook nie geles toe hulle 'n besluit geneem het om Asha Capital se filiaal se aandele oor te neem nie.<sup>114</sup>

Die teenstrydige beslissings in die hooggeregshowe van Australië het tot regsonsekerheid in die toepassing van die Australiese gemenereg aanleiding gegee en daar het 'n behoefte in Australië ontstaan om die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye op federale vlak aan te spreek.<sup>115</sup>

### 3.2 Aanspreeklikheid op federale vlak

Die verwarring wat deur die teenstrydige beslissings van die hooggeregshowe van Australië veroorsaak is, is grootliks in 1997 aangespreek toe Esanda vanaf die hooggeregshof van Suid-Australië<sup>116</sup>

---

<sup>114</sup> *Strategic Minerals Corp NL v Henry Rae & Court* (1996) 14 ACLC 485:497. Vgl ook Anderson 1996b:375.

<sup>115</sup> Anderson 1996b:375; Baxt 1994:450; Greinke 1997:309 en Greinke en Shailer 1997:16.

<sup>116</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1994) 61 SASR 424.

na die hoë hof van Australië<sup>117</sup> geappelleer het in *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords*.<sup>118</sup>

Die hoë hof van Australië se beslissing stem in 'n groot mate met die beslissings in *Caparo*<sup>119</sup> en *Lowe Lippman*<sup>120</sup> ooreen, terwyl die *Columbia Coffee*-saak<sup>121</sup> se beredenering verwerp is.<sup>122</sup>

Baxt<sup>123</sup> en Greinke en Shailor<sup>124</sup> identifiseer die volgende ses faktore wat die hoë hof in die *Esanda*-saak<sup>125</sup> in aanmerking geneem het om te bepaal of daar 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure tot stand gekom het:

- Voorsienbaarheid is opsigself nie voldoende om tot 'n sorgsaamheidsverpligting aanleiding te gee nie; daar moet ook 'n verhouding van nabyheid tussen die partye teenwoordig wees.<sup>126</sup>
- Die feit dat die ouditeur daarvan bewus was dat sy of haar inligting of advies aan 'n derde party gekommunikeer sal word en dat die derde party vertrouwe daarop sal plaas, is nie voldoende om 'n sorgsaamheidsverpligting daar te stel nie.<sup>127</sup>

<sup>117</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448. Die hoë hof van Australië is volgens artikel 71 van die Grondwet van Australië die hof met die hoogste gesag. Sien <http://www.dpmc.gov.au/docs/constitution.cfm> op 17 Maart 2004.

<sup>118</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448. Vgl ook O'Leary 1998:523.

<sup>119</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>120</sup> *R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671.

<sup>121</sup> *Columbia Tea & Coffee Pty Ltd v Churchill* (1992) 29 NSWLR 141.

<sup>122</sup> Greinke en Shailer 1997:16 en Rogers 1997:17.

<sup>123</sup> Baxt 1997:310-312.

<sup>124</sup> Greinke en Shailor 1997:16-18.

<sup>125</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448.

<sup>126</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448 per hoofregter Brennan:452 en regters Dawson:454; McHugh:464 en Toohey en Gaudron:457. Vgl ook Rogers 1997:170; Swanton en McDonald 1997:822 en 823 en Pacini, Hillison en Sinason 2000:400.

<sup>127</sup> In *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448 ondersteun regters Dawson:455 en regters Toohey en Gaudron:458 regter Brennan se siening in *R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671:682 dat blote "knowledge or belief cannot be equated with an intention to induce AGC to act in reliance on the report."

- Die ouditeur moes bedoel het om deur sy of haar uitlatings die individuele ontvanger of klas van ontvangers te oorreed om op 'n bepaalde manier op te tree as gevolg van die vertroue wat hulle op die ouditeur se uitlatings geplaas het.<sup>128</sup> Hierdie benadering is gegrond op die beslissing van hoofregter Barwick in die *Mutual*-saak<sup>129</sup> en die hoë hof van Australië se beslissing in die *San Sebastian*-saak.<sup>130</sup>
- Die oogmerk of doel waarvoor die ouditeursverslag voorberei word, is van uiterste belang.<sup>131</sup> Die hof ondersteun die beslissings in *Caparo*<sup>132</sup> en *Lowe Lippman*<sup>133</sup> ingevolge waarvan daar beslis is dat ouditeure die ouditeursverslag primêr opstel om aan hul kontraktuele verpligtinge en die statutêre voorskrifte te voldoen en nie om inligting aan 'n potensiële belegger te verskaf nie.
- 'n Besondere verhouding van nabyheid kan slegs tot stand kom indien die adviseur oor spesiale kundigheid of kennis beskik het, of toegang tot bepaalde inligting gehad het, waartoe die eiser nie toegang gehad het nie.<sup>134</sup>

<sup>128</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448 per hoofregter Brennan:453; regter Dawson:455 en regters Toohey en Gaudron:459. Vgl ook Greinke en Shailer 1997:18 en Rogers 1997:171.

<sup>129</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556:559-581.

<sup>130</sup> *San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340.

<sup>131</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448 per hoofregter Brennan:452; regter Dawson:456. Vgl ook Greinke 1997:18.

<sup>132</sup> *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568.

<sup>133</sup> *R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671.

<sup>134</sup> In *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448:460 is veral regters Toohey en Gaudron van mening dat Esanda se eis nie moet slaag nie as gevolg van hierdie faktor. Volgens hierdie regters kon Esanda hul eie ouditeure aangestel het om die Excel se finansiële state te ondersoek: "It may be accepted that, as Excel's auditors, Peat Marwick were in a particular advantageous position to know or ascertain Excel's true financial position. However, there is nothing to suggest Esanda was not itself able to have accountants undertake the same risk on its behalf as a condition of its entertaining the possibility of entering into financial transactions with Excel." Regter McHugh:474 ondersteun hoofregter Lucas se uitspraak in *Bily v Arthur Young & Co* 11 Cal Rptr 2d 51 (Cal 1992):71 dat die eisers wat deliktuele aksies teen ouditeure instel gewoonlik oor die vermoë beskik om finansiële inligting te ontleed en ook van die leemtes van 'n auditverslag bewus is: "Investors, creditors, and others who read and rely on audit reports and financial statements are not the equivalent of ordinary consumers. Like plaintiffs here, they often possess considerable sophistication in analyzing financial information and are aware from training and experience of the limits of an audit

- 'n Klousule wat afstand doen van aanspreeklikheid kan voorkom dat daar 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure rus.

Die hoë hof van Australië beslis eenparig dat daar nie 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure rus nie en wys *Esanda* se appèl van die hand.<sup>135</sup>

Die konserwatiewe benadering wat die hoë hof van Australië gevolg het, is gunstig deur die ouditeursprofessie ontvang, terwyl sommige skrywers dit as onnodig beperkend beskou het.<sup>136</sup>

#### 4. Gevolgtrekking

Die teenstrydige uitsprake in die verskillende hooggeregshowe van die state van Australië het tot regsonsekerheid aanleiding gegee. Hierdie verwarring is grootliks in 1997 in die *Esanda*-beslissing<sup>137</sup> aangespreek toe ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye vir die eerste keer op federale vlak aangespreek is.

Dit blyk uit die bespreking dat daar in Australië 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure teenoor derde partye rus indien beide die elemente redelike voorsienbaarheid en nabyheid aanwesig is. Hierdie benadering stem in 'n

---

report "product" that is, at bottom, simply a broadly phrased professional opinion based on a necessarily confined examination." Regter McHugh vind dit gevolglik onaanvaarbaar dat eisers vergoed moet word vir die skade wat hulle gely het indien hulle self besluit het om op die werk van die ouditeur te vertrou en nie bereid was om die ouditeur vir sy of haar werk te vergoed nie: "They require the auditor to compensate them for loss that arose from their self-induced reliance, but they were not prepared to pay for the auditor's work." Regter Gummow:482 huldig 'n soortgelyke mening as die vorige regters: "...the plaintiff in a case such as the present in substance seek to render the auditor liable as if it had given, but without receipt of reciprocal value for doing so, a guarantee to a range of third parties who finance the operations of the corporation; this guarantee is limited in amount and lacks the protection of various doctrines by which the courts have shown a tenderness to sureties." Sien ook Pacini, Hillison en Sinason 2000:400.

<sup>135</sup> Rogers 1997:169.

<sup>136</sup> O'Leary 1998:521.

<sup>137</sup> *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448.

groot mate ooreen met die benaderings wat in Engeland, Amerika en Kanada gevolg word. Die standaard wat Australië se gemenerereg aanwend om ouditeure se aanspreeklikheid te begrens blyk egter meer beskerming aan ouditeure te verleen teen eise van derde partye as wat die Engelse, Amerikaanse en Kanadese gemenerereg aan ouditeure bied. Dit is hoofsaaklik daaraan te danke dat ouditeure in Australië slegs aanspreeklikheid teenoor derde partye opdoen indien hulle gepoog het om die derde partye te oorreed om op hul werk te vertrou, of indien hulle oor spesiale kundigheid of kennis beskik het, of toegang tot bepaalde inligting gehad het, waartoe die eiser nie toegang gehad het nie.

## HOOFSTUK 6

### NIEU-SEELAND

#### 1. Inleiding

Die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir wanvoorstellings in finansiële state is vir die eerste keer in 1968 deur die hooggeregshof van Wellington in *Dimond Manufacturing Co v Hamilton*<sup>1</sup> aangespreek.

In hierdie hoofstuk sal daar 'n historiese oorsig oor die ontwikkeling van die Nieu-Seelandse gemenerereg ("common law") rakende die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye verskaf word. Die vertroue wat die Nieu-Seelandse gemenerereg op die Engelse gemenerereg geplaas het,<sup>2</sup> sal ondersoek word en die verskillende standarde wat ontwikkel is om te bepaal of 'n ouditeur 'n sorgsaamheidsplig teenoor derde partye het, sal aan die hand van relevante regspraak ondersoek word.

#### 2. 'n Besondere verhouding as standaard

In *Dimond Manufacturing Co v Hamilton*, die eerste hofsaak in Nieu-Seeland wat die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye betrek het, wend beide die hooggeregshof van Wellington<sup>3</sup> en die hof van appèl<sup>4</sup> ("Court of Appeal") die totstandkoming van 'n besondere verhouding tussen die eiser en verweerder as standaard aan om vas te stel of die ouditeure 'n sorgsaamheidsverpligting aan die eiser verskuldig is.

---

<sup>1</sup> [1968] 1 NZLR 705.

<sup>2</sup> Vgs Van Zyl 1981:195 plaas die Nieu-Seelandse gemenerereg ("common law") 'n groot mate van vertroue op die Engelse gemenerereg.

<sup>3</sup> [1968] 1 NZLR 705.

<sup>4</sup> [1969] 1 NZLR 609.

In hierdie saak het die ouditeure 'n ongekwalfiseerde verslag uitgereik vir 'n maatskappy se finansiële jaarstate vir 1964. Die bedryfsresultate van die maatskappy het swak vertoon en daar is besluit om kopers vir die maatskappy se aandele te werf. Een van die vennote van die ouditeursfirma (Meek) het 'n voornemende koper vir die aandele gewerf en die state 'n geruime tyd na die afhandeling van die audit aan die eiser oorhandig. Die eiser het daarna die aandele van die maatskappy gekoop en het later gevind dat bates te hoog aangeslaan was en dat die laste onderskat was. Die eiser stel hierna 'n eis teen die ouditeure in as gevolg van die nalatige wanvoorstellings in die maatskappy se finansiële state.

Regter Tomkins<sup>5</sup> wys in die hooggeregshof van Wellington die eiser se eis van die hand. Die hof beslis dat daar nie 'n regsplig op die ouditeure gerus het nie, aangesien daar nie 'n besondere verhouding tussen die eiser en die ouditeure teenwoordig was nie.

In die hof van appèl<sup>6</sup> vertrou regter McCarthy op hoofregter Barwick se beslissing in *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt*<sup>7</sup> en beslis dat daar wel 'n besondere verwantskap tussen die eiser en verweerder tot stand gekom het.<sup>8</sup> Hy meen dat Meek se optrede deel uitmaak van 'n reeks wanvoorstellings en dat die ouditeure eers aanspreeklikheid opdoen sodra die eiser op die wanvoorstellings reageer.<sup>9</sup>

---

<sup>5</sup> In *Dimond Manufacturing Co v Hamilton* [1968] 1 NZLR 705:709 wys regter Tomkins daarop dat die finansiële state nie voorberei was met die wete dat die state "were going to be shown to and relied on by some third parties in circumstances which showed an implied undertaking to accept responsibility if the accounts were negligently prepared... I do not think that accountants or auditors who certify an annual balance sheet are by that fact alone under a liability to third parties for negligence in the preparation or certifying of such accounts. If this were not so, there would be a startling and new general liability upon all auditors to third parties..."

<sup>6</sup> *Dimond Manufacturing Co v Hamilton* [1969] 1 NZLR 609.

<sup>7</sup> *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556:571. Regter Barwick se beslissing word volledig op bls 90-91 van hoofstuk vyf bespreek.

<sup>8</sup> *Dimond Manufacturing Co v Hamilton* [1969] 1 NZLR 609. Vgl Baxt 1973:47.

<sup>9</sup> *Dimond Manufacturing Co v Hamilton* [1969] 1 NZLR 609:628 per regter McCarthy: "Misrepresentations such as the one alleged in this case is a continuing

Regter Turner is ook van mening dat daar 'n besondere verwantskap tussen die eiser en verweerder tot stand gekom het toe Meek die finansiële state van 1964 aan die eiser oorhandig het. Die vennoot het die juistheid van die finansiële state stilswyend te kenne gegee, wel wetende dat die eiser as voornemende koper vertrouwe daarop sou plaas.<sup>10</sup>

### 3. Die redelike voorsienbaarheidstandaard

'n Jaar na die *Anns*-beslissing<sup>11</sup> in Engeland steun regters Cooke en Woodhouse in *Scott Group Ltd v McFarlane and others*<sup>12</sup> op lord Wilberforce se tweeledige voorsienbaarheidstoets in die *Anns*-saak<sup>13</sup> om te bepaal of daar 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure gerus het.

In die *Scott Group*-saak<sup>14</sup> was McFarlane die ouditeure van John Duthie Holdings Ltd (hierna John Duthie genoem). Die eisers het by wyse van 'n aandele-uitruiling met die direkteure van John Duthie 'n oorname van die maatskappy beding. Dit het na die oorname aan die lig gekom dat John Duthie se gekonsolideerde finansiële state wanvoorstellings bevat het. Die direkteure en ouditeure van John Duthie was reeds voor die oorname van die maatskappy daarvan bewus dat die gekonsolideerde state onjuis

---

representation: *Bries v Woolley* 1954 AC 333. The tort is not complete when the representation is made; it becomes complete when the representation, not having been corrected in the meantime, is acted on by the representee." Vgl Johnston 1978:182.

<sup>10</sup> *Dimond Manufacturing Co v Hamilton* [1969] 1 NZLR 609: 635-636. Boyle en Birds 1987:534 is van mening dat die hof van appèl se beslissing 'n uitbreiding van *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574 is: "The duty of care to the investing public may be viewed as an extension of the doctrine established in *Hedley Byrne v Heller*. In New Zealand the court has held that when audited accounts are filed at a public registry a reasonably foreseeable takeover bid (even if unknown to auditors) will give rise to a duty of care."

<sup>11</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492.

<sup>12</sup> [1978] NZLR 553 (CA).

<sup>13</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498. Sien bls 17-20 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van lord Wilberforce se tweeledige voorsienbaarheidstoets.

<sup>14</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] 1 NZLR 553 (CA).

was. Ten spyte daarvan dat die ouditeure van die fout bewus was en nie daarin kon geslaag het om die fout op te spoor nie, het die ouditeure steeds 'n ongekwalfiseerde ouditeursverslag uitgereik. Na die oornome van John Duthie het die ouditeure vasgestel dat die winste van sommige filiale twee keer in die gekonsolideerde finansiële state opgeneem is. Die eiser stel hierna 'n eis om skadevergoeding teen die ouditeure in weens die nalatige wanvoorstellings in die gekonsolideerde finansiële jaarstate van John Duthie.

Regter Quillam bevind in die *hof a quo*<sup>15</sup> dat daar nie 'n besondere verhouding tussen die eiser en die verweerder teenwoordig was nie. Die verweerder was nie ten tye van die sertifisering van die finansiële jaarstate daarvan bewus dat die eiser van plan was om John Duthie oor te neem nie.<sup>16</sup> Daar het gevolglik nie 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure gerus om skade deur misleiding te voorkom nie en die eiser se eis om skadevergoeding word van die hand gewys.

Regters Cooke en Woodhouse bevind in die hof van appèl<sup>17</sup> dat daar wel 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure gerus het om skade te voorkom, terwyl Richmond, die president van die hof, nie die bestaan van 'n regsplig in die omstandighede erken nie. Regter Cooke bevind dat die eiser geen skade gely het nie, terwyl regter Woodhouse bevind dat die eiser wel skade gely het.<sup>18</sup>

---

<sup>15</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1975] 1 NZLR 582.

<sup>16</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1975] 1 NZLR 582:582. Regter Quillam bevind dat "when the defendants carried out their audit and signed their report they had no knowledge of any intention by the plaintiff (or any one else) to formulate a takeover offer". Vgl Cawthorn 1979:463.

<sup>17</sup> [1978] NZLR 553 (CA).

<sup>18</sup> Cawthorn 1979:464.

Richmond,<sup>19</sup> die president van die hof van appèl, meen dat die redelike voorsienbaarheidstoets tot onbepaalde aanspreeklikheid aanleiding kan gee en hy dring daarop aan om die *Hedley Byrne*-standaard<sup>20</sup> aan te wend. Alhoewel die House of Lords versuim het om in die *Hedley Byrne*-saak spesifieke kriteria neer te lê vir die totstandkoming van hierdie spesiale verhouding,<sup>21</sup> is die president van die hof van appèl van mening dat daar slegs 'n besondere verhouding tussen die eiser en verweerder kon bestaan het, indien die ouditeure aanspreeklikheid aanvaar het vir die betroubaarheid van die advies wat hulle gelever het of vir die inligting wat hulle verskaf het. Die ouditeure moes verder daarvan bewus gewees het, of moes redelikerwys daarvan bewus gewees het dat die inligting of advies aan 'n bepaalde persoon of klas persone bekend gemaak sou word het en dat hierdie persoon of persone daarop sou steun om 'n spesifieke transaksie of soort transaksie aan te gaan.<sup>22</sup> Die president van die hof van appèl wend dus inderwaarheid die bestaan van 'n besondere verhouding en voorsienbaarheid as maatstawwe aan om die ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens. Die president van die hof van appèl beslis dat daar 'n algemene verhouding en nie 'n besondere verhouding tussen die eiser en verweerder teenwoordig was nie. Daar het

---

<sup>19</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):566 per regterpresident Richmond: "It would be going too far to treat the accountants as assuming a responsibility towards all persons dealing with the company or its members, in reliance to some greater or lesser degree on the accuracy of the accounts, merely because it was reasonably foreseeable, in general way, that a transaction of the kind in which the plaintiff happened to become involved might indeed take place."

<sup>20</sup> Die standaard wat die House of Lords in *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574 neergelê het, word volledig op bls 14-17 van hoofstuk twee bespreek.

<sup>21</sup> Cookson 1977:1-2; James 1990:72; Morris 1991:40 en Oliver 1982:218.

<sup>22</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):566 per regterpresident Richmond: "The question in any given case is whether the nature of the relationship is such that one party can fairly be held to have assumed a responsibility to the other as regards to the reliability of the advice or information. I do not think that such a relationship should be found to exist unless, at least, the maker of the statement was, or ought to have been, aware that his advice or information would in fact be made available to and be relied on by a particular person or class of persons for the purposes of a particular transaction or type of transaction."

gevolglik nie 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure teenoor die eisers gerus nie.<sup>23</sup>

Regter Woodhouse<sup>24</sup> is van mening dat lord Wilberforce se tweeledige toets in die *Anns*-saak<sup>25</sup> aangewend moet word om te bepaal of daar 'n sorgsaamheidsverpligting op die ouditeure gerus het. Regter Woodhouse noem hierdie toets die “comprehensible and straightforward test of foreseeability”.<sup>26</sup> Lord Wilberforce se tweeledige toets bepaal dat daar eerstens vasgestel moet word of daar 'n verhouding van nabyheid bestaan tussen die delikpleger en die persoon wat die skade gely het. Indien die antwoord positief is, kom daar 'n *prima facie* sorgsaamheidsverpligting tot stand. Regter Woodhouse bevind dat daar wel 'n verhouding van nabyheid tussen die eiser en die verweerder tot stand gekom het en dat daar 'n *prima facie* regsplig op die ouditeure gerus het om skade deur misleiding te voorkom, as gevolg van die volgende:<sup>27</sup>

- Die ouditeure beoefen 'n professie, lewer deskundige advies teen vergoeding en ouditeer die finansiële state van 'n maatskappy met die bedoeling dat ander persone daarop sal steun.<sup>28</sup>

<sup>23</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):566 per regterpresident: “The relationship between the parties would, I think be too general and not sufficiently 'special' to come within the principles underlying the decision in *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1964] AC 465; [1963] 2 All ER 574. As I have said, I believe it to be essential to the existence of a 'special relationship' that the maker of the statement was or should have been aware that his advice was required for use in a specific type of contemplated transaction...” Vgl Naude 1979:133.

<sup>24</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):574. Sien ook Johnston 1978:179.

<sup>25</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498. Sien bls 17-20 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie tweeledige voorsienbaarheidstoets.

<sup>26</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):574.

<sup>27</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):575-576. Vgl Cilliers en Benade 1982:528-529.

<sup>28</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):575 per regter Woodhouse: “The auditors were professionals. They were in the business of providing expert advice for reward. Their work was undertaken voluntarily and their advice was then given in a considered and deliberate way by certifying in effect that the accounts could safely be relied on. It would be a fruitless exercise if

- Ouditeure is daarvan bewus dat 'n maatskappy se vermoë om sy handelsbetrekkinge te hanteer afhanklik is van die betroubaarheid van sy state en die vertroue wat daar op die ouditeursverslag geplaas word. Ouditeure behoort gevolglik te aanvaar dat hulle nie net 'n direkte verantwoordelikheid teenoor die aandeelhouers van die maatskappy het nie, maar dat hulle ook 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor diegene moet uitoefen wie hulle redelikerwys kan voorsien van die state gebruik sal maak en daarop kan vertrou om transaksies met die maatskappy of sy lede aan te gaan. Daar is dus by die oornome van 'n maatskappy 'n besondere verhouding van nabyheid tussen die partye teenwoordig.
- Ouditeure moet besef dat daar nie in die normale loop van sake geleentheid vir derde partye is om die finansiële state van maatskappye te ondersoek nie. Dit is ook nie prakties uitvoerbaar vir maatskappye om verskeie onafhanklike ondersoeke van sy finansiële state toe te laat nie.
- Die ouditeure was daarvan bewus dat die finansiële state en die ouditeursverslag openbare dokumente is en dat derde partye insae daarin sou hê.

Indien daar 'n *prima facie* regsplig op 'n persoon rus om skade te voorkom, bepaal lord Wilberforce<sup>29</sup> se voorsienbaarheidstoets dat daar in die tweede plek vasgestel moet word of daar enige beleidsoorwegings aanwesig is wat die omvang van aanspreeklikheid, die persone aan wie die sorgsaamheidsverpligting verskuldig is, of die skade wat die verbreking van sodanige sorgsaamheidsverpligting veroorsaak het, kan beperk. Regter Woodhouse bevind dat daar nie enige beleidsoorwegings

---

they did not intend that the audited accounts could and would be relied on. So their audited report gave an added quality to the accounts and that was its purpose. Certainly there was nothing casual about any aspect of their professional function."

<sup>29</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498.

teenwoordig is wat die ouditeure se aanspreeklikheid behoort te beperk nie.<sup>30</sup>

Die toets wat regter Woodhouse aanwend om te bepaal of die eiser skade gely het, is die verskil tussen die prys wat die eiser betaal het vir die aandele en die redelike markwaarde van die aandele op die datum waarop die aandele aangekoop is.<sup>31</sup> Hy bevind dat die eiser skade van \$24 500 gely het, aangesien die eiser 'n laer aanbod vir aandele sou gemaak het indien die balansstaat die korrekte posisie van John Duthie weergegee het.<sup>32</sup>

Regter Cooke<sup>33</sup> is ook van mening dat lord Wilberforce se tweeledige toets in die *Anns*-saak<sup>34</sup> aangewend moet word om te bepaal of daar 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure tot stand gekom het. Die regter is van mening dat die relevantheid van die statutêre verpligting van publieke maatskappye om hul finansiële state vir insae te liasseer daarin geleë is om ouditeure in kennis te stel dat die finansiële state en hul verslag aan

---

<sup>30</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):576.

<sup>31</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):577 per regter Woodhouse: "In considering whether the Scott Group Ltd received value for price it is essential to keep in mind that the agreement reached was for a sale and purchase not of assets but of shares in a company that remained in business as an active commercial undertaking. I say that because the particular character of the transaction has a double consequence. On the one hand, Scott Group Ltd is unable to claim that damages should be measured directly by the fact that the asset backing for the shares it acquired turned out to be \$38 000 less than had been anticipated. In tort a representee cannot claim damages by reference to the situation he would have been in if the misrepresentation had been true. Conversely the auditors are unable to take refuge in the substantial asset backing of the shares in order to show that Scott Group Ltd did well to purchase the shares. The damages are not to be measured by considering the collateral implications of the bargain but by the price paid for the shares less their actual value at the time." Vgl ook Johnston 1978:185.

<sup>32</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):577. Vgl Cawthorn 1979:577 en Johnston 1978:185.

<sup>33</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):584. Sien ook Johnston 1978:181.

<sup>34</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492:498. Sien bls 17-20 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie tweeledige voorsienbaarheidstoets.

die publiek bekend gemaak gaan word.<sup>35</sup> Die feit dat ouditeure gevolglik daarvan bewus is dat een of meer lede van die publiek op die geouditeerde finansiële state kan vertrou en die feit dat dit redelik voorsienbaar was dat die maatskappy oorgeneem kon word, het tot gevolg gehad dat daar 'n regsplig op die ouditeure gerus het om skade deur misleiding te voorkom.<sup>36</sup>

Regter Cooke meen ook dat skade bereken moet word as die verskil tussen die prys wat betaal is vir die aandele en die redelike markwaarde van die aandele op die datum waarop die aandele aangekoop is.<sup>37</sup> Die enigste verlies wat die eiser volgens regter Cooke gely het, was dat die eiser 'n laer wins gemaak het as wat hulle sou gemaak het indien die finansiële state 'n ware weergawe van John Duthie se finansiële posisie was. Regter Cooke beslis dat hierdie verlies nie ingevolge die deliktereg verhaalbaar is nie en die regter wys die eiser se eis om skadevergoeding van die hand.<sup>38</sup>

Alhoewel die redelike voorsienbaarheidstoets wat in die *Scott Group*-saak<sup>39</sup> aangewend is, gekritiseer is as gevolg van die wye aanspreeklikheid wat die toets tot gevolg kan hê,<sup>40</sup> het die Nieu-Seelandse skrywers<sup>41</sup> regters Cooke en Woodhouse se beslissings ondersteun. Die meerderheidsuitsprake van hierdie regters is ook later in Engeland

<sup>35</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):581 per regter Cooke: "The relevance of the public availability of the certified accounts, as I see it, is simply that the certifying auditors know that the accounts and their certificate will indeed be made public."

<sup>36</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):582. Sien ook Cilliers en Benade 1982:529-530 en Naudé 1979:126.

<sup>37</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):582.

<sup>38</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA):587 per regter Cooke: "When this takeover is looked at from the point of view it becomes clear, I think, from the Scott company's own evidence that it did not make any loss. All that happened was that its profit was not as great as it would have been if the accounts had been correct...". Vgl Cawthorn 1979:465 en Johnston 1978:185.

<sup>39</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] 1 NZLR 553 CA.

<sup>40</sup> Davies 1991:174.

<sup>41</sup> Johnston 1978:175.

nagevolg in *JEB Fasteners Ltd v Marks, Bloom and Co*<sup>42</sup> en in sake waar nalatige wanvoorstelling suiwer ekonomiese skade veroorsaak het.<sup>43</sup> Ouditeure in Nieu-Seeland was dus na die *Scott Group*-saak<sup>44</sup> 'n sorgsaamheidsverpligting teenoor alle bestaande aandeelhouders as 'n groep, individuele aandeelhouders en potensiële aandeelhouders verskuldig indien die ouditeure redelikerwys kon voorsien het dat hierdie aandeelhouders vertrou op die finansiële state sou geplaas het.<sup>45</sup> Die aanwending van die redelike voorsienbaarheidstoets in die *Scott Group*-saak<sup>46</sup> was tot die begin van 1999 in Nieu-Seeland van krag.<sup>47</sup>

#### 4. Werklike vertroue op die finansiële state as standaard

Nieu-Seeland se hof van appèl het in 1999 die meerderheidsuitsprake van regters Woodhouse en Cooke in die *Scott Group*-saak<sup>48</sup> stilswyend verwerp<sup>49</sup> deur nie die redelike voorsienbaarheidstoets van die *Anns*-beslissing<sup>50</sup> in *Boyd Knight v Purdue*<sup>51</sup> toe te pas nie.

In die *Boyd Knight*-saak<sup>52</sup> het die verweerder ouditeure Burbery Mortgage Finance and Savings Ltd (hierna Burbery genoem) se prospektus geouditeer. Mnr Burbery het vier fiktiewe lenings in die boeke van Burbery geskep wat daartoe gelei het dat Burbery se aandeelhoudersbelang met \$1.15 miljoen te veel aangeslaan is. Die ouditeure het nie hierdie wanvoorstelling opgespoor nie en het erken dat hulle wel die wanvoorstelling sou opgespoor het indien hulle die nodige sorg en

<sup>42</sup> [1981] 3 All ER 289:295.

<sup>43</sup> *Takaro Properties Ltd v Rowling* [1978] 2 NZLR 22 (CA); *Gartside v Sheffield, Young & Ellis* [1983] 1 NZLR 37 (CA) en *Meates v Attorney-General* [1983] 1 NZLR 308 (CA).

<sup>44</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] 1 NZLR 553 CA.

<sup>45</sup> French 1990:225; Watson 1999:294 en Watson 2000:52.

<sup>46</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] 1 NZLR 553 CA.

<sup>47</sup> Pacini, Martin en Hamilton 2000:213.

<sup>48</sup> *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] 1 NZLR 553 CA.

<sup>49</sup> Pacini, Martin en Hamilton 2000:213.

<sup>50</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492.

<sup>51</sup> [1999] 2 NZLR 276.

vaardigheid aan die dag gelê het. Twee-derdes van die kapitaal is terugbetaal aan die skuldbriefhouers wat vanaf 1 Julie tot 10 Augustus 1998 skuldbriewe van Burberry aangekoop het, maar Burberry kon nie daarin slaag om die res van die kapitaal af te los en die rente op die skuldbriewe te betaal nie. Purdue dagvaar hierna namens die groep van skuldbriefhouers die verweerder ouditeure, Boyd Knight, aangesien hy van mening was dat hy skade gely het deur op die geouditeerde prospektus te steun toe hy die skuldbriewe van Burberry aangekoop het.

In die hoë hof van Christchurch<sup>53</sup> bevind regter Chisholm dat daar wel 'n regsplig op die ouditeure gerus het om skade deur misleiding te voorkom. Regter Chisholm bestudeer die *Securities Act, 1978* en kom tot die gevolgtrekking dat hierdie Wet wel bedoel het om 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure te plaas. Nadat regter Chisholm die gemenerereg<sup>54</sup> bestudeer het, beslis hy dat die gemenerereg<sup>55</sup> ook 'n sorgsaamheidsverpligting op Boyd Knight plaas. Die ondersoek na die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting ingevolge die gemenerereg moet volgens regter Chisholm daarop gerig wees om vas te stel of die ouditeure verantwoordelikheid aanvaar het vir die inligting wat deur hulle verskaf is, of die eisers vir dieselfde doel op die inligting vertrou het as waarvoor die inligting oorspronklik verskaf is, of die eiser deel vorm van 'n geïdentifiseerde klas of groep persone wat die ouditeur kon verwag het vertrou op die inligting sou geplaas het en of daar 'n kousale verband tussen die eiser se skade en die ouditeur se wanvoorstelling is. Regter Chisholm bevind dat daar wel 'n sorgsaamheidsverpligting ingevolge die

---

<sup>52</sup> *Boyd Knight v Purdue* [1999] 2 NZLR 276.

<sup>53</sup> *Boyd Knight v Purdue* [1998] ongerapporteerde CP saak 226/1993. Regter Chisholm se beslissing word deur regter Blanchard in *Boyd Knight v Purdue* [1999] 2 NZLR 276:285-286 saamgevat.

<sup>54</sup> *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492; *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA); *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568 en *Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165.

gemenerereg op die ouditeure tot stand gekom het, aangesien Boyd Knight se ouditeursverslag daarop gerig was om inligting aan potensiële beleggers te verskaf en aangesien Purdue werklike vertroue op die ouditeursverslag geplaas het toe hy besluit het om die skuldbriewe van Burberry aan te koop.<sup>56</sup>

In die hof van appèl steun regter Blanchard<sup>57</sup> op die president van die hof van appèl se minderheidsuitspraak in die *Scott Group*-saak<sup>58</sup> en op lord Barwick se beslissing in die Engelse *Caparo*-saak.<sup>59</sup> Albei hierdie beslissings het 'n besondere verhouding of 'n verhouding van nabyheid as bykomende vereiste tot voorsienbaarheid as maatstaf gestel om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens. Volgens regter Blanchard is daar 'n verhouding van nabyheid tussen die eiser en verweerder teenwoordig, aangesien die ouditeure daarvan bewus moes gewees het dat die prospektus en ouditeursverslag daarop gerig was om

---

<sup>55</sup> Regter Chisholm meld dat hierdie sorgsaamheidsverpligting ingevolge die gemenerereg nie teenstrydig met die erkenning van 'n sorgsaamheidsverpligting ingevolge die statutêre reg moet wees nie.

<sup>56</sup> Regter Chisholm se ongerapporteerde beslissing in die hoëhof van Christchurch word deur regter Blanchard in *Boyd Knight v Purdue* [1999] 2 NZLR 276:285-286 saamgevat. Sien ook Watson 2000:53-54.

<sup>57</sup> In *Boyd Knight v Purdue* [1999] 2 NZLR 276 het regters Salmon:295 en Gault:280-281 met regter Blanchard:285-286 se beslissing saamgestem.

<sup>58</sup> In *Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] 1 NZLR 553 CA:566 is die president van die hof van appèl van mening dat daar slegs 'n besondere verhouding tussen die eiser en verweerder kon bestaan het indien die ouditeure aanspreeklikheid aanvaar het vir die betroubaarheid van die advies wat hulle gelewer het of indien hulle aanspreeklikheid aanvaar het vir die inligting wat hulle verskaf het. Die ouditeure moes verder daarvan bewus gewees het, of moes redelikerwys daarvan bewus gewees het, dat die inligting of advies aan 'n bepaalde persoon of klas persone bekend gemaak sou word en dat hierdie persoon of persone op die inligting of verslag sou gesteun het om 'n spesifieke transaksie of soort transaksie aan te gaan.

<sup>59</sup> In *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568:574 wend lord Bridge of Harwick beide 'n besondere verhouding (hierdie verhouding word ook 'n verhouding van nabyheid genoem) en voorsienbaarheid as standaard aan om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens: "...What emerges is that, in addition to the foreseeability of damage, necessary ingredients in any situation giving rise to a duty of care that there exist between the party owing the duty and the party to whom it is owed a relationship characterised by the law as one of 'proximity' or 'neighbourhood' and that the situation must be one in which the court considers it fair, first and reasonable that the law should impose a duty of a

potensiële beleggers oor te haal om in die maatskappy te belê.<sup>60</sup> Regter Blanchard beslis dat die skuldbriefhouers ten minste op die finansiële state, die resultate van hierdie finansiële state en selfs die bedryfsverhouding moes gesteun het, alvorens die ouditeure aanspreeklikheid teenoor die skuldbriefhouers kon opdoen.<sup>61</sup> Regter Blanchard bevind dat Purdue nie op die finansiële state gesteun het toe hy besluit het om skuldbriewe van Burberry aan te koop nie en Purdue se eis om skadevergoeding word van die hand gewys.<sup>62</sup>

## 5. Gevolgtrekking

Uit die bespreking is dit duidelik dat die Nieu-Seelandse howe in 'n groot mate op die Engelse reg steun. Ouditeure sal slegs 'n sorgsaamheidsverpligting aan derde partye verskuldig wees indien die ouditeure aanspreeklikheid aanvaar het vir die betroubaarheid van die advies wat hulle gelewer het of indien hulle aanspreeklikheid aanvaar het vir die inligting wat hulle verskaf het. Die ouditeure moes daarvan bewus gewees het, of moes redelikerwys daarvan bewus gewees het, dat die inligting of advies aan 'n bepaalde persoon of klas persone bekend

---

given scope on the one party for the benefit of the other." Sien bl 30 van hoofstuk twee vir 'n volledige bepreking van sy beslissing.

<sup>60</sup> *Boyd Knight v Purdue* [1999] 2 NZLR 276:291 per regter Blanchard: "An audit giving such a report must know full well that in order to raise funds from the public the company is obliged to give the document in which it appears to investors and will do so as part of a process to encourage them to invest. The audit report will obviously give comfort in relation to the financial statements. I have no doubt that these factors give rise to the necessary close relationship between the auditor and those who invest on the strength of the prospectus, so that the auditor owes them a duty to be careful in the giving of the certificate."

<sup>61</sup> *Boyd Knight v Purdue* [1999] 2 NZLR 276:293 per regter Blanchard: "In such a case there must at least be a reliance on the basic features of the financial statements – the results they show (profit level, balance of shareholders' funds and, perhaps, the current assets/liability ratio)." Sien ook Watson 2000:56.

<sup>62</sup> *Boyd Knight v Purdue* [1999] 2 NZLR 276:293 per regter Blanchard: "Mr Purdue claimed to have relied upon the audit report, but, except in relation to the matters to which he was referred in cross-examination, he did not assert that he had read, let alone relied upon, the accounts or any particular features of them. He did not even say that he had made himself aware of matters such as profitability and

gemaak sou word en dat hierdie persoon of persone op die inligting of verslag sou steun om 'n spesifieke transaksie of soort transaksie aan te gaan. Die derde partye moet verder bewys kan lewer dat hulle werklike vertrouwe op die finansiële state en die resultate van die finansiële state geplaas het, alvorens ouditeure aanspreeklik sal wees vir skade as gevolg van hul wanvoorstellings in finansiële state.

---

shareholders' funds. He made no reference to any financial ratios... He did not actually rely on the financial statements.

## HOOFSTUK 7

### SUID-AFRIKA

#### 1. Inleiding

In teenstelling met die Amerikaanse, Kanadese, Australiese en Nieu-Seelandse deliktereg, vind die Suid-Afrikaanse deliktereg sy oorsprong in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg en nie in die Engelse reg nie.<sup>1</sup> As gevolg van die oorsprong van die Suid-Afrikaanse reg en die feit dat die Suid-Afrikaanse deliktereg histories verder ontwikkel is as die Engelse deliktereg,<sup>2</sup> kan daar verwag word dat die Anglo-Amerikaanse reg<sup>3</sup> en die Suid-Afrikaanse reg die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye op grond van wanvoorstelling in finansiële state verskillend sal benader.

Daar is reeds in hoofstuk twee daarop gewys dat die Engelse reg nie op algemene beginsels van aanspreeklikheid steun nie, maar eerder 'n kasuïstiese benadering volg deur elke geval aan die hand van die vereistes van 'n bepaalde delik ("tort") te beoordeel. Daar bestaan gevolglik verskillende delikte in die Engelse reg en hierdie delikte het elk hul eie vereistes.<sup>4</sup>

---

<sup>1</sup> Spiller 1989:335.

<sup>2</sup> Van der Merwe en Olivier 1985:21 voer aan dat die Romeinse *actio legis Aquiliae* reeds vir meer as tien eeue ontwikkel het toe die Engelse deliktereg in 1250 begin ontwikkel het.

<sup>3</sup> Volgens Van Zyl 1981:194-196 vertrou die gemenerereg van die lande wat aan die Anglo-Amerikaanse regsfamilie behoort hoofsaaklik op die Engelse reg.

<sup>4</sup> Baker 1981:4; Boberg 1984:64; Engelbrecht 1993:25; Neethling ea 1996:4-5; Van der Merwe en Olivier 1985:19 en Van der Walt 1979a:2. In *Perlman v Zoutendyk* 1934 KPA 151:154 maak regter Watermeyer die volgende opmerking: "Some writers in the English law of torts hold the view that there is no general principle of liability for damage caused to other, but there exists what I may call a catalogue of acts or omissions which are actionable." Sien ook *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A:494 en *Maisel v Van Naeren* 1960 4 SA 836 K:847.

Daar is verder in hoofstuk twee verduidelik dat die delikte wat op 'n nalatige wyse veroorsaak is, nie duidelik deur die Engelse reg omskryf word nie en dat die afbakening van die nalatige wanvoorsteller se aanspreeklikheid probleme oplewer.

In teenstelling met die Engelse reg steun die Suid-Afrikaanse reg hoofsaaklik op die toepassing van die beginsels van nalatige wanvoorstelling<sup>5</sup> en op die algemene beginsels van die deliktereg<sup>6</sup> om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derdes te begrens.

Daar sal in hierdie hoofstuk aandag geskenk word aan die totstandkoming en begrensing van nalatige wanvoorstelling en daar sal 'n historiese ondersoek ingestel word na die verhaling van suiwer vermoënskade in die geval van nalatige wanvoorstelling. Daar sal aan die hand van regspraak vasgestel word welke maatreëls die Suid-Afrikaanse howe aanwend om ouditeure se deliktuele aanspreeklikheid teenoor derdes te begrens. Die invloed van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeure 80 van 1991* op die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes sal ook oorweeg word.

## **2. Nalatige wanvoorstelling**

### **2.1 Inleiding**

In teenstelling met die Romeinse en Romeins-Hollandse reg, wek die Suid-Afrikaanse regspraak die indruk dat 'n persoon wel deliktuele aanspreeklikheid ingevolge die *actio legis Aquiliae*<sup>7</sup> kan opdoen vir enige

---

<sup>5</sup> Cookson 1977:26.

<sup>6</sup> Pretorius 1996:323.

<sup>7</sup> Die *actio legis Aquiliae* het volgens Burchell 1993:11; McKerron 1971:6; Neethling ea 1996:8 en Scott 1985:4-5 in die Romeinse reg ontstaan. Die *lex Aquiliae* was 'n wet (*plebiscitum*) wat in 287 vC in Rome aanvaar is. Hierdie wet het daartoe gelei dat persone aanspreeklikheid kon opdoen as gevolg van vermoënsbenadeling (*damnum iniuria datum*) en is in drie hoofstukke verdeel. Volgens Neethling ea

soort vermoënskade wat op 'n skuldige en onregmatige wyse veroorsaak is.<sup>8</sup> Daar sal vervolgens kortliks ondersoek ingestel word na die erkenning van nalatige wanvoorstelling as deliktuele aksiegrond in die Suid-Afrikaanse reg, aangesien die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor

---

1996:9 en Van der Merwe en Olivier 1985:6 het die eerste hoofstuk die onregmatige dood van slawe, slavinne en viervoetige diere aangespreek, terwyl die tweede hoofstuk 'n *adstipulator* aanspreeklik gehou het vir skadevergoeding indien hy 'n debiteur *in fraudem stipulatoris* van sy verpligtinge kwytgeskeld het. Die derde hoofstuk het betrekking gehad op skade wat aangerig is aan ander sake as slawe, slavinne en viervoetige diere. Van den Heever 1944:8-14; Van der Merwe en Olivier 1989:6-8 en Van der Walt 1979a:13-14 voer aan dat die *Aquiliese* aksie slegs vir die eienaar van die beskadigde saak beskikbaar was. Volgens McKerron 1971:6 en Van der Merwe en Olivier 1985:7 het die Romeinse juriste later gepoog om deur middel van 'n uitgebreide interpretasie aan die woorde van die *lex* 'n wyer geldigingsgebied aan die *actio legis Aquiliae* te verleen as wat die oorspronklike *lex* beoog het. Die handeling wat in die *lex Aquiliae* genoem is, is mettertyd uitgebrei, die kousaliteitsbegrip is wyer geïnterpreteer en die regsbeskermdende belange wat die *actio legis Aquiliae* beskerm het, is ook mettertyd wyd geïnterpreteer. Teen die tyd van Justinianus het die *actio legis Aquiliae* ontwikkel tot 'n algemene aksie vir vergoeding van vermoënskade (*damnum iniuria datum*) wat ontstaan het as gevolg van saakbeskadiging. Alle vorme van vermoënskade was egter volgens Van der Merwe en Olivier 1985:7 nie verhaalbaar ingevolge die *actio legis Aquiliae* nie, maar slegs vermoënskade wat uit saakbeskadiging voortgespruit het. Verdere vereistes wat die Romeinse reg vir die *actio legis Aquiliae* gestel het, was die aanwesigheid van 'n waarneembare, fisiese inwerking op 'n konkrete objek ('n saak of 'n liggaam), onregmatigheid en skuld in die vorm van nalatigheid. Sien Neethling ea 1996:10; Van den Heever 1944:28; Van der Merwe en Olivier 1985:8-9 en Van der Walt 1979a:13 vir 'n bespreking van hierdie vereistes. Die ou Romeins-Hollandse skrywers het volgens Burchell 1993:23; Neethling ea 1996:10-11 en Van der Merwe en Olivier 1985:13 die uitbreiding van die *actio legis Aquiliae* wat in die Romeinse reg 'n aanvang geneem het, verder gevoer. Daar is nie meer onvoorwaardelik vasgehou aan die vereiste van 'n fisiese inwerking op die saak nie, die aksie het sy strafkarakter verloor en die beskikbaarheid van die aksie is uitgebrei tot die lener, persone in soortgelyke verhoudings as 'n eienaar en die huurder van die dienste van 'n slaaf of dienaar. Die *actio legis Aquiliae* is uitgebrei buite die grense van saakbeskadiging en het ook aanwending gevind indien 'n persoonlike reg geskend is. Die kasuïstiek van die Romeinse reg is afgewater, maar 'n persoon kon steeds nie vergoeding verhaal vir elke skuldige en onregmatige vermoënskade nie. Sien Neethling ea 1996:10-11 en Van der Walt 1979a:17 vir 'n bespreking van die uitbreiding van die *actio legis Aquiliae*.

<sup>8</sup> Neethling ea 1996:11. Die Suid-Afrikaanse regspraak ondersteun egter nie altyd die siening dat suiwer vermoënskade nie ingevolge die Romeins-Hollandse reg verhaalbaar was nie. Hoofregter De Villiers verwys na Voet en Matthaeus en verklaar die volgende in *The Cape of Good Hope Bank v Fischer* 1886 4 SC 368:376: "It appears from both these authors that in their time the Aquilian law had received an extension by analogy to a degree never permitted under the Roman Law. The action *in factum* was no longer confined to causes of damage done to corporeal property, but was extended to every kind of loss sustained by a person in consequence of the wrongful acts of another." Sien Van der Walt 1979a:148-149 vir 'n kritiese bespreking van regter De Villiers se opmerking.

derdes vir wanvoorstellings in finansiële state in 'n groot mate op die beginsels van nalatige wanvoorstelling gegrond is.<sup>9</sup>

## 2.2 Die erkenning van nalatige wanvoorstelling as aksiegrond

Die Suid-Afrikaanse howe<sup>10</sup> was, net soos die howe in Engeland<sup>11</sup> en Amerika,<sup>12</sup> aanvanklik huiwerig om 'n sorgsaamheidsverpligting op persone te plaas indien hul nalatige wanvoorstellings suiwer vermoënskade veroorsaak het. Die Suid-Afrikaanse<sup>13</sup> howe het die Engelse<sup>14</sup> en Amerikaanse<sup>15</sup> howe se voorbeeld gevolg en ook die aanwesigheid van bedrog as voorvereiste gestel vir die verhaling van suiwer vermoënskade wat gely is as gevolg van wanvoorstelling.

Na die howe se aanvanklike verwerping van aanspreeklikheid op grond van nalatige wanvoorstelling,<sup>16</sup> het regter Watermeyer wel erkenning hieraan

---

<sup>9</sup> Cookson 1977:26.

<sup>10</sup> *De Kock v Gafney* 1914 KPA 377 en *Orban v Stead* 1978 2 SA 713 W 717-719. Sien ook Boltar 1997:281; Cilliers en Benade 1982:524; McKerron 1971:218; Naudé 1979:122-123; Neethling en Potgieter 1980:179 en Van der Walt 1977:273. Daar het egter volgens McKerron 1971:212 en Naudé 1979:121-122 nog nooit twyfel in die Suid-Afrikaanse gemenerereg bestaan oor die aanspreeklikheid van persone wie se wanvoorstellings saakbeskadiging of persoonlikheidsnadeel tot gevolg gehad het nie.

<sup>11</sup> *Derry v Peek* 14 App Cas 337 (1889); *Le Lievre v Gould* (1893) 1 QB 491 en *Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426. Sien hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie sake. Volgens Fleming 1971:164 sou dit tot onbeperkte aanspreeklikheid aanleiding gee indien persone aanspreeklik gehou sou word vir vermoënskade wat gely word as gevolg van nalatige wanvoorstelling.

<sup>12</sup> *Landell v Lybrand* 107 A 783 (Pa 1919) en *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931). Vgl ook Owles en Cockerell 1991:115. Sien hoofstuk drie vir 'n volledige bespreking van hierdie beslissings.

<sup>13</sup> In *Dickson v Levy* 1984 11 SC 33:36 het regter De Villiers bedrog as voorvereiste vir aanspreeklikheid gestel: "...independent of a contract, a false representation causing damage is not actionable unless it is fraudulent..." en in *De Kock v Gafney* 1914 KPA 377:382 is daar beslis dat "...moral fraud must be proved".

<sup>14</sup> *Derry v Peek* 14 App Cas 337 [1889]:374 en *Le Lievre v Gould* [1893] 1 QB 491:489. Hierdie sake word volledig in hoofstuk twee bespreek.

<sup>15</sup> *Landell v Lybrand* 107 A 783 (Pa 1919):783 en *Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931):447. Sien hoofstuk drie vir 'n volledige bespreking van hierdie sake.

<sup>16</sup> *Van Zyl v African Theatres* 1931 KPA 61; *Union Government v Ocean Accident and Guarantee Corporation Ltd* 1956 1 SA 577 A; *Shell & BP South African Petroleum Refineries (Pty) Ltd & Others v Osborne Panama SA* 1980 3 SA 653 D en

verleen in *Perlman v Zoutendyk*.<sup>17</sup> In hierdie saak het Perlman vermoënskade gely as gevolg van 'n nalatige waardasie wat deur 'n geswore waardeerder uitgevoer is. Die hof bevind dat die verweerder kon voorsien het dat 'n nalatige waardasie die eiser kon mislei en hom skade kon berokken het.<sup>18</sup> Die eiser se eis word egter van die hand gewys as gevolg van die afwesigheid van die kousaliteitsvereiste. Die *Perlman*-beslissing<sup>19</sup> is aan hewige kritiek onderwerp, aangesien dit in beginsel erkenning verleen het aan 'n aksie wat op nalatige wanvoorstelling gegrond is.<sup>20</sup>

Hoofregter Centlivres het twintig jaar na die *Perlman*-saak<sup>21</sup> in *Herschel v Mrupe*<sup>22</sup> regter Watermeyer se beslissing in die *Perlman*-beslissing<sup>23</sup> ondersteun deur te beslis dat persone wel deliktuele aanspreeklikheid kan

---

*Franschoekse Wynkelder (Ko-operatief) Bpk v South African Railways and Harbours* 1981 3 SA 36 K.

<sup>17</sup> 1934 KPA 151.

<sup>18</sup> *Perlman v Zoutendyk* 1934 KPA 151:161-162 per regter Watermeyer: "Now defendant is a sworn appraiser, and it seems to me clear that a sworn appraiser who is a reasonable man and knows that his certificate of appraisal is to be used for the purpose of inducing someone to lend money on the mortgage of the property valued by him ought to foresee that a negligently made valuation assessing the property at a grossly inflated value is likely to mislead and cause harm to the mortgagee."

<sup>19</sup> *Perlman v Zoutendyk* 1934 KPA 151.

<sup>20</sup> Behrmann 1941:25; Davis 1982:11 en McKerron 1971:218-219; McKerron 1954:316-317 en 1971:90 kritiseer die hof se benadering, aangesien regter Watermeyer die algemene beginsels wat in *Cape Town Municipality v Paine* 1923 AD 207:216:217 neergelê is vir aanspreeklikheid vir fisiese beserings aan 'n persoon of saak toegepas het in 'n saak waarin suiwer vermoënskade gely is as gevolg van nalatige wanvoorstelling. Behrmann 1941:25-34 meen regter Watermeyer se uitspraak is billik, maar teen die Suid-Afrikaanse reg. Pauw 1975:28; Price 1950:138-148 en Van der Walt 1977:270 ondersteun egter regter Watermeyer se beslissing, aangesien sy benadering met die beginsels van die *actio legis Aquiliae* in die Romeins-Hollandse reg ooreenstem.

<sup>21</sup> *Perlman v Zoutendyk* 1934 KPA 151.

<sup>22</sup> 1954 3 SA 464 A:472 per hoofregter Centlivres: "In my view the case of *Perlman v Zoutendyk*, *supra*, was correctly decided. It may be said that the principles there enunciated should be confined to those cases where negligent statements are made by persons who hold themselves out to the public as being proficient in their professions e.g. sworn appraisers, actuaries, accountants and surveyors. There is nothing in the judgment in that case which suggests that those principles should be so confined nor do I think that they should be so narrowly confined."

<sup>23</sup> *Perlman v Zoutendyk* 1934 KPA 151.

opdoen as gevolg van nalatige wanvoorstelling. Regters Schreiner,<sup>24</sup> Hoexter<sup>25</sup> en Fagan<sup>26</sup> wys die eiser se eis om skadevergoeding van die hand as gevolg van die afwesigheid van nalatigheid. Hulle bevraagteken nie die bestaan van die aksie nie, maar hulle onderskryf dit ook nie uitdruklik nie. In teenstelling met die bogenoemde regters, wys regter Van den Heever<sup>27</sup> die eiser se eis om skadevergoeding van die hand as gevolg van die afwesigheid van die onregmatigheidselement.

Regter Coetzee maak dit in 1977 in *Suid-Afrikaanse Bantoetrust v Ross & Jacobz*<sup>28</sup> duidelik dat daar wel 'n deliktuele eis teen 'n persoon ingestel kan word vir nalatige wanvoorstelling. Hy ondersteun regters Schreiner, Hoexter en Fagan se beslissings in die *Herschel*-saak<sup>29</sup> en meld dat die problematiek eerder in die begrensing van die deliktuele eis as gevolg van nalatige wanvoorstelling geleë is as in die erkenning van sodanige eis.<sup>30</sup>

<sup>24</sup> *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A:474-481. Sien ook Scott 1977:63.

<sup>25</sup> *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A:491-493. Vgl ook McKerron 1954:316.

<sup>26</sup> *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A:497 per regter Fagan: "In view of my conclusion that the appellant had failed to discharge the onus of proving *culpa* on the part of the respondent, it is unnecessary for me to consider whether the damages claimed in this case, beyond the paltry costs I have indicated of a demand and a perusal of the reply, would fall within the *Re Polemis* rule and whether, if it did, our courts would not nevertheless regard it as too remote". Vgl ook De Villiers 1958:283 en Luttig 1969:52.

<sup>27</sup> *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A:491 per regter Van den Heever: "Apart from contract, fraud or statutory provisions, I cannot imagine by what right one ordinary citizen can elicit from another ordinary citizen information to be used at leisure and which can be tested for accuracy, and demand that the person furnishing it shall be a guarantor of its correctness. No such exacting warranty is imposed upon a person who puts tangible commodities into general circulation; why then should greater responsibility attach to a person who puts wrong information into circulation? Where there was no right to receive correct information, there was none to be infringed. In my judgment the appeal is dismissed with costs. Vgl ook De Villiers 1958:277; Gower 1997:56; Oelofse 1980:88; Snyman 1980:187-189 en Van der Walt 1977:271.

<sup>28</sup> 1977 3 SA 184 T:187.

<sup>29</sup> *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A.

<sup>30</sup> *Suid-Afrikaanse Bantoetrust v Ross & Jacobz* 1977 3 SA 184 T:187 per regter Coetzee: "Dit is myns insiens essensieel 'n aanspreeklikheidsbegreningsprobleem en nie 'n aanspreeklikheidsbestaansprobleem nie. Ek glo dit is selfs nie meer argumenteerbaar dat so 'n aanspreeklikheidsgrond nie bestaan nie. Dit is bloot 'n vraag of in besondere omstandighede die spreker regtens verplig was om versigtig te praat." Regter Mostert ondersteun regter Coetzee se beslissing in *Administrator Natal v Bijo* 1978 2 SA 256 N:260: "I am in respectful agreement with that view as well as the view expressed at 187C-D of the judgement that in the final result the

In *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk*<sup>31</sup> het hoofregter Rumpff<sup>32</sup> beslis dat suiwer vermoenskade wel op grond van nalatige wanvoorstelling verhaalbaar is<sup>33</sup> en 'n einde gemaak aan die jarelange dispuut oor die vraag of nalatige wanvoorstelling wel 'n deliktuele aksiegrond in die Suid-Afrikaanse reg is. Hoofregter Rumpff<sup>34</sup> beslis dat die erkenning van nalatige wanvoorstelling as deliktuele aksiegrond nie tot oewerlose aanspreeklikheid aanleiding behoort te gee nie, aangesien die begrensing van hierdie deliktuele aksiegrond in die basiese elemente van die delik geleë is.

Dit is gevolglik noodsaaklik om kortliks aandag te skenk aan die elemente wat nalatige wanvoorstelling as deliktuele aksiegrond begrens.<sup>35</sup>

---

various judgements in *Herschel v Mrupe* 1954 (3) SA 464 (A) must be taken as recognising the existence of an action for negligent misstatement causing financial loss." Hutchison 1978:532 en Burchell 1980:1-14 ondersteun regter Mostert se beslissing.

<sup>31</sup> 1979 3 SA 824 A.

<sup>32</sup> Appèlregters Jansen, Trollip, Joubert en Trengrove het eenparig met hoofregter Rumpff se beslissing saamgestem.

<sup>33</sup> Oelofse 1980:86; Pretorius 1996:323 en Van der Walt 1979b:145.

<sup>34</sup> Volgens hoofregter Rumpff in *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A:833 is veral die elemente onregmatigheid en nalatigheid van besondere belang om te bepaal of 'n persoon op grond van nalatige wanvoorstelling vir vermoenskade aanspreeklik gehou kan word: "Na my mening kan en behoort die eisgrond in die onderhawige saak in die uitgebreide trefgebied van die *lex Aquilia* geplaas te word. Hieruit sou volg dat, volgens ons heersende norme, daar onregmatigheid vereis word en skuld. Die vrees van die sg 'oewerlose aanspreeklikheid' kan ook alleen dan besweer word, indien by elke gegewe geval dit die taak van die Hof is om te beslis of daar in die besondere omstandighede 'n regsplig op die verweerder gerus het om nie 'n wanbewering teenoor eiser te doen nie, en ook of die verweerder in die lig van al die omstandighede, redelike sorg uitgeoefen het, onder andere, om die korrektheid van sy voorstelling vas te stel. By afwesigheid van 'n regsplig, is daar geen onregmatigheid nie. Die Hof sal ook die eisgrond binne redelike perke hou deur behoorlik aandag te gee aan die aard van die wanbewering en die vertolking daarvan en ook deur behoorlik aandag te gee aan die probleem van kousaliteit." Vgl ook Burchell 1980:4; Neethling ea 1996:294-295; Neethling en Potgieter 1980:179; Pretorius 1986:57 en Van der Walt 1979b:151.

<sup>35</sup> Dit is nie die oogmerk van hierdie studie om ondersoek in te stel na al die vraagstukke wat in verband met die verskillende elemente van die onregmatige daad mag ontstaan nie, maar eerder om aan te toon op welke wyse die deliktuele elemente as 'n aanspreeklikheidsbegreningsmaatstaf vir nalatige wanvoorstelling aangewend kan word.

## 2.3 Die begrensing van nalatige wanvoorstelling

### 2.3.1 Handeling

Sowel 'n doen as 'n late word in die deliktereg as 'n handeling beskou.<sup>36</sup> De Wet en Yeats<sup>37</sup> omskryf die begrip "wanvoorstelling" as 'n verklaring wat onwaar is. Hierdie verklarings kan gemaak word deur die uiting van woorde, deur die onware verklarings op skrif te stel, deur nie-geartikuleerde gedrag of gebare<sup>38</sup> en deur die versuim om 'n bestaande wanindruk reg te stel. In die *Administrateur Natal*-saak<sup>39</sup> verkies hoofregter Rumpff om van 'n "nalatige wanbewering" in plaas van 'n "nalatige wanvoorstelling" te praat. Oelofse<sup>40</sup> kritiseer hierdie benaming, aangesien die woord "bewering" daarop dui dat 'n wanvoorstelling slegs mondelings of skriftelik gemaak kan word, terwyl 'n wanvoorstelling ook op ander maniere gemaak kan word.

### 2.3.2 Onregmatigheid

Onregmatigheid is in die Suid-Afrikaanse deliktereg in die skending van 'n subjektiewe reg<sup>41</sup> of in die verbreking van 'n regsplig<sup>42</sup> geleë.

---

<sup>36</sup> Van der Walt 1979a:58.

<sup>37</sup> 1978:39-40.

<sup>38</sup> In *Bristow v Lycett* 1971 4 SA 223 RAD is daar beslis dat gebare tot wanvoorstelling aanleiding kan gee.

<sup>39</sup> *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A:829 per hoofregter Rumpff: "Die uitdrukking 'nalatige wanvoorstelling', wat 'n vertaling van 'negligent misrepresentation' is, gee nie wesenlik die probleem in ons reg behoorlik weer nie en skep die indruk van 'n voorstelling in kontraktuele verband. In kontraktuele verband het 'wanvoorstelling' 'n ietwat regstegniese betekenis. Dit moet bv 'n voorstelling van 'n bestaande feit wees en behels dus gewoonlik nie die uitspraak van 'n mening of die gee van advies nie. Hierdie vereiste is nie noodwendig van toepassing op 'n 'nalatige wanvoorstelling' nie. Miskien moet die uitdrukking 'nalatige wanbewering' (negligent misstatement) liever gebesig word, maar, indien die uitdrukking 'nalatige wanvoorstelling' behoue bly, moet bogenoemde caveat in gedagte gehou word."

<sup>40</sup> 1980:87.

<sup>41</sup> Neethling 1991:57; Van der Merwe 1958:138; Van der Vyver 1982:371; Van Heerden en Neethling 1983:33 en Van Zyl. Vgl ook *Universiteit van Pretoria v*

In die *Administrateur Natal*-saak<sup>43</sup> bevind die hof dat onregmatigheid in die geval van nalatige wanvoorstelling eerder in die verbreking van 'n regsplig as in die skending van 'n subjektiewe reg geleë is.

Alhoewel die hof die Engelse "duty of care"<sup>44</sup> kritiseer, is die hof nogtans van mening dat die leerstuk 'n mate van aanwending behoort te vind, aangesien beleidsoorwegings ook in die Suid-Afrikaanse reg 'n rol speel by die verbreking van 'n regsplig.<sup>45</sup> Ten einde vas te stel of daar 'n regsplig op 'n persoon tot stand gekom het, moet daar 'n belange-afweging en 'n waarde-oordeel plaasvind na aanleiding van die feite en omstandighede

---

*Tommie Meyer Films (Edms) Bpk* 1977 4 SA 376 T en *Clarke v Hurst* 1992 4 SA 630 D.

<sup>42</sup> Du Plessis 1985:96; Neethling ea 1996:53 en Van der Merwe en Olivier 1985:295.

<sup>43</sup> *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A:833. Vgl ook Naudé 1979:124; Neethling en Potgieter 1980:179 en Pretorius 1986:63. Van der Walt 1979b:152 verduidelik dat die regsplig om skade te voorkom daarin geleë is dat 'n persoon alle redelike stappe moes neem ten einde skade deur misleiding te voorkom. 'n Persoon se stappe sal as redelik geag word indien 'n *ex post facto*-ondersoek daarop dui dat die maatreëls wat die persoon uitgevoer het, redelik prakties uitvoerbaar was. Hy verduidelik dat die plig om redelike stappe te neem nie sinoniem met die "duty of care" is nie, aangesien die versuim om redelike stappe te neem op onregmatigheid dui, terwyl die versuim om redelike sorg aan die dag te lê (die sg "breach of duty to take care") op nalatigheid dui. Daar dien daarop gelet te word dat Van der Walt 1979b:152 aanvaar dat onregmatigheid in die skending van 'n subjektiewe reg geleë is en dat die skending van 'n regsplig 'n aanvullende onregmatigheidskriterium is vir die beskerming van ander persone se regte.

<sup>44</sup> Ingevolge die Engelsregtelike "duty of care" leerstuk moes die dader in die eerste plek 'n "duty of care" teenoor die benadeelde party verskuldig wees. Hierdie verpligting kom tot stand sodra die redelike man sou voorsien het dat sy handeling nadeel vir die ander party kan inhou. Indien die dader wel 'n regsverpligting teenoor die ander persoon het, moet daar in die tweede plek vasgestel word of die dader hierdie verpligting verbreek het. Daar word aanvaar dat hierdie verpligting verbreek is indien die redelike man, anders as die dader, nie die gevolg sou veroorsaak het nie. Sien Millner 1967:24; Van der Merwe en Olivier 1985:128 en Van der Walt 1979a:24.

<sup>45</sup> *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A:829:833 per hoofreger Rumpff: "Omdat daar in die praktyk, soos in die onderhawige geval, na Engelse beslissings verwys sal word, in verband met sekere situasies wat mag aanleiding gee tot wat ons as 'n regsplig mag beskou, is dit noodsaaklik om aan te toon hoe basies die Engelse begrip van 'duty of care', hoewel 'n onding in ons gemene reg tog, in hierdie besondere geval, tot 'n mate aansluiting vind by die opvatting van 'n regsplig soos dit in ons reg behoort te bestaan, omdat beleidsoorwegings ook hier ter sprake kom." Vgl ook Burchell 1981:3 en Naudé 1979:124.

van die saak.<sup>46</sup> Die *boni mores* of regsdoortuiging van die gemeenskap moet dus as objektiewe toets aangewend word om te bepaal of daar 'n regsplig op 'n persoon rus om misleiding te voorkom.<sup>47</sup> Die totstandkoming van 'n regsplig berus dus nie op die voorsienbaarheidsvereiste van die tradisionele "duty of care" toets nie, maar eerder op beleids- en regspolitiese oorwegings.<sup>48</sup>

Na aanleiding van hoofregter Rumpff<sup>49</sup> se ondersteuning van die gesamentlike minderheidsuitspraak van lord Reid en lord Morris in die *Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt*,<sup>50</sup> word die beginsel aanvaar dat daar geen regsplig op 'n persoon tot stand kom indien hy of sy die inligting op 'n informele wyse verstrek het nie.

Die *boni mores* kriterium is 'n soepele benadering wat die howe in staat gestel het om konkrete riglyne neer te lê vir die totstandkoming van 'n regsplig.<sup>51</sup> Floyd en Hawthorne,<sup>52</sup> Neethling ea<sup>53</sup> en Neethling en

<sup>46</sup> In *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A:834 ondersteun hoofregter Rumpff die volgende standpunt van Fleming 1971:136: "In the decision whether or not there is a duty, many factors interplay: the hand of history, our ideas of morals and justice, the convenience of administering the rule and our social ideas as to where the loss should fall. Hence, the incidence and extent of duties are liable to adjustment in the light of the constant shifts and changes in community attitudes." Vgl ook Naudé 1979:124; Pretorius 1986:65 en 1996:323 en Van der Walt 1979b:154.

<sup>47</sup> Vgl ook *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 A; *Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 A; *Lillicrap, Wassenaar and Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd* 1985 1 SA 475 A; Neethling ea 1996:54; Neethling en Potgieter 1980:179; Van der Walt 1977:274 en 1979b:152-123.

<sup>48</sup> Pretorius 1986:64.

<sup>49</sup> *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A:834. Vgl ook Oelofse 1980:89. Boberg 1984:103 meen die eiser se eis het as gevolg van sy eie nalatigheid gefaal, terwyl Neethling en Potgieter 1980:181 dit aan die afwesigheid van 'n feitlike kousale verband toeskryf.

<sup>50</sup> (1968) 122 CLR 556:162 per lord Reid en lord Morris: "In this class of case the first principle is that no duty beyond the duty to give an honest answer can arise when advice is given casually or in a social context, and the reason is that it would be quite unreasonable for the enquirer to expect more in such circumstances and quite unreasonable to impose any greater duty on the adviser." Sien hoofstuk vier vir 'n volledige bespreking van hierdie beslissing.

<sup>51</sup> Neethling en Potgieter 1980:180.

<sup>52</sup> 1996:202-205.

<sup>53</sup> 1996:296-297.

Potgieter<sup>54</sup> identifiseer die volgende gevalle waar daar wel in beginsel 'n regsplig op 'n persoon kan rus om skade te voorkom:

- Daar rus 'n statutêre verpligting op die persoon om korrekte inligting te verskaf<sup>55</sup> en 'n etiese gedragskode onderskryf dit ook.
- Die persoon het 'n kontraktuele onderneming gegee om korrekte inligting te verstrek of die persoon het die korrektheid van die inligting uitdruklik of stilswyend gewaarborg.<sup>56</sup>
- Die persoon staan in 'n kontraktuele verhouding teenoor die ander persoon.<sup>57</sup>
- Die persoon tree in 'n amptelike hoedanigheid op.<sup>58</sup>
- Die persoon beskik oor bepaalde inligting uit hoofde van sy of haar beroep en hierdie inligting kan nie op 'n ander wyse as van hom of haar verkry word nie.<sup>59</sup>
- 'n Persoon maak uit hoofde van sy of haar beroep aanspraak op bepaalde kennis en vaardigheid.<sup>60</sup>

Alhoewel die bogenoemde gevalle daarop dui dat daar wel 'n regsplig op 'n persoon tot stand gekom het, sal die eiser moet bewys dat die wanvoorsteller op die oomblik toe die inligting verskaf is, geweet het of subjektief voorsien het, dat die derde party daarop gaan reageer of daarop sal staat maak.<sup>61</sup> Die wanvoorsteller sal dus slegs aanspreeklikheid kan

---

<sup>54</sup> 1980:180-182.

<sup>55</sup> *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A:490.

<sup>56</sup> *Administrator Natal v Bijo* 1978 2 SA 256 N:261.

<sup>57</sup> *Western Alarm Systems (Pty) Ltd v Coini* 1944 KPA 271:276.

<sup>58</sup> *Perlman v Zoutendyk* 1934 KPA 151.

<sup>59</sup> *Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A:472; *Currie Motors (Pretoria) (Pty) Ltd v Motor Union Ins Co Ltd* 1961 3 SA 872 T:876-877; *EG Electric Co (Pty) Ltd v Franklin* 1979 2 SA 702 OK:706; *Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost* 1991 4 SA 559 A:575; *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 A:770 en *McCann v Goodall Group Operations (Pty) Ltd* 1995 2 SA 718 K:726.

<sup>60</sup> *Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 A:913; *Lillicrap, Wassenaar and Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd* 1985 1 SA 475 A:509 en *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 A:770.

<sup>61</sup> *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 A:770.

opdoen teenoor eisers wie se identiteit ten tye van die wanvoorstelling aan hom of haar bekend was.<sup>62</sup>

Hutchison<sup>63</sup> is van mening dat die onregmatigheidselement voldoende beskerming teen oewerlose aanspreeklikheid bied, terwyl Oelofse<sup>64</sup> twyfel of die onregmatigheidsvereiste 'n noemenswaardige begrensingsfaktor is. Die laasgenoemde skrywer steun op Van Heerden<sup>65</sup> se siening dat enige wanvoorstelling wat daartoe lei dat 'n ander persoon tot sy of haar nadeel handel, in beginsel onregmatig is. Pretorius<sup>66</sup> ondersteun Dednam<sup>67</sup> se standpunt en kritiseer Oelofse<sup>68</sup> en Van Heerden<sup>69</sup> se uitgangspunt, aangesien die gesindheid waarmee 'n handeling plaasvind wel 'n rol speel by die objektiewe onregmatigheidstoets. Die subjektiewe gesindheid waarmee die daad gepleeg is, behoort dus as 'n subjektiewe faktor erken te word ten einde te bepaal of die handeling objektief redelik is.

### 2.3.3 Skuld

Indien die dader se wanvoorstelling onregmatig is, beteken dit nie sonder meer dat die dader aanspreeklik is nie. Skuld in die vorm van nalatigheid

---

<sup>62</sup> *Greenfield Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* 1978 4 SA 910 N:916-917.

<sup>63</sup> 1978:523. Hutchison motiveer sy standpunt soos volg: "Vague and ill-defined it may be, but it provides a valuable niche for consideration of the policy factors that inevitably have to be taken into account in this breach of the law. Is it not open to our courts to determine broad areas in which it is not wrongful to speak carelessly – for example, on casual social occasions?"

<sup>64</sup> 1980:88.

<sup>65</sup> 1961:219-220.

<sup>66</sup> 1986:67.

<sup>67</sup> 1977:21 per Dednam: "Die feit dat die dader se gesindheid betrek word, beroof nie die toets van sy objektiwiteit nie: dit bly steeds die gemeenskapsopvatting wat die redelikheid al dan nie bepaal. Al verskil is dat die subjektiewe gesindheid van die dader nou bygereken word as een van die feitlike omstandighede wat beoordeel moet word om te beslis of die handeling redelik is. Die toets boet slegs sy objektiwiteit in wanneer die dader se eie beskouing van die regmatigheid al dan nie van sy optrede as toets gebruik word."

<sup>68</sup> 1980:88.

<sup>69</sup> 1961:219-220.

word vereis om die dader aanspreeklikheid te hou vir die skade wat sy of haar wanvoorstelling veroorsaak het.<sup>70</sup>

Nalatigheid word aan die hand van die objektiewe toets van die redelike man vasgestel.<sup>71</sup> Appèlregter Holmes het die toets vir nalatigheid gesaghebbend in *Kruger v Coetzee*<sup>72</sup> geformuleer. Volgens hierdie formulering sal die verweerder hom- of haarself aan nalatigheid skuldig maak indien-

- Die *diligens paterfamilias* in die posisie van die verweerder redelikerwys kon voorsien het dat sy gedrag vermoënskade vir 'n ander persoon kan inhou en hy redelike stappe sou neem om hierdie gevolg te voorkom; en
- Die verweerder versuim het om sodanige stappe te neem.

In die geval van deskundiges, soos ouditeure, behoort die redelike deskundige, in plaas van die redelike man, die toets vir nalatigheid te wees.<sup>73</sup> In die geval van ouditeure behoort die toets vir nalatigheid dus die toets van die redelike ouditeur te wees.<sup>74</sup> Die toets van die redelike deskundige stem ooreen met die toets van die redelike man, maar word aangevul deur die toepaslike kundigheid van die deskundige.<sup>75</sup> Alhoewel

---

<sup>70</sup> Neethling ea 1996:298. Hoofregter Rumpff spreek homself nie direk in *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A uit oor die toets wat vir nalatigheid aangewend behoort te word nie.

<sup>71</sup> Burchell 1980:10 en Neethling en Potgieter 1980:181.

<sup>72</sup> 1966 2 SA 428 A:430. Vgl ook *Santam Versekeringsmaatskappy Bpk v Swart* 1987 4 SA 816 A:819-820 en *Ngubane v South African Transport Services* 1991 1 SA 756 A:776.

<sup>73</sup> Neethling ea 1996:133. In *Van Wyk v Lewis* 1924 AD 438:444 verduidelik hoofregter Innes hierdie toets soos volg: "in deciding what is reasonable the court will have regard to the general level of skill and diligence possessed and exercised at the time by the members of the branch of the profession to which the practitioner belongs." Vgl ook *Tonkwane Sawmill Co v Filmalter* 1975 2 SA 453 W en *Buls & Another v Tsatsarolakis* 1976 2 SA 891 T.

<sup>74</sup> Boltar 1997:285 en *Tonkwane Sawmill Co v Filmalter* 1975 2 SA 453 W:455.

<sup>75</sup> Boberg 1984:347 en Hosten 1969:394. Volgens Scott 1980:127ev is hierdie gedeeltelike subjektivering van die redelike man-toets nie in stryd met die bepaling van die gemenerereg nie. Hy verduidelik dit soos volg: "Die toelaatbaarheid van 'n

daar 'n gedeeltelike subjektivering van die toets van die redelike man plaasvind deur onder andere die professionele kennis, ervaring en intelligensie van die deskundige in ag te neem, is die redelike deskundige toets steeds 'n objektiewe toets en nie 'n subjektiewe toets nie.<sup>76</sup> Verdere subjektivering van die toets van die redelike man kan plaasvind indien 'n deskundige 'n spesialis binne 'n bepaalde wetenskap is.<sup>77</sup>

In navolging van die Engelse reg, het sommige Suid-Afrikaanse skrywers<sup>78</sup> en hofuitsprake<sup>79</sup> op die "duty of care" gesteun om te bepaal of nalatigheid aanwesig is. Ingevolge hierdie leerstuk sal die verweerder nalatig opgetree het indien die volgende twee vrae bevestigend beantwoord word:

- Was die verweerder 'n "duty of care" teenoor die eiser verskuldig? Hierdie vraag (die sogenaamde "duty issue") word bevestigend beantwoord indien die redelike man in die posisie van die verweerder sou voorsien het dat sy handeling nadeel vir die eiser kon veroorsaak het.
- Het die verweerder versuim om hierdie verpligting na te kom? Hierdie vraag (die sogenaamde "negligence issue") word bevestigend beantwoord indien die verweerder versuim het om die nodige

---

'subjektivering' van die redelike man-standaard tot 'n hoër standaard, is nie in stryd met hierdie uiteensetting nie, hoewel dit moontlik met die eerste oogopslag so mag voorkom, aangesien die bestaan van die materiële regsreël, *imperitia culpa adnumerata*, dusdanige subjektivering sanksioneer. 'n Mens kan as't ware sê dat die *imperitia*-reël die kapstok vorm vir die subjektiveringsproses, waar die redelike man 'n metamorfose ondergaan tot 'n redelike deskundige. In dié konteks beteken 'subjektivering' dan slegs dat die feit dat die dader, objektief gesproke, 'n deskundige is of met 'n gespesialiseerde aktiwiteit besig is, in ag geneem word by die bepaling van die hoër toetsingspeil."

<sup>76</sup> Van der Walt 1979a:71-72.

<sup>77</sup> *Esterhuizen v Administrateur Transvaal* 1957 3 SA 710 T:723; *Buls & Another v Tsatsarolakis* 1976 2 SA 891 T:894 en *Blyth v Van den Heever* 1980 1 SA 191 A.

<sup>78</sup> *Boberg* 1984:274; *McKerron* 1971:26; *Van der Merwe en Olivier* 1985:126-129 en *Van der Walt* 1979a:23.

<sup>79</sup> *Cape Town Municipality v Paine* 1923 AD 207; *Joffe & Co Ltd v Hoskins* 1941 AD 431; *Cowan v Ballam* 1945 AD 81; *SAR&H v Marais* 1950 4 SA 610 A; *Herschel v*

sorgvuldigheid aan die dag te lê wat 'n redelike man aan die dag sou gelê het.

Die “duty of care” leerstuk is aan hewige kritiek onderwerp,<sup>80</sup> aangesien dit van die Engelse reg afkomstig is, vreemd aan die beginsels van die Romeins-Hollandse reg is, omslagtig is<sup>81</sup> en tot verwarring tussen die skuld- en die onregmatigheidselement lei.<sup>82</sup>

Die howe wend tans die toets van die redelike man in die meeste sake aan om te bepaal of 'n persoon nalatig opgetree het.<sup>83</sup>

#### 2.3.4 Kousaliteit

Die kousaliteitsvraagstuk is meer ingewikkeld in gevalle van nalatige wanvoorstelling as in ander deliktuele eise.<sup>84</sup> Hoofregter Rumpff het in die *Administrateur Natal*-saak<sup>85</sup> duidelik te kenne gegee dat kousaliteit ook 'n rol behoort te speel in die begrensing van deliktuele aanspreeklikheid. Beide feitlike en juridiese kousaliteit speel 'n belangrike rol in hierdie verband.

##### 2.3.4.1 Feitlike kousaliteit

Feitlike kousaliteit verwys na die feitlike kousale verband wat daar tussen die wanvoorstelling, die misleiding en die skade bestaan.<sup>86</sup>

---

*Mrupe* 1954 3 SA 464 A; *Van der Merwe v Austin* 1965 1 SA 43 T en *Peri Urban Areas Health Board v Munarin* 1965 3 SA 367 A.

<sup>80</sup> Price 1949:171 en Van den Heever 1944:42.

<sup>81</sup> Neethling ea 1996:145.

<sup>82</sup> McKerron 1971:34-35. Regter Booysen spreek homself soos volg uit oor hierdie verwarring in *Coronation Brick (Pty) Ltd v Strachan Construction Co (Pty) Ltd* 1982 4 SA 371:378: “In practice, however, the distinction between the element of unlawfulness and the element of culpability has for many years been somewhat blurred in claims based on negligence.”

<sup>83</sup> Neethling ea 1996:145.

<sup>84</sup> Pretorius 1987:584.

<sup>85</sup> *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A:833.

Alhoewel daar baie teorieë<sup>87</sup> ontwikkel het om kousaliteit vas te stel, neem die meeste skrywers<sup>88</sup> en die appèlafdeling<sup>89</sup> die *conditio sine qua non*-teorie<sup>90</sup> as uitgangspunt aan om te bepaal of daar 'n feitlike kousale verband tussen die wanvoorstelling, die misleiding en die skade teenwoordig is.

Ingevolge hierdie toets bestaan daar 'n feitlike kousale verband tussen die handeling en die gevolg indien die handeling nie weggedink kan word sonder dat die gevolg ook verdwyn nie.<sup>91</sup>

Volgens Neethling ea<sup>92</sup> en Jansen van Rensburg<sup>93</sup> sal die bestaan van 'n kousale verband van die feite van 'n saak afhang en sal dit daardeur gekenmerk word dat een feit uit 'n ander volg. Algemene menslike ervaring en kennis asook dié van die beoordelaar sal 'n belangrike rol speel wanneer die kousaliteitsvereiste oorweeg word.

Neethling ea<sup>94</sup> en Neethling en Potgieter<sup>95</sup> stel die volgende vereistes vir die aanwesigheid van feitlike kousaliteit in die geval van nalatige wanvoorstelling:

---

<sup>86</sup> Neethling ea 1996:299.

<sup>87</sup> Die *conditio sine qua non*-teorie, adekwasië-teorie, "direct consequences"-teorie en die voorsienbaarheidsteorie.

<sup>88</sup> Boberg 1984:380; Burchell 1993:114-115; Van der Merwe en Olivier 1985:193; Van der Walt 1979a:95 en Van Oosten 1982:239.

<sup>89</sup> *S v Van As* 1967 4 SA 594 A; *Da Silva v Coutinho* 1971 3 SA 123 A; *Minister van Polisie v Skosana* 1977 1 SA 31 A; *S v Daniëls* 1983 3 SA 275 A; *Siman and Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 A; *Tuck v Commissioner for Inland Revenue* 1988 3 SA 819 A; *Mediterranean Shipping Co Ltd v Speedwill Shipping Co Ltd* 1989 1 SA 164 D; *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A; *S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 A; *Oelofsen v Cigna Insurance Co of SA Ltd* 1991 SA 74 T; *Thandi v Minister of Law and Order* 1991 1 SA 704 OK; *Smit v Abrahams* 1992 3 SA 158 K en *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 A.

<sup>90</sup> Sien Potgieter 1990:267 en Spiller 1989:147-151 vir 'n kritiese bespreking van hierdie teorie.

<sup>91</sup> Neethling ea 1996:167; Van der Merwe en Olivier 1985:193 en Van der Walt 1979a:195.

<sup>92</sup> 1996:173-174. Vgl ook *S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 A en *Smit v Abrahams* 1994 4 SA 1 A.

<sup>93</sup> 1970:152.

<sup>94</sup> 1996:299.

<sup>95</sup> 1980:181.

- Die eiser moes deur die wanvoorstelling mislei gewees het en moes geglo het dat die wanvoorstelling die waarheid is.
- Die eiser moes op grond van die wanvoorstelling tot sy of haar eie nadeel gehandel het.

Neethling ea<sup>96</sup> meld dat feitlike kousaliteit afwesig sal wees indien ander oorwegings tot die skade aanleiding gegee het. In die *Administrateur Natal*-saak<sup>97</sup> het hoofregter Rumpff by implikasie bevind dat die eiser homself mislei het en daarom was feitlike kousaliteit afwesig.

#### 2.3.4.2 Juridiese kousaliteit

Aangesien feitlike kousaliteit baie ver kan strek, poog die adekwasië-teorie,<sup>98</sup> die “direct consequences”-teorie<sup>99</sup> en die voorsienbaarheidsteorie<sup>100</sup> om deur middel van juridiese kousaliteit<sup>101</sup> hierdie onbeperkte aanspreeklikheid te beperk.

Die heersende siening oor juridiese kousaliteit word redelik volledig deur die appèlhof in *S v Mokgethi*<sup>102</sup> uiteengesit. Van Heerden<sup>103</sup> staan ’n soepel

<sup>96</sup> 1996:299.

<sup>97</sup> *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A:835-836. Vgl ook Neethling ea 1996:299 en Neethling en Potgieter 1980:181.

<sup>98</sup> Volgens hierdie teorie bestaan daar ’n adekwate verband tussen die handeling en die gevolg indien ’n handeling volgens menslike ervaring die algemene neiging het om ’n bepaalde gevolg te laat intree. Vgl Neethling ea 1996:181-183 en Van der Merwe en Olivier 1985:200-201 vir ’n volledige bespreking van hierdie teorie.

<sup>99</sup> Hierdie Engelsregtelike teorie hou ’n persoon aanspreeklik vir alle regstreekse en direkte gevolge van sy of haar nalatige handeling. Vgl Neethling ea 1996:183-185 en ander bronne hier aangehaal vir ’n volledige bespreking van hierdie teorie.

<sup>100</sup> Hierdie teorie hou persone aanspreeklik vir die daardie gevolge waaraan hulle skuld gehad het. Vgl Neethling ea 1996:185-187 vir ’n volledige bespreking van hierdie teorie.

<sup>101</sup> Boberg :1984:439 en Van der Walt 1979a:98.

<sup>102</sup> 1990 1 SA 32 A:39 ev. Sien ook Du Plessis 1990:748 en Potgieter 1990:267.

<sup>103</sup> 1996:40-41.

benadering voor om te bepaal of juridiese kousaliteit aanwesig is. Neethling ea<sup>104</sup> verduidelik hierdie benadering soos volg:

“Die kernvaag is of daar ’n genoegsaam noue verband tussen die dader se handeling en die gevolg bestaan dat die gevolg die dader met inagneming van beleidsoorwegings op grond van redelikheid, billikheid en regverdigheid toegereken kan word.”

Die ander kousaliteitsteorieë kan dus ’n ondergeskikte rol tot die soepele benaderings speel wanneer juridiese kousaliteit vasgestel moet word en staan in diens van hierdie benadering.<sup>105</sup>

### 2.3.5 Skade

Suiwer vermoënskade is in beginsel ingevolge die *actio legis Aquiliae*<sup>106</sup> verhaalbaar. In die geval van ’n deliktuele eis, is dit die oogmerk van skadevergoeding om aan eisers negatiewe *interesse* toe te ken. Die vermoënsposisie van eisers voor die delik word dus vergelyk met die posisie van die eiser na die delik. Indien die eisers se vermoënsposisie na die delik slegter is as voor die delik, het die eisers skade gely en is die aksie om skadevergoeding om die verweerder in die *status quo ante* te plaas.<sup>107</sup> Soms word daar ook aangevoer dat die aksie om skadevergoeding daarop gerig moet wees om verweerders in daardie posisie te plaas waarin hulle sou gewees het indien die delik nie teenoor hulle gepleeg was nie.<sup>108</sup> In *Ranger v Wykerd*<sup>109</sup> merk regter Trollip op dat die die beginsels van

---

<sup>104</sup> 1996:179.

<sup>105</sup> Neethling ea 1996:179-180.

<sup>106</sup> Floyd en Hawthorne 1996:195.

<sup>107</sup> *Union Government v Warneke* 1911 AD 657; *Du Plessis v Nel* 1961 2 SA 97 G; *Myburgh v Hanekom* 1966 2 SA 157; *Schnellen v Rondalia Assurance Corporation of SA* 1969 1 SA 517 W; *Albertus v Jacobs* 1975 3 SA 836 W en *De Vos v Suid-Afrikaanse Eagle Versekeringsmaatskappy Bpk* 1984 1 SA 724 O.

<sup>108</sup> *Janeke v Ras* 1965 4 SA 583 T en *Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd* 1979 2 904 A.

<sup>109</sup> 1977 2 SA 976 A:991.

skadevergoeding in die geval van wanvoorstelling eenvoudig mag voorkom, maar dat die toepassing van die beginsels problematies kan wees.

### 2.3.6 Samevatting

Uit die bespreking hierbo blyk dit dat die begrensing van wanvoorstelling as deliktuele aksiegrond relatief maklik deur die basiese elemente van die delik begrens word. Die beginselmatige benadering wat die Suid-Afrikaanse volg, het daartoe gely dat deliktuele aanspreeklikheid as gevolg van nalatige wanvoorstelling vinnige ontwikkeling getoon het en sedert 1977 bevestig Suid Afrika se howe herhaaldelik dat nalatige wanvoorstelling wat suiwer vermoënskade veroorsaak, wel tot 'n deliktuele aksie aanleiding kan gee.<sup>110</sup>

## 3. Aanspreeklikheid van ouditeure

### 3.1 Inleiding

Ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derdes vir nalatige wanvoorstellings in finansiële state word sedert 1982 deur wetgewing gereël.<sup>111</sup> In hierdie gedeelte sal daar ondersoek ingestel word na beide die statutêre en gemeenregtelike reëling ten einde vas te stel of die statutêre reëling 'n kodifikasie<sup>112</sup> is van die die gemeenregtelike posisie van ouditeure teenoor derde partye en om te bepaal welke invloed die statutêre reëling op die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes uitoefen.

<sup>110</sup> *Administrator Natal v Bijo* 1978 2 SA 256 N:260; *Greenfield Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* 1978 4 SA 901 N:915; *EG Electric Co (Pty) Ltd v Franklin* 1979 2 SA 702 OK:705; *Shell and BP South African Petroleum Refineries v Osborne Panama SA* 1980 3 SA 653 D en *Kern Trust v Hurter* 1981 3 SA 607 K:611-616.

<sup>111</sup> Artikel 26 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 51 van 1951* is deur die *Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 42 van 1982* gewysig ten einde die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes statutêr te reël. Die posisie word tans deur artikel 20 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* gereël.

<sup>112</sup> Naudé 1983:354 meen dat die statutêre reëling 'n kodifikasie van die gemeenregtelike posisie van ouditeure teenoor derde partye is.

### 3.2 Die statutêre aanspreeklikheid van ouditeure

Die statutêre reëling rondom die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye is op aandrang van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad opgestel. Die oogmerk van die wetgewing was om regsekerheid te verkry oor die omstandighede waaronder 'n ouditeur sodanige aanspreeklikheid sal opdoen.<sup>113</sup>

'n Ouditeur kan ingevolge artikel 20(9) van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991*<sup>114</sup> aanspreeklikheid teenoor 'n

---

<sup>113</sup> Pretorius 1996:326.

<sup>114</sup> Artikel 20(9) van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* bepaal die volgende: "Ten opsigte van 'n mening uitgespreek of sertifikaat gegee of verslag of verklaring gedoen of 'n staat, rekening of dokument gesertifiseer in die gewone loop van sy pligte deur 'n persoon wat ingevolge hierdie Wet as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is -

- (a) loop hy geen aanspreeklikheid op teenoor sy kliënt of 'n derde party nie, tensy bewys word dat daardie mening of daardie sertifikaat of daardie verslag of verklaring of daardie staat, rekening of dokument kwaadwillig of na aanleiding van 'n nalatige verrigting van sy pligte uitgespreek, gegee, gedoen of gesertifiseer, na gelang van die geval, is; en
- (b) is hy, waar bewys word dat daardie mening of daardie sertifikaat of daardie verslag of verklaring of daardie staat, rekening of dokument na aanleiding van 'n nalatige verrigting van sy pligte uitgespreek, gegee, gedoen of gesertifiseer, na gelang van die geval, is, teenoor 'n derde party wat hom op daardie mening, sertifikaat, verslag, verklaring, staat, rekening of dokument verlaat het, aanspreeklik vir geldelike verlies gelyk as gevolg daarvan dat die derde party hom daarop verlaat het, slegs indien bewys word dat die ouditeur of persoon aldus geregistreer -
  - (i) geweet het of daar onder die bepaalde omstandighede, redelikerwys van hom verwag kon gewees het om te weet, toe die nalatigheid plaasgevind het by die verrigting van die pligte na aanleiding waarvan daardie mening uitgespreek of daardie sertifikaat gegee of daardie verslag of verklaring gedoen of daardie staat, rekening of dokument gesertifiseer is -
    - (aa) dat daardie mening, sertifikaat, verslag, verklaring, staat, rekening of dokument deur sy kliënt gebruik sou word om die derde party oor te haal om op een of ander wyse op te tree of nie op te tree nie of om die besondere transaksie wat die derde party aangegaan het of 'n ander transaksie van soortgelyke aard met die kliënt of iemand anders aan te gaan; of
    - (bb) dat die derde party hom op daardie mening, sertifikaat, verslag, verklaring, staat, rekening of dokument sou verlaat met die doel om op een of ander wyse op te tree of nie op te tree nie of om die besondere transaksie wat die derde party aangegaan het of 'n ander

derde party opdoen vir die skade wat die derde party gely het indien die ouditeur sy of haar pligte<sup>115</sup> op 'n nalatige wyse uitgevoer het en die derde party op die ouditeur se werk vertrou het.<sup>116</sup>

Die derde party sal egter ook die volgende moet bewys ten einde te slaag met sy of haar eis teen die ouditeur:

- Die ouditeur het ten tye van die nalatigheid geweet of daar kon redelikerwys onder die omstandighede van die ouditeur verwag gewees het om te weet dat-
  - sy of haar kliënt van die mening of sertifikaat gebruik sou maak om die derde party oor te haal om 'n besondere transaksie of 'n soortgelyke transaksie met hom of haar of iemand anders aan te gaan; of
  - die derde party op daardie mening of staat sou vertrou het om 'n besondere transaksie of 'n transaksie van 'n soortgelyke aard met die kliënt of iemand anders aan te gaan.
- Die ouditeur het nadat hy of sy 'n mening uitgespreek of 'n sertifikaat gegee het, 'n voorstelling aan 'n derde party gemaak dat die mening of sertifikaat juis is, terwyl hy of sy geweet het of daar redelikerwys onder die omstandighede van hom of haar verwag sou gewees het om te

---

transaksie van soortgelyke aard, met die kliënt of iemand anders aan te gaan; of

- (ii) te eniger tyd nadat daardie mening uitgespreek of daardie sertifikaat gegee of daardie verslag of verklaring gedoen of daardie staat, rekening of dokument gesertifiseer is, op enige wyse aan die derde party te kenne gegee het dat daardie mening, sertifikaat, verslag, verklaring, staat, rekening of dokument juis was, terwyl hy op daardie tydstip geweet het of daar op daardie tydstip onder die bepaalde omstandighede redelikerwys van hom verwag kon gewees het om te weet dat die derde party hom sou verlaat op wat aldus te kenne gegee is, met die doel om op een of ander wyse op te tree of nie op te tree nie of om die besondere transaksie wat die derde party aangegaan het of 'n ander transaksie van soortgelyke aard, met die kliënt of iemand anders aan te gaan."

<sup>115</sup> Sien bv artikels 300 en 301 van die *Maatskappywet 61 van 1973* vir 'n uiteensetting van die statutêre pligte van ouditeure.

<sup>116</sup> Vgl ook Cilliers ea 2000:427-428; Fourie 1994a:10; Pretorius 1996:324-325 en Puttick en Van Esch 1992:25-26.

weet dat die derde party op daardie mening of staat sou vertrou om 'n besondere transaksie of 'n transaksie van 'n soortgelyke aard met die kliënt of iemand anders aan te gaan.

Die blote feit dat 'n ouditeur die werksaamhede van 'n ouditeur verrig het, is ingevolge artikel 20(10) van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991*<sup>117</sup> nie opsigself voldoende bewys dat daar redelikerwys van die ouditeur verwag kon gewees het om te weet dat sy of haar kliënt of 'n derde party sou optree soos in artikel 20(9) uiteengesit nie.<sup>118</sup> Hierdie artikel plaas dus slegs 'n relatiewe sorgsaamheidsverpligting op ouditeure met die gevolg dat daar telkens aan die hand van die omstandighede en feite van 'n saak vasgestel moet word of daar 'n regsplig op die ouditeur gerus het om skade te voorkom.<sup>119</sup>

Pretorius<sup>120</sup> kritiseer die *Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 42 van 1982*, aangesien die Wet die totstandkoming van 'n regsplig op ouditeure aan voorsienbaarheid afhanklik stel en slegs 'n relatiewe regsplig in plaas van 'n algemene regsplig op ouditeure plaas.

### 3.3 Die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure

Die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir wanvoorstellings in finansiële state berus op die *actio legis Aquiliae*<sup>121</sup> en is

<sup>117</sup> Artikel 20(10) van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* bepaal die volgende: "By die toepassing van paragraaf (b) van subartikel (9) is die feit dat 'n ouditeur of persoon in daardie paragraaf bedoel die werksaamhede van 'n rekenmeester of ouditeur verrig het, op sigself nie bewys nie dat daar redelikerwys van hom verwag kon gewees het om te weet dat -

(a) sy klient sou optree soos in subparagraaf (i) (aa) van genoemde paragraaf (b) beoog; of

(b) die derde party sou optree soos in subparagraaf (i) (bb) of (ii) van genoemde paragraaf (b) beoog."

<sup>118</sup> Vgl ook Cilliers ea 2000:427-428 en Pretorius 1996:324-325.

<sup>119</sup> Vgl ook Boltar 1997:284; Cilliers ea 2000:428 en Pretorius 1996:325 en 328.

<sup>120</sup> 1985:536-538.

<sup>121</sup> Pretorius 1996:322.

op die beginsels van nalatige wanvoorstelling wat suiwer vermoënskade berokken, gegrond.<sup>122</sup>

### 3.3.1 Voor die inwerkingtreding van die statutêre reëling

Die aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derdes vir wanvoorstellings in finansiële state is vir die eerste keer in 1985 in die verhoorhof<sup>123</sup> en in 1990 in die appèlhof in *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* aangespreek.<sup>124</sup> Die eisoorzaak het in hierdie beslissing voor die inwerkingtreding van die *Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 42 van 1982*<sup>125</sup> ontstaan en gevolglik neem die verhoorhof en die appèlhof nie die bepalings van hierdie Wet in oorweging nie.<sup>126</sup>

In *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* verskaf sowel regter Goldstone van die verhoorhof<sup>127</sup> as hoofregter Corbett van die appèlhof<sup>128</sup> uitstekende voorbeelde van die toepassing van die deliktuele elemente ten einde die aanspreeklikheidsbegreningsprobleem in gevalle van nalatige wanvoorstelling wat suiwer vermoënskade veroorsaak, aan te spreek.<sup>129</sup>

In hierdie saak was International Shipping Co (Pty) Ltd (hierna International Shipping genoem) 'n finansierder. Hierdie maatskappy het in 1976 besluit om kredietfasiliteite aan die Deals-groep maatskappye (hierna Deals genoem) te verleen. Die verweerders is vanaf 1977 tot 1979 as ouditeure van Deals aangestel. International Shipping beweer dat hy op grond van Deals se geouditeerde finansiële state vir die 1978-finansiële jaar besluit

---

<sup>122</sup> Cookson 1977:26.

<sup>123</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1985 ongerapporteerde WPA saak 7676/1982.

<sup>124</sup> 1990 1 SA 680 A.

<sup>125</sup> Hierdie posisie word tans deur artikel 20 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* gereël.

<sup>126</sup> Pretorius 1996:324.

<sup>127</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1985 ongerapporteerde WPA saak 7676/1982.

<sup>128</sup> 1990 1 SA 680 A.

het om nie Deals se kredietfasiliteite van ongeveer R650 000 op te skort nie, maar om die fasiliteit uit te brei tot R977 318. Daar word op 1 April 1981 aansoek gedoen vir die likwidasië van Deals en International Shipping kon slegs R593 826 van Deals verhaal. Daar word gevind dat die finansiële state van 1987 nie die finansiële posisie van Deals redelik weergegee het nie as gevolg van die bedrog van een van International Shipping se bestuurders. International Shipping stel 'n eis teen Bentley in as gevolg van die wanvoorstelling wat in die finansiële state vervat is en beweer dat hy Deals se kredietfasiliteite in Maart 1979<sup>130</sup> sou opgeskort het indien hy van die ware finansiële posisie van Deals bewus was.

Regter Goldstone lê klem daarop dat Bentley slegs aanspreeklikheid kan opdoen vir die wanvoorstelling in Deal se finansiële state indien daar aan al die elemente van 'n delik voldoen word.<sup>131</sup> Regter Goldstone bevind dat daar wel aan die elemente van onregmatigheid<sup>132</sup> en skuld<sup>133</sup> voldoen is en ondersoek daarna die aanwesigheid van kousaliteit. Uit die getuienis blyk dit dat 'n werknemer van International Shipping 'n besluit geneem het om Deals se kredietfasiliteit op te skort, maar dat hierdie besluit nooit deurgevoer is nie. Dit het verder uit die getuienis geblyk dat International Shipping in Junie 1980 verdere krediet aan Deals verleen het ten einde die maatskappy uit sy finansiële verknorsing te red. Regter Goldstone bevind dat daar nie 'n feitlike kousale verband tussen die wanvoorstelling en die skade teenwoordig is nie en hy wys die eis van die hand.<sup>134</sup>

---

<sup>129</sup> Engelbrecht 1993:25 en Pretorius 1987:577.

<sup>130</sup> Die 1978-finansiële state is in Maart 1979 aan International Shipping beskikbaar gestel.

<sup>131</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1985 ongerapporteerde WPA saak 7676/1982:50-51. Vgl ook Wunsh 1990:317.

<sup>132</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1985 ongerapporteerde WPA saak 7676/1982:49-50. Vgl ook Pretorius 1987:579-583.

<sup>133</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1985 ongerapporteerde WPA saak 7676/1982:74-76. Vgl ook Pretorius 1987:583-584.

<sup>134</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1985 ongerapporteerde WPA saak 7676/1982:109. Vgl ook Pretorius 1987:585.

In *International Shipping* se appèl teen regter Goldstone se beslissing bevestig die appèlhof dat daar aan al die elemente van 'n delik voldoen moet word alvorens Bentley aanspreeklik gehou kan word vir die wanvoorstelling in Deals se jaarstate.<sup>135</sup>

Die eenparige beslissing van die appèlhof<sup>136</sup> ondersteun regter Goldstone<sup>137</sup> se beslissing in die verhoorhof dat die wanvoorstellings in Deals se finansiële state wel aan Bentley se nalatigheid te wyte is. Volgens hoofregter Corbett het Bentley 'n ondoeltreffende ouditprogram opgestel en het hy nie effektiewe beheer oor die ouditproses uitgeoefen nie. Hoofregter Corbett<sup>138</sup> voer aan dat Bentley die wanvoorstellings in die finansiële state sou opgespoor het, dit sou reggestel het of 'n gekwalifiseerde ouditeursverslag sou gelewer het indien hy met die nodige sorg en vaardigheid die oudit sou uitgevoer het.

Hoofregter Corbett<sup>139</sup> ondersteun regter Goldstone<sup>140</sup> se beslissing in die verhoorhof dat Bentley se ouditeursverslag op 'n onregmatige wyse

---

<sup>135</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:684 per hoofregter Corbett: "At common law, in order to succeed in this action International had to prove:

- (a) That the financial statements in question were in fact materially false and misleading;
- (b) that in reporting on the financial statements as he did the respondent acted fraudulently;
- (c) or, alternatively to (b), that in so reporting the respondent acted unlawfully and negligently *vis-à-vis* International; and
- (d) that respondent's fraud, or negligence, caused International's eventual loss."

Vgl ook Engelbrecht 1993:25.

<sup>136</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:694 en 704. Appèlregters Botha, Hefer, Smalberger en Friedman het met hoofregter Corbett se beslissing saamgestem.

<sup>137</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1985 ongerapporteerde WPA saak 7676/1982:74-76.

<sup>138</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:694 per hoofregter Corbett: "...the respondent had acted negligently and that, had he carried out his duties with proper diligence, these complaints would probably not have arisen - in the sense, presumably, that these defects in the financial statements would have been detected and either eliminated or drawn to the attention of International by way of a qualification to the statements."

<sup>139</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:694. Vgl ook Cilliers ea 1993:244 en Pretorius 1996:324.

voorberei is, aangesien Bentley versuim het om sy algemene regsplig teenoor International Shipping na te kom. Regter Goldstone<sup>141</sup> identifiseer die volgende beleidsoorwegings wat onder andere daarop dui dat daar wel 'n regsplig op Bentley tot stand gekom het om skade deur misleiding te voorkom:

- Die statutêre pligte waaraan Bentley moes voldoen dui op 'n algemene regsplig om skade deur misleiding te voorkom. Dit is ingevolge artikel 300 van die *Maatskappywet 61 van 1973*<sup>142</sup> maatskappy-ouditeure se plig om hulself daarvan te vergewis dat die finansiële of groepsfinansiële jaarstate of groepsverslae die finansiële toestand van die maatskappy en die resultate van sy bedrywighede redelik weergee. Hierdie state en verslae behoort ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk opgestel te word en moet op 'n grondslag toegepas word wat verenigbaar is met dié van die

---

<sup>140</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1985 ongerapporteerde WPA saak 7676/1982:49-50.

<sup>141</sup> Na aanleiding van regter Goldstone se beslissing in die verhoorhof identifiseer hoofregter Corbett in *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:694 die volgende vier gevalle wat op 'n regsplig om skade deur misleiding te voorkom dui:

- (a) The statutory duty upon the defendant to furnish his report on the financial statements: s 300 of the Act. More particularly, his duty was to satisfy himself as to the matters referred to in s 301 of the Act and to express an opinion as to whether the financial statements fairly presented the financial position of the company and its subsidiaries;
- (b) the nature and context of the relationship between the parties created a direct link between the plaintiff and the defendant;
- (c) the defendant was aware that in monitoring and reviewing the facilities of the Deals Group, the plaintiff would rely upon the financial statements in a serious and business context;
- (d) there are no considerations of public policy which should induce the Court to deny liability in a case such as the present."

<sup>142</sup> Dit is ingevolge artikel 300(i) van die *Maatskappywet 61 van 1973* die ouditeur van 'n maatskappy se plig "om dié van die rekeningkundige rekords van die maatskappy te ondersoek en dié toetse ten opsigte van sodanige rekords en dié ander ouditprosedures uit te voer wat hy nodig ag ten einde hom daarvan te vergewis dat die finansiële jaarstate of groeps-finansiële jaarstate die finansiële toestand van die maatskappy of van die maatskappy en sy filiale en die resultate van sy bedrywighede en dié van sy filiale ooreenkomstig algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk, toegepas op 'n grondslag wat verenigbaar is met dié van die voorgaande jaar, redelik weergee."

voorafgaande jaar. Dit is verder ingevolge artikel 301<sup>143</sup> van die genoemde Wet ouditeure se plig om aan die lede van die maatskappy verslag te doen met die strekking dat hulle die finansiële state ondersoek het en dat die state na hul mening die finansiële toestand en resultate van die maatskappy en sy filiale se bedrywighede redelik weergee.

- Die aard van die verhouding tussen die partye het tot 'n direkte verhouding tussen International Shipping en Bentley aanleiding gegee.
- Bentley was daarvan bewus dat International Shipping op die finansiële state van Deals sou steun ten einde 'n besluit te neem oor die verlening en uitbreiding van sy kredietfasiliteite aan Deals.<sup>144</sup>
- Daar is geen beleidsoorwegings aanwesig wat op die ontkenning van die bestaan van 'n regsplig dui nie.

Hoofregter Corbett<sup>145</sup> bevestig dat daar feitlike en juridiese kousaliteit tussen die nalatige wanvoorstelling en die skade van International Shipping moet bestaan.

Hy wend die sogenaamde *conditio sine qua non* of “but for” -toets aan ten einde vas te stel of daar 'n feitlike kousale verband tussen International Shipping se skade en Bentley se wanvoorstelling bestaan het. Hy bevind dat daar wel 'n feitlike kousale verband tussen die skade en die

---

<sup>143</sup> Artikel 301 van die *Maatskappywet 61 van 1973* bepaal die volgende: “Wanneer die ouditeur van 'n maatskappy die vereistes van artikel 300 nagekom het en hom vergewis het aangaande die aangeleenthede daarin vermeld, en sy audit sonder enige beperkings hoegenaamd uitgevoer het, moet hy aan die lede van die maatskappy verslag doen met die strekking dat hy die finansiële jaarstate en groepsfinansiële jaarstate ondersoek het en dat dit na sy mening die finansiële toestand van die maatskappy en sy filiale en die resultate van sy bedrywighede en dié van sy filiale op die wyse deur die Wet vereis, redelik weergee.”

<sup>144</sup> Na aanleiding van *Boberg 1984:39* en *206* is Pretorius 1987:581 van mening dat hierdie subjektiewe maatstaf wat regter Goldstone aanwend nie noodwendig teen die objektiwiteit van die onregmatigheidsstoets indruis nie. Voorsienbaarheid speel nie 'n deurslaggewende rol in regter Goldstone se maatstaf nie, maar is bloot 'n faktor wat hy in ag neem om te bepaal of daar 'n regsplig om skade deur misleiding te voorkom op Bentley was.

wanvoorstelling bestaan het, aangesien 'n nie-nalatige handeling deur Bentley en 'n behoorlike uitoefening van sy verpligtinge as 'n ouditeur die ware finansiële posisie van Deals na vore sou gebring het. Na aanleiding van hierdie inligting sou International Shipping sy kredietfasiliteite aan Deals opgeskort het en kon International R620 900 van die goedgekeurde fasiliteit van R650 000 van Deals verhaal het. Indien dit dus nie vir Bentley se nalatige wanvoorstelling was nie, sou International Shipping sy skade kon beperk het.<sup>146</sup>

Hoofregter Corbett<sup>147</sup> steun op appèlregter Van Heerden se beslissing in *S v Mokgethi*<sup>148</sup> en wend die soepel benadering aan om vas te stel of daar aan die juridiese kousaliteitsvereiste voldoen is. Hoofregter Corbett<sup>149</sup> identifiseer die volgende faktore wat daarop dui dat juridiese kousaliteit nie

---

<sup>145</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:700. Vgl ook Cilliers ea 1993:244; Engelbrecht 1993:25 en Silove 1994:6.

<sup>146</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:701-702: "Respondent's negligent report on the 1978 audited financial statements unquestionably constituted a *causa sine qua non* of such loss since, as I have indicated, a proper, ie non-negligent, performance by respondent of his duties as auditor would have revealed the true financial state of the Deals Group to International in March 1979; and, had this occurred, International would then have discontinued providing the Group with financial facilities and would have recovered from Deals the amount owing to it, which was then about R620 900 (as against an approved facility of R650 000). In that way the ultimate loss would have been obviated. In other words, but for respondent's negligent report and postulating hypothetical lawful (ie non-negligent) conduct on respondent's part, International's loss would not have ensued."

<sup>147</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:701. Vgl ook Neethling en Potgieter 1990:378.

<sup>148</sup> 1990 1 SA 32 A:39 ev. Appèlregter Van Heerden verwys na die verskillende kriteria wat aangewend kan word om vas te stel of daar juridiese kousaliteit teenwoordig is, naamlik die afwesigheid van 'n *novus actus interveniens*, die regstreekse of direkte gevolgteorie, die voorsienbaarheidsteorie en die adekwate veroorsakingsteorie en besluit om die soepel benadering soos volg toe te pas: "Wat die onderskeie kriteria betref, kom dit my ook nie voor dat hulle veel meer eksak is as 'n maatstaf (die soepele maatstaf) waarvolgens aan die hand van beleidsoorwegings beoordeel word of 'n genoegsame noue verband tussen handeling en gevolg bestaan nie. Daarmee gee ek nie te kenne nie dat een of selfs meer van die kriteria nie by die toepassing van die soepele maatstaf op 'n bepaalde soort feitekompleks subsidiër nuttig aangewend kan word nie; maar slegs dat geen van die kriteria by alle soorte feitekomplekse, en vir die doeleindes van die koppeling van enige vorm van regspraaklikheid, as 'n meer konkrete afgrensingsmaatstaf gebruik kan word nie." Vgl ook Neethling en Potgieter 1990:377.

<sup>149</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:702-703. Vgl ook Boltar 1997:290 en Fourie 1994a:16-17.

tussen Bentley se wanvoorstelling en International Shipping se skade teenwoordig was nie:

- Daar het reeds twee jaar verstryk vanaf die datum waarop Bentley die nalatige wanvoorstellings gemaak het tot die datum waarop International Shipping skade gely het.
- International Shipping het besluit om verdere kredietfasiliteite aan Deals te verskaf, ten spyte daarvan dat Deals nie likied was nie, Deals se interne administratiewe beheerstelsel verskeie leemtes bevat het en daar gedreig is om Deals onder geregtelike bestuur te plaas.
- International Shipping se ongekontroleerde uitbreiding van sy kredietfasiliteite aan Deals het grootliks tot Deals se skade bygedra.
- Die verhouding tussen International Shipping en Deals het verander toe International Shipping deur middel van sy eie werknemers en ouditeure by die administratiewe bestuur van Deals betrokke geraak het.
- Een van die direkteure, naamlik Cunningham, het homself skuldig gemaak aan bedrog.
- International Shipping se skade was nie voorsienbaar ten tye van die voorbereiding van die ouditeursverslag nie.

In die lig van die bogenoemde faktore bevind hoofregter Corbett dat daar nie 'n juridiese kousale verband tussen Bentley se nalatige wanvoorstellings en International Shipping se skade bestaan nie en wys International Shipping se eis van die hand.<sup>150</sup>

---

<sup>150</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680A:703-704 per hoofregter Corbett: "Having regard to all these factors I am of the opinion that the ultimate loss suffered by International was too remote - there was not a sufficiently close connection between respondent's negligence and the loss - for legal liability on respondent's part to arise. I, therefore, agree with the conclusion reached by the Court *a quo* and with the order made dismissing International's action with costs." Sien ook Cilliers ea 1993:245 en Pretorius 1996:323.

### 3.3.2 Na die inwerkingtreding van die statutêre reëling

Na die afkondiging van die *Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 42 van 1982*, het die vraag ontstaan of derde partye benewens die vereistes van hierdie Wet, ook die gemeenregtelike elemente van 'n delik moet bewys ten einde ouditeure aanspreeklik te hou vir wanvoorstellings in finansiële jaarstate.

Wunsch<sup>151</sup> en Pretorius<sup>152</sup> was van mening dat 'n derde party beide die statutêre vereistes en die vyf elemente van 'n delik moet bewys alvorens ouditeure teenoor derde partye aanspreeklik kan wees vir wanvoorstellings in finansiële state. Regter MacArthur het Wunsch en Pretorius se menings bevestig in 1998 in *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company*<sup>153</sup> deur te beslis dat die statutêre reëling nie die gemenerereg vervang het nie en dat die begrensing van die deliktuele aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye steeds in die toepassing van die vyf elemente van 'n delik geleë is.

In hierdie saak het S Taitz Kaplan and Company (hierna Taitz genoem) die finansiële state van die Stan Maatskappygroep vir die finansiële jare 1990 tot 1992 en die finansiële state van Milstan vir die 1992-finansiële jaar geouditeer en ongekwalifiseerde ouditeursverslae vir hierdie maatskappye uitgereik. Hierdie state het egter wanvoorstellings bevat en die Stan Maatskappygroep ontbind en Milstan word in 1994 gelikwideer. NPC Electronics Ltd (hierna NPC genoem) stel hierna 'n eis teen Taitz in vir die skade wat hy gely het as gevolg van die vertrouwe wat hy op Taitz se wanvoorstellings geplaas het.

---

<sup>151</sup> 1990:317.

<sup>152</sup> 1985:533.

<sup>153</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:405 per regter MacArthur: "There is no express provision indicating that the common law has been repealed as an adjunct to the common law..."

Regter MacArthur ondersoek eerstens Taitz se handeling en bevind dat die finansiële state en Taitz se ouditeursverslag wel wesenlike wanvoorstellings bevat het.<sup>154</sup>

Na aanleiding van hoofregter Corbett se beslissing in *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley*<sup>155</sup> beslis regter MacArthur dat Taitz se handeling ook onregmatig moet wees alvorens hy deliktueel aanspreeklik teenoor NPC kan wees. Volgens regter MacArthur<sup>156</sup> is onregmatigheid in die geval van nalatige wanvoorstelling in die skending van 'n regsplig geleë. Regter MacArthur ondersoek hofbeslissings van Engeland,<sup>157</sup> Kanada<sup>158</sup> en Nieu-Seeland<sup>159</sup> wat oor die sorgsaamheidsverpligting van ouditeure handel en kom tot die gevolgtrekking dat slegs die *International Shipping*-beslissing<sup>160</sup> met gesag in Suid-Afrika aangewend kan word.<sup>161</sup> Regter MacArthur kom verder tot die gevolgtrekking dat redelike voorsienbaarheid<sup>162</sup> nie 'n rol behoort te speel in die onregmatigheidstoets nie en dat slegs nabyheid en kennis voorvereistes vir ouditeursaanspreeklikheid is.<sup>163</sup> Regter MacArthur

<sup>154</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:399.

<sup>155</sup> 1990(1) SA 680 A:694.

<sup>156</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:400.

<sup>157</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574; *Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492; *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798; *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 2 WLR 316; *Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568 en *Murphy v Brentwood District Council* [1990] 2 All ER 908. Sien hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie sake.

<sup>158</sup> *Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 72 DLR (3d) 68. Sien bls 75-78 van hoofstuk vier vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

<sup>159</sup> *Scott Group Limited v McFarlane and others* [1978] 1 NZLR 553 CA. Sien bls 116-123 van hoofstuk ses vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

<sup>160</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A.

<sup>161</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:404 per regter MacArthur: "Looking at the matter from a South African perspective and more particularly in relation to auditor's liability under the *lex aquiliae* the only direct authority is the *International Shipping* case."

<sup>162</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:404 per regter MacArthur: "There is nothing in the judgement to suggest that reasonable foresight is the test."

<sup>163</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:404 per regter MacArthur: "In the result I have come to the view that proximity and knowledge is a prerequisite to liability."

bevind dat Taitz wel daarvan kennis gedra het dat NPC 'n krediteur van sy kliënt was, maar dat hy nie daarvan bewus was dat NPC op sy ouditeursverslag sou gesteun het nie. Die getuienis het verder daarop gedui dat NPC eers vanaf September 1992 op die geouditeerde finansiële state gesteun het.<sup>164</sup> Regter MacArthur bevind gevolglik dat Taitz se wanvoorstelling nie ingevolge die gemenerereg onregmatig was nie.

Na aanleiding van NPC se bewering dat daar ingevolge die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* 'n regsplig op Taitz tot stand gekom het, beslis regter MacArthur dat die gemenerereg nie deur die genoemde Wet vervang is nie. Aangesien Taitz se wanvoorstelling nie as onregmatig beskou word ingevolge die gemenerereg nie, vind hy dit onnodig om 'n beslissing te vel oor Taitz se moontlike onregmatige optrede ingevolge die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991*.<sup>165</sup> Regter MacArthur oorweeg nietemin die aangeleentheid en beslis dat Taitz se wanvoorstelling ook nie ingevolge die bepalings van hierdie Wet as onregmatig beskou kan word nie.<sup>166</sup>

Alhoewel regter MacArthur meld dat hy reeds op hierdie stadium NPC se eis van die hand kon wys, oorweeg hy verder of daar aan die kousaliteitsvereiste voldoen is.<sup>167</sup> Regter MacArthur bevind dat daar slegs 'n feitlike kousale verband teenwoordig is tussen Taitz se wanvoorstellings in die finansiële state van 1991 en die addisionele kredietfasiliteit van

---

<sup>164</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:404.

<sup>165</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:405 per regter MacArthur: "There is no express provision indicating that the common law has been repealed as an adjunct to the common law, I shall nevertheless deal with the statutory problem without having to decide that point."

<sup>166</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:404 en 405. Cilliers ea 2000:427 kritiseer regter MacArthur se benadering, aangesien die hof volgens hulle foutiewelik aanvaar het dat voorsienbaarheid bepaal word deur wat die ouditeur geweet het en nie deur dit wat die ouditeur redelikerwys kon voorsien het nie.

<sup>167</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:405 per regter MacArthur: "This should be the end of the matter, but in case my approach is wrong, I turn to the next issue, namely causation."

R5 miljoen aan die Stan Maatskappygroep.<sup>168</sup> Regter MacArthur neem beleidsoorwegings en die beginsels van redelikheid en regverdigheid in ag om die juridiese kousaliteitsvraagstuk op te los.<sup>169</sup> Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar ook nie aan die vereistes van juridiese kousaliteit voldoen is nie. Volgens regter MacArthur blyk dit nie duidelik uit die getuienis of NPC wel op die finansiële state vertrou het nie, daar was nie 'n verhouding soortgelyk aan die verhouding tussen die eiser en verweerder in die sake van *International Shipping*<sup>170</sup> en *Hedley Byrne*<sup>171</sup> aanwesig nie en hy vind dit verder onredelik dat 'n finansierder bloot op geouditeerde finansiële state kan staatmaak wanneer hy besluit om kredietfasiliteite aan 'n maatskappy te verleen.<sup>172</sup> Die eis word gevolglik met koste van die hand gewys.

In *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland*<sup>173</sup> het die verweerders die finansiële state van Peldins (Pty) Ltd (hierna Peldins genoem) geouditeer en 'n ongekwalifiseerde ouditeursverslag vir die finansiële jare 1996 tot 1998 uitgereik. RCG Trade & Finance (Pty) Ltd (hierna RCG genoem) het hierna op die geouditeerde finansiële jaarstate van Peldins gesteun toe Trade Upfront (Pty) Ltd sy vorderingsregte teen Peldins aan RCG gesedeer het en RCG besluit het om finansiering aan Peldins te verskaf.

---

<sup>168</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:406 per regter MacArthur: "In short the R5 million credit extension granted in September 1992 is the only money the plaintiff can rely upon to support its claim that the errors in the 1991 financial statements and June publication caused its loss."

<sup>169</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:406.

<sup>170</sup> *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A.

<sup>171</sup> *Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574. Sien bls 14-17 van hoofstuk twee vir 'n volledige bespreking van hierdie saak.

<sup>172</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W:406-407.

<sup>173</sup> <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004. *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001 is op 12 November 2002 verhoor en uitspraak is op 12 Desember 2002 hooggeregshof gelewer.

Regter Musi<sup>174</sup> verwys na drie hofbeslissings<sup>175</sup> en kom tot die gevolgtrekking dat onregmatigheid in die geval van wanvoorstelling in die skending van 'n regsplig geleë is. Volgens regter Musi<sup>176</sup> het die volgende twee vereistes uit die Suid-Afrikaanse regspraak<sup>177</sup> gekristalliseer as vereistes vir die totstandkoming van 'n regsplig op ouditeure:

- Daar moet 'n direkte verbinding of 'n redelike verhouding van nabyheid tussen die derde party en die ouditeure teenwoordig wees.
- Die ouditeure moet daarvan kennis dra of behoort redelikerwys daarvan kennis te dra dat die derde party op die ouditeursverslag sal staatmaak om 'n spesifieke transaksie aan te gaan.

Regter Musi wys daarop dat die regspraak nie altyd beide vereistes oorweeg om vas te stel of 'n regsplig op die ouditeur tot stand gekom het nie, maar dat beide vereistes teenwoordig is indien 'n hof bevind dat 'n regsplig wel teenwoordig is.<sup>178</sup> Regter Musi<sup>179</sup> verwys na *Standard*

<sup>174</sup> <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 per regter Musi in *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001: "Unlawfulness is established when it is found in the particular circumstances of the case that the author of the false statement owed a duty to the recipient thereof not to make such false statement."

<sup>175</sup> *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 A; *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A en *Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost* 1991 4 SA 559 A.

<sup>176</sup> <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 per regter Musi in *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001.

<sup>177</sup> *Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 A:913; *International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A:694; *Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost* 1991 4 SA 559 A:575 en *Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 A:770.

<sup>178</sup> <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 per regter Musi in *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001: "It will be noted that in some of the cases only one of the two factors is referred to in so many words, but the presence of the other is nonetheless discernible."

<sup>179</sup> <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 per regter Musi in *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001: "For example in *Standard Bank of South Africa Ltd v OK Bazaars (supra)* emphasis is laid on the closeness of the relationship (at p.397) but it is clear that the defendant in that

*Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd*<sup>180</sup> en meld dat die verweerder wel daarvan bewus was dat daar op die verslag gesteun sou geword het vir die verlening van kredietfasiliteite, alhoewel die hof slegs klem geplaas het op die vereiste van 'n verhouding van nabyheid. Regter Musi<sup>181</sup> meld dat die hof in *Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost*<sup>182</sup> en *Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd*<sup>183</sup> nie spesifiek na een van die twee vereistes verwys het nie, maar dat beide vereistes nietemin teenwoordig was. Die vereiste verhouding van nabyheid en kennis van die verweerder staan verder volgens regter Musi<sup>184</sup> nie altyd onafhanklik van mekaar nie. Die aard van die verhouding tussen die partye kan byvoorbeeld daarop dui dat die verweerder daarvan bewus was dat sy of haar inligting aan 'n derde party gekommunikeer gaan word en dat die derde party op hierdie inligting sal staatmaak om 'n spesifieke transaksie aan te gaan. Ander faktore, behalwe die bogenoemde twee vereistes, kan ook volgens regter Musi oorweeg word om vas te stel of daar 'n regsplig op die ouditeure tot stand gekom het.<sup>185</sup>

---

case was also aware that the report would be relied upon for the particular purpose of assessing credit.”

<sup>180</sup> 1994 4 SA 747 A.

<sup>181</sup> <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 per regter Musi in *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001: “Sometimes these factors are not specifically mentioned in the cases but are nonetheless present...”

<sup>182</sup> 1991 4 SA 559 A.

<sup>183</sup> 1984 2 SA 888 A.

<sup>184</sup> <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 per regter Musi in *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001: “Proximity of relationship and knowledge do not always operate independently of each other but may be conjunctive: the nature and context of the relationship between the relevant parties may provide a basis for the inference of knowledge that the incorrect information would be communicated to and relied upon by the recipient thereof for the particular purpose.”

<sup>185</sup> <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 per regter Musi in *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001: “This does not mean that other factors do not play a role in the matter nor that the approach that various factors must be considered in order to determine whether the duty of care exists in the circumstances of each case has been abandoned. Indeed, the other factors may be crucial in the establishment of the basic requirements. It is to be noted also that the existence of these basic factors generally has the effect of

Regter Musi beslis dat daar nie 'n regsplig op die ouditeure ingevolge die gemenereg bestaan het nie. Moores Rowland was wel daarvan bewus dat 'n derde party op die ouditeursverslag sou vertrou het, maar hulle was nie bekend met die identiteit van die spesifieke derde party nie en daar was ook nie sprake van 'n verhouding van nabyheid tussen die derde party en die ouditeur nie.<sup>186</sup> Hy beslis verder dat daar ook nie ingevolge artikel 20(9) van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* 'n regsplig op die ouditeure gerus het nie. Die ouditeure was wel daarvan bewus dat 'n derde party op hul sertifikaat sou vertrou het, maar hulle was nie bekend met die identiteit van die spesifieke derde party nie en het ook nie kennis gedra van die spesifieke transaksie waarvoor hul kliënt die sertifikaat sou aanwend nie.<sup>187</sup>

---

<sup>186</sup> minimizing or even eliminating the risk of limitless liability with the result that considerations of public policy often do not come into play.”  
<http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 per regter Musi in *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001: “These averments would, if proved, indeed establish that the defendant knew that the statements and reports would be relied upon for purpose of assessing the creditworthiness of Peldins. But they do not disclose who is the third party that would rely or was likely to rely thereon. There is no hint of any relationship between the plaintiff and the defendant. In effect the particulars of claim aver that the defendant owed a duty of care to creditors of Peldins generally and the plaintiff is being cited as one of such general body of creditors. That raises the spectre of limitless liability that the Courts have previously warned against and would fall far short of the requirements for the existence of a duty of care.”

<sup>187</sup> <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 per regter Musi in *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hooggeregshof 3955/2001: “Section 20(9)(b) provides that the auditor is liable only if it is proved, *inter alia*, that he knew that the third party would rely upon the certificate, the report, the statement or the account for the purpose of entering into a specific transaction with the third party. By the third party is not meant third parties generally, but the specific party that actually relied on the report. Furthermore, the auditor must know that the report would be relied upon for the purpose of entering into a specific transaction.”

### 3.3.3 Samevatting

Ten spyte daarvan dat die *Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 42 van 1982*<sup>188</sup> gepoog het om die gemenereg te kodifiseer, blyk dit dat die wetgewer nie daarin geslaag het nie. Die deurslaggewende vereistes vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting ingevolge die Wet is in kennis en voorsienbaarheid geleë. In teenstelling hiermee vereis die gemenereg 'n regterlike waarde-oordeel en belange-afweging op grond van die feite en omstandighede van die geval vir die totstandkoming van 'n regsplig. Die statutêre pligte waaraan ouditeure moet voldoen, die aard van die verhouding wat tussen die ouditeur en die derde party geheers het en die kennis wat die ouditeur gedra het of redelikerwys behoort te gedra het oor die derde party se voorneme om op die ouditeursverslag te vertrou, vorm deel van die beleidsoorwegings wat die Suid-Afrikaanse regspraak aanwend om vas te stel of daar wel 'n regsplig op ouditeure teenoor derde partye tot stand gekom het.

## 4. Gevolgtrekking

Daar is 'n groot mate van verwydering tussen nalatige wanvoorstelling ingevolge die gemenereg van Suid-Afrikaanse en nalatige wanvoorstelling ingevolge die gemenereg van Engeland, Amerika, Kanada, Australië en Nieu-Seeland. In teenstelling met die Anglo-Amerikaanse reg wat 'n kasuïstiese benadering volg, volg Suid-Afrika 'n meer wetenskaplike benadering tot deliktuele aanspreeklikheid. Die regstelsels wat tot die Anglo-Amerikaanse regsfamilie behoort, skep 'n reeks of groep delikte wat slegs in bepaalde situasies aanwending vind, terwyl die Suid-Afrikaanse reg 'n meer wetenskaplike benadering volg deur die algemene beginsels of

---

<sup>188</sup> Die posisie word tans deur artikel 20 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* gereël.

vereistes van 'n delik aan te wend om deliktuele aanspreeklikheid in verskillende omstandighede te begrens.

In teenstelling met die gemenereg van Engeland, Amerika, Kanada, Australië en Nieu-Seeland wat ouditeure se aanspreeklikheid begrens deur klem te plaas op die totstandkoming en verbreking van 'n regsplig op ouditeure, begrens Suid-Afrika se gemenereg ouditeure se aanspreeklikheid deur die aanwending van die vyf basiese elemente van die delik.

Die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* het nie die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye vervang nie. Eisers sal benewens die gemeenregtelike elemente van 'n delik ook aan die vereistes van artikel 20(9) *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* moet voldoen ten einde ouditeure aanspreeklik te hou vir wanvoorstellings in finansiële jaarstate.

## HOOFSTUK 8

### GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

#### 1. Gevolgtrekking

Alhoewel die aanspreeklikheid van ouditeure vir wanvoorstelling in finansiële state as die grootste bedreiging vir die ouditeursprofessie beskou word en ouditeure meen dat hulle blootgestel word aan onbeperkte aanspreeklikheid, blyk dit uit die studie dat die gemenerereg van Engeland, die VSA, Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika wel 'n redelike mate van beskerming aan ouditeure bied teen die eise van derde partye.

Die Anglo-Amerikaanse reg begrens ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye deur klem te plaas op die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting. Hierdie benadering behels dat ouditeure slegs aanspreeklik is teenoor derde partye indien hulle 'n sorgsaamheidsverpligting aan die derde partye verskuldig was en indien die ouditeure sodanige sorgsaamheidsverpligting verbreek het deur hul nalatige wanvoorstellings.

Ingevolge die Engelse gemenerereg is ouditeure sedert *Caparo Industries plc v Dickman and others*<sup>1</sup> in die negentigerjare 'n sorgsaamheidsverpligting aan derde partye verskuldig indien die skade voorsien was en daar 'n verhouding van nabyheid tussen die ouditeure en derde partye bestaan het. Die grondslag van ouditeure se aanspreeklikheid is geleë in hul kennis en aanvaarding van die oogmerk waarvoor hul werk gebruik gaan word. Ouditeure kan slegs op grond van nalatige wanvoorstellings in die finansiële state aanspreeklik gehou word indien die finansiële state vir

'n spesifieke ontvanger voorberei is; of indien die ouditeur daarvan bewus was of redelikerwys daarvan bewus behoort te gewees het dat die auditverslag aan 'n spesifieke persoon oorhandig gaan word of vir 'n bepaalde oogmerk aangewend gaan word; of indien die ouditeur direk aan die ontvanger meegedeel het dat die inligting vervat in die ouditeursverslag juis is.

Die standaard wat deur die meeste state van die VSA toegepas word om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens, naamlik die "restatement" standard, is soortgelyk aan die standaard wat in *Caparo Industries plc v Dickman and others*<sup>2</sup> toegepas is. In teenstelling met die redelike voorsienbaarheidstandaard brei die "restatement" standaard nie ouditeure se aanspreeklikheid uit tot alle derde partye wat ouditeure kon voorsien in aanraking met hul verslae sou kom nie. Ouditeure se aanspreeklikheid word ingevolge hierdie standaard slegs uitgebrei tot 'n beperkte groep of klas persone wat die ouditeur werklik kon voorsien het op die finansiële state sou vertrou.

Die Kanadese gemenereg plaas 'n groot mate van steun op die Engelse gemenereg en in 1997 volg Kanada die House of Lords se voorbeeld deur ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te beperk in *Hercules Management Ltd v Ernst & Young*.<sup>3</sup> Alhoewel Kanada se hooggeregshof in hierdie saak die redelike voorsienbaarheidstoets aangewend het, het die hof ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye begrens deur die aanwending van spesifieke beleidsoorwegings. Hierdie beleidsoorwegings is soortgelyk aan die vereistes wat deur die House of Lords in *Caparo Industries plc v Dickman and others*<sup>4</sup> daargestel is om aan die vereiste van nabyheid te voldoen. In beide die Kanadese en die

---

<sup>1</sup> [1990] 1 All ER 56.

<sup>2</sup> [1990] 1 All ER 56.

<sup>3</sup> (1997) 2 SCR 165.

<sup>4</sup> [1990] 1 All ER 56.

Engelse gemenerereg word voorsienbaarheid dus as standaard aangewend om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens. Hierdie aanspreeklikheid van ouditeure word beperk deur die primêre oogmerk van die finansiële state en die kennis wat ouditeure dra van die derde partye wat op die finansiële state kan vertrou, in ag te neem.

Die hoë hof van Australië volg 'n konserwatiewe benadering om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens. Die standaard wat in *Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords*<sup>5</sup> toegepas is, stem in 'n groot mate ooreen met die benaderings wat in Engeland, Amerika en Kanada gevolg word. Die standaard wat die hoëhof aanwend om ouditeure se aanspreeklikheid te begrens blyk egter meer beskerming aan ouditeure te verleen teen die eise van derde partye as wat die Engelse, Amerikaanse en Kanadese gemenerereg aan ouditeure bied. Dit is hoofsaaklik daaraan te wyte dat ouditeure in Australië slegs aanspreeklikheid teenoor derde partye opdoen indien hulle gepoog het om die derde partye te oorreed om op hul werk te steun, of indien hulle oor spesiale kundigheid of kennis beskik het, of toegang tot bepaalde inligting gehad het, waartoe die eiser nie toegang gehad het nie.

Die Nieu-Seelandse hoë hof van Christchurch begrens ouditeure se aanspreeklikheid in *Boyd Knight v Purdue*<sup>6</sup> deur te beslis dat ouditeure 'n sorgsaamheidsverpligting aan derde partye verskuldig is indien die ouditeure aanspreeklikheid aanvaar het vir die betroubaarheid van die advies wat hulle gelewer het, of indien hulle aanspreeklikheid aanvaar het vir die inligting wat hulle verskaf het. Die ouditeure moes daarvan bewus gewees het, of moes redelikerwys daarvan bewus gewees het, dat die inligting of advies aan 'n bepaalde persoon of klas persone bekend gemaak sou word en dat hierdie persoon of persone sou steun op die

---

<sup>5</sup> (1997) 71 ALJR 448.

<sup>6</sup> [1999] 2 NZLR 276.

inligting of verslag om 'n spesifieke transaksie of soort transaksie aan te gaan. Die derde partye moet verder bewys kan lewer dat hulle werklik op die finansiële state en die resultate van die finansiële state gesteun het, alvorens ouditeure aanspreeklik sal wees vir skade as gevolg van hul wanvoorstellings in finansiële state.

Die bestudering van ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye ingevolge die Suid-Afrikaanse gemenereg toon aan dat daar 'n groot mate van verwydering tussen die begrensing van ouditeursaanspreeklikheid ingevolge die Suid-Afrikaanse reg en die begrensing van ouditeursaanspreeklikheid ingevolge die Engelse, Amerikaanse, Kanadese, Australiese en Nieu-Seelandse gemenereg is. In teenstelling met die Anglo-Amerikaanse reg wat 'n kasuïstiese benadering volg om ouditeure se aanspreeklikheid te begrens, volg Suid-Afrika 'n meer wetenskaplike benadering. Die Anglo-Amerikaanse reg begrens ouditeure se aanspreeklikheid deur klem te plaas op die totstandkoming en verbreking van 'n sorgsaamheidsverpligting deur ouditeure, terwyl die Suid-Afrikaanse reg ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye begrens deur die aanwending van die vyf basiese elemente van 'n delik. Die gemeenregtelike posisie van ouditeure ingevolge die Anglo-Amerikaanse reg behoort dus nie as uitgangspunt aangewend te word om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te begrens nie.

Ten spyte daarvan dat die *Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 42 van 1982* gepoog het om die gemenereg te kodifiseer, het die wetgewer nie daarin geslaag nie. Die statutêre aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye word tans deur artikel 20 van die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* gereël. Die bepalinge van hierdie Wet stem in 'n groot mate ooreen met die gemeenregtelike posisie van ouditeure ingevolge die Anglo-Amerikaanse reg en plaas klem op voorsienbaarheid en kennis as deurslaggewende

vereistes vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure. In teenstelling hiermee wend die Suid-Afrikaanse reg die *boni mores* of regsdoelmatigheid van die gemeenskap as objektiewe toets aan om te bepaal of daar 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure rus om misleiding te voorkom. Die statutêre pligte waaraan ouditeure moet voldoen, die aard van die verhouding wat tussen die ouditeur en die derde party geheers het en die kennis wat die ouditeur gedra het of redelikerwys behoort te gedra het oor die derde party se voorneme om op die ouditeursverslag te vertrou, is beleidsoorwegings wat die Suid-Afrikaanse regspraak aanwend om vas te stel of daar wel 'n regsplig op ouditeure teenoor derde partye bestaan.

Die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* het nie die gemeenregtelike aanspreeklikheid van ouditeure teenoor derde partye vervang nie. Eisers sal ingevolge *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company*<sup>7</sup> en *RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland*<sup>8</sup> aan die gemeenregtelike elemente van 'n delik en aan die vereistes van artikel 20(9) *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* moet voldoen ten einde ouditeure aanspreeklik te hou vir wanvoorstellings in finansiële jaarstate.

## 2. Aanbevelings

Die Suid-Afrikaanse hof behoort 'n benadering te volg wat genoegsame beskerming aan derde partye bied wat op ouditeure se werk steun, terwyl die beskerming nie 'n onredelike las op ouditeure behoort te plaas nie.

<sup>7</sup> *NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W.

<sup>8</sup> Sien <http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004 vir die ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hoë hof 3955/2001.

Die Suid-Afrikaanse reg plaas op hierdie stadium 'n onredelike las op derde partye wat ouditeure dagvaar op grond van nalatige wanvoorstellings in finansiële state. Aangesien die statutêre reg nie 'n kodifikasie van die Suid-Afrikaanse gemenerereg is nie, moet derde partye aan die verskillende vereistes van die gemenerereg en statutêre reg voldoen alvorens daar 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure kan rus.

Die deurslaggewende vereistes vir die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting ingevolge die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* is tans in kennis en voorsienbaarheid geleë, terwyl die gemenerereg 'n regterlike waarde-oordeel en belange-afweging op grond van die feite en omstandighede van die geval vir die totstandkoming van 'n regsplig. Daar word gevolglik aanbeveel dat die *Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs 80 van 1991* gewysig word, sodat die totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting primêr afhanklik is van die *boni mores* of regsdoelmatigheid van die gemeenskap en nie van die redelike voorsienbaarheids- en kennisvereistes nie.

Die volgende beleidsoorwegings behoort ingevolge die statutêre reëling oorweeg te word om vas te stel of daar wel 'n regsplig op ouditeure teenoor derde partye tot stand gekom het, naamlik: die statutêre pligte waaraan ouditeure moet voldoen; die totstandkoming van 'n direkte verhouding of 'n verhouding van nabyheid tussen ouditeure en derde partye; die kennis wat ouditeure gedra het of redelikerwys behoort te gedra het oor die derde partye se voorneme om op die ouditeursverslag te steun; ouditeure se vrywillige aanvaarding van aanspreeklikheid teenoor derde partye en die feit dat die derde partye lede mag wees van 'n beperkte klas of groep persone wat van die finansiële state gebruik maak. Alvorens daar egter 'n sorgsaamheidsverpligting op ouditeure teenoor derde partye geplaas word, behoort daar oorweging geskenk te word aan beleidsoorwegings wat ouditeure se aanspreeklikheid beperk.

Indien dit sou blyk dat die Suid-Afrikaanse reg nie genoegsame beskerming bied aan ouditeure teen die eise van derde partye nie, word daar aanbeveel dat daar ondersoek ingestel word na die wenslikheid daarvan om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te beperk deur byvoorbeeld klousules in die ouditeursverslag in te sluit wat ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derdes uitsluit, deur die verweer van bydraende nalatigheid te opper, of deur die afkondiging van statutêre bepalings wat ouditeure se aanspreeklikheid tot 'n maksimum bedrag beperk.

Die benadering wat gevolg word, behoort egter te voldoen aan beide die verwagtinge van ouditeure en derde partye en behoort steeds beskerming te bied aan derde partye wat op geouditeerde finansiële state vertrou.

## AANHANGSELS

### 1. Opsomming

Ouditeure wêreldwyd meen dat hulle die onregverdige slagoffers is van die eise van derde partye in die geval van nalatige wanvoorstellings in finansiële state. Hulle meen dat hulle blootgestel word aan onbeperkte aanspreeklikheid en beskou hul aanspreeklikheid as een van die grootste bedreigings vir die ouditeursprofessie.

Die bestudering van ouditeure se gemeenregtelike aanspreeklikheid teenoor derdes vir wanvoorstellings in finansiële state ingevolge die Engelse, Amerikaanse, Kanadese, Australiese, Nieu-Seelandse en Suid-Afrikaanse reg ondersteun egter nie ouditeure se vrese dat hulle blootgestel word aan onbeperkte aanspreeklikheid teenoor derdes nie.

Alhoewel ouditeure wel vanaf die sestigerjare aan potensiële onbeperkte aanspreeklikheid blootgestel is, toon die gemenerereg van Engeland, die Verenigde State van Amerika, Kanada, Australië en Nieu-Seeland sedert die laat tagtigerjare 'n neiging om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye te beperk.

Die bestudeerde Anglo-Amerikaanse regstelsels plaas klem op die totstandkoming en verbreking van 'n sorgsaamheidsverpligting alvorens ouditeure teenoor derde partye aanspreeklik kan wees.

Verskillende standarde is ontwikkel om vas te stel of ouditeure 'n sorgsaamheidsverpligting aan derde partye verskuldig is. Die bestudeerde stelsels wend 'n standaard aan wat voorsienbaarheid van skade en 'n verhouding van nabyheid as vereistes stel vir die

totstandkoming van 'n sorgsaamheidsverpligting. 'n Ouditeur kan slegs op grond van wanvoorstellings in die finansiële state aanspreeklik gehou word indien die finansiële state vir 'n spesifieke ontvanger voorberei is of indien die ouditeur daarvan bewus was of redelikerwys daarvan bewus behoort te gewees het dat die ouditverslag aan 'n spesifieke persoon of beperkte groep persone oorhandig gaan word of vir 'n bepaalde oogmerk aangewend gaan word, of indien die ouditeur direk aan die ontvanger meegedeel het dat die inligting vervat in die ouditverslag juis is.

In teenstelling met die Anglo-Amerikaanse reg wat klem plaas op die totstandkoming en verbreking van 'n sorgsaamheidsverpligting om ouditeure se aanspreeklikheid te begrens, wend die Suid-Afrikaanse gemenerereg die vyf algemene beginsels of vereistes van 'n delik aan om ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derdes te begrens. Dit is veral die onregmatigheids- en skuldelemente wat 'n belangrike rol speel in die begrensing van ouditeure se aanspreeklikheid teenoor derde partye.

## **2. Summary**

Auditors all over the world believe that they are the unfair victims of claims of third parties in the case of negligent misrepresentations in financial statements. They believe that they are exposed to unlimited liability and regard their liability as one of the biggest threats of the auditors' profession.

The study of auditors' common law liability towards third parties for misrepresentation in financial statements according to the English, American, Canadian, Australian, New Zealand and South African judicial system, however, does not support auditors' fears that they are being exposed to unlimited liability towards third parties.

Although auditors have been exposed to potential unlimited liability since the sixties, the common law of England, the United States of America, Canada, Australia and New Zealand has revealed a tendency to limit the liability of auditors towards third parties since the late eighties.

The study of Anglo-American judicial systems emphasises the creation and breakdown of a duty of care before auditors can be held responsible towards third parties.

Different standards have been developed to determine whether auditors owe a duty of care to third parties. The consulted systems implement a standard that prescribes foreseeability of damages and a relationship of proximity as prerequisites for the creation of a duty of care. An auditor can be held responsible only on the grounds of misrepresentation in the financial statements if the financial statements have been prepared for a specific receiver, or if the auditor was aware or should reasonably have foreseen that the auditor's report would be handed over to a specific person or limited group of people, or would be used for a specific aim, or if the auditor directly informed the receiver that the information in the auditor's report is the truth.

In contrast to the Anglo-American judicial system that emphasises the creation and breakdown of a duty of care to limit auditors' responsibility, South African common law applies the five general principles or requisites of a delict to limit auditors' liability towards third parties. It is especially the elements of unlawfulness and fault that play an important role in the limitation of auditors' liability towards third parties.

### **3. Sleutelwoorde**

beperking van ouditeursaanspreeklikheid

beperkte klas gebruikers

deliktuele aanspreeklikheid

gemeenregtelike aanspreeklikheid

handeling en late

kousaliteit

nalatige wanvoorstelling

onregmatigheid

ouditeursaanspreeklikheid

professionele aanspreeklikheid

skuld

sorgsaamheidsverpligting

suiwer vermoënskade

verhouding van nabyheid

voorsienbaarheid van skade

wanvoorstelling in finansiële state

#### **4. Keywords**

acts and omissions

auditors' liability

causation

common law liability

delictual liability

duty of care

fault

foreseeability of damages

limitation of auditors' liability

limited class of users

misrepresentation in financial statements

negligent misrepresentation

professional liability

pure economic loss

relationship of proximity

unlawfulness

## 5. Bibliografie

### 5.1 BOEKE EN VERSAMELWERKE

#### A

##### **ABBOTT K**

1993. **Company law**. 5de uitg. Londen: DP Publications Ltd.

##### **ARENS AA EN LOEBBECKE JK**

1999. **Auditing: an integrated approach**. 8ste uitg. Englewood Cliffs: Prentice-Hall, Inc.

#### B

##### **BAKER CD**

1981. **Tort**. 3de uitg. Londen: Sweet & Maxwell.

##### **BOBERG PQR**

1984. **The law of delict** Vol 1. Kaapstad: Juta & Co Ltd.

##### **BOYLE AJ EN BIRDS J**

1987. **Boyle & Birds' company law**. Boyle AJ, Birds J en Penn G (reds). 2de uitg. Bristol: Jordan.

##### **BOYNTON WC EN KELL WG**

1995. **Modern auditing**. 6de uitg. New York: John Wiley & Sons, Inc.

##### **BROWN R**

1968. **A history of accounting and accountants**. Londen: Cass.

##### **BURCHELL J**

1993. **Principles of delict**. Kaapstad: Juta & Co Ltd.

C

**CILLIERS HS EN BENADE ML**

1982. **Maatskappyereg.** Durban: Butterworths.

**CILLIERS HS BENADE ML HENNING JJ DU PLESSIS JJ DELPORT PA FOURIE JSA  
EN DE KOKER L**

1993. **Ondernemingsreg.** 4de uitg. Durban: Butterworths.

**CILLIERS HS BENADE ML HENNING JJ DU PLESSIS JJ DELPORT DE KOKER L EN  
PRETORIUS JT**

2000. **Korporatiewe reg.** 3de uitg. Durban: Butterworths.

D

**DE WET JC EN YEATS JP**

1978. **Die Suid-Afrikaanse kontraktereg en handelsreg.** 4de uitg. De Wet JC en  
Van Wyk AH (reds). Durban: Butterworths.

E

**EBKE WF EN STRUCKMEIER D**

1994. **The civil liability of corporate auditors: an international perspective** Vol 2.  
Londen: International Bar Association.

F

**FFRENCH HL**

1990. **Guide to company law.** 3de uitg. Sydney: Butterworths.

**FLEMING JG**

1971. **Law of Torts.** 4de uitg. Sydney: Law Book Co.

**FLEMING JG**

1985. **An introduction to the law of torts.** 2de uitg. Oxford: Clarendon Press.

**FORD HAJ**

1978. **Principles of company law**. 2de uitg. Sydney: Butterworths.

**FRIDMAN GHL**

1990. **Torts**. Londen: Waterlow Publishers.

G

**GARRETT AA**

1961. **History of the Society of Incorporated Accountants**. Oxford: University Press.

**GODSELL**

1990. **Auditors' legal duties and liabilities in Australia**. Blackburn: Victorian Printing (Pty) Ltd.

**GOWER LCB**

1997. **Gower's principles of modern company law**. Davies PI en Prentice DD (reds). 6de uitg. Londen: Sweet & Maxwell.

H

**HENN HG**

1974. **Cases and materials on the laws of corporations. Handbook of the law of corporations**. St Paul: West Publishing Co.

J

**JACKSON RM EN POWELL JL**

1992. **Jackson and Powell on professional negligence**. Cannon MRN, Evans HL, Hughes IHD en Stewart RPD (reds). 3de uitg. Londen: Sweet & Maxwell Ltd.

**JACKSON RDC EN STENT WJ**

2001. **Auditing notes for South African students**. 3de uitg. Durban: Audico.

## K

### **KNECHEL WR**

2001. **Auditing assurance and risk.** 2de uitg. Mason: South-Western College Publishing.

### **KNEPPER WE**

1973. **Liability of corporate officers and directors.** 3de uitg. Indianapolis: The Allen Smith Company.

## L

### **LINDEN AM EN KLAR LN**

1994. **Canadian tort Law: cases notes and materials.** 10de uitg. Toronto: Butterworths.

### **LIPTON P EN HERZBERG A**

1988. **Understanding company law.** 3de uitg. Londen: The Law Book Company Limited.

## M

### **MANNIX EF EN MANNIX LE**

1982. **Professional negligence.** Sydney: Butterworths.

### **MASEL GR**

1981. **Professional negligence of lawyers, accountants, bankers and brokers.** Sydney: CCH Australia.

### **MCKERRON RG**

1971. **The law of delict: a treatise on the principles of liability for civil wrongs in the law of South Africa.** 7de uitg. Kaapstad: Juta & Co Ltd.

### **MILLNER MA**

1967. **Negligence in modern law.** Londen: Butterworths.

## **MORSE G**

1995. **Charlesworth & Morse Company Law**. Marshall EA, Morris R en Crabb L (reds). 14de uitg. Londen: Sweet & Maxwell.

## **N**

## **NAUDÉ SJ**

1983. The public accountant's and auditors' Amendment Act 42 of 1982: liability to third parties and other aspects in **Principles and practice of auditing**. Taylor IR, Kritzinger L en Puttick G (reds). Kaapstad: Juta & Co Ltd.

## **NEETHLING J**

1991. **Persoonlikheidsreg**. 3de uitg. Durban: Butterworths.

## **NEETHLING J POTGIETER JM EN VISSER PJ**

1996. **Deliktereg**. 3de uitg. Durban: Butterworths.

## **O**

## **OLIVER MC**

1982. **Company law**. 9de uitg. Plymouth: Macdonald and Evans.

## **P**

## **PALMER FB**

2001. **Palmer's Company Law**. Schmitthoff CM, Davies PL, Farrar JH en Kay M (reds). 23ste uitg. Londen: Sweet Maxwell Ltd.

## **PRETORIUS JT**

1985. **Aanspreeklikheid van maatskappy-ouditeure teenoor derdes op grond van wanvoorstelling in die finansiële state**. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

## **PUTTICK G EN VAN ESCH S**

1992. **The principles and practice of auditing**. 6de uitg. Kaapstad: Juta & Co Ltd.

R

**RICCHIUTE DN**

1998. **Auditing and assurance services**. 5de uitg. Cincinnati: South-Western College Publishing.

S

**SCOTT TJ**

1980. **Die reël *imperitia culpa adnumerator* as grondslag vir die nalatigheidstoets vir deskundiges in die deliktereg**. Pretoria: Vereniging Hugo de Groot.

**SCOTT TJ**

1985. **Deliktereg 1985: 'n besinning oor teorie, praktyk en onderrig**. Universiteit van Pretoria.

**SPILLER PR**

1989. The making of the law of delict: a mélange of sources in **Essays on the history of law**. Visser DP (red). Kaapstad: Juta & Co Ltd.

**STACEY NAH**

1954. **English accountancy, 1800 – 1954, a study in social and economic history**. Londen: Gee & Co.

T

**THOMAS CD**

1988. **Company law for accountants**. Londen: Butterworths.

V

**VAN DEN HEEVER FP**

1944. **Aquilian damages in South African Law**. Kaapstad: Juta & Co Ltd.

**VAN DER MERWE NJ EN OLIVIER PJJ**

1958. **Die beskerming van vorderingsregte uit kontrak teen aantasting deur derdes**. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje Vrystaat.

**VAN DER MERWE NJ EN OLIVIER PJJ**

1985. **Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg.** 5de uitg. Pretoria: JP van der Walt en Seun (Edms) Bpk.

**VAN DER MERWE NJ EN OLIVIER PJJ**

1989. **Die onregmatige daad in die Suid-Afrikaanse reg.** 6de uitg. Pretoria: JP van der Walt en Seun (Edms) Bpk.

**VAN DER WALT JC**

1979a. **Delict: principles and cases.** Durban: Butterworths.

**VAN HEERDEN HJO EN NEETHLING J**

1983. **Die reg aangaande onregmatige mededinging.** Durban: Butterworths.

**VAN OVEN JC**

1948. **Leerboek van Romeinsch Privaatrecht.** 3de uitg. Leiden: Brill.

**VAN ZYL DH**

1981. **Beginsels van regsvergelyking.** Durban: Butterworths.

**VAN ZYL FJ VAN DER VYVER JD**

1982. **Inleiding tot die regswetenskap.** 2de uitg. Durban: Butterworths.

**VENTER F VAN DER WALT AJ VAN DER WALT CFC OLIVIER NJJ EN PIENAAR GJ**

1990. **Regsnavorsing.** Kaapstad: Juta & Co Ltd.

5.2 SKRIPSIES, VERHANDELINGE EN PROEFSKRIFTE

J

**JANSEN VAN RENSBURG AD**

1970. **Juridiese kousaliteit en aspekte van aanspreeklikheidsbegrensing by die onregmatige daad.** Ongepubliseerde LLD proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

V

**VAN HEERDEN HJ**

1961. **Grondslae van die Mededingingsreg.** Ongepubliseerde LLD proefskrif.  
Pretoria: Universiteit van Pretoria.

5.3 TYDSKRIFARTIKELS EN KOERANTBERIGTE

A

**ANDERSON H**

1996a. A different solution to the auditors' liability dilemma. **Bond Law Review** 8 72-89.

**ANDERSON H**

1996b. Reliance and assumption of responsibility in establishing an auditor's duty of care. **Company and Securities Law Journal** 14 374-375.

**ANONIEM**

1988. Auditors: your duty. **The Company Lawyer Digest** April 1.

1990a. Auditors' liability in tort. **The Company Lawyer Digest** April 1.

1990b. *Caparo Industries v Dickman*. **The Company Lawyer Digest** April 77.

1991. Would an audit review clear the air? **Accountancy** Maart 9.

1992. AICPA brief helps convince California court to limit auditor liability. **The CPA Letter** Oktober 4.

1998. Auditor liability evokes wider concerns. **CMA Magazine** 131(4) 31.

**ARORA ANU**

1991. The regulation of the company auditor under the Companies Act 1989. **The Journal of Business Law** 5 272-278.

**ASHTON RS**

1981. Extensions of liability: the quality of service. **The Australian Law Journal** 55(8) 548-558.

B

**BAGBY JW EN RUHNKA JC**

1987. The controversy over third party rights: toward more predictable parameters of auditor liability. **Georgia Law Review** 22 149-194.

**BAKER CR EN QUICK R**

1996. A comparison of auditors' legal liability in the USA and selected European countries. **European Business Review** 96(3) 36-44.

**BAXT R**

1973. The liability of accountants and auditors for negligent statements in company accounts. **Modern Law Review** 36 42-55.

**BAXT R**

1993. Liability of auditors to third parties – conflicting signals from Australian courts. **Company and Securities Law Journal** 11 127-129.

**BAXT R**

1994. Auditors' liability to third parties – a very limited liability to a very limited class for a very limited time. **Company and Securities Law Journal** 12 6 449-450.

**BECKETT M**

1994. Accountants debate move to limited liability. **Daily Telegraph** Junie 28.

**BEHRMANN LB**

1941. *Perlman v Zoutendyk*. **South African Law Journal** 58(1) 25-34.

**BETHLEHEM K**

1997. Auditors mind their own business. **Jutas Business Law** 5(1) 2-4.

**BOLTAR JT**

1997. Auditors' liability and the purchase of shares. **South African Law Journal** 114(2) 280-303.

**BRECHT HD**

1989. Auditors' duty of care to third parties: a comment on judicial reasoning underlying US cases. **Accounting and Business Research** 19(74) 175-178.

**BROWN RD**

1977. *Haig v Bamford*. **Osgoode Hall Law Review** 15(2) 474-484.

**BURCHELL JM**

1980. The birth of a legal principle: negligent misstatement causing pure economic loss. **The South African Law Journal** 97 1-14.

**BURCHELL JM**

1981. The policy limits for recovery of pure economic loss. **The South African Law Journal** 98(1) 1-6.

C

**CAWTHORN P**

1979. *Scott Group v McFarlane*. **Auckland University Law Review** 3(4) 463-467.

**CHAPMAN B**

1992. Limited auditors' liability: economic analysis and the theory of tort law. **The Canadian Business Law Journal** 20 180-214.

**CHEFFINS BR**

1991. Auditors' liability in the House of Lords: a signal Canadian courts should follow. **The Canadian Business Law Journal** 18 118-134.

**CHUA S**

1995. The auditor's liability in negligence. **Journal of Business Law** Januarie 1-20.

**COOKE R**

1990. It takes two to do the audit tango. **Accountancy** Oktober 23-24.

**COLLEY R MULEKAR MS SEGAL MA VOLKAN AG EN COARSEY R**

1997. Current status of accountant liability: audit practice impact. **Managerial Auditing Journal** 12(7) 343-353.

**COLLINS SH**

1985. Professional liability: the situation worsens. **Journal of Accountancy** November 57-66.

**COOKSON CR**

1977. The delictual liability of auditors to third parties for negligent misstatements. **The Comparative and International Law Journal of Southern Africa** 10(1) 1-38.

**COOKSON CR EN McQUIOD-MASON DJ**

1975. Twentieth century auditors: watchdogs, bloodhounds or cross-breeders? **Natal University Law Review** 2 164-169.

**COOPER BJ EN BARKOCZY ML**

1994. Third party liability: the auditor's lament. **Managerial Auditing Journal** 9(5) 31-36.

**CORBETT A**

1994. The rationale for the recovery of economic loss in negligence and the problem of auditors' liability. **Melbourne University Law Review** 19(5) 814-867.

**COUSINS J MITCHELL A EN SIKKA P**

1999. Auditor liability: the other side of the debate. **Critical Perspectives on Accounting** 10 283-312.

**CRUMBAUGH DG**

1995. Auditors' reliance letters. **Secured Lender** 51(3) 10-16.

**D**

**DALTON D HILL J EN RAMSAY R**

1994. The big chill. **Journal of Accountancy** 178(11) 53-56.

**DAVIES M**

1991. The liability of auditors to third parties in negligence. **The University of New South Wales** 14(1) 171-197.

**DAVIS M**

1982. Liability of lawyers & accountants. To what extent is there indemnity? **The South African Insurance Law Journal** 6(1) 10-17.

**DEDNAM MJ**

1977. Privilegie by laster in die Suid-Afrikaanse reg. **Meditationes Medii** 8 19-23.

**DETURBIDE ME**

1998. Liability of auditors: *Hercules Managements Ltd et al v Ernst & Young et al.* **The Canadian Bar Review Journal** 77(1-2) 260-264.

**DE VILLIERS IWB**

1958. Nalatige wanvoorstelling: 'n kentering. **Tydskrif vir Romeins-Hollandse Reg** 21(2) 277-285.

**DIJKMAN J**

1994. Limitation of professional liability: legal. **Accountancy SA** Oktober 17-23.

**DIJKMAN J**

1995. Limitation of professional liability: is there an end to the 'deep pocket' syndrome? **Accountancy SA** Junie 9-11.

**DIJKMAN J**

1996. Reform auditor liability laws. **Financial Mail**. 5 Januarie.

**DU PLESSIS I**

1990. 'n Nuwe elastiese benadering tot juridiese kousaliteit. **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg** 4 748-754.

**DU PLESSIS JJ**

1985. Onregmatigheid is alleenlik geleë in die skending van 'n regsplig. **Tydskrif vir die Regswetenskap** 10(1) 96-100.

#### **DU TOIT A**

1992. The audit report: a disadvantage to the shareholders of a company. **Raurek** September 23-27.

#### **E**

#### **EBKE WF**

1984. Accountants' liability to third parties at common law and federal securities laws in the United States: evolution, developments, perspectives. **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg** 2 121-141.

#### **EBKE WF**

1985. Accountants' liability to third parties at common law and federal securities laws in the United States: evolution, developments, perspectives. **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg** 1 33-54.

#### **ENGELBRECHT H**

1993. Deliktuele aanspreeklikheid van die ouditeur teenoor derdes uit die ouditeur se oogpunt. **Raurek Bulletin** 2 24-28.

#### **F**

#### **FLEMING C**

1990. The negligent auditor and shareholders. **The Law Quarterly Review** 106 349-352.

#### **FLEMING C**

1998. After Kripps and Hercules. **Accountancy** 121 62-64.

#### **FLOYD TB EN HAWTHORNE L**

1996. Professional liability to third parties. **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg** 59 191-208.

#### **FOURIE JSA**

1994a. Auditors and corporate illegality and fraud. **The Comparative and International Law Quarterly** 43(1) 2-21.

**FOURIE JSA**

1994b. South African corporate law reform: lessons from abroad. **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg** 4 770-786.

**FRANK KE LOWE DJ SMITH JK**

2001. The expectation gap: perceptual differences between auditors, jurors and students. **Managerial Auditing Journal** 16(3) 145-149.

**FREEDMAN J EN POWER M**

1991. Law and accounting: transition and transformation. **Modern Law Review** 54(6) 769-779.

G

**GARCIA-LINARES MA**

2000. Avoiding accounting malpractice. **Camping Magazine** Julie 1-6.

**GARRISON MJ EN HANSEN JD**

1999. Accounting and auditing update. **Ohio CPA Journal** Julie – September 59-62.

**GAY G**

1991. The auditors' liability to the company, shareholders and third parties. **Company and Securities Law Journal** 9 59-64.

**GIBSON RA EN SIMNETT R**

1994. Is the duty of care owed by auditors to all users of general purpose financial reports? **Australian Journal of Corporate Law** 4 54-62.

**GLASS HH**

1977. Duty to avoid economic loss. **Australian Law Journal** 51(7) 372-385.

**GODSELL D**

1996. Latest developments in auditors' liability. **Australian Accountant** 66(2) 54-55.

**GORMLEY RJ**

1974. Accountants' professional liability: a ten-year overview. **The Business Lawyer** 14 1205-1224.

**GREEN DL**

1999. Litigation risk for auditors and the risk society. **Critical Perspectives on Accounting** 10 339-353.

**GREINKE A**

1997. Auditors' liability to third parties: the view of the high court. **Companies and Securities Law Journal** 15 309-313.

**GREINKE A EN SHAILER G**

1997. Auditing the auditors in the *Esanda* case. **Australian Accountant** 67 16-18.

H

**HAGGETT S**

1993. Fears raised over liability issue: trend is to sue the accountant when firms go under. **Financial post**. 25 Junie.

**HANSEN JD EN GARRISON MJ**

1995. The significance of central ban of auditor liability. **Ohio CPA Journal** 3 20.

**HARDING RH**

1988. Auditor unbound. **CA Magazine** September 50-54.

**HOGG KM**

1994. The tortious liability of auditors to third parties: a reassessment. **The University of Queensland Law Journal** 18 79-92.

**HORTEN ROGERS WV**

1978. Economic loss in the in the high court of Australia. **Cambridge Law Journal** 37(1) 27-30.

**HOSTEN WJ**

1969. *Imperita culpa adnumeratur*. **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg** 32(1) 394-396.

**HUTCHISON DB**

1978. Negligent statements: why the reluctance to impose liability? **The South African Law Journal** 95(4) 515-533.

**HUTCHISON DB**

2000. The disappointed beneficiary smiles at last. **The South African Law Journal** 117(2) 186-199.

I

**IVANKOVICH IF**

1991. Accountants and third-party liability – back to the future. **Ottawa Law Review** 23(3) 505-531.

J

**JACK A**

1994. Rise in legal claims hits top accountancy firms: auditors say they are turning away high-risk clients. **Financial Times**. 21 February.

**JAFFE DA**

1993. The allocation of fault in auditor liability lawsuits brought by sophisticated third party users of financial statements – a plea for proportionate liability. **University of Pittsburgh Law Review** 54 1051-1083.

**JAMES MF**

1990. Negligence and the auditors' duty of care after *Caparo*. **Professional Negligence** 6 69-75.

**JEFFREY G**

1994. Accountants want relieve from legal nightmare. **Financial Post**. 29 April.

**JOHNSTON ID**

1978. Negligent misstatement: auditors' liability to third parties for careless report on company's annual accounts. **New Zealand Universities Law Review** 8 175-187.

K

**KAHN E**

1973. Liability of negligent accountants to third parties. **The South African Law Journal** 90(1) 174-177.

**KEELER JF**

1989. The proximity of past and future: Australian and British approaches to analysing the duty of care. **Adelaide Law Review** 12 93-102.

**KERR AJ**

2000. Responsibility in contract for loss suffered. **The South African Law Journal** 117(2) 210-218.

**KOH HC EN WOO ES**

1998. The expectation gap in auditing. **Managerial Auditing Journal** 13(3) 147-155.

L

**LEES G**

1997. Auditors' liability: the deep-pocket syndrome. **Management Accounting** 75(6) 62.

**LIVANES G**

1990. Fair enough? **Charter** Augustus 56-60.

**LOWE DJ RECKERS PMJ EN WHITECOTTON SM**

2002. The effects of decision-aid use and reliability on juror's evaluation of auditor liability. **The Accounting Review** 77(1) 185-202.

**LUBBE DS**

1987. 'n Professie op die kruispad. **Rekeningkunde SA** Januarie 4-7.

**LUTTIG J**

1969. 'n Kriterium by die bepaling van aanspreeklikheid vir nalatige wanvoorstelling. **De Rebus** Februarie 49-60.

M

**MACDONALD E**

1997. More accounting firms are dumping risky clients. **Wall Street Journal**. 25 April.

**MARSHALL P**

1990. Auditors' duties: a narrow approach. **Lloyd's Maritime and Commercial Law Quarterly** November 478-481.

**MASON A**

1992. Legal liability and professional responsibility. **Sydney Law Review** Junie 131-136.

**MCCLUSKY L**

1993. Auditors' and lawyers' negligence: the present law in England and Scotland. **De Rebus** April 258-267.

**MCKERRON RG**

1954. Liability for negligent misstatements. **South African Law Journal** 71 316-321.

**MILLS C**

1991. After *Caparo*: who takes the risk? **Accountancy** Januarie 20-21.

**MOIR D**

1989. The expectation gap: going concern or going, gone? **Rekeningkunde SA** Februarie 38-39.

**MORRIS G**

1991. The liability of professional advisers: *Caparo* and after. **Journal of Business Law** 36-48.

**N**

**NAUDÉ SJ**

1979. Auditors' liability to third parties. **Modern Business Law** 1(3) 121-137.

**NEETHLING J EN POTGIETER JM**

1980. Nalatige wanvoorstelling as deliktuele aksiegrond. **De Rebus** April 179-181.

**NEETHLING J EN POTGIETER JM**

1990. Nalatige wanvoorstelling. **De Jure** 23(2) 372-378.

**NICHOLSON K**

1991. Third party reliance on negligent statements. **The Comparative and International Law Quarterly** 40(3) 551-582.

O

**OELOFSE AN**

1980. *Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 (A). **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg** 43(1) 86-89.

**O'LEARY C**

1998. Auditors' liability to third parties – the door remains open. **Managerial Auditing Journal** 13(9) 521-524.

P

**PAUW P**

1975. Aanspreeklikheid vir "suiwer vermoënskade" in die Suid-Afrikaanse reg. **De Jure** 8(1) 23-31.

**PACINI C HILLISON W EN SINASON D**

2000. Auditor liability to third parties: an international focus. **Managerial Accounting Journal** 15(8) 394-406.

**PACINI C MARTIN JL EN HAMILTON L**

2000. At the interface of law and accounting: an examination of a trend toward a reduction in the scope of auditor liability to third parties in the common law countries. **American Business Law Journal** 37(2) 171-221.

**PACINI C EN SINASON D**

1998. Gaining a new balance in accountants' liability to non-clients for negligence: recent developments and emerging trends. **Commercial Law Journal** 103(1) 15-66.

**PANTTAJA R**

1994. Accountants' duty to third parties: a search for a fair doctrine of liability. **Stetson Law Review** 23 927-950.

**PASKELL-MEDE M**

1993. Duty of care revisited. **CA Magazine** Desember 34-35.

**PASKELL-MEDE M**

1996. Liability relief. **CA Magazine** Mei 45-48.

**PEEL M**

1999. Auditors find lawsuits no laughing matter. **Financial Times**. 21 Desember.

**PHEASANT B**

1993. Accountants want to stop the damage. **Australian Financial Review**. 12 Augustus.

**POTGIETER JM**

1990. Feitlike en juridiese kousaliteit. **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg** 53(2) 267-273.

**PRETORIUS JT**

1986. Nalatige wanvoorstelling en suiwer vermoënsverlies: die regsplig om skade te voorkom. **De Jure** 19(1) 57-67.

**PRETORIUS JT**

1987. Nalatige wanvoorstelling en maatskappy ouditeure – 'n belangrike ongerapporteerde beslissing. **South African Law Journal** 104(4) 577-586.

**PRICE TW**

1949. The conception of "duty of care" in the action *legis Aquiliae*. **South African Law Journal** 66(2) 171-188.

**PRICE TW**

1950. *Aquilian* liability for negligent statements. **South African Law Journal** 67(2) 138-148.

**PUGH M**

1990. *Caparo* and the careful auditor. **Accountancy** 105(1160) 101-102.

**PUGH-THOMAS J**

1990. New hope for advisers. **New Law Journal** 116 1467-1469.

## Q

### **QUINLAM S EN GARDINER D**

1988. New developments with respect to the duty of care in tort. **The Australian Law Journal** 62(5) 347-362.

## R

### **RAFFERTY N**

1998. Recent professional negligence decisions from the supreme court of Canada. **Professional Negligence** 14(2) 67-74.

### **ROGERS WH**

1997. Auditors in the high court of Australia. **The Tort Law Review** 5(3) 169-174.

## S

### **SCHOEMAN E**

1986. Die nalatige veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies: aanspreeklikheidsbegrensing. **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg** 49(3) 287-304.

### **SCOTT S**

1976. Nalatige wanvoorstelling as aksiegrond in die Suid-Afrikaanse reg. **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg** 39(4) 347-358.

### **SCOTT S**

1977. Nalatige wanvoorstelling as aksiegrond in die Suid-Afrikaanse reg. **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg** 40(1) 58-67.

### **SHORE KE**

2000. Watching the watchdog: an argument for auditor liability to third parties. **Southern Methodist University Law Review** 53(1) 387-424.

### **SICILIANO J**

1988. Negligent accounting and the limits of instrumental tort reform. **Michigan Law Review** 86(8) 1929-1980.

**SILOVE J**

1994. Auditors' liability. **Finance week** Desember/Januarie 4-6.

**SINGLETON-GREEN B**

1990a. Bridging the expectation gap. **Accountancy** Oktober 9-12.

**SINGLETON-GREEN B**

1990b. Limiting auditors liability. **Accountancy** Julie 97-98.

**SNYMAN PCA**

1980. Products liability in modern Roman-Dutch Law. **The Comparative and International Law Journal of Southern Africa** 13(2) 177-192.

**STANTON KM**

1991. The decline of tort liability for professional negligence. **Current Legal Problems** 44 83-109.

**STARK SE**

1984. *Rosenblum v Adler*: auditors' liability for negligent misrepresentation: "the explosive power resident in words". **Miami Law Review** September 939-963.

**STEPHENSON IS**

1990. A time of rejoicing for company auditors. **The Solicitors' Journal** 134 818-820.

**SURTEES PG**

1992. The *Caparo* case – relief for the profession? **Accountancy** Mei 136-138.

**SURTEES PG**

1993. *Caparo* rules, OK? **Accountancy SA** September 16-31.

**SWANTON J EN MCDONALD B**

1997. Common law – the reach of the tort of negligence. **Australian Law Journal** November 822-829.

T

**TABALUJAN BS**

1993. *R Lowe Lippman Figdor & Frank v AGC (Advances ) Ltd.* **Melbourne Law Review** 19 229-238.

**THOMPSON KL COPPOLA JM MAY P EN BOUNDAS TA**

1995. Recent developments in officers', directors' and professional liability. **Tort and Insurance Law Journal** 30(2) 579-596.

**TOMASIC R**

1992. Auditors and the reporting of illegality and financial fraud. **Australian Business Law Review** 198-229.

**TRUSTWELL S EN NORVAL F**

1989. Accountants and amalgamations. **Businessman's Law** 19 88-90.

V

**VAN DER WALT JC**

1977. *Suid-Afrikaanse Bantoetrust v Ross & Jacobz* 1977 3 SA 184 T. **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg** 3 269-274.

**VAN DER WALT JC**

1979b. Nalatige wanvoorstelling en suiwer vermoenskade: die appèlhof spreek 'n duidelike woord. **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg** 2 145-156.

**VAN OOSTEN FFW**

1982. Oorsaaklikheid in die Suid-Afrikaanse strafreg – 'n prinsipiële ondersoek. **De Jure** 15(2) 239-259.

**VAN OOSTEN FFW**

1983. Oorsaaklikheid in die Suid-Afrikaanse Strafreg – 'n prinsipiële ondersoek. **De Jure** 16(1) 36-60.

**VISSER PJ**

1989. *Conditio sine qua non*. **Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg** 52(4) 558-569.

**VOLPE PL**

1981. Auditors take care! **Zimbabwe Law Journal** 21(1) 150-168.

W

**WATSON SM**

1999. The application of "common sense": liability of auditors in New Zealand. **The Journal of Business Law** Mei 286-297.

**WATSON SM**

2000. Liability of auditors to third parties in New Zealand, clarification at last. **The Journal of Business Law** Januarie 52-57.

**WILD D**

1999. £68M Coopers' payout threatens to lift insurance premiums. **Accountancy Age** Junie 3.

**WILLEKENS M, STEELE A EN MILTZ D**

1996. Audit standards and auditor liability: a theoretical model. **Accounting and Business Research** 26(3) 249-264.

**WUNSCH B**

1990. Auditors' liability to third parties. **De Rebus** Mei 317.

Y

**YOUNG MR**

1996. The liability of corporate officials to their outside auditor for financial fraud. **Fordham Law Review** 64 2155-2184.

## 5.4 VOORLEGGINGS EN VERSLAE

A

### **AMERIKAANSE REGSINSTITUUT**

1977. Restatement (Second) of the law of torts.

C

### **CONNOR JE**

1985. Public expectations: we're all on the hook. **Price Waterhouse Coopers.**

O

### **OWLES D EN COCKERELL H**

1991. Liability for defective services. **Financial Times Business Report.**

S

### **SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE**

1992. Limitation of professional liability. Discussion paper 51.

## 5.5 WETGEWING

C

Companies Act 1985

M

Maatskappywet No 61 van 1973

S

Securities Act 1978

W

Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs No 51 van 1951

Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs No 80 van 1991

Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs No 12 van 1983

Wysigingswet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs No 42 van 1982

## 5.6 REGSPRAAK

A

*Al Saudi Banque v Clark Pixley* [1989] 3 All ER 360

*Administrateur Natal v Trust Bank van Afrika Bpk* 1979 3 SA 824 A

*Administrator Natal v Bijo* 1978 2 SA 256 N

*AGC (Advances) Ltd v R Lowe Lippmann, Figdor and Franck* (1990) 4 ACSR 337.

*Albertus v Jacobs* 1975 3 SA 836 W

*Ames Bank v Hahn* 287 NW 2d 687 (Neb 1980)

*Anns v London Borough of Merton* [1977] 2 All ER 492

B

*Bayer South Africa (Pty) Ltd v Frost* 1991 4 SA 559 A

*Bethlehem Steel Corp v Ernst & Whinney* 822 SW 2d 592 (Tenn 1991)

*Bily v Arthur Young & Co* 11 Cal Rptr 2d 51 (Cal 1992)

*Blake Construction Co v Alley* 353 SE 2d 724 (Va 1987)

*Blyth v Van den Heever* 1980 1 SA 191 A

*Boyd Knight v Purdue* [1998] ongerapporteerde CP saak 226/1993

*Boyd Knight v Purdue* [1999] 2 NZLR 276

*Boykin v Arthur Andersen & Co* 639 So 2d 504 (Ala 1994)

*Bries v Woolley* [1954] AC 333

*Bristow v Lycett* 1971 4 SA 223 RAD

*BT Australia Ltd v Raine and Horne Proprietary Ltd* (1983) NSWLR 221

*Buls & Another v Tsatsarolakis* 1976 2 SA 891 T

C

*Caltex Oil Pty Ltd v The Dredge Willemstad* (1976) 136 CLR 529

*Canadian National Railway v Norsk Pacific Steamship Co* (1992) 1 SCR 1021

*Candler v Crane, Christmas & Co* [1951] All ER 426

*Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 1 All ER 798

*Caparo Industries plc v Dickman and others* [1989] 2 WLR 316

*Caparo Industries plc v Dickman and others* [1990] 1 All ER 568

*Cape Town Municipality v Paine* 1923 AD 207

*Chun v Park* 51 P 2d 905 (Haw 1969)

*Citizen's Nat'l Bank of Wisner v Kennedy and Coe* 441 NW 2d 180 (Neb 1989)

*Citizens State Bank v Timm, Schmidt & Co* SC 335 NW 2d 361 (Wis 1983)

*Clarke v Hurst* 1992 4 SA 630 D

*Colonial Bank of Alabama v Ridley & Schweigert* 551 So 2d 390 (Ala 1989)

*Columbia Tea & Coffee Pty Ltd v Churchill* (1992) 29 NSWLR 141

*Copenhaver v Rogers* 384 SE 2d 593 (Va 1989)

*Cordial v Ernst & Young* 483 SE 2d 248 (W Va 1996)

*Coronation Brick (Pty) Ltd v Strachan Construction Co (Pty) Ltd* 1982 4 SA 371

*Cowan v Ballam* 1945 AD 81

*Credit Alliance Corp v Arthur Anderson & Co* 65 NY 2d 536 (NY 1985)

*Curran v Northern Ireland Co-ownership Housing Association Ltd.*[1987] 2 All ER 13

*Currie Motors (Pretoria) (Pty) Ltd v Motor Union Ins Co Ltd* 1961 3 SA 702 OK

D

*Da Silva v Coutinho* 1971 3 SA 123 A

*De Kock v Gafney* 1914 KPA 377

*De Vos v Suid-Afrikaanse Eagle Versekeringsmaatskappy Bpk* 1984 1 SA 724 O

*Demetracopoulos v Wilson* 640 A 2d 279 (NH 1994)

*Derry v Peek* 14 App Cas 337 (1889)

*Dickson v Levy* 1984 11 SC 33

*Dimond Manufacturing Co v Hamilton* [1968] 1 NZLR 705

*Dimond Manufacturing Co v Hamilton* [1969] 1 NZLR 609

*Dippenaar v Shield Insurance Co Ltd* 1979 2 904 A

*Dixon v Deacon Morgan McEwen Easson* (1989) 41 BCLR (2d) 82

*Dixon v Deacon Morgan McEwen Easson* (1990) 2 WWR 500

*Donnelly Construction Co v Oberg, Hunt & Gilleland* 139 P 2d 1295 (Ariz 1984)

*Donoghue v Stevenson* (1932) AC 562

*Donoghue v Stevenson* (1932) SCX (HL) 31

*Doyle v Chatman & Phenix Nat Bank* 171 NE 574 (NY 1916)

*Du Plessis v Nel* 1961 2 SA 97 G

E

*Edwards Karwacki Smith & Co Pty Ltd v Jacka Nominees Pty Ltd* (1995) 13 ACLC 9

*EG Electric Co (Pty) Ltd v Franklin* 1979 2 SA 702 OK

*Eisenberg v Gagnon* 766 F 2d 770 779 (3d Cir)

*Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1994) 61 SASR 424.

*Esanda Finance Corp Ltd v Peat Marwick Hungerfords* (1997) 71 ALJR 448.

*Esterhuizen v Administrateur Transvaal* 1957 3 SA 710 T

*European American Bank and Trust Co v Strauhs & Kaye* 477 NYS 2d 146 (NYAD 1984)

F

*First American Title Ins Co Inc v First Title Service Co* 457 So 2d 467 (Fla 1984)

*First Federal Savings Bank v Knauss* 296 SC 136 SE 2d 906 (Ct App 1988)

*First Florida Bank NA v Max Mitchell & Co* 558 So 2d 9 (Fla 1990)

*First Nat Bank of Bluefield v Crawford* 386 SE 2d 310 (W Va 1989)

*First National Bank of Newton County v Sparkmon* 442 SE 2d 804 (Ga App 1994)

*Franschoekse Wynkelder (Ko-operatief) Bpk v South African Railways and Harbours*  
1981 3 SA 36 K

*Furniss v Fitchett* [1958] NZLR 496

G

*Galoo Ltd v Bright Grahame Murray* [1994] 1 WLR 1360

*Galoo Ltd v Bright Grahame Murray* [1995] 1 All ER 15

*Gartside v Sheffield, Young & Ellis* [1983] 1 NZLR 37 (CA)

*Glanzer v Shepard* 135 NE 275 (NY 1922)

*Governors Hill v Chief Constable of West Yorkshire* [1989] 2 All ER 238

*Greenfield Engineering Works (Pty) Ltd v NKR Construction (Pty) Ltd* 1978 4 SA 901 N

*Guy v Liederbach* 501 Pa 47d 744 (1983)

## H

*H Rosenblum Inc v Adler* 461 A 2d 138 (NJ 1983)

*Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1974) 6 WWR (3d) 236

*Haig v Bamford, Hagan, Wicken and Gibson* (1977) 2 DLR (3d) 68

*Hartford Accident & Indemnity Co v Parente, Randolph, Orlando, Carey and Associates*  
642 F Supp 38 (MD Pa 1985)

*Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1963] All ER 574

*Hedley Byrne & Co Ltd v Heller & Partners Ltd* [1964] AC 465

*Henderson v Merrett Syndicates* [1995] 2 AC 145

*Hercules Management Ltd v Ernst & Young* (1997) 2 SCR 165

*Herschel v Mrupe* 1954 3 SA 464 A

*Hofstrand Farms Ltd v British Columbia* (1986) 1 SCR 228

*Home Office v Dorset Yacht Co* [1970] 2 All ER 294 (HL)

## I

*Idaho Bank & Trust Co v First Bancorp of Idaho* 772 P 2d 720 (Idaho 1989)

*In re Phar-Mor Inc Securities Litigation* 892 F Supp 676 (WD Pa 1995)

*International Products Co v Erie R R Co* 155 NE 662 (NY 1914)

*International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1985 ongerapporteerde WPA saak  
7676/1982

*International Shipping Co (Pty) Ltd v Bentley* 1990 1 SA 680 A

J

*Jaensch v Coffey* (1984) 155 CLR 549

*James McNaughton Papers Group Ltd v Hicks Anderson and Co* [1991] 1 All ER 134

*Janeke v Ras* 1965 4 SA 583 T

*JEB Fasteners Ltd v Marks, Bloom and Co* [1981] 3 All ER 289

*Joffe & Co Ltd v Hoskins* 1941 AD 431

K

*Kern Trust v Hurter* 1981 3 SA 607 K

*Kohala Agriculture v Deloitte & Touche* 949 P 2d 141 (Haw App 1997)

*Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 A

L

*Landell v Lybrand* 107 A 783 (Pa 1919)

*Landrigan v Nelson* 420 NW 2d 313 (Neb 1988)

*Le Lievre v Gould* (1893) 1 QB 491

*Lee v Corregedore* 83 154 P 2d 324 (Haw 1996)

*Leigh and Sullivan Ltd v Ailakom Shipping Co Ltd* [1986] 2 All ER 145

*Lillicrap, Wassenaar and Partners v Pilkington Brothers (SA) (Pty) Ltd* 1985 1 SA 475 A

*Lilyhorn v Dier* 335 NW 2d 554 (Neb 1983)

*London Drugs Ltd v Kuehne & Nagel International Ltd* (1992) 3 SCR 299

## M

*Maisel v Van Naeren* 1960 4 SA 836 K

*Marcus Bros Textiles Inc v Price Waterhouse LLP* 498 SE 2d 196 (NC App 1998)

*Marquest Med Prod Inc v Daniel, Mckee & Co* 791 P 2d 14 (Colo App 1990)

*Martens Chevrolet Inc v Seney* 439 A 2d 534 (Md Ct App 1982)

*Martin v Bengue Inc* 25 A 2d 626 (NJ 1957)

*McCann v Goodall Group Operations (Pty) Ltd* 1995 2 SA 718 K

*McLoughlin v O'Brien* [1982] 2 All ER 298

*McLoughlin v O'Brien* [1983] 1 AC 420

*Meates v Attorney-General* [1983] 1 NZLR 308 (CA)

*Mediterranean Shipping Co Ltd v Speedwill Shipping Co Ltd* 1989 1 SA 164 D

*Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 A

*Minister van Polisie v Skosana* 1977 1 SA 31 A

*ML-Lee Acquisition Fund LP v Deloitte & Touche* 463 SE 2d 618 (SC App 1995)

*ML-Lee Acquisition Fund LP v Deloitte & Touche* 489 SE 2d 470 (SC 1997)

*Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1990] 3 All ER 330

*Morgan Crucible v Hill Samuel and Co Ltd* [1991] 1 All ER 148

*Morvay v Hanover Ins Cos* 127 A 2d 333 335 (NH 1986)

*Murphy v Brentwood District Council* [1990] 2 All ER 908

*Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1968) 122 CLR 556

*Mutual Life and Citizen's Assurance Co Ltd v Evatt* (1970) 122 CLR 628

*Myburgh v Hanekom* 1966 2 SA 157

## N

*Ngubane v South African Transport Services* 1991 1 SA 756 A

*Nielsen v Kamloops (City)* (1984) 2 SCR 2

*NPC Electronics Ltd v S Taitz Kaplan and Company* 1998 1 All SA 390 W

*Nycal Corp v KPMG Peat Marwick LLP* 688 NE 2d 1368 (Mass 1998)

## O

*O'Donnell v Asplundh Tree Expert Co* 13 A 2d 577 (NJ 1953)

*Oelofsen v Cigna Insurance Co of SA Ltd* 1991 SA 74 T

*Orban v Stead* 1978 2 SA 713 W

## P

*Pacific Acceptance Corporation Ltd v Forsyth* 1970 92 WN (NSW) 29

*Pasley v Freeman* 3 TR 51 (1789)

*Peabody Donation Fund v Sir Lindsay Parkinson and Co Ltd* [1984] 3 All ER 529

*Peabody Donation Fund v Sir Lindsay Parkinson and Co Ltd* [1985] AC 210

*Pell v Weinstein* 759 F Supp 1107 (MD Pa 1991)

*Peri Urban Areas Health Board v Munarin* 1965 3 SA 367 A

*Perlman v Zoutendyk* 1934 KPA 151

*PNC Bank Kentucky Inc v Housing Mortgage Corp* 899 F Supp 1399 (WD Pa 1994)

R

*R Lowe Lippman Figdor and Franck v AGC (Advances) Ltd* (1992) 4 VR 671

*Ranger v Wykerd* 1977 2 SA 976 A

*Raritan River Steel Co v Cherry, Bekaert & Holland* 367 SE 2d 609 (NC 1988)

*RCG Trade & Finance (Pty) Ltd v Moores Rowland* ongerapporteerde saak van die Vrystaatse hoë hof 3955/2001

*Ritter v Customs Chemicals Inc* 912 SW 2d 128 (Tenn 1995)

*Rotonda Cond Owners v Rotonda Associates* 380 SE 2d 876 (Va 1986)

*Rusch Factors Inc v Levin* 284 F Supp 85 (DCRI 1968)

*Ryan v Kanne* 170 NW 2d 395 (Iowa 1969)

S

*S v Daniëls* 1983 3 SA 275 A

*S v Mokgethi* 1990 1 SA 32 A

*S v Van As* 1967 4 SA 594 A

*Safeco Ins Co of America v Stockton Bates & Co* 1985 WL 6250 (ED Pa 1985)

*San Sebastian Pty Ltd v Minister Administering Environmental Planning and Assessment Act, 1979* (1986) 162 CLR 340

*Santam Versekeringsmaatskappy Bpk v Swart* 1987 4 SA 816 A

*SAR&H v Marais* 1950 4 SA 610 A

*Schnellen v Rondalia Assurance Corporation of SA* 1969 1 SA 517 W

*Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1975] 1 NZLR 582

*Scott Group Ltd v McFarlane and others* [1978] NZLR 553 (CA)

*Sensenbrenner v Rust, Orling & Neale* 374 SE 2d 55 (Va 1988)

*Shaddock & Associates Pty Ltd v Parramatta City Council* (1981) 150 CLR 225

*Shaffer v Earl Thacker Co* 6 P 2d 163 (Haw App 1986)

*Shell & BP South African Petroleum Refineries (Pty) Ltd & Others v Osborne Panama SA*  
1980 3 SA 653 D

*Siman & Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 A

*Smit v Abrahams* 1992 3 SA 158 K

*Smit v Abrahams* 1994 4 SA 1 A

*Smith v Eric S Bush* [1989] 2 All ER 514

*Smith v Littlewoods Organisations Ltd* [1987] 1 All ER 710

*Spherex Inc v Alexander Grant & Co* 122 A 2d 1308 (NH 1982)

*St Paul Fire & Marine Ins v Touche Ross* 507 NW 275 (Neb 1993)

*Standard Bank of South Africa v OK Bazaars Ltd* 2000 4 SA WE:397-398

*Standard Chartered Bank of Canada v Nedperm Bank Ltd* 1994 4 SA 747 A

*Standard Chartered PLC v Price Waterhouse* 945 P 2d 317 (Ariz App Div 1 1996)

*Strategic Minerals Corp NL v Henry Rae & Court* (1996) 14 ACLC 485

*Suid-Afrikaanse Bantoetrust v Ross & Jacobz* 1977 3 SA 184 T

*Surrey Credit Union v Willson* (1990) 73 DLR (4<sup>th</sup>) 207

*Sutherland Shire Council v Heyman* (1985) 60 ALR 1 en (1985) 157 CLR 424

T

*Takaro Properties Ltd v Rowling* [1978] 2 NZLR 22 (CA)

*Thandi v Minister of Law and Order* 1991 1 SA 704 OK

*Thayer v Hicks* 793 P 2d 784 (Mont 1990)

*The Cape of Good Hope Bank v Fischer* 1886 4 SC 368:376

*Thomas v Winchester* 6 NY 397 (1852)

*Thoroughbred Breeders Association of South Africa v Price Waterhouse* 1999 4 SA  
968 W

*Tonkwane Sawmill Co v Filmalter* 1975 2 SA 453 W

*Touche Ross & Co v Commercial Union Ins Co* 514 So 2d 315 (Miss 1987)

*Tuck v Commissioner for Inland Revenue* 1988 3 SA 819 A

*Twin Mfg Co v Blum, Shapiro & Co* 602 A 2d 1079 (Conn Sup 1991)

U

*Ultramares v Touche* 174 NE 441 (NY 1931)

*Union Government v Ocean Accident and Guarantee Corporation Ltd* 1956 1 SA 577 A

*Union Government v Warneke* 1911 AD 657

*Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films (Edms) Bpk* 1977 4 SA 376 T

V

*Van der Merwe v Austin* 1965 1 SA 43 T

*Van Wyk v Lewis* 1924 AD 438

*Van Zyl v African Theatres* 1931 KPA 61

W

*Ward v Ernst & Young* 435 SE 2d 628 (Va 1993)

*Western Alarm Systems (Pty) Ltd v Coini* 1944 KPA 271

*Wilder v Williams* 1989 WL 67821 (WD Pa 1989)

*Winburn v Insurance Co of North America* 287 SC 435 SE 2d 142 (Ct App 1985)

*Winnipeg Condominium Corp No 36 v Bird Construction Co* (1995) 1 SCR 85

Y

*Yuen Kun-yea v A-G of Hong Kong* [1987] 2 All ER 705

*Yuen Kun-yea v A-G of Hong Kong* [1988] AC 175

## 5.7 INTERNETBRONNE

<http://www.dpmc.gov.au/docs/constitution.cfm> op 17 Maart 2004

<http://www.uovs.ac.za/fac/law/highcourt/files/2003/1/33121202RCG.doc> op 17 Maart 2004

